# DIE OPVOEDKUNDIGE ASPEKTE
van die
# K I N D E R W E T T E
in die
# UNIE VAN SUID-AFRIKA

Deur

Willem Wouter Jacobus Kieser, B.A., M.Ed.

Proefskrif ter gedeeltelike nakoming van
die vereistes vir die graad
DOCTOR EDUCATIONIS
aan die
Potchefstroomse Universiteit
vir
Christelike Hoër Onderwys.

Promotor: Professor Dr. H.J.J. Bingle.

1959

# VOORWOORD

Die gedagte om ŉ studie te maak van die opvoedkundige aspekte van die Unie-Kinderwette, wat as doelstelling het die beskerming van die kind in die algemeen, asook die rehabilitasie van die verwaarloosde en misdadige kind, het reeds jare gelede by my posgevat toe ek as jong onderwyser by die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap in diens getree het. Die begeerte is versterk toe ek 25 jaar gelede tot hoof van een van die Departement se nywerheidskole bevorder is, en later prinsipaal geword het van die grootste verbeteringskool in die land, waar ek daagliks met die verwaarloosde kind sowel as die jeugmisdadiger, in noue aanraking verkeer het. In hierdie hoedanigheid is ek in die geleentheid gestel om ŉ deeglike kennis op te doen van al die aspekte van die Unie-kinderwette waaronder die kind òf na die nywerheidskool òf na die verbeteringskool verwys word. Hierdie voltooide taak is dan nou die resultaat van die kennis wat ek deur die jare opgedoen het.

Daar is verskeie persone wat my tot groot hulp was met die opstel van hierdie proefskrif.

Eerstens wil ek my innige dank uitspreek teenoor my promotor, Professor Dr. H.J.J. Bingle, Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde aan P.U. vir C.H.O. Sy skerpsinnige oordeel en deeglike toesig het my genoodsaak om die beste te lewer, sover dit in my vermoë was. Hoewel hy veel van my geëis het, was sy vriendelikheid en bemoediging vir my ŉ aansporing om die self-opgelegde taak nie gewonne te gee nie.

Tweedens wil ek my dank betuig teenoor die Bibliotekarisse en personeel van die Biblioteek van die Potchefstroomse Universiteit, die verskillende biblioteke van staatsdepartemente, en die

personeel van die Staatsargief, Pretoria.
Hulle was altyd bereid om my sonder versuim van die nodige boeke en dokumente te voorsien.

Aan Mev. A.H. Reyneke van Oudtshoorn, wat met nougesette toewyding en persoonlike opoffering die versorging en tikwerk verbonde aan die studie, vir my onderneem het, my hartlike dank.

En ten slotte, my innige dank aan my vrou en my kollega en vriend, Mnr. I.Z. Engelbrecht, waarnemende prinsipaal van die Diepkloof-verbeteringskool, Johannesburg, vir hulle belangstelling en aanmoediging tydens my baie jare van studie.

Bo almal, my nederige en diepverskuldigde dank aan die Almagtige wat my die nodige krag verleen het om die werk te kon voltooi.

W.W.J. KIESER.

Hoër Tegniese Skool,
OUDTSHOORN.
13 November 1958.

## Inhoud

# DIE OPVOEDKUNDIGE ASPEKTE VAN DIE KINDERWETTE IN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

Hoofstuk I.

INLEIDING. Bladsy 1 - 45.

1. Die Doel van die Ondersoek. Bladsy 1 - 4.
2. Die Metodes van Ondersoek toegepas. Bladsy 4 - 5.
   (a) Die Historiese Metode.
   (b) Die Metode van Prinsipiële Beoordeling.
3. Omskrywing van die Begrip „Wetgewing". Bladsy 6 - 16.
   (a) Die Wet van God.
   (b) Die Sedewet.
   (c) Die Staatswet.
   (d) Kinderwette.
4. Algemene Bepalinge oor die Strafbeginsel. Bladsy 17 - 25.
   (a) Straf.
   (b) Tug.
   (c) Dissipline.
5. Wie deur die Kinderwette beskerm moet word. Bladsy 25 - 38.
6. Die Grondslae waaraan die Kinderwette getoets moet word. Bladsy 38 - 45.

Hoofstuk II. Bladsy 46 - 104.

KINDERWETGEWING VOOR UNIE (1910).

1. Inleiding. Bladsy 46 - 48.
2. Kaap die Goeie Hoop. Bladsy 48 - 72.
3. Natal. Bladsy 73 - 81.
4. Transvaal. Bladsy 81 - 96.
5. Oranje-Vrystaat. Bladsy 96 - 102.
6. Samevatting. Bladsy 102 - 104.

Hoofstuk III. Bladsy 105 - 132.

DIE „WET OP GEVANGENISSEN EN VERBETERGESTICHTEN" NO. 13 VAN 1911.

1. Inleiding. Bladsy 105 - 106.
2. Stelling en Doel van die Wet. Bladsy 106 - 111.
3. Die Jeugdige. Bladsy 111.
4. Voogdyskap en meegaande Beskerming. Bladsy 111 - 115.
5. Vakleerlingskap. Bladsy 116 - 118.
6. Apartheid. Bladsy 118 - 122.
7. Hofprosedure i.v.m. die Kind. Bladsy 122 - 125.
8. Administrasie van die Wet. Bladsy 125 - 126.
9. Wysiginge van Wet No. 13 van 1911. Bladsy 126 - 131.
   (a) Wet tot wyziging van de Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten No. 46 van 1920.
   (b) Die Wysigingswet op Verbetergestigte No. 27 van 1934.
10. Samevatting. Bladsy 131 - 132.

Hoofstuk IV. Bladsy 133 - 190.

DIE „WET TER BESCHERMING VAN KINDEREN" NO. 25 VAN 1913.

1. Inleiding. Bladsy 133 - 134.
2. Stelling en Doel van die Wet. Bladsy 134 - 137.
3. Die Kind. Bladsy 137.
4. Die Beskerming van die Kind in die Algemeen. Bladsy 138 - 144.
5. Aanhouding van die Kind in 'n Plek van veiligheid. Bladsy 145 - 146.
6. Magte van die Magistraat insake die Kind. Bladsy 146 - 148.
7. Beskerming van die Kind se Godsdiens. Bladsy 148 - 150.
8. Handhawing van die ouerreg om tug op die kind uit te oefen. Bladsy 150 - 151.
9. Mediese toesig van die Kind. Bladsy 151 - 152.

10. Die Beskerming van die „jong kind". Bladsy 152 - 164.

11. Die Beskerming van die „sorgbehoewende kind". Bladsy 164 - 176.

12. Vrylating met Vergunning, van die verwaarloosde en sorgbehoewende Kind. Bladsy 176 - 177.

13. Toesig oor Kind na Uitplasing. Bladsy 177 - 178.

14. Administrasie van die Wet. Bladsy 178.

15. Bewaring hangende Verhoor. Bladsy 178 - 179.

16. Bykomende bepalings by hofprosedure i.v.m. Kind. Bladsy 179 - 180.

17. Wysiginge by die „Wet ter Bescherming van Kinderen", 1913. Bladsy 180 - 187.

(a) Die „Kinderen Beschermings Wet Wyzigings wet" 1921.

(b) Die Wet op die Beheer van Staatsnywerheidskole, 1931.

(c) Die Wysigingswet tot Beskerming van Kinders, 1931.

18. Samevatting. Bladsy 187 - 190.

Hoofstuk V. Bladsy 191 - 271.

DIE KINDERWET 1937.

1. Inleiding. Bladsy 191 -199.

2. Stelling en Doel van die Kinderwet. Bladsy 199 - 202.

3. Die Kind. Bladsy 202 - 207.

4. Die sorgbehoewende Kind. Bladsy 207 - 211.

5. Die Kinderhof en Kommissaris van Kindersorg. Bladsy 211 - 225.

6. Die Beskerming van die Jong Kind. Bladsy 225 - 227.

7. Verhoeding van verwaarlosing, mishandeling en uitbuiting van die kind in die algemeen. Bladsy 227 - 230.

8. Inrigtingversorging vir die Kind. Bladsy 230 - 239.

(a) Plekke van veiligheid en bewaring.
(b) Die Nywerheidskool.
(c) Gesertifiseerde en nie-gesertifiseerde Inrigtings.
(d) Die Gesertifiseerde Tehuis.
(e) Die Verbeteringskool.

9. Versorging van die kind deur middel van die stelsel van pleegouers. Bladsy 239 - 241.
10. Die Beperking van die Ouerlike Mag. Bladsy 241 - 244.
11. Die Proefbeampte en Opproefstelling. Bladsy 244 - 253.
12. Aanneming (Adopsie) van die Kind. Bladsy 253 - 261.
13. Die Administrasie van die Kinderwet. Bladsy 261 - 262.
14. Wysiginge van die Kinderwet. Bladsy 263 - 268.

(a) Kinderwet-wysigingswet, 1939.
(b) Wet tot Bekragtiging van Aannemings, 1943.
(c) Wysigingswet op Kinders, 1944.
(d) Wysigingswet op Kinders, 1947.
(e) Wysigingswet op Kinders, 1951.

15. Samevatting. Bladsy 268 - 271.

Hoofstuk VI. Bladsy 272 - 296.

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS INSAKE DIE UNIE-KINDERWETTE.

1. Waardering. Bladsy 272 - 275.
2. Gevolgtrekkings insake die Beginsels waarop die Kinderwette berus. Bladsy 276 - 286.
3. Leemtes in die Kinderwette, en aanbevelings. Bladsy 287 - 296.

Hoofstuk VII. Bladsy 297 - 305.

BRONNE GERAADPLEEG.

1. Boeke.
2. Wette, Ordonnansies, ens.
3. Proefskrifte en verhandelinge.
4. Verslae en Jaarverslae.
5. Diverse.

# DIE OPVOEDKUNDIGE ASPEKTE van die KINDERWETTE IN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

## Hoofstuk I.

## INLEIDING

### 1. Die Doel van die Ondersoek.

„Die kind van vandag is die man van môre", is een van die gesegdes wat dikwels in opvoedkundige kringe gehoor word. Wat en hoe hierdie man van môre gaan wees, hang af van die menigvuldige faktore wat verantwoordelik is vir, en meewerk tot sy vorming vanaf 'n hulpelose, onrype en onvolwasse kind tot 'n selfstandige, ervare en volwasse grootmens.

Hierdie faktore kan ingedeel word in oorerwings- en omgewingsfaktore. (1) Eersgenoemde kan beskou word as die kind se bedeeldheid of die moontlikhede inherent aanwesig in hom by geboorte, soos sy fisiese gesteldheid, aanleg, intelligensie en so meer. Laasgenoemde weer, is die moontlikhede of uitwendige faktore aanwesig by die vorming van die kind tot volwassene. Dit is die faktore wat bepaal in watter mate die oorerwingseienskappe tot volle krag en nut sal ontplooi, m.a.w. die opvoeding van die kind.

In die opvoeding het die huis, die kerk en die staat elkeen sy eie gesag en verantwoordelikheid. (2) Die ouer as die natuurlike voog van die kind, deur bande van bloed aan hom gebind, is die

(1) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 84-95.

(2) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, Hoofstuk 8 en 11.

eerste en belangrikste opvoeder. Die kerk as 'n instelling van God en die gemeenskap van Christene, moet nie slegs oor die ouer as lidmaat toesig hou nie, maar is ook verantwoordelik vir die opvoeding van die kind as toekomstige belydende lidmaat. Die staat het die mag en gesag oor die ouer as staatsburger en moet toesien dat die kind as toekomstige staatsburger nie staatskadend opgevoed word nie. Staat en kerk, elkeen op eie terrein, het dus die reg om in te gryp indien die opvoeding van die kind as toekomstige staatsburger en belydende lidmaat, nie na wense is nie.

As regsorganisasie in die volkslewe, is dit die taak van die staat om sover dit die kind as toekomstige staatsburger betref, deur wetgewing te bepaal wat die peil van die opvoeding moet wees sonder om die algemene liggaamlike en geestelike ontwikkeling van die kind te ondermyn. Tweedens is dit ook die funksie van die staat om die regspraak uit te oefen, m.a.w, dit moet bepaal of die kind se liggaamlike en geestelike ontwikkeling onder sekere toestande en omstandighede wel ondermyn word. Derdens, indien sekere toestande en omstandighede wel die kind se liggaamlike en geestelike ontwikkeling ondermyn, is dit die plig van die staat om te bepaal wat gedoen moet word om hierdie toestand van sake te verhelp.

Om hierdie toestand van sake te probeer verhelp, het die staat mettertyd, maar veral sedert Unie, deur wetgewing verskillende maatreëls en metodes toegepas. Die maatreëls en metodes is met die ontwikkeling van die samelewing, die toename van sosiale probleme en in die lig van die kennis verskaf deur wetenskappe soos die opvoedkunde, sielkunde en sosiologie, gewysig, herformuleer en uitgebrei.

Een van die metodes wat die staat gebruik om die kind te versorg, te beskerm en te rehabiliteer, is die oprigting van verskeie soorte inrigtings, waar die staat gewoonlik ŉ algehele maar soms ook gedeeltelike seggenskap in sy opvoeding het.

Vir die afgelope sewe-en-twintig jaar was die skrywer aan vier van die inrigtings verbonde, tewete, drie nywerheidskole en een verbeteringskool. Dit het hom in staat gestel om ŉ diepgaande insig te kry in die gevolge van gebrekkige opvoeding, sorgbehoewendheid en misdadigheid, asook die maatreels wat deur die staat toegepas word om sodanige gebrekkige opvoeding, sorgbehoewendheid en misdadigheid te verhoed of teen te werk. Die skrywer het bekend geraak met die onskatbare waarde wat die kinderwetgewing vir die opvoeding, beskerming en rehabilitasie vir die kind inhou, maar hy het ook bewus geword van die leemtes wat daarin opgesluit lê. Dit het hom op die gedagte gebring om die opvoedkundige aspekte van die Uniale kinderwette te ondersoek.

Die doel van hierdie ondersoek is dus om vas te stel in hoeverre die Uniale kinderwette, getoets aan die algemene, asook sekere spesifieke opvoedkundige beginsels, die kind as toekomstige staatsburger, beskerm teen misdadigheid, verwaarlosing, mishandeling en ander ongewenste invloede wat ondermynend mag wees vir sy liggaamlike en geestelike ontwikkeling.
Dit gaan na om te sien of die staat as regsorganisasie die nodige voorsorgmaatreëls in die volkslewe tref om te verseker dat die sorgbehoewende en misdadige kind se karakterontwikkeling, opleiding en uitplasing nie gestrem word nie.

Dit gaan ook na om te bepaal in hoeverre die maatreëls wat getref word, die samelewing teen jeugmisdadigheid en sorgbehoewendheid beskerm.

Die doel van hierdie studie is geensins om die kinderwette of enige ander kinderwetgewing in die Romeins-Hollandse Reg, die bestaande regstelsel in die Unie, uit 'n juridiese oogpunt te benader nie, maar alleenlik om die opvoedkundige aspekte, insluitende die bepalings van vraagstukke soos sorgbehoewendheid, misdadigheid, heropvoeding en voorkoming van wanaanpassing, van die Unie se kinderwette te bestudeer.

Dit benader dus die vraagstuk uit 'n opvoedkundige en nie uit 'n juridiese oogpunt nie.

## 2. <u>Die Metodes van Ondersoek toegepas</u>.

Die metodes wat gebruik is by die ondersoek is:

### (a) <u>Die Historiese Metode</u>.

Hierdie metode is gebruik omdat die kinderwette van die Unie nie los staan van die kinderwetgewing wat die Unie vooraf gegaan het nie. Die fundamentele eienskappe van die Uniale kinderwette is ook opgesluit in die kinderwetgewing van die verlede wat, net soos die hedendaagse kinderwetgewing, bestaan het uit voorkomende maatreëls teen sorgbehoewendheid en misdadigheid, met daaropvolgende wysigings en interpretasies. Hierdie opvoedkundige ontleding van die wette, bepalings en regulasies insake die kind in die tydperk vóór Unie het uitsluitlik ten doel om die Unie se kinderwette beter te verstaan. Deur middel van die historiese metode en benadering, word voor die gees geroep 'n opvoedkundige ontleding van die kinderwetgewing van die verlede wat as grondslag dien vir die hedendaagse kinderwette. Die doel is

egter nie om die betekenis en bestek van die kinderwetgewing voor Unie te bespreek nie, maar om slegs aan te dui wat hierdie wetgewing se betekenis en invloed was by die benadering van die Unie-kinderwette. Laasgenoemde word opvoedkundig geïnterpreteer in die lig van die wette wat hulle voorafgegaan het. Dit is om die rede dat die historiese metode aangewend is, want hierdie metode put sy gegewens uit die wetlike en kerklike bepalings en regulasies insake die kind vanaf die volksplanting tot die totstandkoming van die Unie.

(b) Die Metode van Prinsipiële Beoordeling.

Die tweede metode wat deur die skrywer by die ondersoek gebruik is, is die metode van prinsipiële beoordeling.

Teen die agtergrond van kinderwetgewing in Suid-Afrika vanaf 1652 tot 1910, word in besonder die Unie-Kinderwette van 1910 tot 1937 prinsipieel opvoedkundig getoets. Die wette word bestudeer in die lig van die opvoedkundige vraagstukke en behoeftes wat verantwoordelik was vir sodanige wetgewing. Dit word dan bepaal in hoeverre die vraagstukke en behoeftes deur die betrokke wetgewing beredder word. Met ander woorde watter maatreëls voorgeskryf word ter bestryding van sosiaal-patologiese toestande wat nadelig kan inwerk op die opvoeding van die kind, asook of hierdie bestrydingsmaatreëls, met inagneming van die kind se fisiese sowel as psigologiese peil en toekomstige ontwikkeling en dienooreenkomstige sosiale aanpassing, tred hou.

3. <u>Omskrywing van die begrip „Wetgewing".</u>

God die Almagtige, Skepper en Onderhouer, het in sy alwysheid die kosmos in aansyn geroep. Met hierdie skepping van sy hande is daar nie slegs 'n bepaalde doel nie, maar 'n bepaalde plan hoe om daardie doel te bereik. As God van orde, het Hy sy skepping in die eerste plek aan 'n bepaalde reëlmaat en orde onderwerp. In die tweede plek het Hy binne die kosmos die groot verskeidenheid daargestel, met sekere onderdele, werkinge en interaksie aan bepalinge wat kulmineer in die reëlmaat en orde van die groot geheel. (1) Hierdie bepalinge of determinante wat deur God daargestel is om die orde te bevestig, te handhaaf en deur te voer, word „wette" genoem.

As gevolg van die groot verskeidenheid wat binne die geheel bestaan, is die onderdele aan verskillende wetmatighede onderhewig, wat, hoewel soewerein in eie kring, onderling verbonde, en in die kosmiese wetsorde as geheel gebonde is. Alle wette van 'n bepaalde soort vorm saam 'n wetskring, maar alle wetskringe het ook 'n sinsamehang, d.w.s. die een is op die ander toegewys in 'n bepaalde volgorde soos deur God verorden. (2)

As sieraad vir sy skepping, geskape na sy ewebeeld, het God die mens daargestel as heerser in sy skepping. Maar al is hy heerser, is ook hy onderworpe aan die kosmiese wetsorde van God en poog hy deur die beoefening van verskillende wetenskappe, die werkinge en wetmatighede van die kosmos te ontdek. Hierdie skepping van God,

(1) Spier: Inleiding in de Wysbegeerte der Wetsidee, 41-51.

(2) Spier: Inleiding in de Wysbegeerte der Wetsidee, 68-100.

nl. die mens, het dan ook weer op sy beurt wette daargestel om die onderlinge samesyn onder die mense te reël en te reguleer, maar al sy wette is gebou op en onderhewig aan die wette van God.

(a) Die Wet van God.

Onder die Wet van God word verstaan alle verordeninge wat die Skepper ingestel het en waaraan elke skepsel, soos hierbo aangedui, onderworpe is. Alle natuurordes en -wette wat die lewe van die skepping reël, behoort tot Gods Wet want „volgens U verordeninge bly hulle vandag nog staan, want alle dinge is U knegte". (1)

Die Wet van God word gewoonlik onderskei in die natuurlike wet („Lex Naturalis") en die positiewe wet („Lex Positiva").

(i) Die Natuurlike Wet of Lex Naturalis.

Die natuurlike wet is die aritmetiese, ruimtelike, fisiese, biotiese en psigiese wette waaraan die materie en ook die lewende wesens, insluitende die mens, onderhewig is. (2)
So belowe God aan Noag en sy nasate die gestadige voortduur van die natuurwetmatighede van die saaityd en oestyd, koue en hitte, somer en winter, dag en nag. (3) Dit is ook die natuurlike gedragskode wat die Skepper vir die mens daargestel het en wat beskou moet word as die mens se aandeel aan die Ewige Wet. Toe God die bestaan aan die skepsele gewil het, het Hy ook

(1) Grosheide ea: Christelyk Encyclopaedia voor het Nederlandsche Volk, Deel 5, bl. 715.
(2) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, Hoofstukke 11, 14 en 15.
(3) Bybel: Genesis 8:22.

hulle bestemming en voortbestaan na ŉ doel gewil. In die geval van lewelose voorwerpe is die Goddelike bestemming opgesluit in die dinge se natuur of eienskap wat ŉ toestand van determinisme teweegbring. By die mens egter is daar ŉ Goddelike doel, hoewel hy ook bedeel is met ŉ vrye wil. Hy verskil van die lewelose dinge omdat hy instaat is om sy handeling te varieer; nogtans is hy geen wettelose wese in ŉ reëlmatige heelal nie. Ook in sy natuurlike bepaling, bestaan daar ŉ wet wat vir hom deur God daargestel is, naamlik die ewige wet wat hy moet gehoorsaam en navolg. Die reël of verordening wat God vir die menslike gedrag voorskryf, word gevind in die menslike natuur. (1)

Dit is van die natuurlike wet wat Paulus spreek waar hy verklaar: „want wanneer die heidene wat geen wet het nie, van nature die dinge van die wet doen, is hulle vir hulleself ŉ wet al het hulle geen wet nie. (2)

(ii) <u>Die Positiewe Wet of „Lex Positiva</u>".

Die ander deel van die Wet van God is die Christelike positiewe wet. Dit is die wet wat God uitgevaardig het soos die Mosaiese Wet en die Nieu-Testamentiese wette van Christus, en bepaal die mens se diepste verhouding tot God en tot sy medemens soos die tweede gedeelte van die Mosaiese Wet aandui. Dit omvat die Christelike mens in sy denke, gevoel en handele, in sy hele lewe, orals en te alle tye. Daarom val daar niks

(1) Herbermann ea: Catholic Encyclopaedia, Vol. 9, bl. 77.
(2) Bybel: Romeine 2:14.

in die menslike lewe buite die wet van God nie; dit brei sy mag uit oor die hele mens en mensheid, maatskappy en staat, want dit is die enigste grondslag van alle lewenswaardes, van die ware, goeie en die skone. (1)

Die Positiewe Wet verskil van die „Lex Naturalis" omdat waar laasgenoemde deur alles in die Skepping gehoorsaam word, die Positiewe Wet vir sy verwesenliking afhanklik is van menslike insig en gehoorsaamheid. Dit vorm die basis van die sedewet sowel as die staatsreg, omdat beide hoedanighede of beginsels bevat wat gedeeltelik geopenbaar word in die Woord van God.

Die hoeksteen van die Positiewe Wet is die gehoorsaamheid aan Gods wil soos uitgebeeld in die eerste deel van die groot gebod saamgevat as liefde tot God met heel jou hart, met heel jou siel, met heel jou verstand en met al jou kragte. (2)

Die Wet van God is egter nie die een of ander sedewet wat die verhouding van mens tot mens impliseer nie, maar dit bepaal alleenlik die verhouding van mens tot God. Teenoor die sedewet kan 'n mens hom verontskuldig wanneer sy gehoorsaamheid onvolmaak is, maar teenoor die Wet van God beteken onvolmaakte gehoorsaamheid ongehoorsaamheid. Die enigste wat die wet volkome nakom, is Christus want „Zijn gehoorsaamheid is een volmaakte gehoorzaamheid, zijn gerechtigheid een volkomen gerechtigheid". (3)

(1) Coetzee: Inleiding tot Algemene Teoretiese opvoedkunde, 149.
(2) Bybel: Mattheus 22:34-40.
(3) Bolkenstein: De Tien Geboden, 18.

(b) Die Sedewet.

Hoewel die sedewet vir die mens op die grondslag van rasionalisme of naturalisme gevestig kan wees, is hy vir die gelowige verbind aan die religie wat die norme van sy handeling en lewe bepaal. Vir hom is die sedewet 'n maatstaf van gedrag, wat sy grondslag het in God, nie in die menslike natuur of in die gevolge betrokke in gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid tot die wêreldlike reg nie. (1) God is die absolute Grond van die sedelike, die Bepaler van sy unieke eieaard, doel en bestemming. (2) Vir hom kan daar geen sprake wees van 'n onafhanklike of outonome sedewet nie soos voorgestaan deur Immanuel Kant se rasionalistiese stelling: "To be moral is not to seek to satisfy a desire for anything however good, but to obey a dictate of reason determined by nothing outside its own rationality. A moral law is thus a categorical imperative addressed by the reason to a being not naturally inclined to obedience". (3)

Die Christen se sedewet, hoewel onselfgenoegsaam, lê opgesluit in die Wet van God en is daarom onderworpe aan God. Dit is niks anders as die laaste ses gebooie van die Tien Gebooie nie, en om die rede kan die Christen se sedewet ook nie geskei word van die Wet van God nie.

(1) Hastings: Encyclopaedia of Religion and Ethics, Vol. 8, bl. 833.
(2) Stoker: Grond van die Sedelike, 11.
(3) Hastings: Encyclopaedia of Religion and Ethics, Vol. 8, bl. 833.

Die sedewet is nie vry nie, want dit kan slegs moraal bly en wees in die volle sin van die woord as dit in die menslike lewe verbonde is aan die geopenbaarde wil van God. (1). Die grondwet van die sedelike is die gebod, „jy moet jou naaste liefhê soos jouself", m.a.w. naasteliefde, en dit is dan ook die hoofverskil tussen die sedewet en die Wet van God, omdat eersgenoemde meer betrekking het op die verhouding van mens tot mens, d.w.s. naasteliefde, terwyl die Wet van God betrekking het op die mens se verhouding tot God, met ander woorde, liefde tot God.
Die naaste- of persoonlikheidsliefde is iets anders as die liefde tot God. Liefde tot God is totaliteitsliefde, 'n algehele oorgawe van die mens aan God, teenoor wie hy niks te sê het nie en van wie hy volkome afhanklik is, terwyl die sedelikheid of persoonlikheidsliefde nie „absoluut" is nie, maar betreklik, gerig tot die onselfgenoegsame, die geskape mens. Dit is nie algehele nie, maar betreklike oorgawe; dit is egter oorgawe aan die hele mens en nie net aan 'n aspek van hom of haar nie. Dit rig hom tot die mens in sy volle menslikheid met sy van God gegewe roeping op aarde. (2)

(c) Die Staatswet.

Net soos die sedewet het die staatswet ook sy oorsprong in God en sy Goddelike Wet. Deur Hom is dit gelê in die menslike samelewing en daarin staande gehou en is die grondbeginsels

(1) Grosheide: Christelijk Encyclopaedia van het Nederlandsche Volk, Deel 4, bl. 261.
(2) Stoker: Grond van die Sedelike, 28.

daarvan geopenbaar in die Bybel.[1] Dit kom van God deurdat Hy sy gesag om wette te maak aan 'n aardse gesag, nl. die staat, gedelegeer het. (2) As organisasievorm van reg is hy verantwoordelik vir die formulering, handhawing en administrasie van wette. Hierdie verantwoordelikheid bring mee dat die staatsowerheid mag en gesag oor die staatsonderdane besit. Dit eis van sy onderdane gehoorsaamheid en onderwerping aan sy wette en regsreëls. Verontagsaming, skending of oortreding van die staat se wette en regsreëls word deur hom as 'n misdaad beskou en ooreenkomstig die vergeldingsbeginsel soos vervat in 'n bepaalde wet, deur die staatshowe gestraf. (3) Die staatswet moet dus altyd deur die mens gehoorsaam word, behalwe wanneer dit in stryd is met die Wet van God.

Wette is nodig omdat, hoewel die mens na sy aard 'n sosiale wese is, daar ook 'n groot verskeidenheid in die menslike geslag is. Hy word gebore onder mense en moet ook lewe in die gemeenskap. Hierdie saamgestelde gemeenskapslewe waar elke mens afhanklik is van ander mense, bring fundamentele probleme van persoonlike en maatskaplike aanpassing mee, omdat elke mens verskillend van aard is. Omdat die mens nie net in 'n fisiese, maar ook in 'n menslike omgewing lewe, moet hy geleer word om hom by albei aan te pas. Hy word aangehelp in sy aanpassingsproses deur die daarstelling van wetgewing wat hom dwing om die staat te gehoorsaam en hom te onderwerp

(1) Du Plessis: Inleiding tot die Algemene Regsleer, 6.
(2) Hastings: Encyclopaedia of Religion and Ethics, Vol. 8, bl. 833.
(3) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 226.

aan sy wette en regsreëls. Laasgenoemde help om die openbare orde in stand te hou, die lewe en eiendom van die mens te beskerm en sy algemene geestelike, sowel as liggaamlike ontwikkeling te bevorder. Wette is dus nodig om die samelewing met sy baie aspekte op ordelike wyse te laat verloop.

Wette in ŉ algemene sin is eenvoudig reëls wat handeling of aksie bepaal en het as doelstelling die handhawing van orde en gesag in die staat.

G. Wille definieer wette as "rules of human conduct made and enforced by the government". (1)

J. Austin omskryf positiewe wet as "a rule laid down for the guidance of an intelligent being by an intelligent being having power over him". (2)

W. Blackstone se omskrywing is eenvoudiger, nl.: "The Rule of Action prescribed or dictated by some superior body which an inferior is bound to obey". (3)

Van der Linden weer verklaar wet "as a command of or a rule laid down by the State". (4)

Bogenoemde definisies bepaal dat ŉ staatswet of -reg ŉ gedragslyn is wat deur ŉ

(1) Wille: Principles of S.A. Law, 3.
(2) Chambers Encyclopaedia, New Edition, Vol. 8, bl. 405.
(3) Asterley-Jones and Fisher: Mozley and Whiteleys Law Dictionary, 194.
(4) Van der Linden: Institutes of the Laws of Holland, 1.

owerheid daargestel word in verband met bepaalde maatskaplike situasies en wat deur die onderdaan gehoorsaam moet word.

In die Unie van Suid-Afrika bestaan wetgewing hoofsaaklik uit statute en ordonnansies.

(i) Die Statuut: 'n Statuut is 'n verordening, bepaling of reglement, d.w.s. 'n wet wat deur die Parlement daargestel is om 'n sekere rede en vir 'n bepaalde doel en wat deur die hele gemeenskap of 'n gedeelte gehoorsaam moet word. S.C. Chesire omskryf 'n statuut "as an express and formal laying down of a rule or rules of conduct to be observed in the future by persons to whom the statute is expressly or by implication made applicable". (1) Volgens bogenoemde omskrywing kan die wetsverordening van enige wetgewende liggaam as 'n statuut beskou word (2), hoewel in die Unie die term „statuut" slegs betrekking het op parlementêre wetgewing. In die Unie word met 'n statuut bedoel 'n wet wat deur die Unie Parlement gemaak is en met die term „wet" word gewoonlik bedoel die „reg" wat in Suid-Afrika gehandhaaf word deur die Romeins-Hollandse regstelsel, gewaarborg vir al vier die provinsies van die Unie deur die Suid-Afrikawet van 1909. (3)

(ii) Die Ordonnansie: Met 'n ordonnansie word bedoel 'n wetsbepaling wat deur 'n Wetgewende Raad van 'n provinsie in die lewe geroep word.

(1) Chesire and Miles: Stephen's Commentaries on the Laws of England, Vol. I, bl. 63.
(2) Coertze en Hiemstra: Legal Dictionary, 137.
(3) Suid-Afrikawet (1909), Art. 135.

Dit het nie die landswye jurisdiksie wat 'n statuut besit nie, maar sy outoriteit is beperk slegs tot die provinsie wie se Provinsiale Raad dit promulgeer.

Agter die ware reg is iets blywends, want alle aardse reg moet gebaseer wees op en 'n vertolking wees van die ewige regsbeginsels neergelê in die gebod van God. Maar daarby is die regsbeginsels tog wel vatbaar vir ontwikkeling, en herformulering, want die menslike samelewing is nie iets staties nie, maar dit ontwikkel en verander steeds en moet die reg herformuleer word in die lig van die steeds veranderende menslike samelewing. (1)

(d) Kinderwette.

Die Unie se regswese het ook geboorte gegee aan sy kinderwetgewing, bestaande uit statute en ordonnansies wat betrekking het op die kind. Met kinderwette word bedoel wette of statute en ordonnansies wat uitsluitlik handel oor die kind en met kinderwetgewing alle wetlike bepalinge wat die kind raak. Die kinderwette waaroor hierdie studie gaan, is egter almal Unie-statute, d.w.s. kinderwette wat deur die Unie-Parlement gepromulgeer is. Ook hierdie kinder-statute is, net soos die ander staatswette en die sedewette gefundeer op die Wet van God. Dit behels sekere basiese beginsels soos die fundamentele regte van die kind, naamlik dat geregtigheid en beskerming aan elke kind verskuldig is. Die doel van die statute is hoofsaaklik

(1) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 227.

rehabiliterend en misdaadvoorkomend, m.a.w. beskermend. Hulle is nodig omdat die mens in sy verskeidenheid ook verskillende stadia van fisiese sowel as psigiese ontwikkeling deurloop, op sy pad van kind tot volwassenheid. In die eerste soort jeugbeskerming is geen verskil tussen die kind en die volwassene gemaak nie. Op soortgelyke oortredings is dieselfde vergeldingsmaatreëls op die tienderjarige as op die volwassene toegepas, omdat daar destyds nog geen duidelike sielkundige en juridiese begrip van die term „kind" bestaan het nie. (1) Aan die begin van die 19de eeu egter, met die opkoms van veral wetenskappe soos die sosiologie, psigologie en die opvoedkunde, is die duidelike verskil tussen die kind en die volwassene op die voorgrond gebring en die gevolg was die ontstaan van kinderstatute. Die kinderwette beskerm die kind deur die insluiting van sekere opvoedkundige aspekte, wat gekoppel word aan die juridiese aspek. Die reg word gehandhaaf en beskerm, maar die kind as onvolwasse, onrype en onvolgroeide wese word ook deur die wet beskerm. Dit beskerm die kind teen verkeerde leiding, teen hulpbehoewendheid en ongewenste invloede en beoordeel en straf die kind in die lig van sy verantwoordelikheidsin.

Die strafbeginsel het in die kinderwette volgens juridiese beginsels behoue gebly, maar het as gevolg van die inbegrepe opvoedkundige aspekte in wese tot tug verander. In plaas van vergelding het die doel van straf geword voorkoming, voorbehoeding en opheffing volgens psigologiese en opvoedkundige metodes.

(1) Van Waters: Youth in Conflict, 111.

4. Algemene Bepalinge oor die Strafbeginsel.

Voordat oorgegaan word tot 'n bespreking van die Unie se kinderwette, is dit nodig om te bepaal wat die wese is van die verskillende strafbepalinge wat in die kinderwetgewing voorkom, en wat die lewe van die kind beïnvloed.

(a) Straf: Straf kan omskryf word as 'n leed wat van regsweë en onder bepaalde voorwaardes aan 'n oortreder toegevoeg word weens 'n onreg wat deur hom gepleeg is; met ander woorde, straf is vergelding. Vòòrdat daar straf kan wees, moet daar 'n oortreding, 'n misdaad wees. Die oortreding is die kernbron vir die praktiese noodsaaklikheid van straf (1), en by vergelding moet daar 'n eweredigheidsverhouding wees tussen die misdaad wat begaan is en die straf wat toegedien word.

Die doel van straf is om 'n sekere regsorde te handhaaf en om die geordende samelewing te bestendig en te beveilig. Die regsorde of gesag word deur elke misdaad in gevaar gestel en daarom is dit nodig dat so 'n „delict" gestraf word, teneinde die gesag te handhaaf. (2) Daar moet gestraf word omdat die geregtigheid dit eis, want die misdadiger dra die sedelike skuld van sy daad. (3)

Straf kan onder vier hoofde verdeel word, naamlik:

(i) Straf wat geldelike verlies aan die oortreder berokken. Dit word teweeggebring deur middel van boetes, of vergoeding te gee vir die skade veroorsaak. Die vergeldende beginsel word beklemtoon as by 'n periode van tronkstraf

(1) Zevenbergen: Leerboek van het Nederlandsch Strafrecht, 301-305.
(2) Zevenbergen: Leerboek van het Nederlandsche Strafrecht, 322.
(3) Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, 169.

daar ook nog ŉ boete gevoeg word.

(ii) Straf wat ŉ verlies van prestige veroorsaak. Dit word gewoonlik teweeggebring as die pers publisiteit aan ŉ saak gee. Om die kind se naam egter uit die gedrang te hou, word sy saak „in camera" verhoor.

(iii) Straf wat liggaamlike lyding veroorsaak. In hierdie kategorie val straf wat op vrees of afskrikking gegrond is, en sluit in die doodstraf en lyfstraf.

(iv) Straf wat die indiwidu se vryheid beperk. Hierdie soort straf sluit in gevangenisstraf of aanhouding aan ŉ verbeteringskool.

Bogenoemde soorte straf het as algemene mikpunte vergelding, afskrikking en hervorming, waarvan die relatiewe belangrikheid verander met omstandighede. Hoewel hierdie behandelingsmaatreëls daargestel is vir die volwassene, is die misdadige kind in Suid-Afrika ook onderhewig aan genoemde strafbepalings.

(i) Gevangenisstraf:

Met gevangenisstraf word bedoel die daad van gevangesetting van ŉ persoon waardeur hy in ŉ toestand van gebondenheid verkeer; met ander woorde, as ŉ persoon deur die gesag van die land sy vryheid ontneem word. (1) Hierdie soort strafmaatreël het op die kind ŉ nadelige uitwerking. Dit verontagsaam die beklemtoning van heropvoeding en rehabilitasie by die misdadige kind. Dit berus op geen gesonde opvoedkundige gronde nie, omdat gevangenisstraf hoofsaaklik daargestel is as strafmaatreël vir die

(1) Shorter Oxford English Dictionary (3rd Edition, 1955), 971.

volwasse misdadiger, en nie vir die onvolwasse, onrype jeugmisdadiger nie. Tweedens bring dit die kind in aanraking met die geharde misdadiger wat hom sedelik en andersins ten kwade kan beïnvloed. Die maatreël besit slegs die beginsel van vergelding en dra nie by tot die kind se beskerming en hervorming nie. Die soort straf kan by hom nooit oorgaan tot tug nie, wat hom moet help om die sonde te oorwin en tussen goed en kwaad te onderskei nie. By die behandeling van die jeugdige oortreder is dit noodsaaklik dat alle redelike middele aangewend word om hom uit die tronk te hou. Die doel moet wees nie om die oortreder te straf nie, maar om die sosiale, gesins- en persoonlike faktore te ontdek wat aanleiding gegee het tot die kind se anti-sosiale neiginge en om behandeling daar te stel om sodanige neiginge te beveg. (1)

(ii) Lyfstraf:

Die Kinderwette maak ook voorsiening vir die toediening van lyfstraf op enige manlike oortreder jonger as een-en-twintig jaar. Gedurende die jaar 1935 het 24% van die 6,000 jeugdige oortreders in Suid-Afrika lyfstraf ontvang. (2)

(1) Scott: History of Corporal Punishment, 188.
(2) Bain: The Philosophy, Constitution and Functions of Juvenile Courts in South Africa, 330.

Van die toediening van lyfstraf deur die hof verklaar Advokaat Graham Bain soos volg: "Provided corporal punishment is administered in moderation and is suited both to the offence and the character of the offender, there is no reason why it should not become an educative measure. Many boys about to launch out on a delinquent career require a physical and mental shock to make them realise the probable consequences if they persist in their delinquent conduct. Corporal punishment in moderation in such cases can be more effective than any other method of disposal open to court". (1)

Waar die huislike lewe van die kind sodanig is dat tug en onderrig tuis redelik seker is, kan lyfstraf wenslik wees om die hof se misnoeë met die oortreder se handelwyse te kenne te gee, om hom sowel as andere af te skrik sonder om onnodig in sy lewe in te meng.

(iii) Boetes:

Die strafreg maak ook voorsiening dat ŉ boete op die skoolgaande sowel as die werkende kind wat oortree het, opgelê mag word. So is daar gedurende 1936 van die jeugmisdadigers onder die ouderdom van sewentien jaar nie minder as 46.5% gevonnis tot ŉ boete of tot gevangenisstraf met die opsie van ŉ boete nie. (2) In 1937 was die totaal 48.4% (3), en in 1938 was dit 45.2% (4).

Die vergeldende reaksie van die oplegging van ŉ boete word verhoog as die oortreder tronk toe

(1) Bain: Philosophy, Constitution & Functions of Juvenile Courts in S.A., 343.
(2) Unie Jaarboek No. 18, bladsy 427.
(3) Unie Jaarboek No. 19, bladsy 416.
(4) Unie Jaarboek No. 20, bladsy 417.

verwys word omdat so ŉ kind of sy ouers nie die geld besit om die boete te betaal nie. Om die arm kind op die wyse te straf beteken dat hy tweemaal gestraf word; eers omdat hy die oortreding begaan het, en ook omdat hy behoeftig is, en nie die middele besit om die boete te betaal nie. Vir die welgestelde sowel as die behoeftige kind besit boete as straf weinig opvoedkundige en dissiplinêre waarde, omdat daar selde gepoog word om die kind indien hy alreeds verdien, vir die berokkende skade te laat vergoed deur maandelikse paaiemente.

Hoewel bogenoemde primêre juridiese strafmaatreëls, naamlik gevangenisstraf, lyfstraf en boetes, op die grondslae van wraakneming en vergelding berus, omdat die oortreding van die kind opgevat word as ŉ skending van die waardigheid, eer en gesag van die owerheid, en daar geen opsetlike opvoeding beoog word met genoemde soort straf nie, moet hierdie strafmaatreëls egter ook as tot ŉ mate opvoedkundig beskou word indien hulle aan die volgende vereistes voldoen:

(i) Die straf wat op die kind gelê word, moet <u>humaan</u> wees. Dit moet ooreenstem met die algemene mensliewendheidsgevoel. Die kind moet nie blootgestel word aan verminking of enige uiterste vorm van straf nie.

(ii) Straf moet ook „<u>sedelik</u>" wees. Hiermee word bedoel dat straf nie die kind se sedes moet laat ontaard of versleg nie. Dit is die geval as straf ŉ blywende letsel of nadeel op die kind se liggaam, gees of gesondheid nalaat, waardeur hy ten gronde gaan of hom moeilik staande hou nadat hy tot die samelewing teruggekeer is.

(iii) Vir die kind moet straf ook indiwidualiserend werk, d.w.s. dieselfde straf moet op die verskillende kinders indiwidueel en verskillend toegepas word. Die een kind verskil van die ander en gevolglik vereis elke kind indiwiduele behandeling. (1)

As straf hierdie vereistes besit dan kan dit beskou word as opvoedkundige straf, want dan sal die beginsels van vergelding en wraakneming wat in straf opgesluit is, opvoeding ten doel hê. Hierdie sienswyse word ook gedeel deur G.B. Wurth wat van oordeel is dat straf ŉ integrerende faktor is in die opvoeding in die algemeen. Wanneer deur een of ander vergryp die verhouding van ouer - kind in die gemeenskap versteur is, is altans in bepaalde gevalle, herstel van die gemeenskap slegs moontlik as die kind vir die vergryp boet. In juridiese sowel as opvoedkundige straf, kan die straf as vergelding nie gemis word nie. Uit die opvoedkundige oogpunt sou dit verkeerd wees as straf as vergelding wegval. Die regte opvoeding moet rekening hou met die diepste behoeftes van die menslike natuur. En die behoefte aan straf by die mens as weg tot versoening na ŉ bepaalde vergryp, is so diep in sy deur God geskape natuur gewortel, dat deur straf nie aan hom toe te dien nie, maar deur dit te onthou, sy waaragtige menswees frustreer. (2)

(b) <u>Tug</u>: Die Kinderwetgewing maak voorsiening dat ŉ jeugdige na ŉ verbeteringskool verwys word of as vakleerling ingeskryf word in plaas van

(1) Zevenbergen: Leerboek van het Nederlandsche Strafrecht, 324-326.

(2) Wurth: De Straf, haar etiese en psychologiese Aspect, 69.

gevangenisstraf te ondergaan. Waar die doel van straf vergelding is wat weer 'n doel op sigself is, is die doel van tug in die geval een van hervorming en heropvoeding, en dien dit ook as middel tot misdaadvoorkoming. Tug beteken „die aanbringing, die byvoeging en die inoefening van sedelike gedragswyses. (1)

Tug het 'n besondere doel naamlik die handhawing van die gesag en die versekering van pligsvervulling deur 'n spesifieke kring van persone, terwyl straf 'n algemene karakter besit. (2)

Volgens J. Waterink is die woord „tug" afgelei van die ou Germaanse woord „tiegen" wat trek beteken. In hierdie sin hou tug die implikasie in dat die opvoeder aan die kind leiding moet gee terwyl hy opgroei. Waterink wys ook op die verband tussen „tucht" en „teugel". Tug het in hierdie verband dan betrekking op teuel en beteueling, maar nie slegs in die negatiewe sin van teë- en weerhouding van inperking of dwang, van verbiedinge en reëls nie; tug is ook die teuel wat leiding gee op die regte pad, wat die kind op die regte pad hou. (3)

Die belangrikste element in tug is „liefde". Hierdie liefde wakker ideale en strewes aan, en stel aan die kind eise van inspanning, idealnastrewing en van gebondenheid aan vaste sedelike beginsels. Om laasgenoemde te bereik, is om te kom tot die wese van tug, nl. innerlike of selftug, die toestand waar die kind hom self kan lei. (4) Om tot innerlike tug te

(1) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 34.
(2) Winkler Prins: Encyclopaedie, Vol. 17, bl. 660.
(3) Waterink: Teorie der Opvoeding, 67.
(4) Tvl. Onderwysblad (1/5/52); S. Pauw; Tug en Dissipline, 81.

kom, is dan ook die hoofsaak in die sedelike vorming van die kind. (1) En die hoogste vorm van tug is selftug. Alle tugmiddele moet lei na selftug, alle dissipline na selfdissipline, alle beheer na selfbeheer en uiteindelik tot aanvaarding van die wet van God in eie lewe. Met die tugmiddele wat die kinderwette besit, naamlik inrigtingsbehandeling en vakleerlingskap, word die kind hervorm en heropgevoed wat dit vir hom moontlik maak om aan die eise van die gemeenskap te voldoen en gesag te gehoorsaam. (2)

(c) Dissipline: Die kind wat deur die Unie se kinderwette geraak word, kry ook te doen met die dissipline en orde wat indirek opgesluit is in die tugmiddele van die wetgewing. Dissipline kan omskrywe word as ŉ toestand van ordelikheid wat opsetlik geskep is deur die daarstelling van ŉ uitwendige werking of bemiddeling wat die aankweek van goeie gewoontes vergemaklik en slegte gewoontes weer bemoeilik. (3)

Die funksie van dissipline soos behels in die Kinderwette is die voorbereiding van die kind vir sy doeltreffende deelname aan en inskakeling by die gemeenskap met sy vryhede sowel as sy verpligtinge, wat van hom eis die onderdrukking van sulke begeertes en ondeugde wat nadelig is vir die gemeenskaplike welsyn. (4)

Orde en dissipline is noodsaaklik want die kind wat sonder tug grootword, en wat nie tot innerlike dissipline gekom het nie, is ŉ nuttelose mens en ŉ las, selfs ŉ potensiële

(1) Allen: The Psychology of Punishment, 67.
(2) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoeding, 353.
(3) Barnett: Common Sense in Education an Teaching, 39.
(4) Bagley: School Discipline, 10.

gevaar vir die samelewing.

Al bogenoemde bepalinge in die Kinderwette is daargestel deur die strafbeginsel wat as aanvangspunt het die primêre juridiese strafbepalinge van gevangenisstraf, lyfstraf en boetes, en wat ontwikkel tot en finaliteit bereik met tug en dissipline. Hulle is daargestel eerstens om wet en orde te handhaaf wat ŉ basiese noodsaaklikheid in die samelewing is, want nie alleen moet laasgenoemde beskerm word teen die ondeuglike handelinge en impulse van die misdadige en sorgbehoewende kind nie, maar so ŉ kind moet ook teen homself beskerm word. Deur die aankweek van innerlike dissipline en selftug by die kind, word aan die gemeenskap die waarborg verskaf dat sy ingestelde beperkings en gebruike nie deur hom verontagsaam en verbreek word nie. Dit is slegs deur innerlike dissipline wat die kind daartoe gebring word om die hoogste dinge in die lewe te waardeer en na te strewe. En die kinderwette moet help om die misdadige en sorgbehoewende kind tot daardie stadium te bring.

5. <u>Wie deur die Kinderwette en Kinderwetgewing beskerm moet word.</u>

(a) <u>Die Kind</u>: Die kind is die voorwerp wat deur die kinderwette beskerm en gerehabiliteer moet word. Hy is nog ŉ wordende wese en sy groei, ontwikkeling en wording is ŉ langsame, maar aaneenlopende proses. Hierdie groei geld van sy geboorte af tot omstreeks sy 23ste - 25ste lewensjaar, wanneer hy as indiwidu alreeds vir ŉ geruime tyd volwassenheid bereik het. Die kinderwette het egter net betrekking op hom tot die einde van sy <u>rypende jare</u>, d.w.s. ongeveer 19 jaar, m.a.w., op die kind tot sy 12de jaar, en ook die vroeë adolessent. Die adolessentejare is die tydperk

tussen die einde van die kinderjare en die aanvang van die werklike volwassenheid, d.w.s. van sowat 13 jaar tot sowat 23, 24, 25. (1) Met adolessensie word dus bedoel die periode tussen kindsheid en rypheid, waarin verstandelike, fisiese en sedelike kenmerke van die kind openbaar word en uitgroei. (2) Die kind wat hom in hierdie periode bevind, word gewoonlik die adolessent genoem. (3) Die Kinderwette het dus as taak en doel die beskerming van die kind en die adolessent wat in wese ook nog onvolgroeid is. Aan die kind, d.w.s. die indiwidu tot ongeveer 12 jaar, moet hoofsaaklik wetlike beskerming teen mishandeling, uitbuiting en korrupsie verleen word, maar vir die adolessent behoort die doel van die wette weer hoofsaaklik opvoedkundige beskerming te wees. Die adolessent moet beskerm word deur middel van rehabilitasie en heropvoeding. In albei gevalle behoort die wette beskerming te bied teen sorgbehoewendheid.

Om nou te voldoen aan die doel, behoort die wette sekere faktore in die kind se lewe in ag te neem, wat aandui dat hy van die volwassene verskil en geen grootmens is nie.

(b) Die Ouderdom van die Kind: Die wette moet die fisiologiese, die sielkundige en die pedagogiese ouderdom van die kind in ag neem, om sodoende die juridiese ouderdom vas te stel.

(1) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 305.
(2) Encyclopaedia Brittanica (14th Edition), Vol. I (1932), 175.
(3) Hollingworth: The Psychology of the Adolescent, 13.

Met juridiese ouderdom word bedoel die ouderdomsgrens wat die reg neerlê om skeiding te maak tussen die kind en die volwassene. Waar die juridiese ouderdom wysigbaar is, is die fisiologiese, die sielkundige en die pedagogiese ouderdom van die kind min of meer bestendig.

Die fisiologiese ouderdom van die kind bestaan uit sekere natuurlike afdelings in die kind se ontwikkeling, naamlik die kleinkinderperiode tot die sewende jaar, die periode van kindsheid tot die veertiende jaar, en die jeugperiode tot die 21ste jaar. (1) Dit is die stadium van die ontwikkeling van sy liggaamsfunksies. Dit korreleer egter laag met die kind se sielkundige ouderdom, want al is die fisiologiese ouderdom van die kind bekend, kan daarvan omtrent niks met sekerheid afgelei word aangaande sy psigologiese ouderdom nie.

Hoewel die korrelasie laag is, is dit egter hoog genoeg vir die regverdiging van die stelling dat die gesonde liggaamlike ontwikkeling ŉ hoë waarde besit vir gesonde geestelike ontwikkeling. (2)

Dit is noodsaaklik dat die kinderwette die kind se fisiologiese ouderdom en kenmerke in aanmerking neem, want deur sy behoorlike fisiologiese beskerming en versorging, word die kind se gesonde geestelike ontwikkeling bevorder.

Die sielkundige ouderdom van die kind word gestel op twaalf jaar en langer. Die periode vòòr die twaalfde jaar staan bekend as die periode van die ontwikkeling van die bewussynslewe.

(1) Encyclopaedia Brittanica, Vol. I, 14de Druk (1932), bl. 343.

(2) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoeding, 132.

In die tyd is die kind nie opgewasse teen die verskillende lewensituasies nie, en sy selfbewussyn tree nog nie pertinent na vore nie. (1) Dit is in hierdie tydperk waar die kinderwette die kind moet beskerm teen sorgbehoewendheid, mishandeling en uitbuiting, omdat hy op die leeftyd so 'n hulpelose wese is. Hierdie ouderdom van twaalf jaar is egter slegs 'n benaderde ouderdom om die grens te bepaal tussen kind en volwassene. Die oorgangsperiode varieer grootliks, en daarom verklaar die Inter-departementele Komitee van 1934-37 oor behoeftige, verwaarloosde, wan-aangepaste en misdadige kinders en jeugdige oortreders dat "a child who is mentally defective may remain at a lower stage of development permanently, while many children are retarded in their physical and mental growth beyond the confines of a fixed limit". (2)

Tussen die grense van die twaalfde en die agtiende jaar word die periode van die jeug genoem. Nou ontwikkel die selfbewussyn, die seksdrif word aktief, die eie-ek word ontdek, en daarmee die besef van 'n eie persoonlikheid. (3)

As die jeugdige ryper word en volwassenheid begin bereik, ontstaan die probleem van sosiale en ekonomiese onafhanklikheid, die keuse van 'n beroep en die aanvaarding of verwerping van religie. Dit is 'n moeilike tydperk hierdie, vir sowel ouer as kind en kan maklik aanleiding gee tot wangedrag en jeugmisdaad. (4)

(1) Waterink: Puberteit, 13.
(2) Report of an Inter-Departmental Committee on indigent, neglected, deviate and delinquent children and juvenile delinquents (1934-37), par. 34.
(3) Cole & Morgan: Psychology of Childhood and Adolescence, 32.
(4) Munn: Psychological Development, 515.

Ook hier moet die kinderwette intree en op opvoedkundige wyse die kind beskerm teen misdadigheid, en die jeugmisdadiger hervorm en heropvoed.

Die periode is vir baie van die rypende jeug een van storm en drang as gevolg van die verandering in die gevoelslewe.

Die Pedagogiese ouderdom van die kind kan op verskillende maniere aangedui word, maar vir opvoedkundige doeleindes is dit doeltreffend om dit te onderskei in die voorskoolse, die skoolse en die naskoolse lewensperiodes. Elk van die periodes word weer onderverdeel. So word die voorskoolse jare onderverdeel in die suiglingsjaar, die peutertydperk (2 tot 3 jaar) en die kleuterjare (4, 5 en 6). Die skooljare word verdeel in die tydperk van die laerskool (van 7 tot 13 of 14 jaar), en die jare van die middelbare skool (van 13 of 14 tot 17 of 18 jaar).

Dan is daar ook die naskoolse tydperk as daar opvoeding gegee word aan diegene wat alreeds die skool verlaat het. (1)

Bogenoemde psigologiese en pedagogiese bevindinge het die Staat leiding gegee met die vasstelling en daaropvolgende wisselbaarheid van die kind se juridiese ouderdom soos aangetoon in die Unie se kinderwette. Laasgenoemde moet egter nie slegs die ouderdom van die kind in ag neem nie, maar ook die verskille tussen grootmens en kind. Die kenmerke van die kind soos hieronder aangedui, toon die verskil aan tussen hom en die volwassene. Dit is noodsaaklik om 'n duidelike beeld van die kind se ken-, gevoels- en strewingslewe te hê, want

(1) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 289-314.

hierdeur word tot die besef gekom dat die kind anders dink en handel as die volwassene. Hierdie verskil tussen grootmens en kind maak dit nodig dat die kind ook anders behandel en anders teenoor hom opgetree word as teenoor die volwassene. Die verskil vorm dan ook die basis vir die verskil tussen die wette vir volwassenes en die vir kinders. Om die rede is dit belangrik om die kenfunksies en die liggaamsontwikkeling van die kind te vergelyk met die van die grootmens. So 'n vergelyking bewys die noodsaaklikheid vir die daarstelling van wette vir die beskerming van die onrype, onervare en onvolgroeide kind.

(c) <u>Die Kenlewe van die Kind</u>:

(1) <u>Denke</u>: Onder denke word verstaan die bewuste werking van die menslike gees met voorstellings en begrippe. (1) Net soos die grootmens kan die kind ook dink. Hy vorm 'n begrip, vel 'n oordeel en kan tot 'n besluit kom en redeneer ook. Sy denke en oordeel is egter baie eenvoudiger en onvollediger as die van die volwassene, omdat hy oor baie minder ervaring beskik. Sy denklewe ontwikkel langsaam maar gereeld, weens die toenemende ervaring op skool en ook daarbuite, en as gevolg van die verbetering van die kind se denkproses en redeneringsvermoë, na die ouderdom van 13 jaar, is sy skoolonderwys van 'n meer wetenskaplike aard. Hierdie verbetering van die kind se redenering is die gevolg van innerlike rypwording, vermeerderde ervaring, groter en wetenskapliker kennis. (2)

(1) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 161.

(2) Gates & Jersild: Educational Psycholo gy, 172-174 en ook 193.

(ii) Die Verstand: Die verstand kan omskryf word as 'n geestesvermoë, 'n geestesgeskiktheid of 'n geestesbekwaamheid. (1) Dit is die vermoë of geskiktheid om te leer. Deur middel van verstandstoetse is vasgestel wat die verstand van die kind is, d.w.s. die kind se verstandsouderdom word bepaal. Hy het dus 'n verstandsouderdom sowel as 'n kronologiese ouderdom. Daar die verstandsvermoë 'n erflike hoedanigheid is, kan die swaksinnige kind nooit tot 'n verstandelik normale mens ontwikkel nie.

(iii) Waarneming: Waarneming is die interpretasie van die gewaarwordinge. Dit is die bewussyn wat in die mens omgaan. (2) Die waarneming is van fundamentele betekenis vir die ontwikkeling van die kenlewe, want alle vorme van kennis berus op dié grondfunksie van die siel. Die sintuie van die kind werk minder skerp as die van die grootmens, want die waarnemingsfunksie bereik eers sy toppunt omstreeks die 12de jaar. (3)

(iv) Die Opmerksaamheid (aandag): Die opmerksaamheid is een van die funksies van die siel en wel die werking van die siel as dit hom op iets rig. Dit is die rigting of sametrekking van die sielsenergie op een punt. Daar is aktiewe en passiewe opmerksaamheid; in die eerste geval word die aandag gegee, en in die tweede plek die aandag getrek. Die aktiewe aandag word bepaal deur faktore soos die wil, doel en belangstelling, en die passiewe aandag weer deur

(1) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 169.
(2) Ibid, 149.
(3) Brooks: Child Psychology. 213-218.

die sterkte van die prikkel wat bo alle ander prikkels uitstaan, persoonlike belangstelling en so meer. (1) Die opmerksaamheid wissel af van kind tot kind want daar is die idiote kind wat geen aandag kan gee nie, terwyl die skrander kind weer bestendige aandag kan gee.

Die kinderlike opmerksaamheid verskil van die van die volwassene want dit is meer passief en onwillekeurig as aktief en willekeurig; dit is sterk afleibaar en dus nie baie duursaam nie. Die vermoë tot volgehoue, onverdeelde aandag vereis 'n sekere mate van verstandelike rypheid wat eers by die ouer kind gekry word. Die jong kind het nog nie die nodige geesteshouding ontwikkel wat nodig is om sy aandag op een saak te vestig nie. By hom is daar nog die gebrek aan die nodige geesteshouding en aan die nodige insig.

Uit bogenoemde beskrywing is dit duidelik dat die kind se kenfunksies nie so volledig ontwikkel is as die van die volwassene nie. Hy beskik oor baie minder ervaring; sy redenasievermoë en oordeel is eenvoudiger en meer foutief, sy verstand, waarneming en opmerksaamheid minder ontwikkel, swak en vaag. Die onvolledigheid van die kind se kenfunksies het tot gevolg dat hy sy lewensituasies verkeerd benader indien hy nie die nodige wysheid van die volwassene verkry nie.

(d) Die Gevoelslewe van die Kind:

Nie alleen die kenlewe van die kind is minder ontwikkel as die van die volwassene nie, maar ook sy gevoelslewe is swakker en wisselvalliger.

(1) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde. 152-157.

Die woord gevoel dui aan die werksaamheid van die siel waarin die persoon uiting gee aan en aandoenings aanvaar van lus en onlus as hy hom teenoor 'n bepaalde persoon, ding of saak stel tot 'n waardering of beoordeling. (1)

Al kan daar by die suigeling geen spesifieke gevoelens vasgestel word nie, kom daar wel by die ouer kind een of ander vorm van gevoelsuiting voor soos angs, toorn, jaloesie, liefde, seks, vreugde, droefheid ensovoorts.

In die ontwikkeling van die gevoelslewe van die kind is daar veral twee belangrike tydperke. Die eerste is die kleuterjare van 4 tot 6. Dit is 'n tydperk van onstandvastigheid, ongedurigheid, van sterk gevoelsuiting, veral van toorn, haat en liefde. Op die tydperk volg 'n sogenaamde latente periode van 7 tot 12 jaar, waarin die gevoelslewe 'n ondergeskikte plek inneem; die kind leef meer uiterlik en is voortdurend doende. Die tweede belangrike tydperk is die vroeë adolessensie, die jare van seksuele ryping en bewuswording, 'n tydperk wat vir sommige kinders 'n ware storm-en-drang-leeftyd word, maar met die toename van die jare neem hierdie sterkte van die gevoelens baie af. Hierdie bestendigheid by die kind toon aan dat hy op die drumpel van volwassenheid staan, en dit word teweeggebring deur sy verstandelike ontwikkeling, die eise van die gemeenskap en die vorming van die kind se sedelike persoonlikheid en selfbeheer.(2)

Die verskil tussen die volwassene se emosionele lewe en die van die kind, is dat eersgenoemde groter emosionele beheer en stabiliteit besit as die kind. Die volwassene se emosies word in diens van sy lewensdoel gestel en dit is geen struikelblok in die pad van sy lewensdoel soos by die kind nie.

(1) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 173.
(2) Ibid, 178.

By die kind is daar nog nie daardie volledige ryping wat hom in staat stel om die stimuli wat op hom inwerk, te ontvang sonder dat hulle onbeteuelde emosies by hom opwek nie. Hy moet nog leer om sy emosionele reaksies te beteuel sodat geen heftige en primitiewe uitbarstings sy geluk en algemene doeltreffendheid versteur nie. (1)

Dit is nodig dat die kind se gevoelslewe onder tug en beheer val tot welsyn van homself sowel as van die gemeenskap. En dit is hier waar die opvoedkundige tugmiddele wat die kinderwette moet bevat, die opvoeding en onderwys van die kind moet bystaan. Al hierdie faktore beïnvloed die kind sodat sy gevoelsuitinge gelei word in ŉ goeie rigting en sy verkeerde uitinge vervang of beperk word.

(e) <u>Die Strewingslewe van die Kind</u>:

Ook die strewingslewe van die kind verskil van die van die volwassene. In die menslike lewe kom daar sekere strewings voor wat aan hom van nature gegee is, wat hy van sy geboorte af meebring, wat hy sonder oefening kan verrig en wat in hulle werking doelmatig is. So kan die baba suig kort na geboorte, en daarby heeltemal doelmatig. Hy hoef dit dus nie aan te leer nie. Liggaamlike beweging hoef hy ook nie aan te leer nie, hy kan die beweging uitvoer kort na die geboorte. Sulke handelinge wat die mens van nature verrig, word genoem aangebore handelinge, en die psigiese agtergrond daarvan, aandrif, drif of instink. (2)

Bogenoemde drifte word genoem die primêre strewings. Sommige tree direk na geboorte in werking, soos die voedingsdrif, maar andere bly as't ware vir ŉ tyd latent, en kom eers deur

(1) Brooks: Child Psychology, 323.
(2) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 200.

rypwording later in aksie, soos die seksdrif. Hulle is steeds gerig op 'n handeling wat doelmatig is. Oor die algemeen dien hulle tweërlei doel, nl. die behoud van die lewe van die enkeling en van die mensdom. Die doelmatigheid is nie die gevolg van oorlegging, oordenking of opsetlike wil nie, maar dit is onbewus en onopsetlik. Hulle kom dan ook uit die primêre onbewuste op. Die primêre strewing kan bomskryf word as 'n strewe wat onopsetlik doelmatig is, en wat hom rig op die behoud en ontwikkeling van die indiwidu en die mensdom. Die vernaamste primêre strewings is die van selfbehoud, voeding, seks, geselligheid en nabootsing.

Dan is daar ook sekondêre strewings wat bewus is. Hulle bestaan uit disposisies, begeertes, wense, verlangens, hartstogte en wilsuitinge. (1)

Die stukragte in die lewe van die kind sowel as die volwassene, is die primêre en sekondêre strewings wat die fisiologiese, psigologiese en sosiale behoeftes van sy lewe uitmaak. Hulle vorm die bronwelle in sy lewe en werk. Dit is belangrik dat die kind se strewingslewe beheer en gewysig word. Daar is sy belangstelling wat hom in aanraking bring met baie aktiwiteite en wat wenslik is vir die ontwikkeling van 'n gesonde persoonlikheid. Dit is wenslik dat hy belangstel in ontspanning, in kennis en in sy beroep. Volle uitlewing van sy strewingslewe is egter nie goed vir hom en ook nie vir sy medemens nie. Maar algehele remming daarvan is net so skadelik vir die kind en vir die gemeenskap. 'n Gebalanseerde ontwikkeling van die strewingslewe is noodsaaklik. Die primêre en sekondêre strewings moet opgevoed word tot goeie gewoontes en vrugbare ideale.

(1) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 205.

(f) Die Kind se Liggaamsontwikkeling:

Daar is twee belangrike groeitydperke by die kind. Die eerste is die maande en jare om die geboorte van die kind tot ongeveer die derde jaar, en die tweede is die maande en jare om die adolessensie. Die twee tye is tydperke van vinnige groei. Die tempo van groei verskil vir die verskillende dele en organe van die liggaam en op verskillende leeftye van die kind, maar daar is tog wel een reël vir die algemene proses van groei: groei is gedurende die vroeër jare van die lewe vinniger as gedurende die later jare. (1) Die normale kind groei betreklik vinnig tot 4 jaar en daarna is die groei gereeld, maar stadiger tot aan die puberteit wanneer daar weer ɱ versnelling voorkom gevolg deur ɱ steeds afnemende groei tot 18 jaar.

Die meisie bereik haar grootste groei ongeveer 3 jaar voor die seun. Van 14 jaar is eersgenoemde gewoonlik langer en swaarder as die seun, en ongeveer 3 jaar voor die seun fisiologies ryp. Agterbuurtes vertraag die groei van die kind. (2)

Die ontwikkeling van die kind se beheer oor die spiere hou tred met die algemene ontwikkeling van die liggaam. Die ontwikkeling van spierkrag is een van die beste aanduidings van motoriese rypheid , en een van die vernaamste vereistes in die lewe.

In verband met die liggaamsgrootte van die kind is gevind dat langer kinders hul jare van versnelde groei gouer bereik as die korteres.

Die gewigstoename is afhanklik van faktore soos ras, familie, seks en voeding.

(1) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 131.
(2) Brooks: Child Psychology, 105-110.

Oor die algemeen is die seuns swaarder tot 9; van 9 tot 13 jaar, die meisie. Die beste wins vir die meisie lê vanaf 11 tot 13, en vir die seun vanaf 13 tot 16. Die gewigstoename staan in nou verband met die rypingsleeftyd. Ondervoede kinders is deurgaans ligter as goed gevoede kinders.

In verband met die groei van die liggaam en liggaamsdele, is gevind dat van geboorte tot 18 jaar die liggaam byna vervierdubbel; die kop verdubbel, en die bene van die kind is viermaal langer as by die geboorte. (1) Die groei van die liggaam word in sekere opsigte bepaal deur die werking van die kliere. Dit skei sekere hormone af wat die groei van die liggaam beïnvloed. Die sekskliere van die kind staan in nou verband met die seksontwikkeling. Die normale verskynsel van seksryping staan onmiddellik in verband met die werking van die kliere. (2)

Ook die senustelsel neem 'n uiters belangrike plek in, veral in die kind se geestelike ontwikkeling. Dit groei in die begin van die lewe vinnig, en is by 18 jaar ongeveer 3 maal dikker as by die geboorte. (3)

Die brein of harsings van die kind is by 12 jaar feitlik volgroeid, maar die gewig daarvan het min te doen met die rykdom van die kind se geesteslewe. (4)

Al bogenoemde aspekte van die kind se ontwikkeling, naamlik sy ouderdom, kenlewe, gevoelslewe, strewingslewe en liggaamlike groei

(1) Gates & Jersild: Educational Psychology, 52.
(2) Coetzee: Inleiding tot Algemene Empiriese Opvoedkunde, 126.
(3) Brooks: Child Psychology, 129.
(4) Carmichael: Manual of Child Psychology, 278.

en ontwikkeling toon aan dat die kind verskil van die volwassene. Die aangetoonde verskil maak dit noodsaaklik dat hy anders beskou en behandel moet word as die grootmens, omdat hy 'n onrype, onvolgroeide en onervare wese is. Hierdie onvolwassenheid in sy lewe vereis dat hy beskerming moet geniet. Die beskerming moet afkomstig wees van die gemeenskap, asook van die Gereg. Om gesag en bestendigheid aan die beskerming te verleen, is die kinderwette daargestel. Om doeltreffend en met vrug te funksioneer, is dit nodig dat hulle die geestelike en liggaamlike onrypheid van die kind en sy onervarenheid in aanmerking neem, asook die verskillende grondslae van sy opvoeding. Slegs as al hierdie faktore in ag geneem word, kan die kinderwette voldoen aan die doel waarvoor hulle ingestel is, naamlik die beskerming, redding en rehabilitasie van die kind.

## 6. Die Grondslae waaraan die Kinderwette getoets moet word.

Om te weet of die Unie se Kinderwette aan hulle doel voldoen, naamlik om die kind te beskerm, en indien nodig, te rehabiliteer, is dit nodig om hulle aan sekere grondslae van die kind se opvoeding en ontwikkeling te toets. Dit is nodig om te kan sien hoedanig hierdie wette in lyn lê met die gesonde ontwikkeling van die kind na volwassenheid, en dit is op diè terrein van die opvoedkunde waar die kind beïnvloed moet word om sekere doeleindes met hom in die volwassenheid te bereik. Die bepalinge van die kinderwette moet aan hierdie grondslae voldoen om aan hulle doel te beantwoord, naamlik om as redmiddels te dien om die kind te beskerm, her op te voed, te hervorm, en op diè wyse tot gesonde en afgeronde volwassenheid te ontwikkel. Die grondslae waaraan die kinderwette getoets moet word, is dan die volgende:

(a) Die Biologiese Grondslag: Die kind besit nie alleen ŉ liggaam en gees nie, maar hy besit ook ŉ woonplek waarin hy moet lewe. Vir sy lewe en grootwording moet hy ŉ woonplek, ŉ omgewing hê. Hierdie omgewing werk op hom in, en hy reageer op sy omgewing. Hy moet hom fisies sowel as sosiaal en geestelik, aanpas by sy omgewing, en om hom hiermee te help, neem die opvoeding ŉ vername plek in sy lewe in. Vir die kind is die opvoeding ŉ proses van opsetlike en doelbewuste aanpassing aan die omgewing. Hy is vatbaar vir opvoeding omdat hy aanvanklik in ŉ staat van onrypheid is. Hy is nog ŉ wordende mens, en daarom besit hy die vermoë om te groei en te ontwikkel. Waar die onrypheid en afhanklikheid die grondslag van ouerlike versorging by die kind vorm, moet dit ook as hoofrede dien vir die totstandkoming van kinderwette. Hulle moet die onrype, onervare en afhanklike kind beskerm en versorg.

Ook van betekenis vir die opvoeding is die lang duur van die staat van onrypheid. Vir die kind is dit ŉ voorwaarde vir verdere ontwikkeling en leer. Hierdie faktor behoort ook deur die kinderwet in ag geneem te word. Dit moet bepalinge bevat vir die verlengde aanhouding van die kind, wat tot gevolg moet hê ŉ verdere periode van opvoedkundige behandeling en dissiplinering.

(b) Die Fisiologiese Grondslag: By die kind se opvoeding moet ook rekening gehou word met sy liggaam. In die opvoeding kan die vorming en ontwikkeling van die liggaam nie verontagsaam of verwaarloos word nie, want die ware opvoeding is een van gees sowel as liggaam. Die kind is meer as liggaam, en meer as gees; hy is liggaam-gees. Die volledige opvoeding van die kind is dan ŉ liggaamlik-geestelike opvoeding. In die skool moet die juiste ewewig gehandhaaf word, en bly tussen die suiwer liggaamlike en die suiwer geeste-

like opvoeding. As die Kinderwette aan hulle doel wil beantwoord, moet hulle ook aandag gee aan die kind se liggaam. Die kind moet nie slegs geestelik beskerm en gerehabiliteer word nie, maar ook liggaamlik. Die Kinderwette moet bepalinge bevat wat ook sorg vir die kind se gesondheid. Geen kind kan heeltemal hervorm word as hy nie geestelik sowel as liggaamlik gesond is nie. En vir hierdie aspek van die kind se beskerming en hervorming behoort die Kinderwette ook voorsiening te maak.

(c) Die Psigologiese Grondslag: Een van die vereistes van 'n goeie opvoeding is 'n grondige wetenskaplike kennis van die kind as voorwerp van die opvoeding. Deur die opvoeding word die kind gelei, gevorm, ontwikkel, en kry hy die geestelike wasdom wat hom volwassenheid laat bereik. Die kind is 'n wordende mens, d.w.s. hy is nog maar op pad na volwassenheid, en geen grootmens nie. In hierdie grootwording ontwikkel hy deur verskillende stadia.

Die twee aspekte van die kinderlewe en sy psigologie, nl. die verskil tussen die kind of wordende mens, en die volwasse mens, en sy grootwording wat ontwikkel deur verskillende stadia, is alreeds kortliks bespreek in paragraaf 5.

Dit is belangrik dat kinderwette ook van die grondslag wat insluit die kind se kenlewe, gevoels- en strewingslewe, kennis neem. Deur die kind te sien en te behandel as 'n onrype, onervare en steeds wordende wese, en nie as 'n grootmens nie, kan die kinderwette se bepalinge so geformuleer word dat hulle die kind in al sy ontwikkelingstadia kan help en beskerm, en moet sy rehabilitasiemiddels van so 'n aard wees dat dit met vrug toegepas kan word op die onrype en nog groeiende wese wat weens sy onrypheid en onervarenheid, baie keer nog nie die verkeerdheid van sy dade en leefwyse kan besef nie.

(d) Die Sosiologiese Grondslag: Die kind is na sy aard ŉ sosiale wese, en net soos by die opvoeding, moet die Kinderwette met hierdie feit altyd rekening hou. Sy sosiale wese bring mee ŉ sosiale bestemming, en dus moet hy ook sosiaal opgevoed word. Hy word gebore onder mense, hy moet vir die menslike samelewing opgevoed word en hy moet ook lewe vir die gemeenskap. Hy moet hom dus onderwerp aan sosiale beheer, en die vernaamste faktore om hom tot hierdie onderwerping te bring, is die huisgesin en die skool wat onder andere, ŉ sosiale doel moet hê. Laasgenoemde moet die kind voorberei as ŉ deugdelike burger van die samelewing, om sodoende sy kragte en vermoëns in diens van die samelewing te stel.

Die Kinderwette moet van hierdie sosiale doel van die kind se opvoeding kennis dra, asook van die sosiale euwels wat deur middel van die opvoeding bekamp moet word. Deur hulle opvoedkundige bepalinge wat hulle moet besit om misdaad, mishandeling, uitbuiting, behoeftigheid, werkloosheid by die kind en stokkiesdraai, met een woord, sorgbehoewendheid by die kind te bestry, moet die Kinderwette die opvoeding aanvul en help om die kind op te voed sodat hy ŉ mens van God kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.

(e) Die Staatkundige Grondslag: Die staat is die grootste mag in die moderne opvoeding en onderwys, en in die Unie het die onderwys feitlik uitsluitend ŉ staatsaangeleentheid geword. Dit verskaf die geld en sorg vir die wetgewing, regspraak en regsadministrasie op onderwysgebied. Ook sorg dit vir die kind se peil van opvoedkundige ontwikkeling. Die staat sorg dus nie net vir die beskerming van die kind nie, maar is ook verantwoordelik vir sy algemene ontwikkeling, liggaamlik en geestelik. Die Unie wat as ŉ demokratiese staat beskou word, handhaaf in sy opvoedkundige beleid sekere grondgedagtes. Dit gaan in die

eerste plek uit van die waarde van die persoonlikheid. Elke indiwidu in die volksgemeenskap het 'n persoonlike waarde. Die gedagte stel hoë eise aan die indiwidu; omdat die maat van 'n mens lê in wat hy is en kan doen, moet elkeen homself so hoog moontlik ontwikkel. Die onderwyser moet dus by die kind hoedanighede aanmoedig soos inisiatief, onderneming, selfvertroue en volharding. (1) Om aan hulle doel te beantwoord , moet die Kinderwette ook uitgaan van hierdie belangrike staatkundig-opvoedkundige grondgedagte, naamlik die waarde van die persoonlikheid. Hulle moet die kind nie alleen beskerm nie, maar moet hom geestelik, sowel as liggaamlik ontwikkel en hom op die wyse 'n waardevolle lid van die gemeenskap maak.

In die tweede plek gaan die demokratiese staat uit van die standpunt dat die opvoeding alle mense gelyk moet behandel. Hiermee word bedoel dat die begaafde kind uit die arm huis dieselfde geleenthede moet kry as die kind uit die welgestelde huis. Die goedopgestelde kinderwet moet dan ook hierdie beginsel handhaaf, naamlik elke kind moet na sy vermoë, geestelik sowel as liggaamlik, behandel word. Dit moet die nodige bepalings bevat wat die kind se talente sowel as sy beperkinge in ag neem. Dit moet nie slegs bydra tot die kind se beskerming nie, maar ook tot sy ontwikkeling.

Dan gaan die demokratiese opvoeding uit van die standpunt dat in elke staat daar 'n owerheid en onderdane is. Die manne wat eendag die staatsgesag moet uitoefen, moet daarvoor opgelei word, maar ook diegene wat as onderdane hul lewenstaak moet uitoefen. Ook die goeie Kinderwet moet hierdie standpunt huldig deur by die kind onder sy beskerming, gehoorsaamheid aan te kweek;

(1) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 234.

gehoorsaamheid vir die wette van die land en die „mores" van die gemeenskap. Die opvoedings- en tugmiddele van die Kinderwette moet gehoorsaamheid by die kind ontwikkel op so 'n wyse dat hierdie gehoorsaamheid oorgaan tot innerlike gehoorsaamheid of selftug.

(f) <u>Die Logiese Grondslag</u>: Een van die take van die skoolopvoeding is om die kind te leer dink. Dit moet die kind leer om reg en juis te dink. As die kind reg kan dink, dan rus sy oordeel ook op vaste grond. As sy denke en oordeel gesond is, dan sal die kind ook die hoër dinge soek. Hy het dan 'n besef van die onsienlike, die onhoorbare, die geestelike en ewige dinge. (1) Hierdeur word hy gelei om die goeie na te volg en die kwade, die sondige te vermy. En om dié rede behoort die behandeling wat deur die Kinderwette se tugmiddels op die kind toegepas word, hom te help om reg te dink en te oordeel, om sodoende die goeie in die lewe na te volg, en die kwade te vermy.

(g) <u>Die Etiese Grondslag</u>: Sedelike vorming is 'n belangrike faktor by algemene opvoeding van die kind. Die mens is van nature 'n sedelike wese, en het behoefte aan sedelike opvoeding. Ook die Wet van God wat in paragraaf 3 beskryf word, en die bestaan van die menslike samelewing, eis dat elke mens sedelik opgevoed sal word sodat hy hom sedelik kan gedra. Die Wet van God beskryf ook in die tweede tafel wat die norme is van sedelike gedrag. Die sedelike opvoeding moet die kind bring tot die gehoorsaamheid aan die gebod waaraan hy reeds as kind, en later veral as volwassene, moet voldoen.

(1) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 174.

Die Kinderwette moet ook die etiese grondslag ken en in ag neem. Hulle tugmiddele moet van so 'n aard wees dat dit die norme van die sedewet soos aangegee in die tweede tafel van die Tien Gebooie, by die kind ontwikkel en bevorder. Die tugmiddele moet by die kind tuisbring die besef van sonde en kwaad, en die belangrikheid van die goeie na te volg.

(h) Die Estetiese Grondslag: Dit is ook wenslik om die kind op estetiese gebied te vorm en te ontwikkel, en hoewel Gods Woord wat die skoonheid in Gods skepping op byna elke bladsy openbaar, hiermee behulpsaam is, is die beoefening van sekere kunsvorme soos sang, musiek, drama en die gebruik van sekere kunsmiddele soos die radio, die rolprent en so meer, ook nodig. Die estetiese opvoeding is 'n essensiële deel van die vorming van die mens van God vir sy volkome toerusting vir alle goeie werk. (1) Dit bring die ware en die goeie by die kind tuis en laat hom in die besonder die lewe beter verslaan. Waar moontlik moet die toepassing van die Kinderwette ook help om die skone, die goeie en die ware by die kind tuis te bring.

(i) Die Religieuse Grondslag: Wat die Woord van God die kind leer, is in alle opsigte beslissend vir sy opvoeding. Vir diegene wat glo dat die Woord van God hulle ook die nodige lig gee omtrent die sedelike aard van die mens, en omtrent die doel wat aan die mens in die lewe gestel word, vir hulle is die religie 'n onmisbare grondslag van die opvoeding. Sonder 'n grondige kennis, liefde en diens van die Here, is die lewe en die hele opvoeding vir die mens vir die gelowige ondenkbaar. Sy hele lewe en opvoeding moet in diens van sy God gestel word. (2)

(1) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 160-171.

(2) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 145.

Die Kinderwette moet sorg dra dat inrigtings die behandeling wat deur die wette as rehabilitasie en tugmiddel daargestel word, ook die godsdiens of religie insluit, want volgens die kind se natuur is dit ŉ erflike opvoedingsreg wat hom nie ontneem mag word nie.

Waar die sorgbehoewende kind en die jeugmisdadiger wat die godsdiens betref, minderbevoorregtes is, is die godsdiens veral vir hulle van die hoogste waarde omdat dit bydra tot hulle godsdienstige vorming en ontwikkeling.

Die godsdiens dra ook by tot die kind se sedelike vorming en ontwikkeling, want dit leer hom die absolute norme ken waarna hy sy lewe moet inrig. Hierdie norme geld nie alleen vir sy verhouding tot God self nie, maar ook tot sy medemens. As die jeugmisdadiger die norme eerbiedig, dan is sy rehabilitasie as't ware voltooi.

Om hierdie rede is dit nodig dat die religie ingesluit moet wees by die ander hulpmiddels wat die Kinderwette daarstel vir die kind se beskerming en hervorming.

Die Kinderwette moet die kind in elkeen van bogenoemde aspekte opvoed en beskerm, om aan hulle doel te beantwoord. Om na te gaan of die Unie-kinderwette doeltreffend is, sal hulle aan genoemde grondslae van die kind se opvoeding en ontwikkeling getoets word. Hierdeur kan vasgestel word of hulle rekening hou met die groei en ontwikkeling van die kind, sy opvoeding en sy onderwys, en of dit terselfdertyd die verskil tussen die onvolwasse kind en die volwasse grootmens in aanmerking neem.

---

# Hoofstuk II.

## KINDERWETGEWING VÓÓR UNIE (1910).

### 1. Inleiding.

Die rede waarom die wetgewing omtrent die sorgbehoewende en misdadige kind afgebaken word in twee periodes, naamlik vòòr en na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910, is omdat vòòr Unie daar met slegs een uitsondering, nl. Wet No. 38 van 1901 (Natal), geen kinderwette in die Kaapkolonie, Natal, Transvaal en Oranje-Vrystaat gepromulgeer is nie. Daar was wel kinderwetgewing in al vier bogenoemde kolonies voor 1910, maar daar was, behalwe in Natal, geen kinderwette in die enge sin van die woord nie. Selfs die wetgewing omtrent die kind, wat wel bestaan het, was van geen omvattende aard nie. Die wetgewing, hoewel gering van aard, dien egter as belangrike inleiding tot die Unie-kinderwette, omdat dit laasgenoemde sterk beïnvloed het weens die feit dat die meerderheid kinderwetgewing voor Unie op dieselfde beginsels berus, wat as grondslag dien vir die Unie-kinderwette. Almal het as grondslag die beskerming van die kind sowel as die samelewing. Dat daar wel wetgewing t.o.v. die kind voor Unie bestaan het, beklemtoon die feit dat die belangrikheid om na die kind om te sien, ten einde hom 'n nuttige lid van die samelewing te maak, iets is wat al lank besef is. Dit was egter die kerk wat die voortou in verband met kinderbeskerming geneem het, daar die staat in die begin traag was om hom met die regte en pligte van ouers teenoor hulle afhanklike kinders, in te laat. Dit was dan ook eers teen die middel van die 19de eeu dat van wetlike maatreëls gebruik gemaak is om te verseker dat 'n kind behoorlik groot gemaak en beheer word, waar die ouers of voogde om die een of ander rede nie in staat was om hierdie uiters belangrike funksie te vervul nie.

Voor die tyd het die kerk dit as sy roeping beskou om die verwaarloosde kind te versorg, wat hy ook gedoen het deur ŉ stelsel van nie-amptelike adopsie in die lewe te roep, en die oprigting van weeshuise waarmee ŉ begin gemaak is gedurende die 19de eeu. Daar is dus tot ŉ mate voorsiening gemaak vir die wees- en verwaarloosde kind, maar met die jeugdige delinkwent was dit minder gunstig gesteld, want dit was eers in die 19de eeu dat spesiale aandag aan hom gewy is.

Voor diè tyd, nl. vanaf die koms van Jan van Riebeeck tot die helfte van die 19de eeu, is daar geen onderskeid tussen die jeugmisdadiger en die volwasse misdadiger gemaak nie. Eersgenoemde moes dieselfde vonnis, straf of behandeling ondergaan, en is in dieselfde gevangenis gehuisves as die volwasse misdadiger. (1) Hoewel die kerk nie direk gemoeid was met die jeugmisdadiger nie, soos in die geval van die nie-delinkwente, sorgbehoewende kind, was hy tog ŉ belangrike faktor in die voorkoming van jeugmisdaad omdat hy die godsdiens en die godsdienstige sowel as die morele opvoeding benadruk het. Die etiese standaarde van die gemeenskap was grootliks die wat deur die kerk verkondig is; in die skool wat tot aan die begin van die 19de eeu onder beheer van die kerk gestaan het, was gòdsdiens die onderwys. Hoewel dit geensins bedoel was om as middel tot misdaadvoorkoming te dien nie, het dit nogtans ŉ misdaadvoorkomende uitwerking gehad, want dit het die kind se lewe beïnvloed en verryk. Dit was die kerk wat aan die kind geestelike leiding verskaf het, wat hom gehelp het om ŉ godsdienstige perspektief te ontwikkel, en hom onderskraag het in tye van versoeking, sodat hy nie tot misdaad verval nie.

(1) Bain: Philosophy, Constitution & Functions of Juvenile Courts in South Africa.

Dit was eers teen die helfte van die 19de eeu dat die staat tot besef gekom het van die noodsaaklikheid van 'n duidelike optrede ten opsigte van die beskerming van die kind teen mishandeling, uitbuiting en verwaarlosing, en ook die noodsaaklikheid van differensiëring tussen die delinkwente kind en die volwasse misdadiger. Die ontstaan van die idee om te differensieer tussen kind en volwassene, het op die gesonde sielkundige grondslag berus dat die kind anders geoordeel en behandel moes word as die grootmens, en het die aanvang van kinderwetgewing in Suid-Afrika beteken.

2. Kaap die Goeie Hoop.

Onder die blanke gemeenskap van die Kaapkolonie was verwaarlosing en jeugmisdaad voor die 20ste eeu 'n seldsaamheid. Dit was te danke aan die bevolking se eenvoudige en godsdienstige leefwyse, en aan die feit dat geen groot getalle kinders en jeugdiges in die dorpe aangetref is nie. Nogtans is daar kerkraads- sowel as staatsbesluite geneem gedurende die Hollandse Bewind in die 17de en 18de eeue, en beperkte wetgewing onder Engelse Bewind in die 19de eeu tot 1910 daargestel om die sorgbehoewende kind tot 'n mate te beskerm, en aandag te skenk aan die jeugmisdadiger.

So is onder die Hollandse Bewind vanaf 1652 tot 1805 sekere Kerkraads- en Politieke Raadsbesluite geneem waarvan die vernaamste die volgende was:

(a) Instructie voor het Collegie van Diakenen van 5 Maart 1753.

(b) Sekere Politieke Raadsbesluite ten opsigte van die kind.

Bogenoemde besluite bewys die noue samewerking wat tussen kerkraad en staat tot 1805 bestaan het. Die staat het die kerkraad

as die aangewese liggaam beskou om die sorgbehoewende kind se belange te behartig, aangesien die kerk as organisasie, die beskerming van die verweesde en verwaarloosde as deel van sy roeping gevoel het. Met verloop van tyd egter het die staat self wetlike besluite in diè verband daargestel, wat die werk van die kerk aangevul het. So is gedurende die Engelse Bewind vanaf 1805 tot 1910 die volgende wette ten opsigte van die verwaarloosde en misdadige kind ingestel:

(c) "The Masters and Servants Act", No. 15 van 1856.
(d) "The Introduction of Children of Natives Act", No 22 van 1857.
(e) "The Reformatories Institution Act", No. 7 van 1879.
(f) "The Juvenile Offenders Apprenticeship Act", No. 8 van 1889.
(g) "The Deserted Wives and Children Protection Act", No. 7 van 1895.
(h) "The Destitute Children's Relief Act", No. 24 van 1895.
(i) "The Juvenile Offenders Apprenticeship Act", No. 38 van 1899.
(j) "The Juvenile and Woman's Imprisonment Act", No. 4 van 1905.

Die wette bewys dat waar die staat in die verlede op die agtergrond gebly het, hy gedurende die Engelse Bewind die taak van die kerk ten opsigte van die verwaarloosde en misdadige kind, grotendeels vervang het.

(a) "Instructie voor het Collegie van Diakenen" van 5 Maart 1753. (1)

In die vierde paragraaf van hierdie kerkraadsbesluit word die pligte van die Diakonie

(1) Extracten uit de Resolutie-Boeken. (Spoelstra: Bouwstoffen voor de geschiedenis der N.G. Kerken in Zuid-Afrika, Deel II, 284.

ten opsigte van die kind aangewys. Hy moet toesig hou oor die skoolbesoek van die kind, en die kind wat as vakleerling uitgeplaas is, gereeld besoek. Hy moet ook enige kind wat aan hom toevertrou word, na ꞌn geskikte huisgesin uitplaas.

Hoewel die pligte van die kerkraad ten opsigte van die kind slegs genoem word, en dus baie onvolledig is, bewys die kerkraadsbesluit van 5 Maart 1753 dat daar wel aandag gegee is aan die beskerming en opvoeding van die kind. Deur toesig te hou oor die kind wat uitgeplaas is, en deur die wees- en verwaarloosde kind in die bewaring van ꞌn pleegouer te plaas, tree die kerkraad as ꞌn welsynsorganisasie op. Hy stel dus nie net belang in die kind se geestelike welsyn nie, maar ook in sy skool-, werks- en huislike omstandighede. Om die pleegouer van ꞌn uitgeplaaste kind geldelik by te staan, word kragtens paragraaf 3 van die „Instructie", ꞌn fonds bekend as die Diakoniefonds, in die lewe geroep.

Hierdie kerkraadsbesluit maak geen melding van enige staatshulp nie, omdat die behandeling en die beskerming van die sorgbehoewende kind in die tyd hoofsaaklik die taak van die kerkraad was, m.a.w. van die „Collegie van diakenen". Uit bogenoemde stappe wat ten opsigte van die kind gedoen is, is dit duidelik dat, hoewel sorgbehoewendheid ꞌn seldsaamheid was, en van jeugmisdaad geen melding gemaak word nie, die vraagstuk op ꞌn opvoedkundige grondslag behandel is. Nie alleen is aandag gegee aan die kind se skoollewe, om stokkiesdraai aan bande te lê nie, maar daar is ook omgesien na sy opvoeding, deur hom as vakleerling uit te plaas, en hom van geskikte pleegouers te voorsien. Deur hom as vakleerling uit te plaas, word hy opgevoed om die waarde van gereelde arbeid met sy baie voordele, in te sien. Die pleegouers was verantwoordelik vir die belangrike huislike opvoeding. Dat die beskerming en

opvoeding van die kind, soos hierbo aangetoon, feitlik vanaf die volksplanting aan die Kaap die aandag van die kerkraad geniet het, blyk uit 'n kerkraadsbesluit van 8 Februarie 1669, waarin besluit is om die drie kinders van wyle Pieter van Meerhof wat met die Hottentotmeid Eva, getroud was, uit laasgenoemde se sorg te neem weens „haar godtloos en ongebonden leven", en deur die Diakonie laat opvoed. (1) Hier word nie slegs uitgegaan van die beginsel van beskerming nie, maar ook van die van voorkoming, daar die kinders deur die kerkraad verwyder word van die nadelige invloed van die moeder, en die swak huislike omstandighede as gevolg van haar gedrag. Die kerkraadsbesluit berus dus op die opvoedkundig gesonde beginsels van beskerming en voorkoming.

Dieselfde beginsels is grondliggend aan die kerkraadsbesluit van 1 Maart van dieselfde jaar, wat 'n hottentotvondeling uitbestee aan Jacob Borchhorst op voorwaarde dat hy die kind christelik en deugdelik na sy vermoë sou opvoed, en as vakleerling een of ander nuttige werk laat aanleer. (2)

Die kind is nie slegs beskerm teen verwaarlosing nie, maar ook teen mishandeling, want op 3 Augustus 1750 besluit die kerkraad om, onderhewig aan die goedkeuring van die Politieke Raad, Evert Colyn, die vader van ses kinders, te onthef van sy vaderlike mag omdat „hy syne kinderen heel sporeloos laat opgroeyen, en tot schande en ergernis voor en igelyk, die deselve moet aanschouwen, laat loopen, daarenboven deselve veelmalen soo onbehoorelyk kastydende, dat sulx alle palen en maten verre te boven gaat". (3)

(1) Extracten uit de Resolutie-boeken. (Spoelstra: Bouwstoffen voor de Geschiedenis der N.G. Kerken in Suid-Afrika, Deel II, 259).
(2) Ibid, 259.
(3) Ibid (3/8/1950), 277.

Hierdie uittreksels uit verskillende kerkraadsbesluite toon aan dat die karkraad aan die kind in alle lewensomstandighede aandag gegee het, en dat sy beskerming ook die nie-blanke kind ingesluit het. Uit die kerkraadsbesluite kan ook afgelei word dat die verwaarloosde of „sorgbehoewende" kind van die 17de en 18de eeu die volgende was:

(i) Die kind wat stokkiesdraai.

(ii) Een wat buite die eg gebore is.

(iii) Die behoeftige kind, of die kind van die weduwee of van die ouers wat geskei is, of die weeskind.

(iv) Die kind in die diakonieskool.

(v) Die kind wat deur sy ouers mishandel is.

Sorgbehoewendheid is op opvoedkundige wyse bekamp want soos deur genoemde kerkraadsbesluite aangetoon, is eerstens omgesien na die kind se onderwys. Die kerkraad het toesig gehou oor die kind se skoolbywoning. In die tyd was die kerk die vader van die onderwys, want hy was verantwoordelik vir die daarstelling van die skool aan die Kaap. Deur te verhoed dat die kind skoolbywoning ontduik, is verwaarlosing in die kiem gesmoor. Die kerkraad het reeds in die tyd besef dat stokkiesdraai aanleiding kan gee tot verwaarlosing.

Tweedens is ter beskerming van die kind, die metode van pleegouers aangewend om die ongunstige huislike toestande van die kind te vervang. Van hierdie metode van opvoeding en beskerming is gebruik gemaak omdat daar nog geen voorsiening gemaak was vir enige inrigtingsversorging vir die wees- en verwaarloosde kind nie. Die pleegouerstelsel was dus die enigste beskikbare metode. Die metode is beskermend aangesien dit die kind 'n beter tuiste gee wat onder die beheer van die kerkraad ressorteer; ook is dit opvoedkundig

omdat van die pleegouer vereis word dat hy die kind „christelick en deughdelick na syn vermogen sal opvoeden, en den dienst daarvan, als het tot syne jaren sal gekomen zyn, voor de opvoedinge gebruiycken". (1)

3 In die derde plek is die kind beskerm en opgevoed deur middel van vakleerlingskap. Die Diakonie het die reg besit om die kind as leerjongen by 'n ambagsman te plaas waar hy gratis by laasgenoemde werk totdat hy die ambag bemeester het. (2) Dit het gewoonlik vyf jaar geneem, en gedurende diè tyd was die leermeester verantwoordelik vir 'n leerjongen se kos, klere, huisvesting en opvoeding. (3) Hoewel die stelsel van vakleerlingskap in die tyd slegs op die sorgbehoewende en die slawekind toegepas is, was dit 'n belangrike ekonomiese bate, sowel as 'n rehabilitasiemiddel. Dit was die enigste metode om die land van broodnodige ambagslui te voorsien, en terselfdertyd het dit as 'n beskermende en 'n rehabiliterende middel gedien om die kind onder toesig die opvoedkundige voordeel van gereelde arbeid te laat bekom.

(b) Politieke Raadsbesluite ten opsigte van die kind:

Die Politieke Raad aan die Kaap het, hoewel in 'n mindere mate, ook bygedra tot die beskerming van die wees- en verwaarloosde kind. So is met die politieke raadsbesluit van 13 Desember 1674 'n weeskamer onder die voorsitterskap van die Goewerneur in die lewe geroep, wat die geldelike belange van die weeskind sou behartig. Die Weeskamer het die geld wat die weeskind wettig

(1) Spoelstra: Bouwstoffen voor de Geschiedenis der N.G. Kerken in Zuid-Afrika, Deel II, 259.

(2) Theal: Abstract of the Debates and Resolutions of the Council of Policy at the Cape (1651 - 1862), Par. 5, bl. 136.

(3) Du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 126.

toekom, vir hom ingesamel en bewaar tot tyd en wyl hy mondig was, en het daarvan uitbetaal ten behoewe van sy opvoeding. (1) Met die raadsbesluit word die weeskind sowel as die gewone kind, beskerm teen uitbuiting, en word op indirekte wyse aan sy opvoeding aandag gegee.

Bogenoemde Kerk- en Politieke Raadsbesluite het opgetree ten opsigte van die beskerming van die kind omdat daar nog geen Kinderwet op die statutêre boeke van die Cabo de Goede Hoop was in die dae van die Hollandse Bewind nie. Sodanige optrede was wel nodig want, al was die kolonie nog so jonk, het die vraagstuk van die sorgbehoewende kind hom reeds toe al voorgedoen, en moes teen die probleem opgetree word. Slegs die metode van versorging buite die inrigting is toegepas omdat inrigtingsversorging van die kind nog nie aan die Kaap bestaan het nie. Eers namate die bevolking uitgebrei het, naamlik in die 19de eeu, toe dit àl moeiliker geword het om geskikte behuising te kry, sou die hoogste belange van die kind die beste gedien word, en het die behoefte ontstaan aan inrigtings waar die kinders bymekaar en behoorlik versorg kon word.

Met die permanente inbesitname van die Kaap deur die Engelse in 1806, het die kerk nie opgehou om as welsynsorganisasie op te tree nie. Die volk het hom nog steeds tot die kerk gewend om hulp en bystand, nie slegs in geestelike aangeleenthede nie, maar ook in sy materiële belange en behoeftes. Van die kerk verklaar die Carnegie-verslag soos volg: „Die kerk as maatskaplike instelling, is een van die belangrikste faktore vir die instandhouding en veredeling van die volkskarakter. Dit is 'n kragtige voorbehoedmiddel teen moedeloosheid en onverskilligheid, tydens rampe sowel as teen selfsug en onmatigheid tydens voorspoed. Die kerk is die beskermer van die huisgesin...

(1) Theal: History of South Africa before 1795, Vol. II, 222.

Hy voed sy aanhangers op tot beoefening van liefdadigheid......Op die arm gesin werk die kerklike invloed waar dit nog bestaan, in alle opsigte behoudend. (1)

Hierdie strekking van die kerk om die huisgesin in stand te hou, het 'n direkte invloed op die kind gehad, omdat dit tot sy beskerming sowel as sy opvoeding bygedra het.

Waar die staat egter gedurende die Hollandse Bewind op die agtergrond gebly het, tree hy nou in die 19de eeu na vore om die werk van die kerk t.o.v. beskerming vir die kind, met die volgende wetgewing aan te vul

(c) "The Masters and Servants Act", No. 15 van 1856.

Die wet is ingestel om die regte en pligte van base, diensbodes en vakleerlinge wetlik vas te stel, en indien nodig, te amendeer. Wat betref die kind, gaan die wet hoofsaaklik oor vakleerlingskap wat as beskermingsmaatreël vir hom in belangrikheid toeneem. Die wet stel vakleerlingskap nou op 'n wetlike grondslag. Met die term „vakleerlingskap" word bedoel "an agreement whereby, in consideration for a premium or for no premium at all, one person becomes bound to teach another person a certain profession or trade, the latter being bound to learn it and to serve the former for a fixed period. (2)

Bogenoemde omskrywing dui die primêre doel van vakleerlingskap aan, naamlik om onderrig te verskaf aan iemand wat 'n ambag of werk moet aanleer. Die omskrywing berus op 'n opvoedkundige grondslag want die vernaamste vereistes van 'n kontrak van vakleerlingskap is naamlik diè van leer en onderrig. So bepaal Artikel 3 van Afdeling

(1) Carnegie-verslag: Deel V, bladsy 51.

(2) Scoble: The Law of Master and Servant in South Africa, 28.

3 dat die kind die nodige onderrig moet ontvang. Met die wetsbepaling is die kind verseker van die nodige onderrig om sy leerlingskap suksesvol te voltooi, en te voldoen aan die vereistes vir 'n bedrewe vakman.

Kragtens Artikel 3 van Afdeling 3, maak die wet nie slegs voorsiening vir die nodige onderrig van die kind nie, maar ook vir sy huisvesting, klere en onderhoud, waarvoor die meester verantwoordelik is. Hierdie vereistes word kragtens Artikel 1 van genoemde afdeling, in 'n geskrewe verklaring daargestel. Genoemde artikels waarborg hom dus 'n huis waar hy 'n gesonde huislike opvoeding kan ontvang solank hy as vakleerling werk. Die artikels beklemtoon die standpunt dat die kind se huis van primêre belang vir hom is, want hier leer hy die beginsels van ordelikheid, netheid en goeie gedrag. Die huis moet hom beskerm teen die gevare van verwaarlosing, misdaad en ander sosiale euwels. Hy word nie slegs in die geleentheid gestel om huislike opvoeding te bekom nie, maar dit verseker hom ook van beskerming en veiligheid.

Die wet beskerm die kind ook teen uitbuiting en mishandeling, want Artikel 2 van Afdeling 3 beperk vakleerlingskap tot die 18de jaar vir die seun, en die 16de jaar in die geval van die dogter, en die hele periode van vakleerlingskap kan kragtens Artikel 4 van dieselfde afdeling, nie langer as 5 jaar duur nie. Artikel 27 beskerm die kind teen wederregtelike aanhouding, en Artikel 12 teen die verandering van leermeesterskap sonder die toestemming van die magistraat of sy eie, indien die kind ouer as 16 jaar is. Ook word die kind, kragtens Artikel 24, beskerm teen mishandeling.

Al bogenoemde wetsbepalings berus op die opvoedkundige beginsels van beskerming en verhoeding. Hulle voorkom dat toestande ontwikkel wat skadelik is vir die rustige ontwikkeling van

die kind se opvoeding en onderrig. Hulle skep werkstoestande wat bydra om die vakleerling gelukkig te maak, wat weer daartoe lei dat hy die nodige belangstelling vir sy werk of ambag ontwikkel. Hierdie werkstoestande sluit aan by die opvoedkundige huislike omstandighede van die vakleerling , wat kontinuïteit in sy lewe teweegbring, en sodoende hom in die geleentheid stel om tot 'n ewewigtige, tevrede persoonlikheid te ontplooi. Gesonde werkstoestande dra by tot die kind se rehabilitasie en die voorkoming van misdade.

En uiteindelik maak die wet voorsiening vir die daarstelling van 'n beskermer of voog, deur Wetsbepaling 5 van Afdeling 3, wat die magistraat van die distrik ex officio benoem as voog van enige minderjarige wat geen ouer of voog besit nie. Niemand kan die plek van die goeie ouer inneem nie, maar die aanstelling van die magistraat in diè hoedanigheid dien wel as goeie surrogaat. Sy aanstelling berus op die beginsels van beskerming en verhoeding. Nie alleen moet hy die belange van die minderjarige behartig nie, maar hy moet hom ook beskerm teen al die vorms van uitbuiting soos aangedui in die aangehaalde artikels. Hy staan dus in die plek van die vader van die kind, met al sy verpligtinge teenoor hom. Nie alleen moet hy toesien dat die kind nie uitgebuit en mishandel word nie, maar dat hy ook die regte opleiding en opvoeding ontvang.

Hierdie wet is 'n groot verbetering op die fragmentariese kerkraadsbesluite van die Hollandse Bewind omtrent die vakleerlingskap van die kind. Waar laasgenoemde slegs gegaan het oor die vakleerlingskap, dek diè wet nie slegs dìt nie, maar ook die kind se huislike omstandighede, sy werkstoestande, sy beskerming teen uitbuiting en mishandeling, en die aanstelling van die magistraat as voog van die wees- en minderjarige kind. Die wet berus dus op die opvoedkundige beginsels van beskerming en verhoeding wat die kind

se versorging, onderrig en opvoeding as ambagsman, uiteensit en op ŉ wetlike basis plaas. Dit is ook opvoedkundig en beskermend in diè sin dat die regte van die kind deur sy wetsbepalings op wetlike wyse gehandhaaf word. Waar vroeër die kerk met sy beperkte mag, opgetree het as beskermer van die kind, word hy nou vervang deur die Staat met groter magsbeskikking. Waar in die tyd die vakleerling nog steeds bestaan het uit die verwaarloosde, behoeftige of weeskind, d.w.s. die sorgbehoewende kind, moet die wet beskou word as die aanvangspoging van staatsweë om deur wetlike optrede, die versorging, beskerming en opvoeding van die sorgbehoewende kind op ŉ opvoedkundige basis te plaas.

(d) "Introduction of Children of Natives Act", No. 22 van 1857.

Die doel van die wet is om op doeltreffende wyse die onbehoorlike invoer van naturellekinders van buite die Kolonie se grense na die Kaapkolonie, te voorkom.

Waar Wet No. 15 van 1856 hoofsaaklik die beskerming en welsyn van die sorgbehoewende kind beoog, gaan hierdie wet wat slegs uit enkele artikels bestaan, oor die beskerming van die normale naturellekind.

Vòòr 1857 het baie grensboere van die Kaapkolonie die gewoonte gehad om werksvolk in die naturellegebiede te werf, en op diè wyse is ook naturellekinders in diens geneem.

Die daarstelling van die wet was bedoel om ŉ einde te maak aan hierdie wanpraktyk, want terwille van goedkoop arbeid, is die naturellekind uitgebuit en soms teen sy sin weggevoer van sy ouers.

Artikel 1 verbied die invoer van enige naturellekind onder die ouderdom van 16 jaar, behalwe met die goedkeuring van die Goewerneur.

Hoewel die wet as blote beskermingsmaatreël beskou moet word, berus dit egter op opvoedkundige grondslag, omdat sy hoofdoel is om te voorkom dat die kind uit sy ouerhuis verwyder word, en die ouerlike gesag ontbeer en in omstandighede geplaas word wat nie bevorderlik is vir sy welsyn nie. Net soos vir die blanke kind, is die ouerhuis ook vir die naturellekind die primêre opvoedkundige instelling in sy lewe. Deur hom op vroeë leeftyd uit die ouerhuis te verwyder, ontbeer hy die onderrig en opvoeding in familie- en stamgewoontes en -sedes, wat kan veroorsaak dat hy op latere leeftyd 'n ontwortelde persoon word. Vir die naturellekind is die huislike opvoeding van groot opvoedkundige waarde want deur die aanleer, beoefening en eerbiediging van sy stamtradisies, kultuur en sedes, word hy opgevoed om te leef en te handel volgens die kodes van sy stam.

Om die skade wat so 'n kind wat alreeds die Kaapkolonie op onwettige wyse ingevoer is, te beperk, bepaal Artikel 5 dat hy onder die voogdyskap van die Goewerneur geplaas word wat hom dan as vakleerling kan inskryf, of hom na 'n nywerheidskool stuur.

Die gesonde opvoedkundige maatreël wat die wetsbepaling behels, beskerm die kind teen verdere uitbuiting en mishandeling, en bring al die opvoedkundige en beskermende voordele van vakleerlingskap soos uiteengesit in Wet No. 15 van 1856, asook inrigtingsversorging, binne sy bereik. Hierdie beskermingsmetodes dra by tot die kind se onderrig en opvoeding onder voogdyskap van die Goewerneur, soos uiteengesit in Artikel 1, wat die kind vrywaar van enige verdere uitbuiting, verwaarlosing en mishandeling.

Genoemde twee wette het voorsiening gemaak vir die beskerming en versorging van die sorgbehoewende kind wat merendeels nie-blank was, sowel as vir die normale kind. Hierdie beskerming en versorging geskied deur middel van die huis, vakleerlingskap en voogdyskap. Vir die misdadige kind egter, is daar nog geen beskermende wetgewing ingestel nie. Hy het geen beskerming geniet nie, en hoewel hy nog steeds oor dieselfde kam geskeer is as die volwasse misdadiger, deur hom in die tronk te stop, het jeugmisdaad gedurende die 19de eeu aansienlike afmetings aangeneem, soos onderstaande tabel aantoon.

TABEL I. (1)

'N TABEL WAT DIE GEVALLE VAN JEUGMISDAAD AANDUI VIR DIE JARE 1875 - 1877.

| 1875 | | | | 1876 | | | | 1877 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Blank | | Nie-bl. | | Blank | | Nie-bl. | | Blank | | Nie-bl. | |
| M | V | M | V | M | V | M | V | M | V | M | V |
| 34 | 3 | 188 | 16 | 16 | 5 | 173 | 36 | 28 | 1 | 239 | 14 |
| 37 | | 204 | | 31 | | 209 | | 29 | | 253 | |

Hierdie tabel dui aan:

(i) dat gedurende die 19de eeu die probleem van jeugmisdaad wel bestaan het, en dat dit aan die toeneem was;

(ii) dat weens die vermeerdering van jeugmisdaad, dit nou nodig geword het om voorsiening vir die opvoedkundige bekamping van die probleem te maak.

(1) Cape of Good Hope: Votes and Proceedings of Parliament (1880), Vol. 3, bl. 4.

Op die getal misdadige kinders met ŉ maksimum ouderdom van sestien jaar, is die volgende strafmetodes toegepas: lyfstraf met maksimum van 15 houe, skraalrantsoen, boetes, tronkstraf vir 14 dae; in enkele gevalle ŉ waarskuwing of lyfstraf deur ouers self, en in twee gevalle tronkstraf vir een jaar, met harde arbeid. (1)
Die meeste van die strafmetodes getuig van min opvoedkundige insig, en toon verder dat straf nog nie die stadium bereik het om oor te gaan tot tug soos aangetoon word op bladsy 21 & 22 van hierdie proefskrif. Dit blyk ook dat die sestienjarige kind weens ŉ ernstige misstap, tot tronkstraf aangewys was.

Dit was egter eers nadat William Porter, ŉ oud-prokureur-generaal van die Kaapkolonie, £20,000 nagelaat het vir die oprigting van ŉ (2) verbeteringsgestig vir jeugdige misdadigers, dat die regering eindelik oorgegaan het om wetgewing in diè verband te oorweeg. Die skenking was dan ook die moeder van die belangrike Wet No. 7 van 1879.

(e) "The Reformatories Institution Act", No. 7 van 1879.

Die wet is belangrik omdat dit inrigtingsversorging vir die jeugmisdadiger daarstel. Artikel 1 magtig die Goewerneur van die Kaapkolonie om verbeteringsgestigte op te rig „for the reception and custody of youthful criminals and in every such institution the males shall be kept separate and apart from the females". Deur middel

(1) Cape of Good Hope: Votes and Proceedings of Parliament (1880), Vol. 3, Appendix 1, bl. 7.

(2) Engelbrecht: Die Interne Organisasie van die S.A. Verbeteringskool, bl. 17.

van die wetsbepaling en die geldelike skenking van William Porter, kom die delinkwente kind onder 'n nuwe bedeling, aangesien inrigtingsversorging en -behandeling as beginsel vir die jeugmisdadiger aanvaar word.

Die hoofdoel van die wet is die inrigtingsbehandeling van die misdadige kind oor wie dit uitsluitlik gaan. Dit is van groot opvoedkundige belang omdat dit gegrond is op die beginsel van heropvoeding ~~en herstelling~~. So verklaar Artikel 4 dat instede dat die kind na die gevangenis gestuur word, die magistraat hom na die verbeteringsgestig moes verwys.

Die beginsel word uitgebrei en aangevul deur die beginsel van beskerming deur Artikel 5 wat die magistraat die magtiging verleen om enige kind wat reeds besig is om 'n gevangenisstraf uit te dien, uit die gevangenis na 'n verbeteringsgestig oor te plaas.

Die oprigting van die verbeteringsgestig, soos bepaal in Artikel 1, was vir die jeugmisdadiger van opvoedkundige betekenis omdat dit as 'n addisionele metode dien om die kind uit die gevangenis te hou, en hom te vrywaar van die slegte invloed van die geharde misdadiger, waarmee hy in die gevangenis sou kennis maak. Hier word nou aan behandeling gedink sonder die hulp van die gevangenis. Die uitgangspunt was nou meer opvoedkundig en minder vergeldend en strafbepalend, want die behandeling in die verbeteringsgestig het die moontlikheid ingehou van onderwys sowel as beroepsopleiding. Dit benader die kind opvoedkundig sowel as beskermend, omdat Artikel 2 uitdruklik neerlê dat slegs kinders in so 'n inrigting opgeneem moet word. As gevolg van hierdie beperking word die kind beskerm teen enige nadelige invloed wat 'n volwasse misdadiger op hom mag hê. Dit skep ook die geleentheid om

ander metodes van behandeling op hom toe te pas, as die wat in gebruik was by die gevangenis, en wat meer by die kind se aard pas.

Deur die daarstelling van die verbeteringsgestig was dit nie meer nodig om die kind oor dieselfde kam te skeer as die volwassene, en om dieselfde behandeling en straf te ondergaan nie. Daar was nou die geleentheid vir straf om tot tug oor te gaan, en tugmaatreëls toe te pas wat bedoel was nie as vergeldingsmaatreëls nie, maar om die jeugmisdadiger se heropvoeding en hervorming te bevorder. (1)

By sy heropvoeding in die verbeteringsgestig word vakleerlingskap as ŉ aanvullende opvoedingsmiddel gebruik want Artikel 11 bepaal dat die magistraat die mag besit om, met goedkeuring van die kind se ouers, so ŉ kind as vakleerling uit te plaas „to any useful calling or occupation as he may think fit". Waar vakleerlingskap in die tyd van die Hollandse Bewind slegs op die sorgbehoewende blanke kind en die nie-blanke kind as ŉ beskermings- en rehabilitasiemiddel toegepas is, dien hy in die wet as ŉ aanvullende opvoedingsmiddel wat op die jeugmisdadiger toegepas word om die opvoeding en behandeling wat hy in die verbeteringsgestig ontvang het, verder uit te bou en te bestendig. Dit hou vir die misdadige kind weliswaar dieselfde voordele in as vir enige ander kind, maar in sy geval dien dit ook as ŉ verdere toesigperiode nadat hy die inrigting verlaat het.

Hierdie wet berus op ŉ opvoedkundig-sosiologiese grondslag want sy doel is om die kind uit die tronk te hou, en sodoende van hom ŉ nuttige lid van die gemeenskap te maak.

(1) Kyk Bladsye 17-25 van hierdie proefskrif.

Dit berus ook op 'n psigologiese grondslag omdat dit inrigtingsbehandeling vir die misdadige kind verseker. Dit behandel die misdadige kind as 'n onrype en nog groeiende wese, wat anders behandel moet word as die volwassene. Om diè rede word deur die wet afgewyk van die strafmetode wat op volwassenes toegepas word, naamlik tronkstraf, en word iets meer opvoedkundigs in die plek daarvan gestel, naamlik inrigtingsbehandeling. Sodoende dien vakleerlingskap as 'n rehabilitasiemiddel, en nie slegs as 'n middel tot beskerming nie.

(f) "<u>Juvenile Offenders Apprenticeship Act</u>", <u>No. 8 van 1889</u>.

Die doel van die wet is om voorsiening te maak vir die uitplasing van die jeugmisdadiger as vakleerling. Dit bevat artikels wat gaan oor die prosedure insake die uitplasing van die jeugdige misdadiger as vakleerling en die optrek van die leerlingkontrak, die aandeel wat die magistraat speel in die beskerming van die vakleerling se belange, die loon van die vakleerling, en regte wat aan hom toegeken word.

Waar deur Wette No. 15 van 1856, en No. 22 van 1857, voorsiening gemaak word vir die daarstelling van vakleerlingskap op 'n wetlike grondslag vir die normale, asook die behoeftige en sorgbehoewende kind, en waar Wet No. 7 van 1879 ook vakleerlingskap as rehabilitasiemiddel vir die inrigtingskind instel, word dieselfde voorreg nou deur hierdie wet aan die jeugmisdadiger, d.w.s. die kind wat tronkstraf moet ondergaan, toegeken. Hiermee word die deur van vakleerlingskap nie oopgehou slegs vir sekere kinders nie, maar enige kind kan aanspraak daarop maak om as vakleerling ingeskryf te word. So verklaar

Artikel 1 dat enige kind onder die ouderdom van sestien jaar, wat skuldig bevind is aan 'n misdaad, en wat 'n vonnis van gevangenisstraf opgelê is, deur die Hof gelas kan word om as vakleerling ingeskryf te word, instede van die vonnis van gevangenisstraf uit te dien. Die Artikel bepaal verder dat die kontrak van vakleerlingskap aangegaan moet word met 'n geskikte persoon wat gewillig sal wees om die kind te onderrig „and employ such child in some useful calling, trade or other occupation including domestic service and service as a farm labourer, until such child shall have attained his twenty-first year or for some shorter period".

Volgens bogenoemde omskrywing sou die vakleerlingskap van die misdadige kind op 'n opvoedkundig-sosiologiese grondslag berus omdat dit die onderrig sowel as die beoefening van 'n nuttige ambag of beroep insluit.

Dit stel die misdadige kind in staat om 'n grondige kennis van sy ambag of werk op te doen, as gevolg waarvan hy as nuttige lid van die gemeenskap kan dien. Vakleerlingskap soos bepaal deur Artikel 1, beklemtoon die waardevolle beginsel van heropvoeding deur onderrig en nuttige arbeid wat van groter belang vir die kind is as blote opsluiting.

Hierdie nuwe metode van jeugmisdadigerbehandeling vul die metode van inrigtingsbehandeling vir die misdadige kind, soos bepaal deur Artikel 1 van Wet No. 7 van 1879, aan omdat die twee metodes die weg aantoon van opvoedkundige tug instede van vergeldende straf ten opsigte van die kind.

(g) "Deserted Wives and Children Protection Act", No. 7 van 1895.

Die wette wat reeds bespreek is, het te doen met die sorgbehoewende sowel as die misdadige kind. Dit verleen beskerming aan die kind deur die beproefde metode van vakleerlingskap wat sedert die volksplanting bekend en in gebruik was.

Vir die misdadige kind was die toepassing van die metodes beskermend, maar hoofsaaklik rehabiliterend. In die wetgewing wat dusver behandel is, word die aandag toegespits op die kind, maar met Wet No. 7 van 1895 word ook aandag aan die moeder van die kind gegee. Artikel 1 bepaal dat die gesonde vader van 'n gesin verplig word om te sorg vir die onderhoud van sy gesin. Die wetsbepaling is gegrond op die belangrike beginsel dat die huis die primêre plek van opvoeding vir die kind is, en dat hierdie instelling ongeskonde vir hom moet bly. (1) Die gesonde huisgesin is onontbeerlik vir die kind se geestelike en sedelike ontwikkeling en algemene opvoeding; om die huisgesin in stand te hou, word die werkskuwe vader gedwing om tot die onderhoud van moeder en kind by te dra. Met die nodige geldelike hulp, probeer die moeder gewoonlik om die huisgesin bymekaar te hou. Die beginsel onderliggend aan die wet, naamlik die instandhouding van die huisgesin, is ook die grondslag van latere wetgewing insake die Unie se werkkolonies.

(h) "Destitute Children's Relief Act", No. 24 van 1895.

Die wet word meer toegespits op die verwaarloosde kind en huis, en kan as 'n Kinderwet beskou word hoewel dit nie die kind in die algemeen behandel nie. Dit sluit in alle vorige metodes van behandeling wat op die sorgbehoewende kind

(1) Kyk bladsy 41 van hierdie tesis.

toegepas word, brei hulle uit en vul hulle aan met nuwe metodes van kinderbeskerming. Vir die eerste keer word die verwaarloosde kind wetlik omskrywe soos deur Artikel 2 as volg bepaal word:

(i) ŉ Kind wat gedurig rondloop en in die openbaar bedel.

(ii) ŉ Kind wat ŉ rondloper is sonder ŉ gevestigde tuiste of voog en sonder die nodige middele tot bestaan.

(iii) ŉ Kind wat in ŉ nooddruftige toestand (state of destitution) verkeer sonder ouers of voog, of wie se ouers of voog nie in die vermoë is om vir hom te sorg nie.

(iv) Enige kind wat in ŉ bordeel woonagtig is, of indien dit ŉ meisiekind is, by ŉ ontugtige vrouepersoon inwoon, selfs al is laasgenoemde haar moeder.

(v) ŉ Kind wat by ŉ persoon inwoon wat nie sy ouer is nie, en wat bekend is as ŉ dief, ŉ dronkaard of iemand wat al weens rondlopery (vagrancy) gevonnis is.

Die kind wat hom skuldig maak aan bogenoemde oortredings, of hom in die omstandighede bevind soos hierbo aangegee, moet as die verwaarloosde kind beskou word. Al hierdie omstandighede kan aanleiding gee tot misdadigheid of onsedelikheid, en van hulle word die afleiding gemaak dat toestande vir die kind versleg het, en dat daar nou meer geleentheid was vir hom om tot sorgbehoewendheid of misdadigheid te verval. Om die rede word die doel van die wet omskryf as "to make provision for the support, education and apprenticeship of destitute children".

Die omskrywing berus op ŉ opvoedkundige sowel as sosiologiese grondslag omdat dit alle sosiale omstandighede insluit wat destyds aanleiding kon gee tot sorgbehoewendheid. Dit is

opvoedkundig omdat hierdie uitgebreide wetlike omskrywing van die verwaarloosde kind, die besef laat posvat het dat beskerming nie uitsluitlik vir die weeskind nodig is nie. Inteendeel sluit sorgbehoewendheid veel meer in as behoeftigheid, en die kind wat op elke terrein van die gemeenskap in gevaar verkeer om verwaarloos of uitgebuit te word, of aan korrupsie en misdadigblootgestel is, moet beskerm, heropgevoed en herstel word. Vir hierdie kind is die wet dus opgestel.

Die wet in die geheel berus op vier belangrike opvoedkundige grondslae. Eerstens beklemtoon Artikels 16 en 17 weer die belangrikheid van vakleerlingskap as 'n opvoedings- en beskermingsmiddel. Dit bepaal dat die magistraat as voog van die kind, die reg besit om hom as vakleerling in te skryf tot sy 21ste jaar, en die dogter tot haar 20ste jaar, of tot haar huwelik as sy vòòr die tyd mag trou.

Vakleerlingskap is sedert die dae van Van Riebeeck 'n beproefde metode van onderrig, en die opvoedkundige en beskermende voordele wat dit vir die kind inhou, is by die bespreking van vorige kinderwetgewing alreeds aangetoon.

In die tweede plek kan die magistraat, kragtens Artikels 5 en 6, die kind na 'n geskikte inrigting of openbare skool vir 'n tydperk van drie jaar verwys. Hier word die beginsel van inrigtingsversorging en -behandeling as metode van beskerming en rehabilitasie, aanvaar. Met 'n geskikte inrigting word bedoel die weeshuis wat gewoonlik onder kerklike beheer gestaan het. In die tyd was daar nog geen staatsinrigting wat deur wetlike bepaling daargestel is vir die verwaarloosde kind, soos in die geval van die jeugmisdadiger nie. Hoewel die nodige staatsopvoedingsinrigtings vir die sorgbehoewende nog

ontbreek het, erken Wetsbepaling 5 egter die opvoedkundige waarde van die inrigting en skool vir die verwaarloosde kind.

Derdens maak Artikel 7 voorsiening vir geldelike bystand aan die behoeftige kind en sy ouers of voogde, op ŉ terugbetaalbare basis binne die tydperk van ses jaar. Onderliggend aan die wetsbepaling is die opvoedkundig-sielkundige beginsel dat die kind se huis van primêre opvoedkundige belang is vir sy opvoeding en beskerming, en om die rede moet dit, indien moontlik, behoue bly. Die artikel is aanvullend by Artikel 1 van Wet No. 7 van 1895, waar die ouer wetlik verplig word om tot die onderhoud van sy huisgesin by te dra. Deur die beginsel word die standpunt wetlik aanvaar dat waar dit enigsins moontlik is, die gesin nie opgebreek moet word nie, omdat gesinsopvoeding en -versorging vir die kind verkieslik is bo die van die inrigting. Om die verband tussen kind en ouer te behou, bepaal Artikel 15 dat die plaaslike magistraat die voog is van enige sorgbehoewende kind in sy area, in die geval van die seun tot sy een-en-twintigste jaar, en vir die meisie tot haar twintigste jaar.

In die vierde plek beskik die wet oor wetsbepalings wat die begin van kindersorg aandui. So bepaal Artikel 3 dat elke predikant, vrederegter of veldkornet gevalle van verwaarlosing van kinders onder die ouderdom van vyftien jaar, aan die plaaslike magistraat moet rapporteer, wat op sy beurt weer kragtens Artikel 4, sulke gevalle sal ondersoek en verslag doen aan die Koloniale-Sekretaris van die Kaapkolonie.

Hierdeur word genoemde persone wetlik verplig om ŉ oog te hou oor sorgbehoewendheid in hulle area, en sulke gevalle na te gaan. Op die wyse is die vraagstuk tot ŉ mate bekamp.

Deur hierdie vier opvoedkundige beginsels, naamlik vakleerlingskap, gestigsverpleging, gesinsondersteuning of -rehabilitasie en kindersorg, het die wet die behandeling van die sorgbehoewende kind saamgevat en gekonsolideer, en is die grondslag gelê vir verdere uitbouing om uiteindelik alle kinders in te sluit.

Hierdie wet egter, het kragtens Artikel 2, net betrekking op die kind van blanke afkoms.

(±) "The Juvenile Offenders Apprenticeship Act", No. 38 van 1895.

Die doel van die wet is om volwasse jeugdiges, d.w.s. persone tussen die ouderdomme van 16 en 21 jaar, wat oortree het, as vakleerlinge in te skryf instede van hulle na die gevangenis te verwys. So bepaal Artikel 1 dat indien enige manlike oortreder ouer as sestien jaar, maar onder een-en-twintig jaar oud, tot tronkstraf vir meer as drie maande gevonnis word, die Goewerneur so n persoon as vakleerling mag uitplaas tot sy 21ste jaar, of vir n korter periode, instede van hom na die gevangenis te verwys. In geen geval mag die periode van vakleerlingskap langer as 4 jaar duur nie, behalwe in gevalle waar die vonnis vir n langer tydperk is.

Die hoofdoel van die wet is om die persoon tussen 16 en 21 jaar uit die tronk te hou. Dit dien om hom te beskerm teen die geestelik en sedelik nadelige invloed van tronklewe, en om hom te vrywaar van die stigma wat aan n persoon kleef wat in die tronk was. Hierdie doel is dus opvoedkundig sowel as beskermend. Dit gee die jeugdige misdadiger weer die geleentheid om met n skoon blaadjie van vooraf te begin, en teenoor gees en sedes tree dit beskermend op.

Diè wet is slegs n uitbreiding van Wet No. 8 van 1889, wat dieselfde voorsorg tref vir

die kind van sestien jaar en jonger, en berus ook op dieselfde opvoedkundige beginsel.

Hierdie wette berus altwee op ŉ opvoedkundig-staatkundige grondslag (1), want hulle gaan uit van die standpunt dat elke indiwidu in die volksgemeenskap ŉ persoonlike waarde het, en dat tronklewe hierdie eiewaarde ondermyn of vernietig.

Nou was dit moontlik vir enige jeugdige oortreder jonger as 21 jaar, om tronkstraf vry te spring, en die opvoedkundige voordele van vakleerlingskap te geniet en te benut.

(j) "The Juvenile and Woman's Imprisonment Act", No. 4 van 1905.

Die gesonde opvoedkundige beleid om die kind uit die tronk te hou, soos in voorafgaande wetgewing aangetoon is, word verder uitgebrei deur Artikel 1 van Wet No. 4 van 1905, wat bepaal dat die Goewerneur die mag besit om die volgende persone aan te hou in ŉ plek anders as die gevangenis, nl.:

(i) Enige kind onder die ouderdom van sestien jaar, en enige vrou wat tereg staan op enige misdaad, behalwe moord, en vir wie geen borg gevind kan word nie.

(ii) Enige jeugdige oortreder wat na ŉ verbeteringsgestig verwys is, en wat wag om daarheen vervoer te word.

(iii) Enige jeugdige oortreder wat deur die Hof gelas is om as vakleerling ingeskryf te word, en wat wag om as sodanig ingeskryf te word.

Kragtens hierdie omskrywing kan enige persoon onder die ouderdom van 21 jaar uit die tronk gehou word deur die toepassing van gestigsbesteding en vakleerlingskap. Die kind, sowel as sy moeder, word deur die wet beskerm. Met „die plek

(1) Kyk bladsy 41 van hierdie tesis.

anders as ŉ tromk", wat Artikel 1 bepaal, word bedoel ŉ plek van aanhouding of bewaring. Soos in die wet omskryf, is dit ŉ plek wat aan die persoon huisvesting bied totdat ŉ beslissing in sy geval bereik is. Hierdie wet moet beskou word as die moeder van die plek van bewaring.

Samevattend kan verklaar word dat met Unifikasie die Kaapkolonie oor ŉ verskeidenheid van wette beskik het om die kind te beskerm teen die maatskaplike wantoestande wat geleidelik, weens die aanwas van die bevolking, uitgebrei het.

Kinderwetgewing is ook opgestel as gevolg van die bewuswording van die noodsaaklikheid om sorgbehoewendheid en delinkwensie te bekamp. Die wetgewing gaan oor vakleerlingskap as ŉ middel tot beskerming en hervorming. Hierdeur ontvang hy nie slegs beroepsopleiding nie, maar hy word terug gestuur na die huis- en gesinslewe.

Deur wetgewing word ook inrigtingsversorging in die lewe geroep, naamlik deur middel van die verbeteringsgestig, en tot ŉ mindere mate, die huis van bewaring.

En uiteindelik gaan die wetgewing oor die kern van sorgbehoewendheid en misdadigheid, naamlik die huisgesin, sy rehabilitasie en die stelsel van pleegouerskap vir die kind.

Die hoofdoel van al hierdie middels, soos daargestel deur wetgewing, is om die kind te rehabiliteer en te herstel sonder om van die gevangenis se opsluiting en afskrikking gebruik te maak.

3. <u>Natal.</u>

Hoewel behoeftigheid onder die eerste blanke bewoners omstreeks 1838 gevind is, was kinderverwaarlosing 'n seldsaamheid. Dit was derhalwe nie vir die regering nodig om deur wetgewing ten behoewe van die blanke kind op te tree nie. As gevolg hiervan, het die kerk hom toegespits op die onderwys van die kind, en is aan hom op diè wyse altans beskerming teen ongeletterdheid verleen. So is so vroeg soos 1857 'n dagskool te Weenen opgerig. (1) Die paar wette wat wel opgestel is vòòr 1910, ten opsigte van die beskerming van die kind, het sterk onder die invloed van die Kaapse kinderwetgewing gestaan. So word gevind dat net soos in die Kaapkolonie, vakleerlingskap die eerste metode van kinderbeskerming was wat deur wetgewing aangewend is, en wel deur Ordonnansie No. 2 van 1850. Op die ordonnansie het ander wetgewing gevolg wat bedoel was vir die beskerming van die sorgbehoewende, sowel as die kind in die algemeen. Die belangrikste beskermingswette ten opsigte van die kind tot 1910, was dan ook die volgende:

(a) Ordonnansie No. 2 van 1850.
(b) "The Deserted Wives and Children Protection Act", No. 10 van 1896.
(c) "The Children's Protection Act", No. 38 van 1901.

Hierdie wette het die belangrikste metodes van beskerming, heropvoeding en herstelling ingesluit, en het voldoen aan die vereistes ten opsigte van die beskerming van die kind, totdat Natal deel van die Unie geword het.

(1) Gerdener: Boustowwe vir die Geskiedenis, 47.

(a) Ordonnansie No. 2 van 1850.

Die doel van die ordonnansie was om die regte en pligte van base, diensbodes en vakleerlinge daar te stel. So bepaal Artikel 3 dat die kind wat nie as behoeftig of verwaarloos beskou is nie, en ouer as tien, maar jonger as sestien jaar was, deur sy ouer of voog as vakleerling ingeskryf kon word tot sy een-en-twintigste jaar. Alle voorwaardes ten opsigte van sy diens, onderhoud, kleding en onderrig, moes skriftelik opgestel word.

Artikel 4 maak verder voorsiening dat enige kind ouer as sestien jaar, self ŉ kontrak van vakleerlingskap kon aangaan vir ŉ periode van hoogstens vyf jaar, maar slegs vir opleiding in ŉ ambag wat besondere vernuf vereis.

Hoewel die wet op dieselfde opvoedkundige en beskermende grondbeginsels berus as die Kaapse Wette No. 8 van 1889, en No. 38 van 1895, wat oor dieselfde onderwys gaan en wat as model gedien het vir die wet onder bespreking, blyk dit uit aangehaalde wetsbepalinge dat vakleerlingskap nie hoofsaaklik daargestel is ten behoewe van die behoeftige en verwaarloosde kind nie, maar wel ook vir die kind uit die normale huisgesin. Die feit dat die jeugdige, ouer as sestien jaar, self ŉ kontrak van vakleerlingskap kon aangaan, is ŉ bewys dat vakleerlingskap soos hierdie wet dit voorstel, ook bedoel is vir die kind van die normale gesin. Dus, hoewel die wet beskermend optree teenoor die kind, is dit hoofsaaklik gegrond op die opvoedkundig-sosiologiese beginsel dat die kind deur vakleerlingskap onderrig en opvoeding ontvang wat hom in staat stel om ŉ nuttige lid van die gemeenskap te word.

(b) "The Deserted Wives and Children Act", No. 10 van 1896.

Die doel van die wet is om addisionele beskerming vir die kind te besorg deur die ongeskondenheid van die huisgesin te bewaar. So stel die wet dan ook ten doel om verwaarlosing te voorkom, en voorsiening te maak vir ondersteuning (relief) aan moeders en gesinne wat verlaat is en in 'n nooddruftige toestand verkeer. Die inhoud en doel is dieselfde as die Kaapse Wet No. 7 van 1895. Dit berus op 'n opvoedkundige grondslag omdat dit daarop gemik is om die ouerhuis teen disintegrasie te beskerm, deur sekere dwangmaatreëls op die vader te lê. So verklaar Artikel 1 dat enige persoon wat in staat is om sy gesin te onderhou, weier om dit te doen, hom skuldig maak aan 'n misdaad. Genoemde artikel word aangevul deur Artikel 2 wat die hof magtig om enige vader wat sy vrou of sy kind, jonger as 15 jaar, onwettiglik verlaat sonder om doeltreffende voorsiening vir hulle onderhoud te maak, te verplig om tot hulle onderhoud by te dra. Genoemde dwangmaatreëls dra by om die huisgesin in stand te hou. Selfs al verlaat die vader die huisgesin, poog die moeder nog gewoonlik om met die middele op bogenoemde wyse verkry, die huisgesin bymekaar te hou.

Die wet is opvoedkundig omdat dit uitgaan van die standpunt dat die huisgesin, al is dit armoedig en in sommige gevalle onvolledig, nogtans verkiesliker is as inrigtingsversorging of die vreemde tuiste van die baas by wie die kind as vakleerling uitgeplaas is.

Die wette onder bespreking, naamlik Ordonnansie No. 2 van 1850, wat handel oor die vakleerlingskap van die kind, en Wet No. 10 van 1896, betreffende sy huis en huislike omstandighede, het betrekking op die normale en verwaarloosde kind.

Daar was nog geen wetgewing betreffende die misdadige kind nie. Die onderstaande tabel toon egter aan dat jeugmisdaad indertyd tog wèl in Natal voorgekom het.

TABEL II (1)

AANTAL GEVANGENES JONGER AS 18, IN NATAL VIR SEKERE TYDPERKE

| Jaar | Blankes | | Nie-blankes | |
|---|---|---|---|---|
| | M | V | M | V |
| 1871 | 1 | - | 85 | 3 |
| 1890-91 | 7 | - | 552 | 49 |
| 1894-95 | 2 | 1 | 409 | 113 |
| 1900 | 39 | 1 | 832 | 173 |

Die tabel toon aan:

(i) dat ŉ geleidelike, maar konstante vermeerdering van jeugmisdaad in Natal was gedurende die 19de eeu;

(ii) dat een of ander metode van jeugmisdaadvoorkoming en -behandeling noodsaaklik was;

(iii) dat die kind onder 18 jaar, weens ernstige misgrype, op die gevangenis aangewys was.

Hierdie onbevredigende toestand is eindelik deur die regering ingesien, en om die euwel van jeugmisdaad te bekamp, is die Kinderbeskermingswet No. 38 van 1901 gepromulgeer.

(1) Natal Blouboeke (1871), AA5; (1890-91), bl aa4; (1894-95), bl. L4; Statisticed Yearbook (1900), bl. 296.

(c) "The Children's Protection Act", No. 38 van 1901.

Met hierdie wet het die Natalse Regering die eerste kinderbeskermingswet in Suid-Afrika op die wetboek geplaas, die bepalings waarvan uitsluitlik gewy word aan die beskerming van die sorgbehoewende kind, en die behandeling van die jeugmisdadiger. Die doel van die wet word dan ook omskryf as "to make provision for the support and training of destitute children and juvenile offenders". Dit het dus betrekking op die sorgbehoewende sowel as die misdadige kind.

Die omskrywing van eersgenoemde kind, het as grondslag die omskrywing van die verwaarloosde kind, soos dit voorkom in die Kaapse Wet No. 24 van 1895. Dit is egter meer aanvullend en uitgebreid. So omskryf Artikel 1 die sorgbehoewende kind as:

(i) Enige kind onder die ouderdom van 16 jaar, wat gewoonlik bedel of openbare plekke besoek met die doel om te bedel.

(ii) ŉ Kind wat rondloop sonder tuiste of ŉ gevestigde verblyfplek, wat geen middele van bestaan besit nie, of in ŉ verwaarloosde toestand verkeer, of wat geen vader, moeder of wettige voog besit nie, of wie se vader, moeder of wettige voog nie in die vermoë is om vir hom te sorg nie, of nalaat om hom te onderhou.

(iii) ŉ Kind wat weens die versuim, dronkenskap of ander ondeug van sy ouers, genoodsaak is om groot te word sonder enige gesonde ouerlike beheer en opvoeding, en ŉ ydele, losbandige lewe ly.

(iv) ŉ Kind wat in ŉ bordeel gehuisves word, of by ŉ straatvrou inwoon, al is laasgenoemde sy of haar moeder.

(v) ŉ Kind wat omgang hou, of inwoon by ŉ persoon wat nie sy ouer is nie, en wat bekend is as ŉ dief, dronkaard of rondloper.

(vi) ŉ Meisiekind wat haar op ŉ onbetaamlike wyse gedra in ŉ straat of openbare plek.

(vii) Enige kind jonger as 10 jaar, wat los werkies verrig na sewe uur in die aand. Met los werkies, word bedoel enige soort straatventery en enige soort werk buite die kind se huis, wat volgens die magistraat se oordeel, nadelig is vir so ŉ kind se gesondheid.

Die omskrywing van die sorgbehoewende kind, was volledig genoeg om elke vorm en toestand van verwaarlosing en verleiding wat destyds in Natal gevind is, en waaraan die kind blootgestel was, in te sluit. Dit het egter die ernstige leemte ingehou dat geen melding van enige mishandeling van die kind gemaak word nie. Die bepalinge is opvoedkundig en beskermend, want dit stel die Reg in staat om feitlik enige kind teen wie gesondig word, in sy bewaring te neem vir verdere beskerming, heropvoeding en herstelling.

Die wet maak ook voorsiening vir die opvoedkundige behandeling van die misdadige kind. Artikel 1 omskryf die jeugmisdadiger as enige kind, jonger as sestien jaar, wat skuldig bevind is aan ŉ misdaad strafbaar met gevangenisstraf. Die behandeling van die jeugdige misdadiger berus op ŉ opvoedkundige grondslag want Artikels 18 en 19 bepaal dat die belange van die jeugmisdadiger op dieselfde wyse deur die magistraat behartig moet word as diè van die sorgbehoewende kind. Met die bepalings word die vraagstuk van jeugmisdaad op ŉ opvoedkundige grondslag geplaas, want nou word die essensiële eenheid van die vraagstuk van sorgbehoewendheid en misdadigheid as beginsel aanvaar. Waar dus beskermend en

en herstellend teenoor die sorgbehoewende kind opgetree word, vereis die wet dat op dieselfde wyse teenoor die misdadige kind gehandel word. Die straf wat op die jeugmisdadiger toegepas word, is nou nie meer afskrikkend en vergeldend nie, maar wel opvoedkundig en rehabiliterend.

Indien die magistraat bevind dat 'n kind sorgbehoewend is, kan hy, kragtens Artikel 6, gelas dat die kind:

(i) na 'n inrigting verwys word of in die sorg van 'n liefdadigheidsvereniging geplaas word;

(ii) as vakleerling by 'n geskikte persoon ingeskryf word;

(iii) in diens geplaas word by 'n geskikte persoon, of

(iv) uitbestee word aan 'n geskikte persoon, of in sy bewaring geplaas word.

Die magistraat se bevelskrif is vir drie jaar geldig, maar kan van tyd tot tyd verleng word totdat die kind die ouderdom van agtien jaar bereik.

Bogenoemde verwysingsmagte waaroor die hof i.v.m. die kind beskik, berus op drie gesonde pedagogiese beginsels van beskerming, naamlik vakleerlingskap, inrigtingsversorging en die gesonde huislike omstandighede. Vakleerlingskap wat die beproefde metode van kinderbeskerming sedert die Hollandse Bewind aan die Kaap was, word nou aangevul deur inrigtingsopvoeding en die doeltreffende huisgesin. Met laasgenoemde twee metodes van kinderbeskerming tot beskikking van die magistraat, word die sorgbehoewende kind beter in staat gestel om op doeltreffende wyse te hervorm en heropgevoed te word. Die wet gaan uit van die standpunt van die besondere belangrikheid van die huislike opvoeding vir die kind; daarom is dit ook die oorwegende metode van verwysing wat

die wet daarstel, naamlik uitplasing as vakleerling, indiensplasing by ŉ geskikte persoon, uitbesteding en in die bewaring plaas van ŉ geskikte persoon. By die magte waaroor die magistraat t.o.v. die kind beskik, speel die huis met sy opvoedkundige voordele die belangrikste rol.

Die hele metode van verwysing berus op ŉ opvoedkundige grondslag wat daarop gemik is om die kind se intellektuele en geestelike ontwikkeling te bevorder. So bepaal Artikel 10 dat die metode van verwysing wat aangewend word, tot die grootste belang van die kind moet wees. Indien besluit word om die kind as vakleerling uit te plaas, moet laasgenoemde, kragtens Artikel 11, ten doel hê "the instruction and employment in some useful calling, trade or service as will fit him to earn his livelihood".

Wat betref uitbesteding by ŉ huisgesin of inrigting, moet dit van so ŉ aard wees dat die kind in die geleentheid gestel word om sy godsdiens te beoefen, aldus Artikels 10 en 40.

Die wet maak op diè wyse voorsiening vir die kind se opvoeding en beskerming, wat verder bevorder word deur die toesig wat ŉ liefdadigheidsvereniging oor hom uitoefen.

Wat die jeugmisdadiger betref, verklaar Artikel 18 dat die hof die mag besit om met hom te handel net soos met die sorgbehoewende kind, al is ŉ vonnis van tronkstraf hom opgelê. Hierdie vergunning kan ook volgens Artikel 19, op die kind wat alreeds besig is om ŉ gevangenisstraf uit te dien, toegepas word. Met ander woorde, waar die misdadige kind in Natal vòòr die instelling van die wet, op die tronk aangewys is soos Tabel II aantoon, word hierdie onopvoedkundige metode van straf nou omseil deur, kragtens Artikel 18, dieselfde opvoedkundige metodes van behandeling op hom toe te pas, soos neergelê vir die sorgbehoewende kind, deur Artikel 6 van die wet.

Deur die metode van behandeling, het ŉ nuwe bedeling vir die jeugmisdadiger aangebreek.

Aansluitend by genoemde metodes van beskikking oor die sorgbehoewende, sowel as die misdadige kind, is die bepaling soos vervat in Artikel 33, dat die ouer verplig word om by te dra tot die kind se onderhoud in die inrigting of by sy nuwe tuiste. Hierdie bepaling bring by die ouer die besef tuis dat hy nie so goedsmoeds sy verantwoordelikheid teenoor sy kind op die staat of iemand anders kan afskuiwe nie. Dit is opvoedkundig gesond dat die ouer bydra want dikwels is dit weens sy swak beheer van die kind, of nalatigheid dat die kind in die versonke toestand verkeer.

Opsommend kan verklaar word dat weens die beperkte omvang van sorgbehoewendheid en jeugmisdaad in Natal, die wette wat bespreek is, voldoende was om die twee kindervraagstukke die hoof te bied totdat die provinsie deel geword het van die Unie. Die wette het voorsiening gemaak vir die beskerming van die normale, sowel as sorgbehoewende en misdadige kind, en het van die metodes van vakleerlingskap, inrigtingsversorging en tuisopvoeding gebruik gemaak om sodanige beskerming en rehabilitasie teweeg te bring.

## 4. Transvaal.

In die ylbewoonde Zuid-Afrikaanse Republiek (1836-1900) was die verwaarloosde kind ŉ seldsaamheid, en daarom word in diè periode slegs een wet gevind wat betrekking het op die sorgbehoewende kind, nl. die „Heeren en Dienstboden Wet No. 13 van 1880. Dit is egter opgevolg deur ander wette onder die Engelse Bewind (1900-1910).

Met Unifikasie was die belangrikste wette met betrekking tot die sorgbehoewende en misdadige kind in die Transvaal, die volgende:

(a) „De Heeren en Dienstboden Wet No. 13 van 1880.

(b) "The Deserted Wives and Children Protection Ordinance", No. 44 van 1903.

(c) "The Juvenile Offenders Removal and Apprenticeship Ordinance", No. 45 van 1903.

(d) "The Prisons and Reformatories Ordinance", No. 6 van 1906.

(e) "The Criminal Law Amendment Act", No. 16 van 1908.

(f) "The Criminal Law Amendment Act", No. 38 van 1909.

(a) <u>De Heeren en Dienstboden Wet No. 13 van 1880</u>.

Die wet bevat dieselfde bepalings, en is op dieselfde beginsels gegrond as die eerste wette wat die Republiek se buurstate uitgevaardig het ten behoewe van die behoeftige en nie-blanke kind, naamlik die „Heeren en Dienstboden Wet No. 15 van 1856 van die Kaapkolonie, en Ordonnansie No. 2 van 1850 van Natal. Net soos laasgenoemde twee wette, gaan Wet No. 13 van 1880 oor vakleerlingskap as opvoedkundige en beskermende middel ten opsigte van die sorgbehoewende en behoeftige kind. Die doel van die wet is dan ook om die regte en pligte van base, diensbodes en vakleerlinge vas te stel. So verklaar Artikels 1, 2 en 3 dat die kind as vakleerling ingeskryf kan word tot die seun se agtiende jaar, en die meisie se sestiende jaar, maar in die geval waar die kind nie sorgbehoewend is nie, tot sy een-en-twintigste jaar. ŉ Kind ouer as sestien jaar, kan self ŉ kontrak van vakleerlingskap aangaan vir ŉ periode van 5 jaar, ten opsigte van ŉ ambag wat spesiale vernuf en studie vereis.

Met genoemde bepalings word vakleerlingskap dan ook in die Transvaalse Republiek daargestel as 'n middel om die sorgbehoewende kind te beskerm en te verpleeg, asook om die behoeftige kind te beskerm teen sorgbehoewendheid of verwaarlosing. Hierdie vorm van behandeling van die sorgbehoewende kind was noodsaaklik, want hoewel sorgbehoewendheid 'n seldsaamheid was, was daar nog geen voorsiening gemaak vir inrigtingsversorging vir die wees- en sorgbehoewende kind nie. Vir die republikeinse kind, blank sowel as nie-blank, was vakleerlingskap van opvoedkundige waarde, daar die fasiliteite vir enige onderrig en onderwys min was. Dit het in baie gevalle die plek van die skool ingeneem, en sy opvoedende waarde het daarin bestaan dat dit die kind tot ekonomiese selfstandigheid gelei het. Ook vir die sorgbehoewende kind was vakleerlingskap opvoedkundig sowel as beskermend, aangesien die idee van vakleerlingskap verbonde is aan huislike sekuriteit vir die kind. Artikel 6 verklaar dat indien die ouers die kind verwaarloos, of laasgenoemde word ouerloos, die landdros stappe moet doen om die kind deur 'n vakleerlingskap te onderhou en op te voed. Deur die wetsbepaling word vakleerlingskap gekoppel aan pleegouerskap, wat vir die kind huisvesting verseker het, en deur middel van arbeid, opgevoed het. Die grondslag van die wet is dus een van opvoeding en beskerming, wat verder versterk word deur Artikel 5 wat neerlê dat die landdros van die distrik as voog van die kind sal optree, en dat kragtens Artikel 7, familielede voorkeur sal geniet om as pleegouers aangestel te word. Dit bring gewoonlik mee dat so 'n kind humaner behandeling ontvang as wanneer hy by vreemdes uitbestee word. Hierdie stelsel was opvoedend sowel as beskermend. Trouens, dit was ook die enigste metode om sorgbehoewendheid te

bekamp en die kind te rehabiliteer, omdat gestigsverpleging nognie in gebruik was nie. Die bevolking het nog vreemd gestaan teenoor inrigtingsversorging van die sorgbehoewende kind. Familiebande was destyds nog heg, en gevolglik het bloedverwante feitlik altyd ten behoewe van so 'n weeskind ingetree. Daarom bepaal Artikel 7 baie duidelik dat die landdros eers moet navraag doen of so 'n hulpbehoewende kind wel familiebetrekkinge besit, en indien die bloedverwante opgespoor is, en hulle blyk ordentlik en eerbaar te wees, dan het die landdros die kind by laasgenoemde as vakleerling ingeskryf.

In die dae van die Republiek was die misdadige kind nog op die gevangenis aangewys, hoewel die behoefte aan die oprigting van 'n verbeteringsgestig wel aangevoel is. In die jaarrapport van 1898, skryf die hoof van die Z.A.R. se gevangeniswese soos volg:

„Meer van belang acht ik het echter, dat een correctiehuis voor jeugdige misdadigers word opgericht, daar dezer thans worden opgesloten by de gewone gevangenen, en hierdoor kans bestaat dat zy in aanraken komen met ander verharde en groote misdadigers. In plaats dat de gevangenis hen tot inkeer en verbetering brengt, en zy de gevangenis als een beter mensch verlaten, geeft dit juist aanleiding dat zy de gevangenis uitgaan meer bedorven en meer verhard in de boosheid. Ik verzoekt daarom de H. Ed. Regeering beleefd speciaal de aandacht van den Ed. Achtb. Eersten Volksraad hierop te vestigen ten einde autorisatie te verkrygen tot het bouwen van een dusdanig correctiehuis". (1)

(1) Verslag van het Hoofd der Gevangeniswezen voor het jaar 1898 (No. 4 - 1898 - Z.A.R.), bl. 4.

Hier word aanbeveel dat meer aandag aan die jeugmisdadiger geskenk word, deur inrigtingsversorging vir hom ꞌn werklikheid te maak. Voorlopig is egter niks aan die saak gedoen nie. Die verwaarloosde kind en sy moeder het nietemin meer aandag ontvang, en in 1903 het die Milner-regering ꞌn ordonnansie geproklameer om die verwaarlosing van die kind te voorkom, en die toestand van die verlate vrou te verlig, nl. Ordonnansie No. 44 van 1903.

(b) "Deserted Wives and Children Protection Ordinance, No. 44 van 1903.

Die doel van die ordonnansie is om verwaarlosing by die kind te verhoed, en voorsiening te tref vir ondersteuning aan moeders en hul gesinne wat verlaat is, en wat in ꞌn behoeftige toestand weens so ꞌn verlating, verkeer.

Dit was die derde wet van sy soort in Suid-Afrika, want die Kaapkolonie het Wet No. 7 van 1895, en Natal Wet No. 10 van 1896, besit onder dieselfde benaming en vir dieselfde doel daargestel, naamlik die beskerming van die huisgesin. Die wet was noodsaaklik weens die ontwrigting wat die Anglo-Boere-oorlog (1899-1902) by sommige huisgesinne teweeggebring het, en wat verder deur die ontwikkeling van die goudmynnywerheid versleg het, as gevolg waarvan die getal verwaarloosde huisgesinne toegeneem het. Die beginsel onderliggend aan die wet, is die beskerming van die kind en die rehabilitasie van die huisgesin. So bepaal Artikels 1 en 2 dat enige vader wat sy vrou of sy kind, jonger as vyftien jaar, verlaat sonder om bevredigende voorsiening vir hulle onderhoud te tref, hom aan ꞌn misdaad skuldig maak. Die magistraat kan, kragtens Artikel 3, ꞌn bevelskrif om onderhoud teen die vader uitreik, en die onderhoudsbedrag

wysig na gelang van omstandighede. Die onderhoud kan weekliks of maandeliks betaal word, en kragtens Artikel 11, sonder die vader se toestemming van sy salaris afgetrek word.

Die wet berus op 'n opvoedkundig-sosiologiese grondslag daar dit die beskerming van die huisgesin ten doel het, en waar laasgenoemde verwaarloos is, die herstel daarvan. Dit huldig die standpunt van die belangrikheid van die goeie ouerhuis vir die kind se opvoeding en geestelike ontwikkeling, en die noodsaaklikheid van sy instandhouding vir die verdere uitbouing van die kind se karakter en persoonlikheid.

Waar Wet No. 13 van 1880 die beskerming van die kind self beklemtoon deur middel van die stelsel van vakleerlingskap en pleegouerskap, spits hierdie wet hom toe op die grondoorsaak van sorgbehoewendheid en misdadigheid, naamlik die verwaarloosde ouerhuis. Derhalwe poog dit deur dwangmaatreëls die huis in stand te hou en te herstel, teneinde die kind teen sorgbehoewendheid en misdadigheid te beskerm.

(c) "The Juvenile Offenders Removal and Apprenticeship", Ordonnansie No. 45 van 1903.

Waar die vorige wetgewing oor die beskerming van die verwaarloosde kind gegaan het, gee hierdie wet aandag aan die misdadiger. Dit is die eerste van sy soort in die Transvaalkolonie, en besit as grondslag die bepalings en beginsels van die "Juvenile Offenders Apprenticeship Act", No. 8 van 1889, ten opsigte van vakleerlingskap as rehabilitasiemiddel vir die misdadige kind. So verklaar Artikel 6 dat die Luitenant-Goewerneur van Transvaal die mag besit om die jeugmisdadiger jonger as 21 jaar, as vakleerling uit te bestee tot sy 21ste jaar, of vir 'n tydperk van nie langer as vier jaar nie.

Net soos met genoemde Transvaalse wetgewing, word met hierdie bepaling die gevangenisstraf wat die kind opgelê is, omseil. Die bepaling is dus opvoedkundig-sielkundig want dit het 'n beskermende, sowel as 'n rehabiliterende strekking. Die opvoedkundige beginsel waarop die wetsbepaling berus, dien ook as grondslag vir Bepaling 1 wat die Luitenant-Goewerneur die reg gee om enige manlike kind onder die ouderdom van 16 jaar, wat tot tronkstraf gevonnis is, na 'n verbeteringsgestig in die Kaapkolonie te verwys vir die tydperk wat hy in die gevangenis sou moes deurbring. Deur die wetsartikel word die Transvaalse administrasie in staat gestel om van die verbeteringsgestig by Tokai gebruik te maak, wat deur bemiddeling van William Porter in 1879 opgerig is om die misdadige kind deur middel van inrigtingsversorging te rehabiliteer. Dit is gedoen omdat Transvaal nog oor geen verbeteringsgestig beskik het nie.

Inrigtingsversorging deur middel van die verbeteringsgestig, was in staat om 'n weldadige uitwerking op die misdadige kind te hê. Nie alleen stel dit hom in die geleentheid om skoolonderwys sowel as ambagsopleiding te ontvang nie, maar onderwerp hom ook aan opvoedkundige dissipline wat noodsaaklik vir die jeugmisdadiger is om hom her op te voed en in die gemeenskap te herstel. Deur hierdie wet word vir die eerste keer na die jeugmisdadiger in Transvaal omgesien, en is hy in die geleentheid gestel om dieselfde beskermende en rehabiliterende behandeling te ondergaan, wat reeds deur vorige wetgewing vir die sorgbehoewende kind daargestel is.

(d) "The Prisons and Reformatories Ordinance" No. 6 van 1906.

Met die ordonnansie word inrigtingsversorging deur middel van die verbeteringsgestig vir die jeugmisdadiger in Transvaal uitgebrei. Die doel van die wet is dan ook die oprigting en beheer van gevangenisse en verbeteringsgestigte in Transvaal. Dit bekragtig inrigtingsversorging as metode van behandeling vir die jeugmisdadiger in Transvaal. Waar hy vroeër in 'n verbeteringsgestig in die Kaapkolonie aangehou is, word die metode nou vergemaklik deur die oprigting van verbeteringsgestigte ook in die Transvaal.

Die belangrike wet is gemaak as gevolg van toestande wat die provinsie gedwing het om nou self voorsiening vir die opvoedkundige behandeling van sy jeugmisdadigers te maak, wat tot dusver kragtens Ordonnansie No. 45 van 1903, nog altyd na die verbeteringsgestig in die Kaapkolonie verwys is.

Uitlanders het na die Transvaalse goudvelde gestroom, met die gevolg dat ongewenste invloede nie uitgebly het nie. Dan het die sosio-ekonomiese struktuur van die land so verander dat misdaad ernstige afmetings begin aanneem het.

Kragtens Artikel 45, het die Luitenant-Goewerneur van die Transvaal die reg om verbeteringsgestigte vir die opneem en aanhouding van jeugmisdadigers, op te rig. Verder bepaal dit dat die manlike jeugmisdadigers in alle verbeteringsgestigte apart gehou moet word van die vroulike jeugmisdadigers, en blank geskei van nie-blank. Deur die bepaling kom die verbeteringsgestig tot stand en is die kind in staat gestel om die opvoedkundige en beskermende voordele van inrigtingsversorging te geniet. Dit het opvoedkundige voordele vir die kind meegebring omdat hy in die

verbeteringsgestig in staat gestel word om beroeps- sowel as gewone onderwys te ontvang, en ook opvoedende dissipline leer. Dit was van beskermende aard in diè opsig dat dit groter geleentheid geskep het vir die kind om nie na die gevangenis verwys te word nie. Hy spring die gevangenis met sy ondeugde, sowel as vergeldende straf vry.

Artikel 46 bepaal verder dat misdadige kinders tussen die ouderdomme van 12 en 16 jaar, na die verbeteringsgestig verwys kon word i.p.v. na die gevangenis vir 'n periode van 2 tot 5 jaar, en dat na die aanhouding, of in plaas daarvan, die kind as vakleerling ingeskryf kan word tot sy agtiende jaar. Deur die bepaling word inrigtings-versorging aan vakleerlingskap gekoppel. Laasgenoemde het die groot opvoedkundige voordeel vir die kind ingehou dat dit die inrigtingstoesig en -beheer tot midde in die samelewing gedra het. Die toesig oor die inrigtingskind ook buite die inrigting, is vir hom opvoedkundig gesond want dit dwing hom om aan die vereistes van die arbeid en die samelewing te voldoen totdat die nodige stabiliteit en innerlike bestendigheid by hom posvat, waarnà beheer oor die kind verslap kan word. Vakleerlingskap was vir die jeugmisdadiger van opvoedkundige waarde omdat Artikel 50 neerlê dat hy dieselfde aandag en behandeling, onder dieselfde voorwaardes moet ontvang as die verwaarloosde kind, wanneer hy as vakleerling uitgeplaas word. Sodanige inskrywing as vakleerling mag ook nie sonder die kind se ouer of voog se toestemming geskied nie. Die bepaling verleen addisionele beskerming teen uitbuiting en mishandeling, en verseker hom dat die magistraat en sy ouer sal sorgdra dat hy by 'n huisgesin inwoon wat 'n gesonde huislike opvoeding aan hom kan verskaf.

Die wet was vir die jeugmisdadiger in Transvaal van groot betekenis omdat tronkstraf as middel van jeugmisdaadbehandeling hiermee verder op die agtergrond geskuif is. Die plek daarvan is grotendeels deur die opvoedkundige toepassing van leerjongenskap ingeneem, en deur inrigtingsversorging met al die pedagogiese voordele daaraan verbonde.

(e) "The Criminal Law Amendment Act", No. 16 van 1908.

Met hierdie wet word beskerming van die kind nie net tot die jeugmisdadiger beperk nie, maar word uitgebrei om ook die normale kind in te sluit. So bepaal Artikel 6 dat dit ʼn misdaad is om met ʼn meisiekind jonger as 16 jaar, geslagtelike gemeenskap te hê, of om haar te probeer beweeg om die daad te pleeg. Die wetsbepaling is bloot beskermend, en doen niks aan die hand hoe met die kind gehandel moet word nie. Beperking van die ouerlike mag is die belangrikste aspek van beskerming wat die wet vir die kind inhou. Artikel 11 verklaar dat enige kind jonger as sestien jaar, wat deur die hof aan misdaad skuldig bevind word, uit die ouerlike huis verwyder en onder iemand anders se toesig geplaas mag word. Die ouerlike mag word verder ingekort deur Artikel 12 wat bepaal dat die ouer wat hom skuldig maak aan een of ander misdaad, van sy ouerlike mag onthef word deur sy kind jonger as agtien jaar, aan te hou of tot sy 21ste jaar in die bewaring van ʼn geskikte persoon uit te plaas.

Deur die bepalings word die beginsel van ouerlike mag oor sy kind, wat sedert die Mosaïese tydperk geldig was, nou ingekort. Die inkorting van die ouerlike mag word in belang van die kind gedoen. Die wese van alle opvoedkundige kinderwetgewing bestaan uit die beskerming

en redding van die kind, wat deur die swak ouer se beheer, of gemis aan beheer, baie keer verongeluk word. Dit is dus 'n opvoedkundig gesonde stap in belang van die kind om hom uit die ouerlike gesag te verwyder en in doeltreffende bewaring te plaas indien die ouer se losbandigheid en gebrek aan beheer die kind in gevaar stel om tot misdadigheid te verval. Hierdie beperking van ouerlike mag word aangevul deur die opvoedkundige Wetsbepaling 13 wat verklaar dat selfs indien die ouer van sy ouerlike mag onthef word, die hof nogtans kan gelas dat hy tot die onderhoud van sy kind bydra. Hierdie bepaling bring die besef by die belangelose ouer tuis dat hy nie sy verpligtinge teenoor sy kind so maklik op andere kan afskuiwe nie. Dit is reg dat die ouer gedwing word om tot die rehabilitasie van sy kind by te dra, daar hy dikwels die oorsaak is van die kind se uithuisigheid, stokkiesdraaiery, onbeheerbaarheid en uiteindelike misdadigheid.

(f) "The Criminal Law Amendment Act", No. 38 van 1909.

Die doel van die wet is die voorkoming van sekere misdade, die amendering van die wet wat handel oor die aanhouding van 'n gevonnisde persoon, en die oprigting van nywerheidskole vir kinders. Die gedeelte wat betrekking op die kind het, vorm as't ware 'n Kinderwet, want dit gaan oor alle soorte kinders, naamlik die normale, die sorgbehoewende en die misdadige kind.
Dit berus op 'n opvoedkundige grondslag daar die bepalings ten opsigte van die kind, sy opvoeding en addisionele beskerming ten doel het.
Wat betref die normale kind, lê Artikel 3 neer dat geen kind onder sestien jaar, mag deelneem aan 'n openbare toertjie waar daar gevaar bestaan

dat hy beserings mag opdoen nie. Artikel 4 verleen verdere beskerming aan enige kind, aangesien dit bepaal dat dit as ŉ misdaad beskou moet word indien ŉ persoon toelaat dat sy kind hom skuldig maak aan bedel, rondlopery, stokkiesdraai, diefstal, die onwettige handel in sterk drank, of toelaat dat hy verwaarloos word as gevolg van die ouer se misbruik van sterk drank en verdowingsmiddels, of sy versuim om te werk. Bogenoemde bepalings berus op ŉ opvoedkundig-sosiologiese grondslag. Hulle is daargestel om die kind teen nadelige omgewingsinvloede te beskerm. Hierdie ondeugde kan tot sorgbehoewendheid en misdadigheid aanleiding gee, en is ŉ gevaar vir die huisgesin, waar die kind die nodige beskerming en opvoeding moet ontvang om hom in staat te stel om die nadelige gevolge van sosiale euwels die hoof te bied.

Die wet bevat ook bepalings wat betrekking het op die <u>sorgbehoewende kind</u>, waarvan Artikel 16 beslis die belangrikste is, want deur diè wetsbepaling word die oprigting van nywerheidskole ŉ voldonge feit. Hoewel die Transvaalse kind aan die begin van die 20ste eeu reeds inrigtingsbehandeling ondergaan het, het sulke inrigtings, gewoonlik weeshuise, aan private organisasies soos die kerke behoort. Deur Artikel 16 egter, word nou van staatsweë gesorg vir inrigtings, d.w.s. staatsnywerheidskole, met die doel om die beskerming en rehabilitasie van die sorgbehoewende kind op ŉ gesonder opvoedkundige grondslag te stel. Vir die verwaarloosde kind is die instelling van die nywerheidskool van groot opvoedkundige belang want nie alleen bied dit hom die geleentheid om van swak sedelike en sosiale omstandighede en invloede weg te kom nie, maar dit stel ook ŉ nuwe toevlugsoord daar waar hy doeltreffend gehuisves kan word, sekuriteit kan ondervind, en onderwys en opvoeding kan geniet.

Met die stigting van staatsnywerheidskole, word ŉ nuwe rigting ter beskerming en opvoeding van die verwaarloosde kind in Suid-Afrika ingeslaan. Vir die eerste keer word die kind in Suid-Afrika nou van staatsweë versorg en gerehabiliteer deur middel van die inrigting. Met hierdie wetgewing neem Transvaal die voortou op die gebied van amptelike inrigtingsbehandeling ten behoewe van die verwaarloosde kind.

Die verwaarloosde of sorgbehoewende kind wat na die nywerheidskool verwys is, word in Artikel 16 omskryf. Hierdie omskrywing is soortgelyk aan diè van Artikel 2 van Wet No. 24 van 1895, van die Kaapkolonie, en Artikel 1 van die Kinderbeskermingswet No. 38 van 1901 van Natal. Dit is egter meer uitgebreid as bogenoemde omskrywinge omdat toestande in Transvaal ingewikkelder was as gevolg van die industrialisasie en ontwikkeling van die goudmynbedryf. Uit laasgenoemde industrialisasie en ontwikkeling, het ernstiger wantoestande en meer sosiale ondeugde voortgespruit om die kind aan verwaarlosing, verleiding en misdadigheid bloot te stel. Om diè rede was dit ook noodsaaklik dat die omskrywing van die sorgbehoewende kind in Transvaal breedvoeriger en omvattender sou wees as die wat aangegee word in die wette van die Kaapkolonie en Natal.

So omskryf Wetsbepaling 16 dan die sorgbehoewende kind in Transvaal as enige blanke kind jonger as 18 jaar, wat:

(i) Rondloop sonder ŉ huis of ŉ gevestigde verblyfplek, wat geen middele van bestaan besit nie, of wat wel ŉ ouer of voog besit wat geen beheer oor so ŉ rondloper-kind kan of wil uitoefen nie.

(ii) Die kind wat verwaarloos bevind word, en wie se ouers albei, of die oorblywende een, en in die geval van ŉ onwettige kind, wie se moeder besig is om ŉ gevangenisvonnis uit te dien.

(iii) Die kind in die sorg van sy ouers, voogde of enige ander persoon in wie se bewaring hy is, wat weens sy of hulle misdadige, ondeugdelike en beskonke gewoontes, ongeskik is om so ŉ kind in sy of hulle bewaring te hê.

(iv) Die wettige of onwettige dogter van ŉ vader wat skuldig bevind is van ŉ geslagtelike oortreding teenoor een van sy dogters.

(v) Die kind wat gemeenskap hou met ŉ misdadiger of ŉ straatvrou.

(vi) Die kind wat onbeheerbaar bevind word deur sy ouers, stokkiesdraai of weier om skool by te woon.

(vii) Die kind wat dieselfde kamer of woning betrek as ŉ straatvrou, of wat onder omstandighede lewe wat aanleiding gee tot die seduksie, korrupsie of prostitusie van so ŉ kind.

(viii) Enige kind jonger as 14 jaar, wat in die openbaar of enige openbare plek bedel of sing of toertjies uitvoer om finansiële wins.

(ix) Enige meisiekind wat gevonnis is tot gevangenisstraf vir een of ander misdaad, en wat deur ŉ regter of magistraat in plek daarvan na ŉ nywerheidskool verwys is.

Bogenoemde omskrywing getuig van sosiale toestande wat swak huisgesinne tot gevolg had, waar die ouer hom skuldig gemaak het aan misdaad, onsedelikheid en dronkenskap, en wat tot onbeheerbaarheid van die kind aanleiding gegee het. Die toestande het ook gelei tot bedel, die prostitusie van die kind, rondlopery ("vagrancy"), stokkiesdraai, kindermisdaad en skoolversuim. Hierdie omskrywing van die verwaarloosde kind berus op ŉ sosiologies-opvoedkundige grondslag, en die omvattendheid daarvan dien tot die kind se redding en opvoedkundige rehabilitasie, deur middel van die nywerheidskool.

Die omskrywing is opvoedkundig en beskermend daar dit die hof in staat stel om die kind onder feitlik enige omstandigheid wat tot sy verslegting mag lei, aan te keer en na die nywerheidskool te verwys vir opvoedkundige behandeling.

Ook vir die misdadige kind is die wet van opvoedkundige betekenis. Deur Artikel 15 word die verwysingsouderdom na 'n verbeteringsgestig verhoog van sestien jaar, soos vasgestel deur Artikel 46 van Ordonnansie No. 6 van 1906, na diè van agtien jaar. Hierdie verhoging van ouderdom stel die hof in die geleentheid om meer kinders inrigtingsbehandeling te laat ondergaan. Dit beteken opvoeding en onderwys vir meer kinders, instede van gevangenisstraf. Die ouderdomsverhoging getuig van vordering op die destydse verkeerde algemene mening dat 'n kind volwassenheid bereik by sy sestiende jaar.

Kragtens Artikel 13 word 'n Besoekersraad of Raad van Beheer by verbeteringsgestigte ingestel. Dit het addisionele beskerming vir die kind in die verbeteringsgestig beteken, omrede die Raad se vernaamste plig daaruit bestaan het om die belange van so 'n kind te bevorder. Hierdeur het laasgenoemde en sy probleme meer aandag ontvang. Verdere beskerming word aan die misdadige dogter verleen deur Artikel 14 wat neerlê dat die verhoor van so 'n delinkwente dogter „in camera" moet geskied, en indien sy skuldig bevind word, kan sy na die nywerheidskool instede van die gevangenis, verwys word.

Met die wet word kinderwetgewing ten behoewe van die sorgbehoewende en misdadige kind in Transvaal, tot 1910, afgesluit. Alle hoofwette in diè verband is bespreek, en deur hierdie wette het die volgende beskermings- en rehabilitasiemetodes die lig gesien. Daar was eerstens die beproefde metode van vak- of leerjongenskap wat aanvanklik die enigste metode was om die verwaarloosde en behoeftige kind te beskerm, deur hom te

voorsien van beroepsopleiding en huisvesting. By die misdadige kind is die metode hoofsaaklik toegepas as 'n rehabilitasiemiddel wat hom uit die tronk moes hou.

Daar was ook die metode van gestigsverpleging wat die verbeteringsgestig vir die misdadige kind meebring, en die nywerheidskool vir die sorgbehoewende. In verband met wetgewing insake inrigtingsversorging vir die sorgbehoewende, was Transvaal die ander kolonies voor, daar slegs hierdie kolonie wetgewing in diè verband besit het.

Die huisgesin van die kind het ook beperkte aandag geniet met wetgewing wat die vader dwing om vir sy vrou en kinders te sorg. Deur die wetgewing word in Transvaal 'n begin gemaak met gesinsrehabilitasie wat later aansienlike afmetings aangeneem het. Uit hierdie wetgewing is dit duidelik dat toe die vier kolonies in 1910 tot een staat gevorm is, Transvaal alreeds oor betreklik volledige wetgewing beskik het insake die beskerming van enige kind, en die rehabilitasie van die sorgbehoewende sowel as die misdadige kind.

## 5. Die Oranje-Vrystaat.

Die Republiek van die Oranje-Vrystaat (1854-1900) het geen kinderwet teen sorgbehoewendheid en misdadigheid besit nie. Omdat die bevolking meesal landelik was, en daar geen industrieë en myne was nie, was die vraagstuk van kinderverwaarlosing nie aktueel nie, en gevolglik het hierdie staat nie so 'n uitgebreide kinderwetgewing soos haar buurstate, Transvaal en Kaapkolonie, besit nie. Hoewel daar ook geen algemene kerklike besluite omtrent sorgbehoewendheid geneem is nie, het die kerk en die familie van die sorgbehoewende kind ten behoewe van so 'n kind opgetree en eersgenoemde het ook die kind se sedes bewaak.

Die eerste vakleerlingwet in die O.V.S.-Wetboek gaan uitsluitlik „over het apprenticeren van kleurlingen kinderen" (1), en was die begin van kinderwetgewing in die Vrystaat.

(a) <u>Vakleerlingwet, O.V.S.-Wetboek (1854-91)</u>.

Artikel 3 van bogenoemde wet gee die landdros die reg om ouerlose sowel as verwaarloosde kinders, as vakleerlinge in te skryf. Die bepaling insake vakleerlingskap berus op 'n opvoedkundig-religieuse grondslag want Artikel 5 bepaal dat, behalwe die ambag of die handearbeid wat die nie-blanke kind sou aanleer, die meester of baas van so 'n leerjongen verplig word om hom in „de leer van het gereformeerde Christelyke geloof te onderwyzen of te laten onderwyzen". Die ander bepalings van die wet is vaag en onvolledig. Artikel 4 bepaal dat die voorwaardes van vakleerlingskap 'n saak tussen ouer en meester is, of tussen laasgenoemde en die landdros indien die kind ouerloos is. Daar word ook geen melding van die vakleerling se loon gemaak nie.

Die hele wet bevat min spesifieke beskerming vir die kind wat oorgelaat word aan die grille en nukke van sy ouers of die landdros. Dit besit egter een gunstige bepaling, naamlik Artikel 5 wat neerlê dat die vorm en inhoud van die kontrak die verantwoordelikheid van die Staatspresident is. Die bepaling hou die moontlikheid in dat laasgenoemde sou sorgdra dat sodanige kontrak beskermende voorwaardes insluit, wat die kind teen mishandeling en uitbuiting kon vrywaar.

(1) O.V.S.-Wetboek (1854-91): Hoofstuk 35, Art. 3.

Daar het geen wet bestaan met betrekking tot die misdadige kind nie. Dit was te danke aan die seldsaamheid van misdaad; eerstens omdat daar geen groot getalle jeugdiges in die dorpe aangetref is nie, en tweedens omdat die ouers en „meesters" die tug self waargeneem het. Die kind is nie aangekla weens klein oortredings nie, daar die Staat dit as die plig van die ouer beskou het om sy kind en sy jeugdige diensbode te straf as hulle verkeerd doen.

As die misgryp baie ernstig was, is die kind op die tronk aangewys, want daar het nog geen ander vorm van inrigtingsbehandeling vir die jeugmisdadiger bestaan nie.

Na die Anglo-Boere-oorlog egter, het kinderverwaarlosing en jeugmisdaad sy kop begin uitsteek as gevolg van die veranderende sosiale toestande, en was die Engelse Regering (1900-1910) verplig om die volgende wette te passeer:

(b) "The Deserted Wives and Children Protection Ordinance", No. 51 van 1903.

(c) "The Juvenile Offenders Removal and Apprenticeship Ordinance", No. 5 van 1904.

(d) "The Masters and Servants Ordinance", No. 7 van 1904.

Bogenoemde wetgewing het voldoende geblyk om verwaarlosing en kindermisdaad te bekamp tot 1910 toe die Oranje-Vrystaat deel van die Unie geword het.

(b) "The Deserted Wives and Children Protection Ordinance", No. 51 van 1903.

Soos die naam aandui, is die doel van die ordonnansie die voorkoming van kinderverwaarlosing, en voorsorg vir vrouens en gesinne wat verlaat is en in behoeftige en verwaarloosde omstandighede verkeer. Hierdie wet is die vierde van die reeks soortgelyke wette wat in die verskillende state in Suid-Afrika voorgekom het. So was daar Wet No. 7 van 1895, in die Kaapkolonie, Wet No. 10 van 1896, in Natal, en

Wet No. 44 van 1903, in Transvaal, almal onder ŉ soortgelyke titel, en met dieselfde hoofdoel, naamlik die beskerming en instandhouding van die huis terwille van die kind. Almal is geskoei op die model van Wet No. 7 van 1895 van die Kaap, en bevat eenderse bepalings insake die beskerming van die kind. So is Ordonnansie No. 51 van 1903 gebas eer op dieselfde opvoedkundige grondslae as genoemde wette, en besit dit dieselfde beskermende wetsbepalings. Die vernaamste hiervan is Artikel 2 wat bepaal dat indien ŉ vader sy kind jonger as vyftien jaar, of sy vrou verwaarloos of verlaat, hy skuldig is aan ŉ misdaad, en die hof hom kan verplig om onderhoud te betaal.

Soos die ander ooreenstemmende wette, is ook hierdie ordonnansie beskermend en opvoedkundig. Dit trag om die huisgesin ongeskonde te hou teneinde die kind se huislike opvoeding te bevorder. Met hierdie wet is getrag om kinderverwaarlosing in die Vrystaat te voorkom.

(c) "<u>The Juvenile Offenders Removal and Apprenticeship Ordinance", No. 5 van 1904</u>.

Hierdie ordonnansie het as grondslag dieselfde beginsels waarop Ordonnansie No. 45 van 1903 van Transvaal gebaseer is. Dit gaan ook onder dieselfde benaming, en het dieselfde doel, naamlik die uitbesteding van die jeugmisdadiger as leerjongen, en sy verwydering na ŉ verbeteringsgestig. Waar die voorafgaande ordonnansie tot ŉ mate sorg vir die beskerming van die verwaarloosde kind in die Vrystaat, word met hierdie wet die rehabilitasie van die misdadige kind beoog. So verklaar Artikel 1 dat die hof die manlike kind jonger as 16 jaar, na ŉ verbeteringsgestig kan verwys i.p.v. hom op skuldigbevinding aan ŉ misdaad, na die gevangenis te stuur.
Die verwysing na ŉ verbeteringsgestig is slegs geldig tot die kind se sestiende jaar, of vir ŉ

of vir ŉ korter tydperk.

Selfs vir die jeugdige, ouer as sestien jaar en jonger as 21, skep die ordonnansie ŉ metode van beskerming teen die vernedering van gevangenisstraf. Waar Artikel 5 die Luitenant-Goewerneur van die Kaapkolonie die mag gee om, instede van die kind jonger as sestien jaar, na die gevangenis of die verbeteringsgestig te verwys, of hom as ŉ leerjongen in te skryf, gee Artikel 7 dieselfde persoon die mag om desgelyks met die jeugdige tussen 16 en 21 jaar, te handel. Die tydperk van vakleerlingskap was 4 jaar of vir dieselfde periode as die gevangenisstraf, indien laasgenoemde langer as 4 jaar sou wees.

Hierdie ordonnansie was van groot opvoedkundige betekenis vir die jeugdige misdadiger in die Oranje-Vrystaat, en het ŉ nuwe bedeling vir hom ingehou. Vir die misdadige kind jonger as sestien jaar, is inrigtingsbehandeling met sy bykomende onderwys en opvoedingsmoontlikhede daargestel, en vir die jeugdige misdadiger ouer as sestien jaar, is vakleerlingskap instede van tronkstraf op hom toegepas. Deur middel van hierdie twee metodes is gevangenisstraf as behandeling van die kind, laat vaar, en in die plek daarvan is opvoeding en arbeid gestel deur middel van die inrigting en vakleerlingskap.

(d) "The Masters and Servants Ordinance", No. 7 van 1904.

Die doel van die ordonnansie is om die regte, pligte en verantwoordelikhede van base sowel as bediendes, wetlik vas te stel. Wetsbepaling 34 handel oor die arbeidskontrakte wat ten opsigte van nie-blanke kinders aangegaan word. Die artikel het slegs betrekking op die nie-blanke kind jonger as 16 jaar, en hoewel dit geen melding maak van enige vorm van vakleerlingskap met sy

beskermende eienskappe nie, bevat dit sekere bepalings wat beskerming van die nie-blanke kind ten doel het. So verklaar Artikel 34 dat die ouer van die kind ŉ arbeidskontrak vir hom kan aangaan, dat die kontrak skriftelik moet wees, die naam en ouderdom van die kind aangee, en dat dit slegs tot die kind se sestiende jaar geldig is.

Hierdie ordonnansie is ŉ verbetering op die oorspronklike wet in die O.V.S.-Wetboek, wat gaan oor die indiensneming van kleurlingkinders. Soos hierbo aangetoon, bevat dit sekere bepalings wat die kind tot ŉ mate beskerm teen uitbuiting. Dit is egter onvolledig omdat dit nie die verantwoordelikheid van die baas teenoor die kind in sy diens, duidelik stel nie, en ook geen melding van die regte van sodanige kind maak nie.

Verder as bogenoemde paar wette wat daargestel is om sorgbehoewendheid en misdaad by die kind in die Vrystaat te bekamp, het dit nie gekom nie. Hulle was onvolledig, maar ook moet onthou word dat genoemde probleme minimaal was. Gevolglik was geen uitgebreide kinderwetgewing nodig nie. Genoemde wette het egter die volgende vir die kind bewerkstellig.

1. Eerstens, hoewel geen voorsiening gemaak word vir enige vorm van inrigtingsbehandeling nie, word vakleerlingskap as metode van beskerming en opvoeding, deur wetgewing op die sorgbehoewende kind toegepas.

2. In die tweede plek sorg die wetgewing vir inrigtingsbehandeling sowel as vakleerlingskap as metode van jeugmisdaadbestryding en rehabilitasie van die misdadige kind. Deur die toepassing van die metodes word die jeugmisdadiger uit die tronk gehou.

3. Dan was daar ook wetgewing wat die blanke huisgesin as geheel probeer beskerm, en in stand probeer hou het, asook verbeterde werkstoestande vir die blanke kind geskep het.

Met die paar wette is getrag om op eenvoudige wyse die belange van die Vrystaatse kind te beskerm, en hom van sorgbehoewendheid en misdaad te bewaar.

6. Samevatting.

(i) Omskrywing van die sorgbehoewende kind.

In alvier state is wetgewing ter beskerming van die sorgbehoewende kind uitgevaardig. In drie uit die vier state, nl. Kaapkolonie, Natal en Transvaal, word deur wetgewing bepaal wie die sorgbehoewende of verwaarloosde kind is, en Kaapkolonie het die voortou geneem om hom te omskryf. Die ander twee state het hierdie kolonie se voorbeeld nagevolg en op haar omskrywing uitgebrei. Hierdie omskrywings dien as basis vir die Unie-kinderwetgewing ter volledige wetlike omskrywing van die sorgbehoewende kind, met die doel om hom onder alle moontlike omstandighede te beskerm en te rehabiliteer.

(ii) Vakleerlingskap.

In al vier die state is daar wetgewing waardeur vakleerlingskap as beskermings- en rehabilitasiemetode aangewend word ten behoewe van die verwaarloosde sowel as die misdadige kind. Trouens, dit is die eerste metode van kinderbeskerming wat in Suid-Afrika aangewend is, en is bekend sedert die volksplanting aan die Kaap. Dit is hoofsaaklik gebruik as beskermings- en rehabilitasiemiddel en slegs in die tweede plek, om aan die kind beroepsopleiding te verskaf. Om diè rede word daar in elke staat wetgewing gevind met die uitsluitlike doel om die jeugmisdadiger uit die tronk te hou deur hom as vakleerling in te skrywe. Vakleerlingskap as rehabilitasiemetode word dan ook oorgeneem deur alle Kinderwette van die Unie.

(iii) Inrigtingsbehandeling.

In Transvaal en Kaapkolonie word deur wetgewing voorsiening gemaak vir die rehabilitasie van die misdadige kind, deur middel van die inrigting. In Transvaal word hierdie metode van kinderbehandeling deur Wet No. 38 van 1909 uitgebrei om die sorgbehoewende kind ook in te sluit. In al die kolonies egter, het die kerke deur middel van weeshuise, bygedra tot die verligting van die weeskind se toestand.

Inrigtingsbehandeling as metode van beskerming en rehabilitasie, word deur Unie-Kinderwette oorgeneem en ontwikkel tot 'n belangrike metode van opvoedkundige behandeling vir die sorgbehoewende, sowel as die misdadige kind.

Hoewel al vier kolonies oor kinderwetgewing beskik het wat bogenoemde metodes van kinderbehandeling insluit, was die wette in sekere opsigte onvolledig. So word baie min voorsiening gemaak vir die rehabilitasie van die huisgesin, hoewel elke staat oor wetsbepalings beskik het om 'n vader te dwing om tot sy huisgesin se onderhoud by te dra.

Daar was in geen kolonie vòòr Unie, enige wetgewing insake die aanneming van kinders nie. Dit is egter in al vier state deur kerklike besluite in die lewe geroep. Aanneming is eers nà Unie op 'n wetlike basis geplaas.

Al die metodes wat in die kinderwetgewing vòòr Unie bespreek is, word ingesluit in die Unie-Kinderwetgewing wat uit die volgende wette bestaan:

(a) De Wet op gevangenissen en Verbetergestichten, No. 13 van 1911.

(b) Die Kinderbeskermingswet No. 25 van 1913.

(c) Die Kinderwet No. 31 van 1937.

Hierdie wette het genoemde metodes van kinderversorging oorgeneem en uitgebrei en die leemte wat daar nog bestaan het t.o.v. die aanneming van kinders, aangevul. Vòòr-Unie-wetgewing het bogenoemde wette tot grondslag gedien, waarop verder uitgebrei is om kinderbeskerming en -rehabilitasie vollediger en doeltreffender te maak, onder veranderde omstandighede. Hierdie wetgewing word nou in die volgende hoofstukke bespreek.

-------------------

# Hoofstuk III.

## DIE „WET OP GEVANGENISSEN EN VERBETERGESTICHTEN" NO. 13 VAN 1911.

### 1. Inleiding.

Met die unifikasie van die vier Britse state op 31 Mei 1910, is alle verbeteringsgestigte en nywerheidskole deur bogenoemde wetgewing onder die beheer van die Unie se Minister van Justisie geplaas. (1)

Vóór die tyd het elk van die vier state sy eie strafstelsel en eie wette gehad, hoewel almal die Romeins-Hollandse Reg as grondslag gehad het, maar met die totstandkoming van die Unie, is besef dat eenvormigheid van stelsel en beleid nou noodsaaklik geword het. 'n Konferensie van gevangenishoofde van die vier kolonies het aanleiding gegee tot die „Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten" No. 13 van 1911, wat 'n konsolidering was van alle vorige wetgewing met betrekking op verbeteringsgestigte, nywerheidskole en gevangenisse in die Kaapkolonie, Natal, Transvaal en die Oranje-Vrystaat. Hoewel dit, soos die titel aandui, ook te doen het met gevangenisse, moet dit beskou word as die eerste Unie-kinderwet, aangesien 'n belangrike deel van die wet die beskerming van die misdadige en sorgbehoewende kind ten doel het.

Die konsolidering van die wette tot èèn Kinderwet was noodsaaklik omdat elke kolonie kinderbeskerming op sy eie manier geïnterpreteer het. Baie van die kinderwetgewing was ook verouderd en ondoeltreffend weens veranderde omstandighede.

(1) Wet No. 13 van 1911, Artikel 2.

Met die totstandkoming van die Unie is die geleentheid geskep om eenvormige wetgewing t.o.v. die kind, vir al vier provinsies op die wetboek te plaas.

In 1911 het die veelrassige bevolking van die Witwatersrand 465,864 getel (1), en het die Unie se tronke 'n kinderbevolking (onder 21 jaar) van 13,064 gehuisves (2). Om ander middels as tronkverpleging, tot hervorming van die misdadige kind, en beskerming van die sorgbehoewende, daar te stel, was 'n nuwe Kinderwet noodsaaklik. Die wet was nodig om 'n uniforme beleid van gestigsverpleging vir die kind daar te stel, want in slegs twee van die vier provinsies van die Unie van Suid-Afrika was voorsiening gemaak vir gestigsverpleging, nl. deur Wet No. 7 van 1879 in die Kaapkolonie, en Ordonnansie No. 6 van 1906 in Transvaal, vir die misdadige kind, en deur Wet No. 38 van 1909, ook in Transvaal, vir die sorgbehoewende kind. Hoewel die kolonie Natal oor 'n betreklik volledige Kinderwet, nl. Wet No. 38 van 1901, beskik het, het hierdie kolonie net soos die Vrystaat, oor geen gestigsgeriewe beskik nie. Die kindermisdadigers van laasgenoemde twee provinsies is òf in die tronk gestop òf na die Kaapse verbeteringsgestig verwys, mits die inrigting oor die nodige akkommodasie beskik het. Die wet het 'n nuwe bedeling vir die sorgbehoewende, en veral vir die misdadige kind in die Unie, ingehou, en was die begin van die opvoedkundige benadering van die aspek van jeugmisdaad.

## 2. Stelling en Doel van die Wet.

Wet No. 13 van 1911 is 'n samevatting en wysiging van alle vorige Suid-Afrikaanse wette op gevangenisse, verbeteringsgestigte en nywerheidskole.

(1) Unie Jaarboek (No. 26), 1185.

(2) Dept. of Prisons: Annual Report No. 7 (1920-21), bl. 93.

Dit bepaal die oprigting van 'n Departement van Gevangenisse, die beheer daarvan en die aanstelling van sekere gevangenisbeamptes, asook die behandeling en beheer van die bewoners van die verskillende aanhoudingsinrigtings waarvan die wet melding maak. Dit omskryf die magte en pligte van gevangenisbeamptes, asook die bevoegdheid van die bestuurder van 'n gevangenis om dissipline te kan handhaaf. Verder proklameer die wet die totstandkoming van verbeteringsgestigte vir die Unie, en die opvoedkundige hervorming van die inwoners van sulke verbeteringsgestigte.

Die wet plaas die behandeling van die volwasse, sowel as die jeugdige misdadiger, op 'n opvoedkundige grondslag, en deur 'n uniforme toepassing van sy regulasies, word alle anomalieë in verband met die misdadiger en sy behandeling, uit die weg geruim.

Die doel van die wet in sy geheel is om beskerming te verleen en opvoedkundig op te tree teenoor die volwasse sowel as die jeugdige misdadiger. Om diè rede maak dit voorsiening vir die oprigting van verskillende rehabilitasie-inrigtings, wat getuig dat die owerheid begin besef het dat verskillende metodes van behandeling en klassifikasie noodsaaklik geword het. Artikel 7 (i) van Hoofstuk 7 van die wet maak vir twee soorte inrigtings vir jeugdige misdadigers voorsiening, nl:

(a) Verbeteringsgestigte tot redding en verbetering van jeugdige persone wat reeds as gevolg van een of ander oortreding veroordeel was.

(b) Verbeteringsgestigte tot redding van jong volwassenes wat reeds veroordeel is. Met jong volwassenes word bedoel persone met ouderdom tussen sestien en twintig jaar, wat gevonnis is tot tronkstraf, of na 'n verbeteringsgestig verwys is; en in sekere gevalle ook persone tussen

20 en 25 wat 'n vonnis opgelê is weens een of ander oortreding.

Met jeugdige persone word weer bedoel persone jonger as sestien jaar, en in sommige gevalle jonger as agtien, wat na 'n verbeteringsgestig verwys is of tot tronkstraf veroordeel is.

Daar die jeugdige ook nog tot tronkstraf gevonnis kon word, ten spyte van die bestaan van verbeteringsgestigte, kon hy volgens Artikel 13 (2), Hoofstuk 3 van die wet, in een van die volgende inrigtings beland:

(c) Wegkampe ("road camps") wat bedoel is om persone wat weens klein oortredings tot gevangenisstraf gevonnis is, uit die tronk te hou, en op diè wyse hulle te vrywaar van verslegting as gevolg van omgang met misdadigers;

(d) plaaslike tronke;
(e) bandiettronke;
(f) kroniese sieke- of hospitaaltronke;
(g) tronke vir die behandeling van gewoontemisdadigers, en
(h) inrigtings soos boerderykolonies, werkkolonies en reddingshuise wat bedoel was om vir die bandiete die oorgang van die gevangenisdissipline tot die vryheid van die buitelewe by hulle ontslag, te vergemaklik, of om landlopers tot arbeid te dwing, of om behandeling en tug te verseker sonder hulp van die gevangenis. (1)

Bogenoemde soorte inrigtings getuig dat daar nie slegs aan straf, behandeling en klassifikasie gedink is nie, maar ook aan heraanpassing en behandeling sonder die hulp van die gevangenis. Die uitgangspunt het al meer en meer opvoedkundig geword, en àl minder vergeldend en strafbepalend. Hierdie uitgangspunt het vir die jeugmisdadiger 'n nuwe bedeling ingehou.

(1) Wet No. 13 van 1911: Artikels 9(i), 12, 50 (i), 75.

Dit dan is die algemene doel van Wet No. 13 van 1911. Die onmiddellike doel van die wet sover dit die kind raak, word deur Bepaling 1 van die Regulasies van die wet soos volg gestel: „Het Verbetergesticht stelt zich ten doel de verpleegden aan tucht en arbeidzaamheid te gewennen, liefde voor arbeid en afkeer van luiheid en onverschilligheid by hen aan te kweken, ze een nuttig ambacht of beroep te leren, waarmede zy op eerlike wyze hun kost kunnen verdienen en in 't algemeen ze tot goede en oppassende burgers op te leiden". (1)

Met verbeteringsgestig word bedoel ŉ inrigting tot stand gebring kragtens Hoofstuk 7 van Wet No. 13 van 1911.

Bogenoemde onmiddellike doel getuig van gesonde opvoedkundige insig. Eerstens beklemtoon dit die beginsel van herstelling en rehabilitasie, deur die aankweek van dissipline en vlytigheid by die kind, as doel te stel. Die jeugmisdadiger is ŉ kind wat nie groot waarde heg aan gereelde arbeid nie, en wat juis deur sy wangedrag en losbandigheid omdat dissipline as sodanig aan hom onbekend is, met die gereg bots. Daarom is dit vir die misdadige kind van die grootste opvoedkundige belang om hom „aan tucht en arbeidzaamheid, liefde voor arbeid en afkeer van luiheid" gewoond te maak. Gereelde arbeid is vir die jeugmisdadiger noodsaaklik om hom te help uit die moeilikheid te bly. Net so ook met tug, want alle opvoedkundige tug is opvoedend omdat vir die gelowige, dit as uitgangspunt het die Bybelse grondslag: dat alle mense in sonde ontvang en gebore is en daarom van nature sondig is. Daarom is die doel van tug dan om die kind te help om die sonde te oorwin en tussen goed en kwaad te onderskei.

(1) Dept. van Justisie: Kennisgewing No. 1595 van 16/9/1911.

Vir die jeugmisdadiger, net soos vir die normale kind, is tug onontbeerlik, en is die doel van die verbeteringsgestig soos bepaal deur Artikel 1 van die Regulasies van die wet, nl. om tug asook vlytigheid by hom in te skerp, vir die kind van baie groot waarde.

2 Tweedens stel die verbeteringsgestig hom ten doel om die kind 'n „nuttig ambacht of beroep te leren". Die doel van die wet berus dus nie slegs op die rehabilitasiebeginsel, om deur tug en arbeidsaamheid die kind te rehabiliteer nie, maar ook op die beginsel van heropvoeding. Waar die misdadige en soms ook die sorgbehoewende kind se opvoeding en skoolonderrig deur wangedrag en stokkiesdraai benadeel is, stel die wet hom nou ten doel om die kind te beskerm deur hom met gestigsverpleging te hervorm by wyse van 'n nuttige ambag of beroep, en die beginsels van laer onderwys, soos neergelê in Bepaling 35 van die Regulasies van die wet.

3 Derdens, deur die daarstelling van hierdie wet, doen die Staat geregtelike stappe ten opsigte van die jeugmisdadiger se beskerming en rehabilitasie, en aanvaar hy nou die algehele verantwoordelikheid vir sy versorging, beroepsopleiding, skoolonderrig, sedelike en ander opvoeding wat sulke kinders sal hervorm „tot goede en oppassende burgers". Met ander woorde, deur die wet stel die Staat homself aan as voog oor die jeugmisdadiger, en om sy plig teenoor die kind na te kom, bepaal die wet deur Artikel 52(i) dat die Goewerneur-Generaal by magte is om verbeteringsgestigte op te rig.

Samevattend kan dus verklaar word dat die wet se hoofdoel is om langs staatsweë, die jeugdige oortreder wat deur sy optrede 'n gevaar vir die gemeenskap geword het, deur middel van die verbeteringsgestig te verpleeg, her op te voed,

en op diè wyse te hervorm tot ŉ nuttige lid van die samelewing. Op die wyse word nie slegs die kind nie, maar ook die gemeenskap beskerm.

3. Die Jeugdige.

Artikel 2 omskryf die persoon wat gestigsverpleging moet ondergaan, as die „jeugdige". Die term „kind" word nie gebesig nie. Dit omskryf ŉ jeugdige as iemand wat by veroordeling vir ŉ misdaad, onder die ouderdom van sestien jaar is, of ŉ veroordeelde persoon onder die ouderdom van agtien jaar, wie se aanhouding in ŉ verbeteringsgestig uitdruklik deur die Minister gelas is. As die Minister dit nie spesiaal gelas nie, kan so ŉ persoon na ŉ tronk of een van die verskeie gevangenisinrigtings hierbo beskryf, gestuur word.

Volgens die wet, is die juridiese ouderdom van ŉ jeugdige of kind iemand tot sestien jaar, en in die geval van ŉ verwysing na ŉ verbeteringsgestig, tot agtien jaar. Enige persoon bo die ouderdom van agtien jaar, en in sekere gevalle selfs bo sestien jaar, word beskou as ŉ volwassene. Hierdie periode wat deur die reg beskou word as die oorgangstadium na volwassenheid, is in werklikheid vir die sestienjarige en selfs ook die agtienjarige, ŉ periode van grootwording, en hou langer aan as tot by sestien of selfs agtien jaar. Die vasgestelde ouderdom wat die wet neerlê as skeiding tussen kind en volwassene, moet as te laag beskou word, as rekening gehou word met die onrypheid, afhanklikheid en onervarenheid van die jeugdige. (1)

4. Voogdyskap en meegaande beskerming.

(a) Prinsipaal.

Artikel 52(5) bepaal dat die regent of Prinsipaal van die verbeteringsgestig as voog van die kind optree. Hy besit dieselfde regte as die ouer, wat betref tug, en is in alle opsigte

(1) Kyk bladsy 25-38 van hierdie tesis.

„in loco parentis" tot die leerling. Dit is 'n belangrike bepaling wat op 'n opvoedkundig-sosiologiese grondslag gefundeer is. Volgens die artikel staan die regent in alle opsigte in die plek van die ouer. Hy is die voog of nuwe vader van die kind, en die ouer het alle seggenskap verloor, omdat daar nêrens in die wet self of in die regulasies by die wet, voorsiening gemaak word vir die beskerming of handhawing van ouermagte en -regte nie. Die daarstelling van die regent as voog deur bogenoemde wetsbepaling, is dus belangrik want as die kind na die inrigting verwys word, word die invloed van die ouer noodwendig verminder, en is dit noodsaaklik dat die plek van die vader deur iemand ingeneem word wat die kind ten goede kan beïnvloed. Deur middel van die regent se verantwoordelikheid teenoor die inrigtingskind, word die staat die belangrikste faktor in die kind se lewe. Hoe belangrik die verhouding van die regent tot die kind is, word weerspieël in Artikel 5 van die regulasies by die wet, wat die pligte van die regent soos volg interpreteer: „Hy is verder verantwoordelik voor het onderwys, de vakopleiding, de verpleging en de zedelike vorming van de jongens zolang zy zich in den inrichting bevinden". (1)

Die artikel is opvoedkundig belangrik omdat die kind 'n onrype en onvolgroeide wese is, wat nog steeds leiding nodig het. In baie gevalle het die leiding in die kind se lewe ontbreek omdat sy huislike omstandighede ongunstig was en die ouerlike tug ontbreek het. Die wetsbepaling is opvoedkundig van aard want dit voldoen aan die sosiologiese, psigologiese, etiese en staatkundige grondslae van die kind se ontwikkeling. (2)

(1) Dept. Justisie: Kennisgewing 1595 van 16/9/11, Art. 5.

(2) Kyk bladsy 37-45 van hierdie tesis.

Dit stel die kind se geestelike en sedelike ontwikkeling en beskerming ten doel, en hou sy ontwikkeling as toekomstige burger van die staat, en die gemeenskap, in gedagte.

Aanvullend by die wetsbepaling is Artikel 54(1) wat bepaal dat as ŉ kind na ŉ verbeteringsgestig verwys word, ŉ bevelskrif uitgereik moet word waarby inligting aangeheg is insake die kind se verlede, ŉ opgawe van sy oortredings, m.a.w. sy huislike omstandighede, asook ander faktore wat tot sy misdadigheid aanleiding gegee het. Die artikel berus op die sielkundige beginsel dat elke kind verskillend is, nie twee kinders is eenders nie, en gevolglik moet elke kind anders behandel word. Deur die geskiedenis van die kind te ken, en die omstandighede waaronder die misdaad gepleeg is, word die prinsipaal in staat gestel om so ŉ kind wetenskaplik-opvoedkundig te behandel en die regte metode van heropvoeding toe te pas. Die artikel is dus ŉ noodsaaklike opvoedkundige bepaling by die behandeling van die jeugmisdadiger.

(b) <u>Raad</u>:

Artikel 60 maak voorsiening vir die aanstelling van ŉ raad van toesig teneinde die doeltreffende behandeling van die inrigtingskind te verseker. Dit bied addisionele beskerming vir die kind omdat so ŉ raad van toesig die kontrolering van die regent se pligte ten doel het, soos bv. sy metode van optrede teenoor die kind. Volgens die artikel besit elke raadslid die reg om enige inrigtingskind te besoek en op diè wyse vertroud te raak met sy moeilikhede en griewe. Raadslede dien ook as skakelbeamptes tussen die samelewing en die inrigting. Hulle help om die vooroordeel wat teenoor die jeugmisdadiger bestaan, te verminder, en is behulpsaam met die verskaffing van werk aan so ŉ kind.

Die artikel vereis ook dat 'n raadslid die kind wat onder sy beheer is en reeds as vakleerling by 'n persoon op die platteland ingeskryf is, gereeld moet besoek. Dit is 'n belangrike beskermingsmiddel in die lewe van so 'n kind, omdat hy, veral as hy nie-blank is, baie keer aan mishandeling en ontbering onderhewig kan wees.

(c) Goewerneur-Generaal.

Artikel 72 laat die Goewerneur-Generaal in 'n breë sin ook as voog optree. Hy kan van tyd tot tyd regulasies uitvaardig tot reëling van die klassifikasie, behandeling, onderwys, voeding en kleding, werk, tug en goeie orde van die inrigtingskind. (1) Die artikel het tot gevolg gehad dat die kind 'n eenvoudige maar doeltreffende onderwysstelsel geniet het, wat daarop gemik was om die kind verstandelik, sedelik en liggaamlik te ontwikkel. Die onderwys wat die artikel voorstaan, word deur die regulasies by die wet soos volg geïnterpreteer: „Het onderwys stelt zich ten doel alle verpleegden in het gebruik van de engelse en hollandse talen te bekwamen en wordt door middel van de huistaal van de verpleegde gegeven".(2) Die regulasies bepaal verder dat vakopleiding gegee word in landbou, tuinbou „en zulke andere ambachten als geriefelik onderwezen kunnen worden". (3) Die artikel berus op 'n gesonde opvoedkundig-sosiologiese grondslag want dit is daarop gemik om aan die kind die beginsels van laer onderwys te verskaf, asook om hom deur middel van 'n ambag in staat te stel om 'n heenkome te vind wat as prewentiewe maatreël teen misdaad kan dien.

(1) Wet No. 13 van 1911, Art. 72 (a), (b) en (c).
(2) Kennisgewing 1595, ged. 16/9/11, regulasie 35.
(3) " " " " regulasie 35.

(d) Leerlingklassifikasie.

Die artikel maak melding van die klassifikasie van die leerlinge. Dit wys op die interne organisasie van die inrigting. Hier word die beginsel aanvaar van groeperinge binne dieselfde gebou en inrigting; voorsiening word naamlik gemaak vir die twee geslagte, en ook die kwessie van ouderdom word in ag geneem. Dit is nie gesond om jong, onervare kinders by ouer en meer ervare kinders te huisves nie. Dan word ook getrag om die kinders van dieselfde ouderdom volgens hulle gedragstipes te klassifiseer. Die onervare eerste-oortreders moet van die bedrewe jeugmisdadiger weg gehou word. Klassifikasie van die inrigtingskind is ʼn gesonde beginsel wat op die sielkundige grondslag berus dat die kind nie opgewasse is teen die verskillende lewensituasies nie, en dat sy selfbewussyn nog in ʼn ontwikkelende stadium is, dat dit vir die ouer kind ʼn periode van storm en drang is, soos aangetoon op bladsye 32 - 35. (1) Daarom moet die opvoeder nie slegs die juridiese ouderdom wat die wet op sestien jaar vasstel (2), in ag neem nie, maar ook sy sielkundige, (3) fisiologiese, sowel as sy pedagogiese ouderdom. (4)

Al bogenoemde artikels wat voogdyskap te berde bring, gaan uit van die opvoedkundige beginsel dat die behandeling van die misdadige inrigtingskind nie slegs sy onderhoud beteken nie, maar dat hierdie onderhoud ook die wetenskaplike en opvoedkundige behandeling beklemtoon wat tot sy heropvoeding en rehabilitasie lei.

(1) Kyk bladsye 32-35 van hierdie tesis.

(2) Wet No. 13 van 1911, Art. 2.

(3) Cole & Morgan: Psychology of Childhood and Adolescence, 32.

(4) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 289-314.

5. Vakleerlingskap.

Die aspek van vakleerlingskap maak ook deel uit van die behandeling van die kind. Artikel 57 verklaar dat ŉ magistraat die reg besit om, instede van die kind onder sestien jaar, gevangenisstraf op te lê, hom tot sy agtiende jaar, of tot die einde van sy straftydperk, as vakleerling in te skryf. Artikel 58 gee die magistraat die mag om die kind wat hom in ŉ verbeteringsgestig bevind, as vakleerling uit te plaas totdat hy agtien jaar oud is.

Artikel 57 was ŉ mylpaal in die behandeling van die misdadige kind, omdat hoewel daar voor 1910 reeds twee verbeteringsgestigte bestaan het, die aanhoudingsruimte by die twee inrigtings so beperk was dat daar noodwendig nog van gevangenisse gebruik gemaak moes word. In die Kaapkolonie alleenlik is daar gedurende 1908 nog 155 jeugdiges onder die ouderdom van sestien jaar, in tronke opgesluit. (1) Artikel 57 gee die magistraat nou die geleentheid om die kind as vakleerling uit te plaas, en op diè wyse word die kind uit die tronk gehou, selfs al is daar geen akkommodasie in die inrigting nie. Vroeër moes so ŉ kind tronk toe gestuur word. Die doel van die uitbesteding van die jeugmisdadiger en die inrigtingskind as vakleerling, is eerstens om hom onderhewig te stel aan deeglike verpligte toesig, en hom te dwing om te werk. Die metode van beskikking soos weergegee in Artikels 57 en 58, beoog ŉ opvoedkundige doel en geen straf nie. Dit dien as alternatiewe in plaas van die oplegging van straf wat ŉ hof vir die begane oortreding kon oplê. Genoemde artikels is opvoedkundig van groot waarde omdat die sosiologies-ekonomiese sowel as die staatkundige en etiese grondslae waarop hulle berus, soos beskryf op bladsy 41-44, tot gevolg het dat die misdadige kind onder beheer gehou word en hom die voordeel

(1) Cape of Good Hope: Appendix 1 to Votes and Proceedings of Parliament, Vol. I, (1908), 13.

van gereelde arbeid laat besef. Verpligte arbeid wat die vakleerlingstelsel op hom toepas, stel hom ook in staat om later selfonderhoudend te wees. Vir die inrigtingskind waarvan Artikel 58 melding maak, kan vakleerlingskap ook as aansporing dien, want sodra so n kind se gedrag dit regverdig, kan hy, kragtens Artikel 56, as vakleerling in die buitelewe ingeskrywe word.

Nie alleen word die misdadige kind deur vakleerlingskap onder gereelde toesig gehou en gedwing om te werk nie, maar dit beskerm hom ook teen die groot gevaar van werkloosheid. Vir die jeugmisdadiger sowel as vir die normale kind, is werkloosheid die moeder van baie euwels, waarvan die sosiaal-patologiese gevolg van persoonlikheidsontwrigting die belangrikste is. (1) Om die jeugmisdadiger teen verdere persoonlikheidsontwrigting te vrywaar, en te beskerm teen werkloosheid, is dit noodsaaklik dat hy as vakleerling ingeskryf word. Gereelde arbeid besit groot waarde vir die vakleerling omdat:

(a) Die volgehoue, doelgerigte werksaamheid is die belangrikste element in die vorming tot n bestendige, doelgerigte persoonlikheid.

(b) Die arbeid is die aktiwiteit wat gerig is op die beheersing van die omgewing.

(c) Die selfwaarderingsbeginsel in die opvoeding kom in werking, want in die arbeid kry die kind die beste geleentheid om hom waardevol in sy gemeenskap te laat geld.

En eindelik hou vakleerlingskap in die meeste gevalle diè voordeel in dat dit die kind van die omgewing verwyder wat bygedra het tot sy sedelike ondergang en misdaad.

Deur bemiddeling van die magistraat wat kragtens Artikels 58, 59, 62, 63 en 70, as voog en beskermer van die vakleerling optree, word

(1) Elliot & Merril: Social Disorganization, 448.

die beste losies- en werksomstandighede vir hom verkry, en sluit sy behandeling selfs verpligte besparing in (1), wat slegs met sy toestemming getrek kan word. Deur hierdie toesig word die kind beskerm teen misdaad en die euwel van leeglêery, en ook teen uitbuiting van die kant van die werkgewer.

Opsommend kan dus verklaar word dat vakleerlingskap die volgende voordele vir die kind inhou, nl. 'n stelsel van verlengde toesig buite die inrigting, 'n middel tot selfstandigheid en selfonderhoud, 'n aansporing tot goeie gedrag vir die inrigtingskind, en sy verwydering uit ongunstige omstandighede. Die hoofdoel egter is om die kind uit die tronk te hou.

6. Apartheid.

Artikel 52(2) bepaal dat in alle verbeteringsgestigte die blanke kind van die nie-blanke geskei moet word.

Hoewel opvoedkundige segregasie of apartheid van die blanke en nie-blanke kind teen die einde van die 19de eeu nie volmaak en nie doeltreffend in alle opsigte was nie, was dit tog teen diè tyd die algemeen aanvaarde beleid. Om die beleid egter heeltemal effektief te maak, is die eerste stap in die Kaapkolonie geneem met die Skoolraadwet No. 35 van 1905 (2), gevolg deur die Smutswet No. 25 van 1907 (3) in Transvaal, en Ordonnansie No. 29 van 1905 (4) in die Oranje-Vrystaat. Hierdeur is onderwys vir die blanke kind verpligtend gemaak en is hy op onderwysgebied van

(1) Wet No. 13 van 1911, Artikel 59.
(2) Wet No. 35 van 1905, Art. 60 (Kaap).
(3) Wet No. 25 van 1907, Art. 19(1) (Transvaal).
(4) Ordonnansie No. 29 van 1905, Art. 40 (O.V.S.).

die nie-blanke kind geskei. Wat betref die kind in die verbeteringsgestig, is apartheid vir hom reeds deur Wet No. 7 van 1879 (1) in die Kaapkolonie aanvaar, en deur Wet No. 6 van 1906 (2) in Transvaal. Hierdie wetgewing het apartheid vir die jeugmisdadiger van die twee provinsies op ɳ wetlike basis geplaas, en met die daarstelling van Artikel 52(2) van Wet No. 13 van 1911, is ook ɳ kleurslagboom vir die misdadige kind in die Unie in die lewe geroep.

Skeiding tussen die blanke en nie-blanke kind is wenslik en nodig omdat daar belangrike rasseverskille tussen hulle bestaan, biologies en andersins. Vir die normale blanke kind is die biologiese verskil wat die nie-blanke kind van hom onderskei, tradisioneel onaangenaam. Deurdat die blanke sy identiteit as groep handhaaf, is die kind ook kleurbewus. Hierdie kleurbewustheid is ɳ tradisie waarin feitlik elke blanke kind gebore is, met die gevolg dat dit ɳ ondeelbare stuk van sy geestesamestelling is. Kleurbewustheid is noodsaaklik om integrasie tussen blank en nie-blank te voorkom, en die blanke sy identiteit te laat handhaaf. Vir die blanke jeugmisdadiger is skeiding dringend noodsaaklik omdat deur sy leefwyse en huislike omstandighede en sy gedurige kontak met die nie-blanke element, sy gevoel van kleurbewustheid tot ɳ groot mate afgestomp het. Hierdie afstomping is verder aangemoedig deur die saamhokking met die nie-blanke kind in die verbeteringsgestig, waar die nie-blanke kinderbevolking sedert die oprigting van die verbeteringsgestig, nog altyd in die meerderheid was. Die beginsel van sosiologiese en sielkundige behandeling vir die jeugmisdadiger deur middel van segragasie en rehabilitasie van elke ras se kind na sy eie aard en ontwikkeling,

(1) Wet No. 7 van 1879, Art. 1.
(2) Wet No. 6 van 1906, Art. 18 (1&2).

wat in die artikel tot grondslag het, het 'n belangrike rol in die kind se behandeling gespeel, omdat dit bygedra het om die kind die waarde en belangrikheid van kleurbewustheid en rasse-suiwerheid te laat besef.

Die artikel is ook wenslik en belangrik vir die blanke kind omdat die nie-blanke kind se leefwyse en algemene kultuur veel laer en anders is as die van die blanke kind. Hierdie onderskeid in leefwyse en algemene kultuur maak dit noodsaaklik dat daar skeiding moet plaasvind. Hoewel die grootste gedeelte van die nie-blanke jeug wel deeglik deur die westerse beskawing en kultuur beïnvloed word, is daar egter nog 'n groot deel van hulle in 'n relatiewe stadium van ontwikkeling. Die agterlike stadium van opvoedkundige ontwikkeling en die primitiewe en dikwels onhigiëniese leefwyse van die nie-blanke kind maak so 'n skeiding soos voorgestaan deur die wet, wenslik.

Die saamhokking van die blanke met die nie-blanke kind beïnvloed beide ten kwade. Die nie-blanke kind wat die blanke kind in getalsterkte oortref, beïnvloed laasgenoemde deur sy onsindelike leefwyse en onsedelike gewoontes, terwyl die blanke jeugmisdadiger weer met sy meerdere ontwikkeling en groter geslepenheid die naïewe en soms onnosele nie-blanke kind beïnvloed tot verdere en nuwere metodes van misdaad.

Die wetsartikel stel die owerheid in staat om die blanke sowel as die nie-blanke kind deur eie afsonderlike ontwikkeling wat by sy aard pas, op te voed en te rehabiliteer. Dit is belangrik dat die blanke kind sowel as die nie-blanke kind behandel word volgens sy eie aard en behoeftes, volgens sy volksverlede en toekoms.

As die behandeling en onderwys wat meehelp tot die nie-blanke kind se rehabilitasie, verbind word met sy volkstradisies en die goeie dinge wat die beskawing inhou, soos die Christelike godsdiens, help dit hom om homself diensbaar te maak vir sy eie samelewing.

Die segregasie wat deur die wetsbepaling voorgestaan word, help om te voorkom dat die nie-blanke jeugmisdadiger ontwortel word. Hoewel hy misdadig is, en sedelik versonke, is dit van die grootste belang dat hy sy organiese tuiste behou binne sy volksverband. Die gevaar is steeds daar dat as die nie-blanke kind dieselfde behandeling ondergaan en dieselfde opvoeding geniet, en op dieselfde wyse as die blanke jeugmisdadiger heropvoeding en rehabilitasie ondergaan, dit tot gevolg kan hê dat van hom slegs ŉ nagemaakte witmens gemaak word. As sy rehabilitasie egter op eiesoortige patroon geskied, kan dit help om sy volksverband verder uit te bou tot ŉ beskaafde volkseenheid.

Artikel 52(2) berus dus op die belangrike opvoedkundige beginsel van rassedifferensiasie. Dit eis aparte en eiesoortige heropvoeding en rehabilitasie omdat dit eiesoortige ontwikkeling vir die kind van elke ras voorstaan. Dit sluit die beginsel van voorkoming in omdat, weens die kind se behandeling eiesoortig aan sy ras, die moontlikheid bestaan dat hy nie weer tot misdaad sal verval nie, maar ŉ nuttige lid van sy gemeenskap sal word en bly. Dit hou ook rekening met die sedelike, estetiese en staatkundige grondslae (1) van die kind se ontwikkeling.

Dit het as verdere grondslag die opvoedkundig-sielkundige beginsel dat die blanke kind van die nie-blanke kind verskil, gevolglik moet elkeen op eie manier behandel en gerehabiliteer word om doeltreffend weer aan te pas by die

(1) Kyk bladsye 37-43 van hierdie tesis.

samelewing. Omdat hulle van mekaar verskil, is dit nodig dat elkeen sy eie opvoedings- en onderwysstelsel volg, want die eise wat die samelewing op arbeids- en sosiale gebied aan die nie-blanke stel, is heeltemal verskillend van diè van die blanke kind, hoewel van beide geëis word dat hulle die staat se gesag moet eerbiedig.

In die lewe van die blanke kind is rassesegregasie van die grootste belang, want as integrasie vir hom gehandhaaf word, sal dit integrasie nie slegs met die kleurling beteken nie, maar ook met die naturel, wat vir hom uiteindelik „verswelging" of ondergeskiktheid beteken.

7. <u>Hofprosedure i.v.m. die Kind.</u>

Artikel 72(f) bepaal dat die kind „in camera" verhoor moet word. Hoewel die wet geen voorsiening vir 'n kinderhof maak nie, sluit bogenoemde bepaling egter die gedagte in van sodanige hof. Dit is as't ware die kiem wat later geboorte gegee het aan so 'n hof. Dit was die begin van 'n nuwe bedeling insake strafprosedure vir die kind, wat reeds deur die Internasionale Straf- en Gevangeniskommissie van 1910, sterk op die voorgrond gebring is, met die volgende aanbevelings:

(a) Jeugmisdadigers behoort nie onderhewig te wees aan die strafprosedure toegepas op volwassenes nie.

(b) Magistrate wat met kinders te doen het, moet spesiaal vir die doel uitgesoek wees, en moet onderleg wees in kindersielkunde en sosiologie.

(c) Volledige gegewens omtrent die kind insake sy kriminele neigings, afwykings, eienaardighede, huislike agtergrond, e.d.m., moet tot beskikking van die hof geplaas word, alvorens die magistraat so 'n kind verhoor.

(d) Formele arrestasie moet vermy word, en indien aanhouding noodsaaklik is, moet die jeugdige beskuldigde nie saam met volwassenes opgesluit word nie.

(e) Die kind se saak moet nie in dieselfde hof en saam met sake van volwassenes verhoor word nie.

(f) Die hofprosedure moet die vorm van ŉ samespreking aanneem i.p.v. ŉ verhoor. (1)

Die bepaling dat die kind „in camera" verhoor word, berus op die opvoedkundig-sielkundige grondslag dat die kind nog ŉ onvolwasse, onrype wese is, en gevolglik op ŉ ander wyse verhoor moet word as die volwassene. Omdat die kind nog in ŉ staat van onvolwassenheid verkeer, kan so ŉ openbare verhoor hom geweldig ten kwade beïnvloed. Dit is van die grootste opvoedkundige, asook sielkundige belang om geregtelike stappe ten opsigte van die kind af te skei van die brandmerk wat veronderstel word ŉ verhoor in howe vir volwassenes aan te kleef. Deur die verhoor „in camera" te laat plaasvind, word nie soseer klem gelê op die daad wat die kind gepleeg het nie, maar wel op die sosiale feite en omstandighede wat vir sy verskyning voor die hof verantwoordelik is. Die eintlike misdaad wat die onmiddellike oorsaak van die optrede van die hof is, word beskou as slegs een van die baie faktore wat in aanmerking geneem moet word. Die doel van die optrede is nie straf nie, maar ŉ verbetering van die toestande, die versorging en beskerming van die kind, want as die doel vergelding is, kan die verhoor net sowel in die openbaar geskied. Deur hierdie stelsel van kinderverhoor word getrag om so ŉ misdadige kind nie as ŉ misdadiger te beskou en te behandel nie, maar as iemand wat aanmoediging en leiding nodig het.

So ŉ kinderverhoor is van die grootste belang vir die kind omdat sy toekomstige lewe geweldig beïnvloed kan word deur die magistraat wat volgens die wet, hom soos volg kan teregwys:

(1) Report International Penal & Penitentiary Commission (1910), 2.

(a) Volgens Artikel 53 van die wet kan die jeugmisdadiger, indien hy skuldig bevind word, tronk toe gestuur word.

(b) Die kind kan ook na ŉ verbeteringsgestig verwys word.

(c) Hy kan as vakleerling ingeskryf word. (1)

Bogenoemde magte van die magistraat skep die geleentheid om die kind se probleme opvoedkundig sowel as sielkundig te benader, en hom daardie hulp en beskerming te verleen wat hom weer op die regte pad sal bring. Die metode van kinderverhoor wat Artikel 72(f) voorskryf, vind op ŉ informele wyse plaas, hoewel dit aan die reëls van die gewone strafprosesreg onderworpe is, sodat dit die vorm van ŉ administratiewe ondersoek aanneem. Die voordeel hieraan verbonde is dat die kind se ouers ook teenwoordig kan wees, wat die hof help om ŉ volledige indruk van die kind se gedrag te kry. Geen misdadige kind kan op doeltreffende wyse behandel word, sonder sy familie as agtergrond nie.

Die ander oogmerk wat die informele metode van verhoor vir die kind inhou, is om hom weg te hou van die volwasse misdadiger en die gewone strafhof waar dikwels ook persone van swak karakter te vinde is.

Van die kind self ook kan dit nie verwag word om voor die algemene publiek getuienis af te lê nie. Dit het slegs die strekking om hom deurmekaar te maak, en sulke getuienis is nie bevorderlik vir die doeltreffendheid van die hof nie. Dit is onraadsaam om te veel publisiteit aan die getuienis van ŉ kind te verleen, omdat dit baie keer aanleiding gee tot ŉ valse indruk aangaande die rol wat hy speel. Hierdie prosedure

(1) Wet No. 13 van 1911, Art. 53.

wat deur die wet neergelê is, is op gesonde opvoedkundige sowel as sielkundige oorwegings gegrond. Hoewel onvolledig, het dit egter die fondament daargestel vir 'n verdere uitbouing van die hofprosedure aangaande die kind, wat sy beskermende en opvoedkundige aard uitgebrei en benadruk het.

8. Administrasie van Wet No. 13 van 1911.

Volgens Artikel 3(1) word 'n Departement van Gevangenis onder die bestuur van 'n Direkteur van Gevangenis, in die lewe geroep. Sy verantwoordelikheid wat betref die kind en die jong volwassene, en hulle verpleging, is kragtens Artikel 3(3) die volgende:

(a) „Inrichtingen, genaamd verbetergestichten, tot redding en verbetering van jeugdige personen, die reeds ter zake van overtredingen veroordeeld en gevonnist zyn", en

(b) „inrichtingen, genaamd verbetergestichten voor jonge volwassenen, tot redding en verbetering van jonge volwassenen, die ter zake van overtredingen veroordeelt en gevonnist zyn".

Kragtens Artikel 2 het die Minister van justisie of sy plaasvervanger tydens sy afwesigheid, aan die hoof van die Departement gestaan.
Die feit dat die jeugmisdadiger en die metodes tot sy heropvoeding en hervorming, nl. die verbeteringsgestig en vakleerlingskap, nog onder die Departement van Gevangenis met die Minister van Justisie aan die hoof, ressorteer het, is 'n duidelike bewys dat die heersende gedagte nog steeds straf en vergelding was, en geensins heropvoeding en rehabilitasie nie. Soos aangedui, hou die wet gesonde beginsels in wat vir die misdadige kind die aanvang was van die opvoedkundige sowel as sielkundige benadering van sy probleme. Nogtans was hierdie beginsels onderliggend aan metodes wat uitgegaan het van straf en opsluiting, wat tot moeder gehad het die metodes toegepas op die volwasse misdadiger.

Die Departement van Gevangenis in wie se bewaring en sorg die misdadige kind verkeer het, het by so ꞌn kind die gees en stigma van die gevangenis steeds tuisgebring. Selfs die kind se hoofde, die persone wat belas was met sy hervorming en sy heropvoeding, nl. die bewaarders, het hom gedurig herinner aan die gevangenis en sy verwante euwels en skande. Die wet se daarstelling van die Departement van Gevangenis as die beherende departement van die jeugmisdadiger se beskerming, heropvoeding en rehabilitasie, was onwetenskaplik, onopvoedkundig en onsielkundig, en het vir die misdadige kind wel ꞌn mate van opvoedkundige maar geen geestelike voordeel ingehou nie.

9. Wysiginge van Wet No. 13 van 1911.

Met verloop van tyd het dit nodig geblyk om wysiginge by bogenoemde wet aan te bring. Hierdie wysiginge het die vorm van wette aangeneem, wat dan ook die volgende was:

(a) Die „Wet tot wyziging van de Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten" No. 46 van 1920.

(b) Die Wysigingswet op Verbetergestigte No. 27 van 1934.

(a) „Wet tot wyziging van de Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten" No. 46 van 1920.

Die doel van hierdie wet was om, soos die amptelike naam aandui, Wet No. 13 van 1911 in sekere opsigte te wysig. Die wysiginge het o.a. die volgende paar belangrike verbeteringe aangebring:

(i) Nasorg: Artikel 2 bepaal dat die Minister ꞌn kind wat in ꞌn verbeteringsgestig aangehou word, met vergunning kan ontslaan op voorwaarde dat hy onder die toesig van ꞌn vereniging of persoon geplaas word, of in ꞌn gesertifiseerde inrigting inwoon. Die Minister kan te eniger tyd

die vergunning terugtrek en dan moet die kind tot die inrigting terugkeer. Indien hy nie terugkeer nie, word hy as wegloper beskou en word daar teen hom opgetree.

Met die wetsbepaling word daar ꞌn stelsel van nasorg vir die jeugmisdadiger in die lewe geroep wat, hoewel in sy beginstadium en onvolledig, tog vir hom tot groot voordeel gestrek het.

Met die term nasorg word bedoel die toesig wat oor die kind, soos omskrywe in Artikel 2 van die hoofwet, in die gemeenskap uitgeoefen word om sy aanpassing in die samelewing moontlik en makliker te maak. Nasorg, soos hierbo aangegee, hoewel eenvoudig en slegs die begin van ꞌn uitgebreider stelsel, het op ꞌn gesonde opvoedkundige grondslag berus omdat dit die voorkoming van misdaad beklemtoon, en die bevordering en bestendiging van die kind se rehabilitasie ten doel het. Die doel van nasorg sluit hom aan by die doel van inrigtingsversorging. Waar die doel van gestigsverpleging in die eerste plek die beskerming en hervorming van die jeugmisdadiger is, sou dit sy eie doel verydel om ꞌn kind op ꞌn leeftyd van sestien jaar of jonger, die wêreld in te stuur sonder om verder na hom om te sien. Die kind word nie net in ꞌn verdienste geplaas deur verpligte vakleerlingskap soos neergelê deur Artikels 57 en 58 van die hoofwet, en verplig om ꞌn gedeelte van sy geld te spaar nie, maar hy word ook gehelp om hom by sy nuwe huislike omstandighede, sy werk en die sosiale toestande aan te pas. Deur die bystand wat aan die uitgeplaaste jeugmisdadiger verleen word deur die vereniging of persoon soos bepaal in Artikel 2 van die wet, word hy in staat gestel om self verder oor die weg te kom.

Nasorg, soos deur hierdie wet ingestel, hoewel onvolledig, is van die grootste opvoedkundige waarde vir die misdadige kind omdat dit die finale stadium vorm in die reeks wat op

hom toegepas word. As die fondament wat die verbeteringsgestig gelê het, nie gekonsolideer word nie, kan alle voorafgaande moeite en opoffering waardeloos wees. Nasorg is ɳ noodsaaklike faktor in die lewe van die jeugdige oortreder wat hom weer moet aanpas by ɳ samelewing wat sy sondes nog onthou en bevooroordeeld teenoor hom staan.

(ii) Aanhouding van jeugdige oortreders in gesertifiseerde tehuise: Artikel 5 bepaal dat die bestuurder van ɳ inrigting wat ten doel het die opname, opleiding en toesig van jeugdige persone, en wat reeds bestaan het toe die wet in werking getree het, aansoek kan doen om as ɳ gesertifiseerde tehuis beskou te word.

Die volgende persone kan by so ɳ gesertifiseerde tehuis aangehou word:

(a) Kragtens Artikel 6, enige persoon jonger as 21 jaar, wat ter strafsitting verwys is.

(b) Enige persoon jonger as 21 jaar, wat alreeds gevonnis is (behalwe moord), mag instede van gevangenisstraf, deur die hof na so ɳ tehuis verwys word vir ɳ tydperk van 2 tot 5 jaar.

(c) Ook kan die hof kragtens Artikel 7, die vonnis van die jeugdige oortreder opskort, en kan hy gelas word om by ɳ gesertifiseerde hostel vir ɳ periode van 2 tot 5 jaar in te woon en van goeie gedrag te wees.

(d) Enige jeugdige wat uit ɳ verbeteringsgestig met vergunning uitgeplaas is, kan volgens Artikel 8, gelas word om by so ɳ tehuis in te woon.

(e) Enige leerling van ɳ staatsnywerheidskool, kragtens Artikel 40 van Wet No. 25 van 1913.

Hier word nou vir die eerste keer in die Unie se kinderwetgewing die daarstelling van die gesertifiseerde tehuis as beskermings- en rehabilitasiemiddel, deur ɳ spesifieke wetsbepaling vasgestel.

Die instelling hou die volgende voordele in:

Eerstens kry die magistraat nou ꞌn addisionele middel van beskerming en rehabilitasie by om die jeugmisdadiger uit die tronk te hou. Instede van die kind gevangenisstraf op te lê, kan hy hom na ꞌn gesertifiseerde hostel verwys. In die tweede plek kan die gesertifiseerde hostel as ꞌn tuiste dien vir die uitgeplaaste kind wie se huislike omstandighede dit nie vir hom toelaat om na sy ouerhuis terug te keer nie. Dan kan die gesertifiseerde tehuis ook as ꞌn voorstadium van die verbeteringsgestig dien, d.w.s. die kind met ꞌn minder ernstige oortreding, kan daarheen verwys word instede van na die verbeteringsgestig.

Die instelling van die gesertifiseerde hostel moet as ꞌn opvoedkundige bydrae tot die beskermingsmetodes van die wet beskou word.

(b) <u>Die Wysigingswet op Verbeteringsgestigte No. 27 van 1934.</u>

Die doel van die wet is ook om sekere bepalinge van die hoofwet te wysig. Dit bevat een belangrike opvoedkundige wysigende bepaling, naamlik dat in die vervolg die hoofwet en die uitvoering van sy bepalings, onder die jurisdiksie van die Minister van Onderwys val i.p.v. die Minister van Justisie.

NB. (i) <u>Wysiging van Administrasie van Wet No. 13 van 1911</u>: Waar Artikel 3(3) van die hoofwet neerlê dat die verantwoordelikheid van die misdadige kind en die jeugdige volwassene op die skouers van die Departement van Gevangenis rus, bepaal Artikel 2 van Wet No. 27 van 1934 dat onder <u>direkteur</u> verstaan moet word Sekretaris van Onderwys, onder <u>Minister</u>, die Minister van Onderwys, en <u>Departement</u>, die Departement van <u>Onderwys</u>. Hierdie wysiging het vir die misdadige kind veel beteken. Sy onderrig en behandeling het nou op ꞌn hegte opvoedkundige grondslag berus. Hy was nie langer aan die stigma wat die Departement van Gevangenis vir die kind meebring, gekoppel nie.

Die Departement van Onderwys het oor die nodige opvoedkundiges beskik om ŉ doeltreffende onderwys-stelsel gegrond op ŉ wetenskaplike opvoedkundige grondslag, in die lewe te roep; ŉ onderwysstelsel wat by die aard van die kind pas en aan sy geestelike en liggaamlike behoeftes voldoen. Die Departement van Onderwys was die aangewese organisasie om die kind opvoedkundige leiding te gee, met die gevolg dat die behandeling van die kind in die verbeteringsgestig in die regte rigting gestuur is.

Die ander voordeel wat uit die bepaling spruit, is dat slegs een Departement vir die welsyn van die kind verantwoordelik was. Dit het meegebring dat ŉ eenvormige onderwys- en rehabilitasiebeleid gevolg kon word. Daar was geen tweede departement wat sake gedwarsboom het nie. Hierdie verandering van beheer het die opvoeding en welsyn van die jeugmisdadiger weldadig beïnvloed, en die verbeteringsgestig is nie langer as ŉ strafinrigting beskou nie, maar as ŉ plek wat opvoedkundige leiding en tug aan die kind gee.

(ii) Langer aanhouding van leerling en verlengde periode van vakleerlingskap:

Artikel 6 maak voorsiening dat ŉ kind of jeugdige se aanhouding of periode van vakleerlingskap tot sy 25ste jaar verleng kan word. Die verandering hou die voordeel in dat die jeugdige wat op betreklik hoë ouderdom na die verbeteringskool verwys word, nog vir ŉ geruime tyd inrigtingsbehandeling kan ondergaan, en onderworpe kan wees aan tug en dissipline. (1)

Deur die verlengde periode van vakleerlingskap word so ŉ jeugdige ook in staat gestel om ŉ bedrewe vakman te word.

(1) Kyk bladsy 22-25 van hierdie tesis.

Hoewel die wysigende wette min invloed op die hoofwet uitgeoefen het, het hulle tog die opvoedkundige aspekte van die wet uitgebrei. Die vernaamste hiervan was die verandering van beheer wat tot gevolg gehad het dat die Minister van Onderwys die administrasie en beheer van Wet No. 25 van 1913 oorgeneem het.

## 10. Samevatting.

Uit die bespreking van die hoofwet en sy wysigende wette, word tot die gevolgtrekking gekom dat die gedeeltes handelende oor die kind, betrekking het op die misdadige kind, d.w.s. die jeugmisdadiger, sy beskerming en die metode van hervorming en heropvoeding.

Eerstens word 'n duidelike beeld daargestel wat bedoel word met die term „jeugdige", m.a.w. dit bepaal wie tot „kind" gereken kan word, en wie onderhewig is aan die metodes van rehabilitasie soos neergelê deur die hoofwet.

Tweedens word die soorte straf wat op die jeugmisdadiger toegepas word, gegee en ontleed en die aandag daarop gevestig dat die straf wat op die kind toegepas word, besig is om oor te gaan tot tug.

In die derde plek omskrywe die hoofwet die voogde of beskermers van die misdadige kind, en wat hulle verpligtinge teenoor so 'n kind is. Dit wys op die metode van beskerming en rehabilitasie wat die voog 'n kind verleen, en die verhouding tussen die twee.

Ook lê die wette die metodes neer wat gebruik word om die jeugmisdadiger te hervorm, waarvan die vernaamste gestigsverpleging en vakleerlingskap is.

Die beginsel van apartheid word vir die kind daargestel, wat vir die blanke sowel as die nie-blanke kind 'n nuwe bedeling beteken, omdat elkeen nou na sy eie aard opgevoed en hervorm kan word.

Die wysigende wette het min verandering aan die hoofwet as geheel aangebring, en die belangrikste verandering was die wetsbepalinge wat die vervanging van die beheer van die Minister van Justisie deur die Minister van Onderwys meegebring het, en die instelling van 'n stelsel van nasorg.

Kortliks, die kern van die wette bestaan uit die jeugmisdadiger, sy behandeling en hervorming. Vir hierdie tipe van kind is die wette van groot waarde, maar waar die hoofwet deurgaan of beskou word as 'n Kinderwet, besit dit ook ernstige leemtes. Dit neem egter nie weg dat dit as geheel op gesonde opvoedkundige en sielkundige grondslag berus nie. Dit besit bepalinge waardeur die kind in staat gestel word om deur middel van onderwys, beroepsopleiding, nasorg en arbeid, hervorm en voorberei word vir sy taak in die gemeenskap. Deur middel van die sielkundige oorwegings van die wette, word die kind wat tot misdaad verval het, nie tot dieselfde kategorie gereken as die volwasse misdadiger nie, en gevolglik maak hulle voorsiening dat hy anderssoortige behandeling ontvang wat tot sy heropvoeding en hervorming lei.

Die leemtes wat die wette egter inhou, is dat daar geen voorsiening gemaak word vir die beskerming van die normale kind teen mishandeling en uitbuiting nie. Hierdie soort kind het baie keer dieselfde beskerming nodig as wat aan die misdadige kind verleen word.

Ook maak die wette geen voorsiening vir die beskerming en versorging van die sorgbehoewende kind nie.

Om bogenoemde leemtes aan te vul, nl. die beskerming van die normale kind in die gemeenskap en buite die inrigting, en die versorging van die sorgbehoewende kind, deur middel van gestigsverpleging, is die Kinderbeskermingswet No. 25 van 1913, wat in die volgende hoofstuk bespreek en ontleed word, in die lewe geroep.

# Hoofstuk IV.

## DIE WET TER BESCHERMING VAN KINDEREN NO. 25 VAN 1913.

### 1. Inleiding.

Waar Wet No. 13 van 1911 hom hoofsaaklik tot die misdadige kind bepaal, word met hierdie wet die welsyn en beskerming van die normale sowel as die verwaarloosde kind, beoog. Dit maak kinderwelsyn 'n belangrike veld van maatskaplike werk, en help mee om die oortuiging in Suid-Afrika te laat posvat dat die kind van die hede die burger van die toekoms is. Hierdie verantwoordelikheid is aanvanklik deur die kerk gedra, soos reeds aangetoon in Hoofstuk II. Vanaf die vroegste jare van die volksplanting aan die Kaap, het die kerk die roeping gevoel om die verweesde en verwaarloosde kind te versorg. Die kerk was dus die voorloper van maatskaplike werk in Suid-Afrika.

Wet No. 25 van 1913 het egter saam met vorige wetgewing, gehelp dat die Staat meer belangstelling in die kind toon, en op diè wyse het hy in die voetspore van die kerk gevolg.

Deur die kerk se bemoeiing, en deur hierdie en vorige kinderwetgewing, is die kind in die 20ste eeu op die voorgrond gestel. Hierdie belangstelling in die kind deur die Staat sowel as die kerk, is aangehelp deur die opvoedkunde wat die kind bestudeer het, en ook deur die ontwikkeling van die kindersielkunde wat veral lig gewerp het op die besondere geestestruktuur en behoeftes van die kind. As gevolg van die aandag wat die kind in die eeu begin trek het, en die verdwyning van die eenvoudige sosiale toestande van vòòr Unie, waaronder die kind min beskerming vereis het, het dit nou in Suid-Afrika nodig geword om wetgewing

daar te stel om sorgbehoewendheid die hoof te bied, en ook om die normale kind teen die sosiale euwels te beskerm, wat steeds met die ekonomiese en sosiale ontwikkeling van die Unie aangegroei het. Om die rede is die wet gepasseer, en saam met die voorafgaande wet ten opsigte van die misdadige kind, is die kind in die Unie deur wetgewing beskerm. Hierdie wet het bygedra om sodanige beskerming op ŉ opvoedkundige grondslag te plaas. Nie alleen word die kind in die algemeen beskerm nie, maar die wet bevat metodes van hervorming en herstelling waardeur die sorgbehoewende kind weer op die regte spoor gebring word. Hierdie metodes sluit inrigtingsversorging sowel as nasorg in. Selfs die jong kind word deur die wet beskerm.

2. Stelling en Doel van die Wet.

Die wet is daargestel „tot voorziening voor de betere bescherming van kinderen". Dit is ŉ wysiging van vorige wetgewing insake nywerheidskole en ander inrigtings wat deur wetgewing opgerig is vir die ontvangs van kinders, en ŉ samevatting van die kinderwetgewing vòòr Unie, wat betrekking het op die beskerming van kinders. Dit bestaan uit 6 afdelings, nl:

(a) Die beskerming van die kind teen verwaarlosing en mishandeling, asook teen sekere misdrywe, en die metodes aangewend om die beskerming te bewerkstellig.

(b) Deel twee handel oor die beskerming van die „jong kind" en oor sekere metodes van beskerming.

(c) Hoofstuk 3 beskryf die oprigting en doel van die nywerheidskool en gesertifiseerde inrigtings, en die soort kind wat na hierdie inrigtings verwys word. Dit handel verder ook oor die metodes van beskikking van die nywerheidskoolkind en die verpligtinge wat die hof op die ouer of voog van so ŉ kind kon lê.

(d) Deel vier het te doen met maatreëls wat ŉ verbod plaas op die verskaffing van tabak en sterk drank aan die kind.

(e) Hoofstuk vyf bevat bepalings betreffende opvoerings deur kinders in die openbaar, en beveiliging van kinderverhore.

(f) Deel ses bestaan uit etlike gemengde bepalings wat betrekking het op die kind se verhoor en sy ouderdom.

Die wet dek feitlik die hele veld wat betref enige kind se beskerming teenoor die sosiale euwels van bedel, prostitusie, straathandel, sterk drank en rook, en maak ook voorsiening vir gestigsverpleging vir die sorgbehoewende kind. Dit maak egter nie melding van die beskerming en behandeling van die misdadige kind nie omdat die voorafgaande Wet No. 13 van 1911, alreeds vir hom voorsiening gemaak het. Dit is ŉ groot verbetering op laasgenoemde kinderwetgewing, want nie alleen dek dit die meeste aspekte van kindersorg nie, maar vir die eerste keer sedert die totstandkoming van die Unie, word die bestryding van maatskaplike toestande wat vir die normale ontwikkeling van die kind nadelig is, op ŉ wetlike basis geplaas. Weens sy uitgebreidheid, word dit beskou as die eerste nasionale wet in Suid-Afrika wat te doen het met die beskerming en versorging van die kind.

Die doel van die wet is dus eerstens om alle kinders teen sekere sosiale euwels en misdrywe te beskerm. Dit het nie slegs betrekking op die ouer normale kind nie, maar ook op die jong kind en die sorgbehoewende sowel as die misdadige kind. Die beskerming van die kind teen sosiale euwels is noodsaaklik, omdat hulle die broeiplekke van misdaad is, wat gewoonlik nie slegs die kind nie, maar ook die ouer insluit. As die kind ŉ misdaad begaan teenoor die regte van die indiwidu of die gemeenskap, en sulke regte nie eerbiedig nie, word hy as ŉ misdadiger beskou en sy daad word

bestempel as „jeugmisdaad". Laasgenoemde term sluit twee vereistes in, naamlik gedrag en ouderdom. Gedrag weer sluit in verwronge verwantskappe met die medemens sowel as wetsoortreding. Sosiale euwels gee nie net aanleiding tot misdadigheid nie, maar ook tot sorgbehoewendheid en verwaarlosing, en om die redes moet die kind beskerm word teen die euwels waarvan melding gemaak word.

2. Tweedens is die doel van die wet om na die sorgbehoewende kind om te sien. Waar die sosiale euwels misdaad tot gevolg het, is dit ook die oorsprong van sorgbehoewendheid, wat nou verwant is aan jeugmisdaad. Dit is dus noodsaaklik dat die wet metodes ter bestryding van sorgbehoewendheid daarstel.

3. In die derde plek word met die kinderwet die beskerming van die „jong kind" beoog. Daar is baie jong kinders wat nie onder die beskermende vleuels van ouers verkeer nie. Hulle is oorgelewer aan die genade van hul bewaarders, met niemand tot wie hulle die toevlug kan neem nie, en is in elk geval ook nie in staat om hul behoeftes bekend te maak nie. Sulke kinders verkeer in die gevaar dat hulle uitgebuit of mishandel of van hulle belange misbruik gemaak sal word. Ook hulle, nl. jong kinders, het dus wetlike beskerming nodig, en in die behoefte voorsien Wet No. 25 van 1913.

Die indeling van sorgbehoewendheid en jeugmisdaad is eerder ŉ verskil in graad as in tipe, omdat die kind wat ŉ stokkiesdraaier is, of wat onbeheerbaar is, reeds in die voorstadium van misdaad verkeer. Dit maak die skeidslyn tussen sorgbehoewendheid en jeugmisdadigheid smal en maklik oorbrugbaar. Van die sorgbehoewende en misdadige kind verklaar M.H. Neumeyer soos volg: „Between them no deep gulf exists. It is largely a matter of degree, merging into the abnormal by almost imperceptible shades. The extreme cases

emerge into the borderline ones and the border-line ones into the non-delinquents with no sudden transition". (1)

3. Die Kind.

Die Kinderwet van 1913 is daargestel om die kind te beskerm. Artikel 2 omskryf die term „kind" as enige persoon onder die ouderdom van sestien jaar. Met die wet het daar nog geen verandering ingetree i.v.m. die juridiese ouderdom van die kind nie. Dit bly nog onveranderd soos bepaal deur Artikel 2 van Wet No. 13 van 1911. Die gevolg is dat, alhoewel die Kinderwet die belange en beskerming van die kind voorstaan, enige kind ouer as sestien jaar, geen beskerming geniet het nie, maar beskou is as ŉ volwassene. ŉ Groot verbetering op die vorige wet egter, is dat hierdie wet ŉ kind jonger as sewe, in ŉ aparte kategorie plaas, en in deel II van die wet spesiale beskerming geniet. So ŉ kind word ŉ „jong kind" genoem.

Die term „jong kind" is kragtens Artikel 2, enige kind onder die leeftyd van sewe jaar. Die insluiting van die term „jong kind" in die Kinderwet, berus op gesonde sielkundige gronde, omdat die jong kind ŉ andersoortige beskerming nodig het as die ouer kind. Hy het groter behoefte aan beskerming as die ouer kind, en vereis ook spesiale metodes van beskerming en versorging. Om die besondere rede maak die wet spesiale voorsiening vir die jong kind, en word die term „jong kind" deur ŉ wetlike bepaling daargestel. Vorige kinderwetgewing besit geen bepalinge omtrent die jong kind nie, en maak ook geen voorsiening vir sy besondere metode van beskerming en versorging nie.

(1) Neumeyer: Juvenile Delinquency in Modern Society, 88.

4. Die Beskerming van die Kind in die algemeen.

Die wet maak voorsiening vir die beskerming van die kind teen die volgende toestande en misdrywe:

(a) Beskerming teen verwaarlosing en Mishandeling.

Artikel 3 bepaal dat enige persoon in wie se bewaring ŉ kind is, en wat die kind mishandel, verwaarloos, verlaat of wat toelaat dat hy mishandel word, of hom nie voorsien van genoegsame voedsel, kleding, voldoende mediese behandeling en doeltreffende behuising nie, wat tot gevolg het dat die kind liggaamlik en geestelik benadeel word, skuldig is aan ŉ misdryf.

Die persoon in wie se wettige bewaring ŉ kind is, kan sy ouer of voog wees. Die wet gee geen omskrywing van die term „ouer" nie, maar die gedagte van ouer word ingesluit in die term „voog", wat kragtens Artikel 2, soos volg omskrywe word: ŉ Voog is ŉ persoon wat die toesig en beheer oor die kind besit. Hierdie omskrywing van voog is so gestel dat dit ook die ouer van die kind insluit. Kragtens die artikel is die ouer of voog dan verantwoordelik vir die onderhoud van die kind, al is die kind nie in sy bewaring nie. Dit is die plig van die ouer, en hy kan homself nie daarvan onthef nie. Die onderhoud van ŉ kind deur sy vader is ŉ reg wat aan die kind verleen is, en hierdie reg kan nie vernietig word nie, al verwyder die moeder ook die kind uit die vader se bewaring, want die vader of manlike voog het die primêre verpligting.
Die doel van die artikel is om die kind te beskerm, en indien die manlike voog of vader verskoon word van die aanspreeklikheid om so ŉ kind te onderhou, weens ŉ dispuut tussen hom en die moeder aan wie die bewaring van die kind toekom, dan kan die gevolg wees dat die kind daaronder ly, en daarom is die wet daargestel om die belange van kind te beveilig. Die manlike voog kan homself nie

verontskuldig van sy verpligting omrede hy nie die kind in sy bewaring het nie. (1)

Die artikel berus dus op die gesonde opvoedkundige grondslag dat die mag van die ouer nie onbeperk is nie, soos die „patria potestas" in die regstelsel van die Romeinse Ryk van 700 V.C. (2) Die volle mag van die vader het bestaan slegs solank die kind nie mishandel word nie. As die kind tot ʼn sorgbehoewende toestand geraak weens nalatigheid van die ouer, word die ouerlike mag beperk deur die straf wat op die voog gelê word.

In die artikel is ook opgesluit die opvoedkundige beginsel van beskerming deur die ouer, m.a.w. die ouer se primêre verpligting teenoor die kind is sy onderhoud en beskerming. Met hierdie bepaling sluit die wet aan by die Bybelse beskouing dat die ouer verantwoordelik is vir die versorging en opvoeding van die kind. Volgens Hebreërs 12, verse 6 tot 10, besit die vader die reg om te tug, en Deuternòmium 21, vers 18 verklaar dat die ouer ʼn onhandelbare, hardkoppige seun voor die oudstes van die stad kan bring. Bogenoemde skriftuurplase bevestig die beginsel dat die kind in die eerste plek aan die ouer behoort, en gevolglik is die ouer in die eerste plek vir die onderwys en opvoeding van sy kind verantwoordelik. Die gesag wat die ouer oor die kind het, berus dus op die Woord van God. Die kind verkeer uit die aard van die saak onder die invloed daarvan as die ouerpaar op verstandige wyse met hom verkeer.

Die ouer word deur die wet verplig om die kind teen mishandeling en verwaarlosing te beskerm, en versuim hy sy plig in diè opsig, word hy gestraf. Hierdie artikel is dus van primêre belang vir die kind want deur handhawing daarvan word hy teen wreedheid en verwaarlosing beskerm.

(1) Van Reenen: Handbook on the Children's Act, 73.

(2) Jolowicz: Historical Introduction to the study of Roman Law, 118.

(b) Bedel.

Artikel 4 verklaar dat indien enige persoon ŉ kind in sy bewaring, of enige ander kind dwing of toelaat om te bedel, so ŉ daad tot ŉ misdryf gereken word. Bedel is ŉ maklike manier om geld onder verkeerde voorwendsels in die hande te kry. Die kind word deur hierdie gewoonte sedelik benadeel, want dit bevorder ŉ ongesonde afhanklikheid van ander mense by hom, en hy raak ook later sy selfrespek kwyt. Hierdie gewoonte stry meer ernstig teen die rehabilitasie van die kind en die familie dan selfs armoede. ŉ Ander groot gevaar van bedel is dat dit werkskuheid by die kind in die hand werk. Hy poog om op ŉ makliker manier sy brood te bekom, met die gevolg dat bedel die eerste stap tot diefstal is. Die artikel het as grondslag die voorkoming van misdaad, omdat die verbod op bedelary die kind vrywaar van die gevolge daarvan, die belangrikste waarvan diefstal en roof is.

(c) Straathandel.

Artikel 5 gee plaaslike owerhede die reg om straathandel deur die kind te verbied en onwettig te verklaar. Straathandel is ŉ nou verwante saak aan bedel, daar bedel dikwels onder die voorwendsel van straathandel geskied. Hierdie bepaling berus op ŉ prewentiewe grondslag wat munisipaliteite en ander plaaslike liggame dwing om aandag te gee aan die euwel van kinder-straathandel, deur regulasies op te stel wat kondisies vasstel aangaande deur wie, wanneer en waar straathandel kan plaasvind. Op die wyse word behoorlike toesig en kontrole van die kind ingestel, wat verhoed dat hy aan straathandel deelneem.

(d) Toestemming dat ŉ kind in ŉ bordeel gehou word.

Enige persoon wat ŉ kind tussen vier en sestien jaar oud, in sy bewaring het, en toelaat dat hy in ŉ bordeel gehuisves word, maak hom

aan ŉ misdryf skuldig, kragtens Artikel 6. Die beginsel opgesluit in die artikel, nl. die beskerming en die vrywaring van die kind teen onsedelike toestande, is reg, maar die wet besit die leemte dat dit slegs melding maak van ŉ kind, ouer as vier jaar. Dit maak dit moontlik vir ŉ moeder om haar kind wat jonger as vier jaar is, in so ŉ huis van ontug by haar te hou. Die maatreël sou doeltreffender gewees het indien die beginsel van beskerming waarop dit berus, ook die kind jonger as vier jaar, ingesluit het.

(d) Seduksie, ontvoering of prostituering van die meisiekind.

Artikel 7 bepaal dat indien enige persoon in wie se bewaring ŉ kind gestel is, bydra tot die seduksie, ontvoering of prostituering van so ŉ kind, skuldig is aan ŉ oortreding. Die voog moedig ook die meisiekind aan tot bogenoemde oortredings indien hy toelaat dat sy met ŉ prostituut of enige persoon van onsedelike karakter, assosieer of in sy of haar diens geneem word; gevolglik is die voog ook in die geval skuldig aan ŉ oortreding. Die artikel is dringend noodsaaklik vir die meisiekind omdat daar ŉ groot getal geestelik onvaste en verstandelik vertraagde meisies in die stede is, wat maklik prostitusie ten prooi val. Dan is daar die geldelike maatstaf waarmee alles in die stad gemeet word. Alles het sy prys (word gesê), en heel dikwels word die reinheid van die behoeftige dogter met geld gekoop.

Seduksie en ontvoering kan ook swangerskap tot gevolg hê, en vir ŉ meisie is buite-egtelike swangerskap baie keer die eerste stap in die rigting tot ŉ loopbaan van prostitusie. As die fabrieks- en soms ook die meisie wat van die platteland afkomstig is, haar in die toestand bevind, dan weet sy baie keer nie waar om finansiële en ander hulp te kry nie, en gee sy haar aan

prostitusie oor om op diè wyse die nodige geld vir die bevalling of ꞌn aborsie in die hande te kry. Volgens L. Freed, val die tweede-hoogste persentasie ongehude moeders in die ouderdomsgroep van 15 tot 19 jaar. (1) Dit kan dus met veiligheid aangeneem word dat daar ꞌn verwantskap bestaan tussen die vraagstuk van prostitusie en ongehude moederskap, en daarom is dit so noodsaaklik dat seduksie, ontvoering en prostitusie deur wetgewing bestry word.

(e) Die verskaffing van tabak (rookgoed) en sterk drank aan die kind.

Artikel 45 verbied die verkoop van enige rookgoed aan die kind, en Artikel 48 verklaar ook die verskaffing van sterk drank aan die kind as onwettig. Drank is veral vir die kind gevaarlik omdat hy nog onryp en onverantwoordelik is. Nog meer as by die volwassene, gee drankmisbruik by hom aanleiding tot anti-sosiale dade en die aftakeling van die persoonlikheidstruktuur. Die verbod op die verskaffing van alkoholiese drank aan die kind, is baie nodig omdat hy hom in ꞌn wêreld begeef waar drank op baie geleenthede bedien word, en wat op hom ꞌn sterk verleidende invloed kan uitoefen. Op die emosioneel-onrype kind kan die druk wat bewustelik of onbewustelik by sulke geleenthede op hom uitgeoefen word, te sterk word, en daarom is dit nodig om hom wetlik en andersins te beskerm, sodat hy nie in die gewoonte van drankmisbruik verval nie. Die dronkaard se kinders word onder uiters ongunstige emosionele omstandighede groot, en baie kinders in verbeteringskole is afkomstig uit huise waar drank misbruik word. Artikel 45 wat ꞌn verbod op rook by die kind daarstel, is ook sielkundig en fisies reg omdat oormatige rook liggaamlik nadelig is vir die groeiende kind, en baie keer aanleiding gee tot die rook van dagga wat liggaamlik en geestelik groot gevare vir hom inhou weens die

(1) Freed: Problem of European Prostitution in Johannesburg, 279.

nadelige uitwerking wat dit, net soos in die geval van drankmisbruik, het op sy liggaam, karakter en temperament. (1) Artikels 45 en 48 is dus prewentatiewe maatreëls wat op sielkundige en fisiologiese grondslae berus, naamlik dat rook sowel as drank, liggaamlik en geestelik vir die kind nadelig is. (2)

(f) <u>Opvoerings deur kinders in die openbaar.</u>

Artikel 52 het betrekking op opvoerings deur kinders in die openbaar. Geen kind jonger as veertien jaar word toegelaat om in opvoerings of tentoonstellings in die openbaar op te tree, tensy die persoon wat verantwoordelik is vir so 'n opvoering, in besit van 'n lisensie is nie.

'n Kind jonger as veertien, kan wel in die openbaar optree indien sy of haar ouer of voog nie geldelik by so 'n opvoering baat nie. Hierdie voorwaarde is bedoel om die kind in die geleentheid te stel om aan skoolkonserte deel te neem.

Die lisensie wat nodig is vir die kind om aan 'n openbare opvoering deel te neem, word deur die plaaslike magistraat uitgereik op voorwaarde dat:

(i) die kind liggaamlik sowel as geestelik in staat is om aan die opvoering deel te neem;

(ii) dat so 'n opvoering of tentoonstelling geen liggaamlike, geestelike of sedelike gevaar vir die kind inhou nie, en

(iii) dat die persoon wat aansoek doen om 'n opvoering te hou, doeltreffende reëlings tref vir die beveiliging van die gesondheid, opvoeding en goeie behandeling van al die kinders wat aan die opvoering deelneem.

(1) Kyk bladsye 25-38 van hierdie tesis.
(2) Kyk bladsye 39 en 43 van hierdie tesis.

Met bogenoemde uitgebreide maatreëls soos weergegee in Artikel 52, word gepoog om die kind teen die werkskuwe vader of voog te beskerm. Waar die gesin die aangewese plek is om die kind se kulturele grondslag te lê en te ontwikkel, en hom te versorg en te beskerm, word soms gevind dat die volwassenes van die gesin van die kind se verdienste afhanklik is. In so 'n huisgesin waar die kind die broodwinner is, ontbreek die diepere geestelike en kulturele ontwikkeling vir hom. Daar vind afstomping plaas want as gevolg van sy gebrekkige skoollewe en ongereelde huislike omstandighede, staan al sy aspirasies in verband met die verkryging en bevrediging van sy liggaamlike behoeftes, en die van sy onverantwoordelike ouers. Waar die kind aan opvoerings deelneem ten-einde 'n bestaan te maak, is daar weinig geleentheid vir hom om godsdienstig, sedelik of verstandelik te vorder. Deur hierdie wetsbepaling word juis getrag om die religieuse, etiese en psigologiese grondslae van die kind se opvoedkundige ontwikkeling te beveilig en daarop uit te brei. (1)

(g) Beveiliging van kindergehore.

Artikel 51 maak voorsiening dat by 'n kindervertoning van enige opvoering, daar genoeg volwasse persone teenwoordig moet wees om die veiligheid van die kinders te behartig. Die volwassenes se plig is om toe te sien dat so 'n gebou waarin die vertoning of opvoering gehou word, nie meer kinders bevat as wat raadsaam is nie. Die bepaling is slegs daargestel om die gesondheid van die kinders te beveilig, of om hulle nie onnodig aan gevaar bloot te stel in geval van 'n brand nie.

(1) Kyk bladsy 40, 43-44 van hierdie tesis.

## 5. Aanhouding van die kind in 'n plek van veiligheid.

Enige kind wat betrokke is by enige oortreding in die wet genoem, kan deur 'n polisiedienaar of enige persoon deur 'n magistraat daartoe gemagtig, na 'n plek van veiligheid geneem word, en daar aangehou word totdat so 'n kind voor die magistraat verskyn. Artikel 10 meld verder dat die Goewerneur-Generaal gemagtig is om plekke van veiligheid op te rig en te onderhou.

Wanneer 'n kind as gevolg van sekere lewensomstandighede soos in Artikel 3, 4, 7, 45 en 48 bepaal word, 'n oortreding begaan, word daar van owerheidsweë in die normale gang van so 'n kind se lewe ingegryp. Eerstens word hy na 'n plek van veiligheid gestuur kragtens Artikel 10. Hierdie plekke van veiligheid het as doel die veilige bewaring en beskerming van die kind totdat die magistraat 'n beslissing omtrent hom geneem het. Om 'n beslissing te bereik, neem soms heelwat tyd, want 'n deeglike ondersoek na die persoonlike geskiedenis en huislike omstandighede van die kind, is nodig alvorens die magistraat kan besluit wat die beste maatreëls vir sy versorging, opleiding en heropvoeding is. So 'n ondersoek verg soms heelwat tyd, en hoewel dit in sommige gevalle moontlik is om die kind by sy ouers of familielede te laat bly, is dit in die meeste gevalle nodig om hom uit sy huislike en maatskaplike omgewing te verwyder totdat die hof 'n finale besluit in verband met sy toekoms geneem het.

Die oprigting van plekke van veiligheid, soos bepaal deur Artikel 10, berus op 'n baie gesonde opvoedkundig-sosiologiese beginsel omdat dit eerstens die kind onmiddellik uit ongunstige huislike en sosiale omstandighede verwyder om te verhoed dat hy aan verdere verslegting blootgestel word. Tweedens bied dit die geleentheid om aan sy besondere behoeftes aandag te gee. In die plek van veiligheid ontvang hy die nodige mediese aandag

en word gesorg vir geskikte voedsel en kleding. Hoewel ʼn veiligheidsplek slegs as ʼn deurgangsplek beskou word, besit dit groot opvoedkundige en sielkundige waarde, omdat dit nou nie nodig is om ʼn kind in ʼn aanhoudingsel of die gevangenis aan te hou totdat sy verhoor afgehandel is nie. Die plek van veiligheid word vir die doel gebruik, en vrywaar hom van die stigma wat aan ʼn opsluitingsplek verbonde is, en waar die moontlikheid bestaan dat hy met persone van swak karakter in aanraking mag kom. Die plek van veiligheid bied hom die geleentheid om tydelik heeltemal met die verlede te breek, waar swak omstandighede en toestande ʼn verslegtende invloed op hom uitgeoefen het.

6. <u>Magte van die magistraat insake die kind</u>.

Die magistraat speel ʼn belangrike rol in die lewe van die kind omdat hy kragtens Artikel 11, op die volgende wyse kon beskik oor die kind wie se ouer of voog ongeskik vir sy verdere bewaring bevind word:

(a) Hy kan die kind wat nou as sorgbehoewend beskou word, uit die bewaring van ʼn ouer of voog neem en hom aan iemand anders toewys, totdat hy agtien jaar oud is, of vir ʼn korter tydperk.

(b) Die kind kan ook na ʼn nywerheidskool of ʼn gesertifiseerde inrigting gestuur word.

(c) Al word die ouer onthef van sy ouerlike mag, is hy nogtans kragtens Artikel 12(a), verplig om tot sy onderhoud by te dra.

Die doel van die wet is om die belange van die kind te beskerm, en daarom is dit nodig om hom met die regte van die ouer te bemoei. Die artikel gee die hof die reg om die ouer sy vaderlike mag te ontneem en aan iemand anders te gee, of dit aan die staat oor te handig deur die kind na ʼn nywerheidskool of ʼn gesertifiseerde inrigting te stuur. So ʼn ontsetting van die vader of voog uit sy vaderlike mag, kan kragtens Artikel 11(1)

slegs gedoen word as die vader of voog skuldig bevind is van mishandeling van so ŉ kind, of as daar ŉ aanklag teen hom is in diè voeë. In die gevalle word die kind dan as ŉ sorgbehoewende beskou, en moet die Staat optree.

(d) Kragtens Artikel 15 kan die magistraat ook die ouer of voog van ŉ kind verplig om die boete wat deur die hof op ŉ kind onder die ouderdom van veertien jaar, opgelê is, te betaal, of om vergoeding te betaal vir die skade wat deur hom aangerig is. Die beginsel wat in hierdie bepaling betrokke is, lê klem op die verantwoordelikheid van ŉ ouer of voog vir die misdade van sy kind. Die beginsel is slegs tot ŉ beperkte mate opvoedkundig want dit laat optrede teen die kind buite rekening.

Dit gaan uit van die veronderstelling dat die kind in die moeilikheid gekom het weens die ouer se nalatigheid en ontoereikende toesig, en gevolglik hou die wet die ouer aanspreeklik vir sy kind se wandaad. Die saak behoort logies benader te word om sodoende die kind doeltreffende behandeling te laat ondergaan.

ŉ Boete word opgelê slegs waar dit ŉ toepaslike straf vir die kind se oortreding is; as die oortreding uitsluitlik aan ouerlike versuim te wyte is, moet die kind as sorgbehoewende, en nie deur middel van ŉ kriminele prosedure behandel word nie. As die oortreding van so ŉ ernstige aard is dat ŉ ander straf toepaslik sou wees, dan sou dit getuig van ŉ groter mate van ouerlike versuim, en kan dus nie behoorlik deur ŉ boete gestraf word nie.

Nietemin sit daar waarde in die beginsel van vergoeding, want as ŉ derde party benadeel word as gevolg van die kind se daad, is dit ŉ kriminele oortreding, en indien sodanige oortreding direk aan die ouerlike versuim of nalatigheid te wyte is, is dit regverdig en billik dat die ouer verplig word om die benadeelde persoon te kompenseer.

Samevattend kan verklaar word dat die magte wat 'n magistraat besit ten opsigte van die verwysing van die sorgbehoewende kind, op opvoedkundig-sosiologiese, sowel as psigologiese en etiese grondslae berus. (1) Eerstens word die kind, deur die inkorting van die ouerlike mag, en die toesegging van die kind aan 'n ander voog, verwyder uit ongunstige omstandighede waar sy lewenstoestande bygedra het tot sy sorgbehoewendheid, en hy word in gesonder en beter toestande geplaas wat sy opvoeding, asook sy sedelike hervorming weldadig beïnvloed. Tweedens, deur die toewysing van die kind na 'n nywerheidskool, word so 'n kind in staat gestel om onderwys te geniet onder omstandighede waar skoolversuim uitgeskakel is, en kry hy die geleentheid om 'n ambag aan te leer wat hy later kan aanwend om 'n bestaan te maak. Sy opvoeding in die inrigting sluit gewenning aan dissipline, ordelikheid en netheid in, wat hom tot groot voordeel kan wees in sy verhouding tot die gemeenskap.

## 7. Beskerming van die kind se Godsdiens.

Artikel 13 bepaal dat getrag sal word om die kind in die bewaring te plaas van 'n persoon wat dieselfde godsdiens beoefen as die van die kind. Die artikel dien dus as waarborg dat hy „opgebracht zal worden overeenkomstig zyn eigen godsdienstig geloof", want in die bevelskrif van toewysing word die kind se godsdienstige geloof duidelik uiteengesit.

Deur sy ken- en strewingsvermoë, verstand, rede en wil, reik die mens na hoër dinge as die sinlike. Hy het ook 'n besef van die onsienlike, geestelike en ewige dinge wat hom innerlik aan sy hoëre bestemming verbind en die religieuse aanleg in hom bewaar. Hierdie aanleg is daaraan te danke dat God hom nie onbetuig laat nie, maar Hy openbaar

(1) Kyk bladsye 40 & 43 van hierdie tesis.

Hom gedurig in en aan die mens. Deur die Woord verlig Hy iedere mens wat gebore word.

Nieteenstaande hy in die sonde verval het, bly die mens ŉ godsdienstig-sedelike wese. So verklaar H. Bavinck as volg: „Dat de mensch ook in zyn gevallen, zondigen toestand een redelyk godsdienstig en zedelyk wezen blyft, word bewezen door heel de geschiedenis van het menschelyk geslacht. Het voortbestaan der menscheid als menscheid legt er voortdurend, van geslacht tot geslacht, getuigenis van af, want zonder deze wezenlyke trekken der menschelyke natuur zou de menscheid ophouden te zyn, wat ze in onderscheid van het dierenryk is". (1)

Volgens die kind se natuur is dit ŉ erflike opvoedingsreg wat hom nie ontneem mag word nie, en waar die sorgbehoewende kind en die jeugmisdadiger, wat die godsdiens betref, minderbevoorregtes is weens hulle huislike omstandighede en hulle losse leefwyse, is die insluiting van hulle godsdiens in die wet deur Artikel 13, vir hulle van die hoogste waarde omdat dit deur die wetlike bepaling daadwerklik kan bydra tot hulle godsdienstige en sedelike vorming en ontwikkeling. Deur sy godsdiens leer die kind die absolute norme ken waarna hy sy lewe moet inrig. Hierdie norme geld nie alleen sy verhouding tot God nie, maar ook tot sy medemens. (2) As die jeugmisdadiger hierdie norme eerbiedig, dan is sy rehabilitasie as't ware voltooi. Die kind se godsdiens leer hom ook deur middel van die Bybel hoe sy omgang en sy verhoudinge teenoor sy medemens moet wees, m.a.w. dit is die bron vir die bepaling van sy sosiale lewe.

(1) Bavinck: Bybelsche en Religieuse Psychologie, 195.

(2) Bingle en Coetzee: Beginsels en Metodes van die Laer Onderwys, 52.

Die wetsbepaling rus op die religieuse grondslag van die kind se ontwikkeling, (1) en die toepassing daarvan skep nog ŉ metode van hervorming wat op die sorgbehoewende kind toegepas kan word.

8. <u>Handhawing van die ouerreg om tug op die kind uit te oefen.</u>

Artikel 19 verklaar dat die wet nie die ouer, onderwyser of enige persoon wat wettig die beheer of toesig oor ŉ kind voer, die reg ontneem om straf op so ŉ kind toe te dien nie; met ander woorde, dit eerbiedig die ouerlike reg om straf op so ŉ kind toe te pas. Dit handhaaf die huislike sowel as die skooltug. Baie dikwels kom die kind op wie die wet betrekking het, uit die minder-gegoede en verwaarloosde huis. Die ouer, net soos die kind wat as sorgbehoewend beskou word, is ŉ ongebonde persoonlikheid wat geen waardebesef van die materiële sowel as geestelike dinge het nie. Die huislike opvoeding is van so ŉ aard dat die kind geen gesag erken nie. As gevolg van swak huislike omstandighede en ander oorsake, soos die wangedrag van die kind, bestaan daar soms geen gesag nie, of is die ouer se gesag aan die kwyn. Nietemin is dit verkeerd om hom van die vaderlike tug, wat van Godsweë op hom geplaas is, te onthou. Daarom is die artikel van opvoedkundige waarde vir die kind, want dit is noodsaaklik dat hy hom aan gesag en tug onderwerp, omdat waar gesag in die huis ontbreek, word daar ook nie gesag na buite gedra nie. (2) As die huisgesin sedelik en geestelik gesond is, en die nodige ouerliefde bestaan, het tug in die vorm van liggaamstraf, alle reg van bestaan.

(1) Kyk bladsy 44 van hierdie tesis.
(2) T.O. Onderwysblad (1/5/57): C.J. Potgieter - Tug en Dissipline, 71.

Wat die onderwyser betref, is dit sy plig om te bou op die opvoeding en dissipline wat die kind tuis gekry het; huis en skool mag mekaar nie afbreek nie. Dit is reg dat die artikel die reg aan liggaamstraf vir die onderwyser nie ontsê nie, omdat as opgeleide opvoedkundige, hy met beter oordeel liggaamstraf kan toedien as die sedelike swak vader en moeder wat die reg daartoe besit. Die artikel berus dus op 'n opvoedkundig gesonde grondslag waar dit die deeglik opgeleide onderwyser met die nodige kennis van sielkunde en opvoedkunde, die reg gee om in liefde te mag straf.

Volgens die wetsbepaling het onderwyser en ouer hier dieselfde reg, maar ouer sowel as onderwyser, het ewe min reg om Artikel 19 te misbruik. As die reg van liggaamlike straf deur die verstandige vader en die besadigde onderwyser op 'n spaarsame wyse, en in liefde toegepas word, is dit noodsaaklik en gewens vir die kind, omdat hierdie vorm van uiterlike dissipline kan lei tot innerlike dissipline.

9. <u>Mediese toesig van die kind.</u>

Artikel 16 bepaal dat 'n plaaslike owerheid geregtig is om 'n mediese beampte te gelas om enige kind binne sy jurisdiksie, te ondersoek, en indien die kind „in eene vuile of viese toestand is, of de bron is van een aansteeklike ziekte", kan die plaaslike gesag die ouer of voog gelas om so 'n kind en sy klere binne 24 uur na kennisgewing, te reinig en in die verbeterde toestand te hou. Die bepaling berus op 'n voorkomende en fisiologiese grondslag (1) wat daargestel is met die oog op die kind se gesondheid en dié van die lede van die gemeenskap met wie hy in aanraking kom. Dit dien as 'n voorkomende maatreël teen siekte en onsindelikheid. Artikel 16 is noodsaaklik

(1) Kyk bladsy 39 van hierdie tesis.

omdat die vuil kind baie keer aan ŉ minderwaardigheidsgevoel ly. Hy moet die bespotting van sy makkers verduur. Vuilheid lei tot belangeloosheid wat weer agterlikheid op skool tot gevolg het. Die gevolg hiervan weer is stokkiesdraai wat baie keer die begin van ŉ misdadige lewe beteken. As die ouer sy plig versaak in verband met die gesondheid en reinheid van sy kind, is dit die plig van die owerheid om aandag daaraan te skenk, en om diè rede is die wetsbepaling nodig. Reinheid is bevorderlik vir die gesondheid van die kind, en ŉ gesonde kind wat behoorlik gevoed, gekleed en gehuisves is, is ŉ bate vir die samelewing en vir die hele volk. ŉ Gesonde kind verval nie so geredelik tot sosiale kwaad, as die ongesonde kind nie. (1)

Al bogenoemde bepalings het weens die beginsels waarop hulle berus (2), ŉ belangrike bydrae gelewer tot die beskerming van die kind se gesondheid, sy sedes en godsdiens, sy algemene beveiliging en die voorkoming van mishandeling, verleiding en verwaarlosing van so ŉ kind, wat soms ook as ŉ potensiële sorgbehoewende en jeugmisdadiger beskou moet word.

Die wet sluit ook die versorging en beskerming van die jong kind in, waarvoor daar in die voorafgaande kinderwetgewing, nl. Wet No. 13 van 1911, geen voorsiening gemaak word nie. Die leemte word nou aangevul deur Deel II van die Kinderwet.

## 10. Die Beskerming van die jong Kind.

In Artikel 2 word die term jong kind omskrywe as enige persoon onder die ouderdom van sewe jaar. Hierdie term word deur Artikel 22(8)

(1) Coetzee: Inleiding tot Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 216.

(2) Kyk bladsy 37-44 van hierdie tesis.

van die wet nou verander of liewer uitgebrei tot die term beskermde jong kind , wat omskrywe kan word as enige jong kind waarop deel 2 van die wet betrekking het.

Dit is noodsaaklik dat die jong kind beskerm word, aangesien so baie euwels soos armoede, kinderverwaarlosing en -mishandeling en dronkenskap hom direk beïnvloed. Die jong kind is so ŉ afhanklike wese dat dit van groot belang vir hom is dat hy versorging in alle opsigte geniet, anders kan hy liggaamlik sowel as geestelik, groot skade berokken word. Hy is na sy wese op ander mense aangelê, wat hom die nodige gevoel van veiligheid en beskerming moet gee. Ontbreek die veiligheid en beskerming, dan ontstaan daar by hom ŉ gevoel van angs en vrees wat vir hom ŉ bron van lyding kan wees.

(a) Kennisgewing insake die ontvangs van ŉ jong kind.

Artikel 22(1) verklaar dat as ŉ persoon ŉ jong kind wat van sy ouers geskei word, vir ŉ tydperk langer as 3 dae, aanhou of ontvang met die doel om hom te onderhou of op te pas, die persoon binne 48 uur die magistraat van die distrik hiervan in kennis moet stel, of binne 7 dae as so ŉ aanhouding buite die munisipale gebied val. Hierdie bepaling berus op geen opvoedkundige grondslae nie, maar is bloot ŉ beskermende en voorkomende maatreël, en is beïnvloed deur die berugte stelsel van „baby-farming" in Engeland gedurende die 19de eeu. Die ongewenste en meestal buite-egtelike jong kind is aan iemand anders afgestaan wat een ŉ vergoeding vir hom sorg. ŉ Komitee wat in 1871 op die euwel ingegaan het, het soos volg gerapporteer: „Improper and insufficient food, opiates, drugs, crowded rooms, bad air, want of cleanliness, and wilful neglect are sure to be followed in a few months by diarrhoea, convulsions and wasting away". (1)

(1) Encyclopaedia Britannica: Vol. XIII, 4.

Die sterftesyfer onder die jong kinders wat op die stelsel uitbestee is, was onrusbarend hoog. Om sulke toestande in Suid-Afrika te voorkom, is daar sekere bepalinge wat Artikel 22 insluit, in hierdie wet neergelê wat uitsluitlik oor die beskerming en versorging van die jong kind handel.

Die artikel is daargestel eerstens met die doel om die jong kind te beskerm teen omstandighede wat vir sy gesondheid nadelig mag wees, en moontlik sy lewe in gevaar stel. Die bepaling dat die persoon wat die jong kind in ontvangs neem, die magistraat of veldkornet in kennis moet stel, besit die voordeel dat dit die magistraat wat van owerheidsweë as beskermer van die kind optree, in staat stel om sy lewensomstandighede deeglik na te gaan en enige ongereeldheid wat betref sy gesondheid en veiligheid, te bekamp. Dit is belangrik dat die magistraat weet in wie se sorg die jong kind hom bevind, en om dit moontlik te maak om vas te stel of hy wel onder bevredigende omstandighede versorg word, moet die persoon wat kragtens Artikel 22(1), die magistraat in kennis stel van die kind se plek van verblyf, ook nog, kragtens Artikel 22(2), die volgende besonderhede verstrek: Sy naam en adres, en ook diè van die jong kind se ouers; die beloning, indien enige, wat hy ontvang vir sy onderhoud, en indien die kind onwettig is, die naam en adres van sy moeder. Die kennisgewing moet ook besonderhede gee insake die kind se voornaam, ouderdom en geslag.

Bogenoemde besonderhede verskaf addisionele beskerming en verhoed dat daar omruiling geskied. Met al die gegewens tot die magistraat se beskikking, is dit vir hom moontlik om die verlede van die jong kind se pleegouers na te gaan, en vas te stel of die persoon in wie se bewaring hy is, sedelik en andersins, geskik is om hom in sy bewaring te hê.

Artikel 22(3&4) vereis verder dat indien ŉ jong kind in nuwe bewaring gestel word, of indien die bewaarder sy adres verander, die magistraat hiervan in kennis gestel moet word. Die artikel verhoed dat die bewaarder verdwyn en die kind saam met hom neem. Die prosedure soos aangegee in Artikel 22, is noodsaaklik omdat dit die kind beskerm teen die slegte toestande en nadele van ondervoeding, swak huisvesting, mishandeling, verwaarlosing en ander euwels. Onder gereelde en deeglike toesig van die magistraat, moet hy onder gesonde toestande versorg word, anders word ŉ ander pleegouer vir hom gesoek. Tweedens is die artikel ook ŉ voorkomende maatreël, want dit verhoed dat ernstige leed die kind toegedien word, en dit verhoed verder dat sy lewe in gevaar gestel word, omdat so ŉ persoon in wie se bewaring hy verkeer, verantwoordelik aan die magistraat is ten opsigte van sy verblyfplek. Dit is dus nie baie moontlik om die kind te laat verdwyn of hom enige mishandeling of verwaarlosing te laat ondergaan sonder dat die magistraat op een of ander tyd bewus van so ŉ toestand sal word nie. Dus, hoewel die maatreël hoofsaaklik beskermend en voorkomend optree, is dit ook opvoedend daar dit toesien dat die jong kind se goeie gesondheid in stand gehou word, en dat hy ook andersins deeglik versorg word.

(b) <u>Pligte en magte van die Magistraat.</u>

Artikel 23 lê sekere pligte van die magistraat neer ten opsigte van die jong kind, asook sy magte wat aan hom toegesê word om die lewe van die jong kind te beskerm. Wat betref sy pligte, lê die artikel neer dat die magistraat periodiek navraag moet doen na persone in sy distrik wat beskermde jong kinders in hulle bewaring het. Die bepaling is aanvullend by Artikel 22(1), en berus ook op dieselfde beginsels,

naamlik beskerming en voorkoming. Volgens die wetsbepaling, moet die magistraat, as beskermer van die jong kind, bygestaan word deur ŉ amptenaar van die Departement van Justisie, of iemand anders daartoe gemagtig. Dit is ŉ opvoedkundig gesonde maatreël, want met die addisionele toesig wat deur die bepaling daargestel word, kan die goeie lewensomstandighede wat deur die wet vir die kind vereis word, beter gehandhaaf word. Weens die magistraat se veelvuldige pligte, bestaan die moontlikheid dat sy toesig oor die jong kind kan verslap, en daarom is die addisionele toesighulp, kragtens Artikel 23, tot groot voordeel vir die kind.

Artikel 23 bepaal ook die magte van die magistraat. So kan hy:

(i) Die verwydering van die jong kind gelas, en hom in die bewaring van ŉ ander geskikte persoon plaas indien hy van oordeel is dat so ŉ verwydering die kind tot voordeel strek.

(ii) Hy kan die kind na ŉ inrigting laat verwyder, of

(iii) in dringende gevalle, hom in ŉ plek van veiligheid plaas totdat ander geskikte reëlings vir hom getref kan word.

(iv) Die magistraat mag ook die kind aan sy ouers oorhandig indien hulle binne ŉ tydperk van drie dae doeltreffende voorsiening vir sy versorging en beveiliging kan maak.

Die magte wat die magistraat besit wat betref die verwysing van die jong kind, is van uitgebreide aard, en is opvoedkundig sowel as beskermend. Daar word voorsiening gemaak vir inrigtingsversorging indien dit wenslik geag word, en ook vir nie-inrigtingsversorging. Goeie huislike versorging is vir die jong kind ŉ vormende krag van liggaam en later ook van gees, en geen kind moet, behalwe om noodgedwonge redes, daarvan beroof word nie. As die bewaarder die jong kind met liefde en belangstelling versorg, is dit die beste oplossing van sy probleem.

Die magistraat het ook die reg om inrigtingsbehandeling vir die jong kind te gelas. Hoewel die inrigting nie die plek van die goeie huis kan inneem nie, maak dit doeltreffender toesig moontlik as wat die geval sou wees indien die kind vèr en moeilik bereikbaar is. So ŉ inrigting behoort òf aan die staat òf aan ŉ private liggaam, maar gewoonlik aan die kerk. Die inrigtingskind is minder blootgestel aan die moontlikheid van verwaarlosing, mishandeling en ondervoeding, omdat dit gewoonlik beheer word deur òf die staat òf die kerk - liggame wat die waarde van kinderpersoonlikheid besef. As die inrigting klein is, kan hy ook die nodige indiwiduele behandeling ontvang wat so belangrik is vir die hulpelose kindjie. In elk geval, ŉ doeltreffende inrigting is verkieslik bo ŉ swak pleegouer.

Die artikel maak voorsiening dat die vaderlike reg op die kind nie heeltemal uitgeskakel word nie. So kan die ouers weer beheer oor die kindjie verkry mits hulle binne drie dae doeltreffende voorsiening vir sy ontvangs en versorging maak. Die magistraat het dus die mag om die vaderlike reg te herstel. Die ontsetting van ŉ vader uit sy vaderlike mag kan in sekere omstandighede geskied, bv. in gevalle van verlating of gereelde mishandeling en verwaarlosing van sy kind, of sy weiering om hom te onderhou en te versorg. As die jong kind se ouerlike toestande egter verbeter, kan die hof, kragtens bogenoemde wetsbepaling, die ouer weer in sy vaderlike regte herstel. En eindelik kan die magistraat in dringende gevalle, die jong kind na ŉ plek van veiligheid stuur nadat hy hom van sy ongeskikte bewaarder weggeneem het. Die maatreël hou die opvoedkundige beginsel in dat daar tydsaam doeltreffende reëlings vir die jong kind se toekoms getref kan word. Dit gee die magistraat genoeg tyd om op die hele saak in te gaan, en deeglik na te gaan of die kind inrigtingsversorging nodig het,

in die bewaring van iemand gestel moet word, of aan sy ouers terug gegee moet word.

Hierdie verskeidenheid van magte wat die magistraat besit, berus dus op baie gesonde beginsels, omdat dit hom in die posisie stel om die nodige beskermende metodes aan te wend vir die jong kind se beveiliging en gesondheid in die goeie huisgesin of inrigting waar die kind ook die elementêre beginsels van huislike opvoeding kan aankweek.

(c) <u>Toesig oor die beskermde jong kind</u>.

Behalwe bogenoemde juridiese magte wat die magistraat insake die uitbesteding van die jong kind het, maak Artikel 24 voorsiening vir sekere toesigspligte wat aan die magistraat en veldkornet opgelê word. Genoemde artikel verklaar dat enige veldkornet die reg het om besoek af te lê by die jong kind in sy distrik, en hom te ondersoek, asook die plek waarin hy gehuisves word. Na so 'n ondersoek moet hy aan die magistraat verslag doen van sy bevindinge. Die wetsbepaling is gemaak ter beveiliging van die kind op die platteland, wat in sommige gevalle op so 'n geïsoleerde plek in bewaring gehou word, dat dit vir die magistraat moeilik is om sy gereelde pligte te onderbreek deur die kind periodiek te besoek. Dit het tot gevolg dat ook die kind in die ylbewoonde dele van die land die beskermende mag van die reg geniet. Die veldkornet neem hier die plek van die magistraat in as beskermer van die jong kind. Die wet beskou die toesig van die veldkornet as voldoende, omdat die kind op die platteland minder onderhewig aan verwaarlosing sal wees, want die plattelandse gemeenskap is gewoonlik bekend met die kind en sy bewaarder, met die gevolg dat die openbare mening op die platteland sterker gekant is teen verwaarlosing en mishandeling. Op die platteland is die kanse vir die jong kind om 'n familielid

as bewaarder te hê, ook gunstiger as in die stad, gevolglik waarborg dit hom teen mishandeling. Die bewaarder wat op die platteland gekry word, is in die meeste gevalle tradisie- en godsdiensbewus, en handhaaf die gesonde sedelike peil van die plattelandse bewoner. Al hierdie karaktervolle eienskappe wat die persoon op die platteland eerbiedig en besit, dra by om die jong kind wat daar in bewaring gehou word, beter beskerming te besorg as die stadskind waar laasgenoemde onbekend is, en die samelewing as geheel nie die nodige belangstelling in hom toon nie. Terwyl dit vir die stadskind nodig is dat toesig oor sy beveiliging en beskerming deur die magistraat self waargeneem word, word van die standpunt uitgegaan dat die veldkornet se toesig oor die jong plattelandse kind voldoende is om hom doeltreffend te beskerm.

Waar die toesig van die stadskind veeleisender is as diè van die jong kind op die platteland, gee Artikel 24 die magistraat die mag om ander persone aan te stel om hom met die taak behulpsaam te wees. So kan hy kragtens Artikel 24(2), die volgende persone aanstel:

(i) Persone van beide geslagte, wat hulle vrywillige dienste aanbied om op te tree as kinderbeskermingsbesoekers, om hom behulpsaam te wees in die uitvoering van sy pligte ten opsigte van die jong kind in sy distrik.

(ii) Die magistraat kan ook kragtens Artikel 24(3), ʼn geregsdienaar gelas om saam met enige van bogenoemde aangestelde persone, die jong kind te besoek en te ondersoek, asook die gebou waarin hy gehuisves word, teneinde die behoorlike onderhoud en behandeling van so ʼn kind te verseker.

(iii) Artikel 24(4) magtig die magistraat om ʼn beskermde jong kind in sy distrik medies te laat ondersoek deur die distriksgeneesheer of enige ander bevoegde mediese praktisyn.

Die artikel in geheel, berus op die voorkomend-beskermende, sosiologiese en fisiologiese beginsels wat by kinderopvoeding ŉ vereiste is. (1) Dit is voorkomend-beskermend daar dit aanvullend is by Artikel 23 wat die pligte en magte van die magistraat neerlê, ten einde die jong kind te beskerm en te beveilig. Dit bied vermeerderde beskerming deur die addisionele toesig oor die kind deur die persone soos beskryf in genoemde wetsbepaling. Hierdie addisionele toesig is ŉ middel om verwaarlosing en mishandeling tot die minimum te beperk. Dit is dus voorkomend sowel as beskermend. Deur die bykomstige toesig word die beskerming meer metodies omdat ook vroue, kragtens die wetsbepaling, die magistraat in die opsig kan bystaan. Die toetreding van vroue tot toesigwerk het ŉ verbetering in sy behandeling en opvoeding meegebring, aangesien die vrou as moeder, beter as enigiemand anders weet wat vir die jong kind se versorging en gesondheid bevorderlik is.

Die wetsbepaling berus ook op ŉ sosiologiese grondslag. Die artikel magtig die magistraat om die hulp van ander persone, manlik sowel as vroulik, te gebruik om te help met die toesig van die jong kind. Die taak en plig van die manne en vroue is om om te sien na sy gesondheid, huislike omstandighede, reinheid, goeie versorging en algemene opvoeding. Hulle ondersoek dus die sosiale toestande waaronder hy leef. Uit die vrywillige dienste wat die manne en vroue ten opsigte van die kind gelewer het, is die gedagte van die kindersorgvereniging gebore. Die hoofdoel van die vrywillige werkers was om te waak teen die gevare wat die kinderlewe bedreig, en om middels

(1) Kyk bladsye 39 en 41 van hierdie tesis.

daar te stel om die normale ontwikkeling van die beskermde jong kind te bevorder. Hulle het dus toesig oor laasgenoemde gehou. Die hoofdoel van die taak van die persone is ook die hoofdoel van vandag se kindersorgvereniging, hoewel laasgenoemde se pligte baie meer omvattend is.

Die fisiologiese grondslag van die wetsbepaling stel die magistraat in staat om die beskermde jong kind medies te laat ondersoek. Hier word aandag gegee aan sy gesondheid, reinheid en die higiëniese toestande waaronder die kind verkeer. Deeglike en gereelde mediese ondersoek speel 'n belangrike rol in sy liggaamlike en geestelike opvoeding. Dit verhoed dat hy aan ondervoeding ly wat tot gevolg het dat hy maklik allerhande siektes ten prooi val. Dit gee aandag aan die regte en genoegsame voeding, warm bedekking en huisvesting met genoeg vars lug, skoon kleding en beddegoed. Al hierdie dinge maak van die kind 'n gelukkige wese, en dra by dat hy gesond opgroei.

(d) Addisionele wetsbepalings ter beskerming van die jong kind.

(i) Die aantal jong kinders in een gebou gehuisves: Artikel 25 bepaal dat die magistraat van die distrik die aantal jong kinders wat gehuisves word in die gebou waarin die beskermde jong kind in bewaring gehou word, kan vasstel of beperk. Die wetsbepaling is daargestel om te verhoed dat oorbevolking van so 'n huis plaasvind. Dit is 'n gesonde beskermingsmaatreël, daar oorbewoning skadelike gevolge vir die beskermde jong kind meebring. Dit ontneem hom die nodige rus en stilte, en as hy lid is van 'n groot kindergemeenskap, kan hy nie die indiwiduele aandag ontvang wat vir sy gesondheid bevorderlik is nie. Oorbevolking van 'n huis is die vyand van

sindelikheid, reinheid en vars lug, almal dinge wat vir sy gesondheid noodsaaklik is. Die doel van hierdie bepaling is dus fisiologies-sosiologies van aard want dit is daargestel om sosiale wantoestande uit die weg te ruim, en die kind se gesondheid te beskerm.

(ii) Kraaminrigting: Artikel 27 bepaal dat die bestuurder van ŉ kraaminrigting nie mag toelaat dat ŉ jong kind wat in die inrigting gebore is, verwyder word sonder die geskrewe toestemming van die magistraat nie, tensy die verwydering deur die kind se moeder gedoen word.

Die artikel het ten doel die beveiliging van die pasgebore kindjie, om te verhoed dat hy verkoop of onwettiglik uit die inrigting geneem word, en sy lewe sodoende in gevaar gestel word. As addisionele veiligheidsmaatreël, vereis die artikel dat die persoon in beheer van die kraaminrigting ŉ register aanhou waarin daagliks alle besonderhede insake geboortes en sterftes aangeteken word. So ŉ register is ter insae van die magistraat of enige ander persoon deur hom gemagtig.

(iii) Verbod op die versekering van die jong kind se lewe: Artikel 29 verklaar dit tot ŉ oortreding as enige persoon ŉ versekering sluit op die lewe van ŉ beskermde jong kind, behalwe as dit gesluit word ingevolge die bepalinge van Artikel 23 van die „Liefdadigheidsgenootschappen Wet" van 1892. Omdat die versekering van die kind se lewe iemand anders kan baat as die kind te sterwe kom, is dit raadsaam geag om die artikel in die wet op te neem om te verhoed dat die persoon wat deur die kind se dood begunstig kan word, sy hand aan die kind se lewe sal slaan.

(e) Bevoegdhede van voog van beskermde jong kind.

Artikel 32 verklaar dat enige persoon wat 'n beskermde jong kind gratis in sy bewaring hou, 'n sertifikaat van vrystelling van die bepalings soos bevat in Artikel 24, moet besit. So 'n sertifikaat van vrystelling word uitgereik op grond van die voog se karakter, sy omstandighede en sy „bona fides", m.a.w. sy goeie en eerlike bedoelings en opregtheid. Al hierdie eienskappe wat die voog moet besit, is van groot belang vir die kind se opvoeding. Dit is nodig dat sy voog van goeie karakter is, en 'n hoë sedelike peil handhaaf, en dat hy die nodige simpatie teenoor die kind betoon in omstandighede wat vir sy groei en ontwikkeling bevorderlik is. Hierdie dinge het groot invloed op die jong kind se persoonlikheid, wat gebou word op grond van die hele proses van opvoeding en leer (1).
Die jong kind leer onder die invloed van sy omgewing dat sekere gedragswyses goed- en ander afgekeur word. Deur die invloed en belangstelling wat die bewaarder (en ook die gemeenskap) op hom uitoefen, word die sosiale trekke soos geselligheid, hulpvaardigheid, vriendskap, liefde en eerlikheid, by hom aangewakker, en is dit ook die voorstadium van sy religieuse ontwikkeling. Die invloed en mag van die liefdevolle, karaktervaste en godsdienstige voog, is van die grootste opvoedkundige betekenis vir hom omdat die opvoeding wat hy van so 'n bewaarder ontvang, hom onder die genade van God tot 'n kind van God maak. (2)

Addisionele beveiliging vir die kind word voorsien deur Artikel 26 wat verbied dat 'n beskermde jong kind gehuisves en in die bewaring (behalwe met skriftelike goedkeuring van die magistraat) van 'n persoon verkeer wat:

(1) Kyk bladsye 25 en 37 van hierdie tesis.
(2) Coetzee: Inleiding tot Algemene Empiriese Opvoedkunde, 225-237.

(i) skuldig bevind is aan een van die misdrywe soos in hierdie wet gemeld, of

(ii) 'n persoon is wat onthef is van sy seggenskap as bewaarder. Deur bogenoemde wetsbepaling word die moontlikheid dat 'n persoon van twyfelagtige sedes as bewaarder aangestel word, heeltemal uit die weg geruim.

Die toepassing van die artikel in samewerking met Artikel 32, verseker die beskermde jong kind van 'n geskikte bewaarder.

11. Die beskerming van die sorgbehoewende kind.

Die wet beskerm nie slegs die kind in die algemeen deur metodes soos aangedui in Deel I, en die lewe van die jong kind, kragtens die metodes soos neergelê in Deel II nie, maar Deel III van die wet gee aandag aan die beskerming en versorging van die sorgbehoewende kind, deur middel van inrigtingsverpleging. Die term „sorgbehoewende kind" kan in algemene terme omskrywe word as 'n kind wat nie die sorg, opvoeding en onderwys van sy ouer of voog ontvang wat 'n gesonde gemeenskap as maatstaf bepaal het nie. (1) Die omskrywing dek in 'n breë sin al die vereistes wat deur die wetsbepaling as sorgbehoewendheid bestempel word.

(a) Die Sorgbehoewende Kind.

Artikel 34 omskryf die sorgbehoewende kind soos volg:

(i) Enige kind wat ronddwaal sonder 'n tuiste of vaste woonplek, of wat ronddwaal en wat geen ouer of voog het nie, of wat wel 'n ouer of voog het wat nie sy verantwoordelikheid ten opsigte van die kind nakom nie.

(ii) 'n Kind wie se ouer of voog hom gedurig verwaarloos of mishandel tot nadeel van sy gesondheid, of as die ouer of voog 'n alkoholis is of van onsedelike gedrag, in welke geval dit onwenslik is dat die kind langer by hom bly.

(1) Fairchild: Dictionary of Sociology, 39.

(iii) ŉ Sorgbehoewende kind is ook ŉ verwaarloosde wie se ouers ŉ vonnis van tronkstraf uitdien.

(iv) ŉ Kind wat met misdadigers en straatvroue omgang hou.

(v) ŉ Kind wat deur sy ouers of voog as onbeheerbaar beskou word en wat stokkiesdraai.

(vi) ŉ Kind wat in omstandighede lewe wat aanleiding gee tot sy of haar sedelike verval.

(vii) Enige kind onder die ouderdom van veertien jaar, wat rondloop en bedel.

(viii) ŉ Meisiekind wie se vader gevonnis is weens ŉ geslagtelike oortreding met een van sy dogters.

(ix) ŉ Kind wat ŉ aanklag van misdaad teen hom of haar het, of in die voorafgaande ses maande ŉ aanklag teen hom of haar gehad het.

(x) ŉ Kind wat as vakleerling kragtens Hoofstuk 7 van Wet No. 13 van 1911, ingeskrywe is, en wat die voorwaardes wat aan so ŉ vakleerlingskap verbonde is, verbreek of verontagsaam.

(xi) ŉ Kind wat weg van sy ouers of wettige voog verpleeg en onderhou word onder omstandighede wat nie vir die jong kind se welsyn bevorderlik is nie.

(xii) ŉ Kind wat deelneem aan straatventery strydig met enige wet of regulasie.

Al bogenoemde toestande kan aanleiding gee tot verwaarlosing of misdaad, en die kind wat in die kategorie val, is dus sorgbehoewend, en kan deur die hof verwys word op die volgende gronde:

(i) Die onbevoegdheid van die ouer(s), voog of bewaarder.

(ii) Die kind se swak huislike omstandighede.

(iii) Ontoereikende beheer oor die kind.

(iv) Onbeheerbaarheid van die kind.

Wat betref die verwantskap met sy ouer, voog of bewaarder, kan die kind kragtens bogenoemde omskrywing van sorgbehoewendheid, om een van die volgende redes sorgbehoewend wees:

(i) Hy kan ouerloos wees.

(ii) Sy ouers (voog of bewaarder) kan moontlik weens tronkstraf of geldelike redes, nie in die vermoë wees om vir hom te sorg nie.

(iii) Hulle mag miskien onbekwaam wees om vir hom te sorg, weens liggaamlike, geestelike of sedelike swakheid.

(iv) Sy ouers, voog of bewaarder mag miskien onwillig wees om vir hom te sorg.

Volgens die omskrywing van die sorgbehoewende kind, soos hierbo aangegee, kan hy as sodanig beskou word onder tweërlei omstandighede, nl.:

(i) Uiterlike oorsake soos in Artikel 34 aangedui, mag ongunstige uitwerking op hom hê, soos omstandighede teweeggebring deur armoede of die verkeer van die ouer of voog in die gevangenis, m.a.w. gebrek aan geld, swak ouers of voogde en gebrekkige beheer oor die kind deur sy voog. Die kind is dan verwaarloos, en dit is duidelik dat die verwaarlosing hom by geleentheid as gedragsafwyking kan openbaar.

(ii) Waar die wanaanpassing voortvloei uit die omstandighede soos hierbo genoem, en waar dit die gevolg is van konstitusionele en psigopatiese aanleg, wat waarskynlik slegs uit ŉ klein minderheid gevalle gebeur, ontwikkel die tweede toestand uit die eerste.

Hoewel nie genoem in die omskrywing nie, sluit die sorgbehoewende kind in ruime sin ook die kind met gedragsafwykings in, en waar daar geen gedragsafwykings getoon word nie, moet so ŉ kind as ŉ potensiële gedragsafwykende beskou word omdat die uiterlike ongunstige omstandighede daartoe kan lei. ŉ Jeugmisdadiger val ook onder die groep kinders met afwykende gedrag, hoewel hy nie noodwendig sorgbehoewend, in die enge sin van die woord, hoef te wees nie. (1)

(1) Verslag v.d. Inter-departementele komitee oor afwykende kinders, 64.

Die uitgebreide omskrywing van die kind wat die aandag van die hof vereis, soos uiteengesit in Artikel 34, berus op 'n opvoedkundig-sosiologiese grondslag. Eerstens beskou dit stokkiesdraai as 'n faktor wat aanleiding gee tot sorgbehoewendheid, en wat in baie gevalle die voorstadium is van jeugmisdaad. Deur so 'n erkentenis word gereelde skoolbywoning beskou as 'n middel tot die bekamping van 'n toestand wat mag lei tot sorgbehoewendheid en misdadigheid. Die skool is van die grootste belang in die lewe van die sorgbehoewende kind, wat in die meeste gevalle uit 'n huis kom waar die nodige geleentheid en die genoegsame kennis en bekwaamheid by die ouer ontbreek om 'n behoorlike opvoeding aan die kind te besorg. Vir die soort kind is die skool 'n onmisbare aanvulling van sy huis, omdat dit aan hom kan gee wat sy ouer of voog, om die een of ander rede, nie kan gee nie. Die skool is dus essensieel vir die vorming en ontwikkeling van die kind wat uit die swak huis kom. Aanvullend by die aspek van sy opvoeding is die noodsaaklikheid van vakleerlingskap, die verbreking waarvan, soos bepaal in onderafdeling (x) van die artikel, 'n faktor is wat bydra tot bestempeling van die kind as sorgbehoewend.

Vakleerlingskap besit onontbeerlike opvoedkundige eienskappe vir die potensiële, sowel as die werklike sorgbehoewende en misdadige kind, omdat dit hom dwing tot gereelde werk wat daarop gemik is om hom van 'n beroep te voorsien, en sodoende hom teen behoeftigheid en ledigheid te beskerm. Die vereiste van gereelde skoolonderrig en die handhawing van die voorwaardes van vakleerlingskap waaraan die kind onderhewig is, soos behels in subartikels (v) en (x) van die artikel, getuig van gesonde pedagogiese insig want dit berus op die staatkundige grondslag van die kind se opvoedkundige ontwikkeling. (1)

(1) Kyk op bladsy 41 van hierdie tesis.

Dit dui die verhouding aan tussen die staat en die kind, want deur die toepassing van die subartikels, kom die staat tot ŉ mate sy verpligtinge teenoor die kind na.

Tweedens erken die artikel dat sekere toestande nie in die belang van die kind is nie, en aanleiding gee tot sorgbehoewendheid en misdadigheid. Die toestande wat tot nadeel van die kind mag strek, is bevat in subartikels (ii), (iv), (vii), (ix) en (xii) van die wetsbepaling, en bestaan uit die swak ouerhuis en die mishandeling en verwaarlosing van die kind, die verkeer met misdadigers en straatvroue, as hy rondloop en bedel, as daar ŉ aanklag van misdaad teen hom is, en straatventery. Hierdie toestande en euwels strek tot groot nadeel van die kind, en gee aanleiding tot sorgbehoewendheid. Die artikel gaan hier uit van die sosiologiese beginsel dat hy beskerm moet word teen genoemde toestande en euwels in die samelewing wat hom sedelik sowel as geestelik benadeel. Ook hier is die verhouding van die staat tot die kind duidelik. Eersgenoemde is nie slegs daar om orde en reg te handhaaf nie, maar dit moet ook die reg van die kind handhaaf en beskerm. Hy moet die kind beskerm deur die sosiale euwels soos hierbo genoem, te bestry omdat hulle ŉ direkte invloed op die kind het. Die metodes wat in die wet opgesluit is om bogenoemde euwels te bestry, het almal ŉ opvoedkundige en opbouende strekking.

In die derde plek dui die artikel die verhouding tussen die ouer en die kind aan. Subartikels (i), (iii), (vi), (viii) en (ix) maak melding van die kind wat ronddwaal omdat hy geen tuiste het nie, of ouerloos is, van ouers wat tronkvoëls is, waar die kind se lewensomstandighede kan lei tot sy sedelike verval, waar die vader van ŉ meisiekind hom skuldig maak aan onsedelikheid met een van sy dogters, en waar ŉ kind weg van sy ouerhuis verpleeg word onder omstandighede wat nie bevorderlik is vir sy welsyn nie.

Die artikel erken dat 'n goeie huis en huislike opvoeding noodsaaklik is vir die beskerming en ontwikkeling van die kind, omdat dit die begin en grondslag is van alle ware opvoeding. Dit is die plek waar die kind orde en reëlmatigheid in die daaglikse lewe leer, die gebruik van sy moedertaal, goeie gewoontes en goeie maniere. Dit is die oorsprong van sy sedelike lewenswandel, die plek vir die aankweking van die godsdiens, en dit is vanweë sy intieme en noue omgang, ook 'n plek van verstandelike ontwikkeling. (1)

Hier ook kom die kind die eerste in aanraking met gesag en wèl die gesag van die vader en moeder. Uit hierdie gesag moet geleidelik die gesag vir die owerheid en die wette van die land groei. (2) Om die rede eerbiedig die wet, waar prakties moontlik, die huisgesin en ouergesag, deur sy bepalinge wat betrekking het op sekere metodes van kinderbehandeling. Dit besef die waarde van die gesonde ouerhuis en doeltreffende ouergesag, en daarom word verhouding tussen die kind en die swak ouerlike huis en ouerlike gesag deur hierdie wet bekamp, deur die kind uit so 'n huis as sorgbehoewend te verklaar, en ander metodes van behandeling en opvoeding op hom toe te pas.

Die artikel is opvoedkundig gesond omdat dit uitgaan van die beginsel dat kinderverwaarlosing en kindermisdaad essensieel een vraagstuk is; d.w.s. sielkundig is daar geen wesenlike verskil tussen die kind wat aktueel met die gereg in botsing kom, en hy wat anti-sosiale neigings as gevolg van verwaarlosing en behoeftigheid, ontwikkel nie. (1) Hierdie omstandighede

(1) Koers in die Krisis, III: Greyling: Die Ouer en die Opvoeding, 360.

(2) Kyk bladsye 11-16 van hierdie tesis.

(3) Healy & Bronner: Delinquents and Criminals, 129.

wat lei tot verwaarlosing en misdadigheid, word in die artikel beklemtoon sodat die probleem van sorgbehoewendheid by die kind, opgelos kan word deur behandelingsmetodes soos neergelê in die wet.

(b) <u>Inrigtingsversorging vir die verwaarloosde of sorgbehoewende kind.</u>

Die wet maak voorsiening vir twee metodes van inrigtingsbehandeling vir die verwaarloosde kind, nl. deur middel van die staatsnywerheidskool en die gesertifiseerde inrigting.

(i) <u>Die nywerheidskool</u>: Artikel 33 bepaal dat die Goewerneur-Generaal die reg het om staatsnywerheidskole op te rig vir die aanhouding van verwaarloosde en verlate kinders, en sulke kinders soos omskrywe in Artikel 34, met die doel om hulle teen ŉ misdadige lewe te vrywaar en hulle op te lei en op te voed. In die artikel word gepraat van die <u>verwaarloosde</u> kind wat in Artikel 34(4) soos volg omskrywe word:

(a) ŉ Kind wat nie voldoende middele van bestaan het nie, m.a.w. die behoeftige kind, en

(b) ŉ kind wie se ouer of voog of ander persoon wat vir sy onderhoud wettig aanspreeklik is, in behoeftige omstandighede verkeer, en dientengevolge nie in staat is om hom te onderhou nie, of as so ŉ wettige ouer of voog dood of onbekend is, of nie gevind kan word nie.

As so ŉ kind weens gebrek aan opleiding en toesig, gevaar loop om tot misdaad te verval, of ŉ las vir die staat word, kan die hof hom as verwaarloos beskou. Uit die omskrywing is dit duidelik dat die nywerheidskool daargestel is, nie slegs om die onbeheerbare en potensiële misdadige kind en rondloper te huisves nie, maar ook die behoeftige kind, die wees en die verlate kind, as die gevaar daar bestaan dat hy die regte pad byster sal raak.

Die oprigting van die nywerheidskool, kragtens Artikel 33, berus op ʼn sosiologiese sowel as ʼn opvoedkundige grondslag. (1) Die algemene doel is die kind „tegen een misdadige leven te vrywaren", m.a.w., dit moet die kind teen die sosiale euwels, wantoestande en sedelike lae ouerhuis en -beheer beskerm deur hom weg te neem en in die inrigting te plaas wat hom van sulke toestande afsonder. Die algemene doel van die inrigting is dus die kind se beskerming. Die besondere doel van die inrigting weer is opvoedend, want die artikel verklaar dat die nywerheidskool opgerig word teneinde die kind „op te leiden en op te voeden". Die opleiding van die nywerheidskoolkind bestaan kragtens Bepaling 61 van die regulasies by hierdie wet, uit skoolonderwys en beroepsopleiding. Eersgenoemde lê die grondslag vir sy verdere voorbereiding deur middel van beroepsopleiding as werker en burger van die land. Hy word in staat gestel om die nodige kennis en vaardigheid te bekom om sy taak doeltreffend te verrig, wat weer tot gevolg het dat hy tot ʼn goed-aangepaste en gelukkige persoonlikheid ontwikkel. Die opvoeding wat die wetsbepaling sig ten doel stel, word kragtens Artikel 27 van die regulasies by die wet, soos volg geïnterpreteer, nl. „de kinderen aan tucht en arbeidzaamheid te gewennen, liefde voor arbeid en afkeer van luiheid en onverschilligheid by hen aan te kweken, ze een nuttig ambacht of beroep te leren, waarmede zy op eerlike wyze hun kost kunnen verdienen en in't algemeen ze tot goede en oppassende burgers op te leiden.

(1) Kyk bladsy 41 van hierdie tesis.

(2) Dept. van Justisie: Kennisgewing No. 1514 van 30/9/1913.

Deur die opvoedkundige doelstelling op die kind toe te pas, word getrag om hom geestelik te rehabiliteer. Van die sorgbehoewende kind verklaar J.A. la Grange soos volg: „Wat die kind nodig het, in die eerste instansie, is nie boekgeleerdheid en ambagsvaardigheid nie, maar geestelike rehabilitasie, die verwerwing van ŉ gesonde lewensuitkyk en van ŉ normale aanpassing aan die eise van die gemeenskap." (1)

Ten slotte stipuleer onderafdeling 3 van die artikel dat segregasie van die blanke en nie-blanke kind in die nywerheidskool ook toegepas moet word. Die wetsbepaling getuig van gesonde pedagogiese insig. (2) Die verwaarloosde en sorgbehoewende kind word deur die nywerheidskool onderrig en opgevoed. Hier word hy tot skoolbywoning en gereelde arbeid gedwing, wat wat hom van die nodige beroepsopleiding voorsien om selfversorgend te word. Hy onderwerp hom aan die positiewe tug wat by hom later oorgaan tot innerlike dissipline en stabiliteit, en deur segregasie wat in die inrigting toegepas word, word by hom tuisgebring hoe noodsaaklik dit is vir die handhawing van ŉ beskaafde lewenswyse, om die skeiding tussen blank en nie-blank in stand te hou.

(ii) <u>Gesertifiseerde en nie-gesertifiseerde inrigtings.</u>

Artikel 38 handel oor die oprigting en bestuur van gesertifiseerde inrigtings. Die bestuurders van enige inrigting wat te doen het met die beskerming van ŉ kind, mag by die Minister aansoek doen dat diè inrigting tot ŉ gesertifiseerde inrigting verklaar word.

(1) La Grange: „Werk" - Kwartaalblad S.A.W.V., Desember 1938.

(2) Kyk bladsye 118-122 van hierdie tesis.

Artikel 2 omskrywe 'n gesertifiseerde inrigting as een wat deur Wet No. 25 van 1913 gesertifiseer is as 'n inrigting waarheen kinders wat deur die wet verwys word, gestuur kan word. Volgens Artikel 38 is daar gesertifiseerde sowel as nie-gesertifiseerde inrigtings. Beide soorte is gewoonlik kerklike inrigtings. Kragtens die artikel, is die doel van gesertifiseerde sowel as nie-gesertifiseerde inrigtings dieselfde as diè van die nywerheidskool, naamlik die ontvangs en rehabilitasie van die kind met misdadige en onsedelike gewoontes, en ook vir die onderhoud van die behoeftige kind.

Die inrigting word deur Artikel 39 gemagtig om 'n kind jonger as tien jaar, op te neem, maar die bestuurder kan so 'n kind met vergunning uitplaas tot sy twaalfde jaar, en vir 'n verdere periode, indien dit in sy belang is. Kragtens Artikel 40 kan enige kind in die inrigting aangehou word tot sy agtiende jaar, of selfs tot sy een-en-twintigste jaar, indien dit in sy belang is. (1)

Artikel 38(4) verklaar dat waar dit prakties moontlik is, die kind na die inrigting gestuur moet word waar dieselfde godsdiens beoefen word wat hy bely. Kragtens onderafdeling 5 van die artikel, sal die kind egter toegelaat word om deur sy kerk se leraar godsdienstig onderrig te word, in watter inrigting hy ookal verkeer.

Dit is dan kortliks die vernaamste artikels wat betrekking het op die kind in die gesertifiseerde inrigting. Uit die wetsbepalings word die volgende pedagogiese aspekte na vore gebring:

Daar word voorsiening gemaak om die jongere kind, naamlik die een onder tien jaar, by 'n geskikte persoon uit te bestee tot sy twaalfde jaar, en vir 'n langer tydperk indien dit in sy belang is. Hier word uitgegaan van die beginsel

(1) Wet No. 25 van 1913, Artikel 40(2).

dat die huislike opvoeding die begin en grondslag is van alle ware opvoeding. (1) Die uitplasing van die jongere kind by ŉ huisgesin, vermy ook sy saamhokking met die grotere en meer ervare tipe, wat tot groot nadeel van eersgenoemde kan strek. Vir die ouer kind maak die wet voorsiening om in die inrigting aangehou te word tot sy agtiende jaar, en selfs langer. Dit stel hom in staat om die opvoedkundige fasiliteite wat die inrigting mag aanbied, te benut. Die artikels ter beveiliging van sy godsdiens, het tot gevolg dat sy kerk in hom belang stel en hom geestelik bearbei deur hom in een van sy inrigtings te huisves. Waar met Artikel 13(1) voorsiening gemaak word om ŉ kind of ŉ jong kind by ŉ persoon uit te plaas met dieselfde kerklike verband as die kind, maak Artikel 38 voorsiening dat die wees- of sorgbehoewende kind, waar moontlik, in een van sy eie kerk se inrigtings opgeneem word. Die beleid soos neergelê in bogenoemde wetsbepaling, is pedagogies gesond omdat die kerk ŉ groter verantwoordelikheid teenoor die sorgbehoewende inrigtingskind voel, weens die feit dat hierdie kind se ouerhuis as't ware in duie gestort het, en gevolglik nie by magte is om enige invloed meer op sy opvoeding uit te oefen nie. Die kerk tree nou op in die plek van die ouer, en sorg dat die inrigtingsopvoeding uitgaan van die kerk waaraan die kind behoort.
Dit is die plig van die kerk om toe te sien dat die weeskind, die sorgbehoewende en misdadige kind opgevoed en onderwys word in die leer van die godsaligheid, en in die gees van die doopsbelofte deur die ouers voor God en die gemeente afgelê. (2)

(1) Kyk bladsy 168 van hierdie tesis.
(2) Koers in die Krisis I, Coetzee: Die Skool en die Huis, die Kerk en die Staat, 326.

Omdat die staat verwag dat die kerk moet omsien na die geestelike welsyn van die kind, is Artikel 38 in die wet opgeneem.

Die instelling van gesertifiseerde inrigtings kom op dieselfde beginsels as die nywerheidskool neer, en beoog dieselfde doel. Hulle wetlike erkenning deur die daarstelling van Artikel 38, is noodsaaklik omdat, met die daarstelling van die wet, inrigtingsversorging nog hoofsaaklik die verantwoordelikheid van die kerk was. Dit was dus nodig dat die staat ꞌn mate van beheer oor sulke private inrigtings sou kry, en daarom word hulle bestaan en hulle beheer deur sekere wetsbepalings vasgestel. Die beheer wat die staat oor sulke inrigtings besit, is hoofsaaklik van toesighoudende aard. So magtig Artikel 38(7) periodieke inspeksies van die inrigtings deur inspekteurs wat deur die Minister vir die doel aangestel is. Die besoeke beoog die beskerming van die kind, wat betref sy gesondheid, huisvesting en voeding. Die beheer wat die staat op die kerklike en ander private inrigtings uitoefen, hoewel beperk, is noodsaaklik omdat sulke private inrigtings soms mank gaan aan ernstige gebreke. Sommige van die weeshuise neem gemiddeld baie groot getalle op, met die gevolg dat dit weens die ontoereikende fondse, moeilik gaan om die groot aantal te versorg. Met sulke groot getalle is dit ook nie moontlik om ꞌn geestesverwantskap soos diè tussen ouer en kind, tussen die personeel en die kinders te ontwikkel nie. Weens die tekort aan geld, word gewoonlik ongekwalifiseerde personeel in diens geneem omrede geen goeie salarisse betaal kan word nie. Hierdie mense is gewoonlik onbekwaam en kan geen doeltreffende diens lewer nie, met die gevolg dat die opvoeding van die kind skade ly.

By staatsinrigtinge word die gebreke nie gevind nie omdat die nodige fondse beskikbaar is vir die voorsiening van die benodigde fasiliteite. Dus, hoewel die artikel op die

beginsel van beskerming en versorging van die inrigtingskind berus, is inrigtingsversorging deur die staat verkieslik bo diè deur die kerk. Indien die staat nie kans sien om die kerklike en private inrigtings holus bolus oor te neem nie, moet eersgenoemde voldoende fondse aan sulke liggame en organisasies afstaan teneinde hulle bydrae tot gestigsverpleging op 'n metodiese, opvoedkundige en doeltreffende wyse te lewer.

12. Vrylating met vergunning van die verwaarloosde en sorgbehoewende kind.

Artikel 42 bepaal dat die bestuur van 'n nywerheidskool of 'n gesertifiseerde inrigting met goedkeuring van die minister, of na 2 jaar aanhouding sonder sy goedkeuring, die mag besit om so 'n inrigtingskind by 'n geskikte persoon uit te plaas of as vakleerling in te skryf vir 'n bepaalde tydperk, maar nie die kind se een-en-twintigste jaar te bowe gaande nie. Die beheerraad van die inrigting besit egter die reg om so 'n vergunning terug te trek en die kind te gelas om na die skool of inrigting terug te keer. Uit die wetsbepaling is dit duidelik dat die Kinderwet die inrigtings nie slegs as plekke vir die onderhoud en opleiding van die kind beskou nie, maar dat sulke inrigtings direkte verantwoordelikheid dra vir sy terugplasing in die gemeenskap. Die hoofdoel van die inrigtings is, behalwe die van beskerming en beveiliging, om die kind op die beste manier voor te berei om sy plek weer in te neem in die skoot van sy gesin, of indien dit onmoontlik is weens ouerloosheid of die algemene verbrokkeling van die gesin, om hom van so 'n opvoeding en sulke geleenthede te voorsien wat hom in staat stel om as geestelik gesonde en goed-aangepaste persoon, sy plek in die gemeenskap in te neem, en sodoende uiteindelik die ouer van 'n normale huisgesin te word. Dit is om diè rede dat Artikel 42 in die wet opgeneem is, om die inrigtingskind die

geleentheid te gee om elders in te woon en deur middel van vakleerlingskap opleiding te ontvang in een of ander beroep. Vir die jonger kind hou die wetsbepaling die voordeel in dat dit hom terug plaas in die gesin van geskikte persone wat vir hom baie meer beteken as gestigsverpleging, en dit stel die ouer kind in die geleentheid om onder toesig te verdien en selfstandig te wees.

13. Toesig oor die kind na uitplasing.

Artikel 44 maak voorsiening dat enige kind wat na ŉ nywerheidskool of ŉ gesertifiseerde inrigting verwys is, na die verstryking van sy aanhoudingsperiode in die inrigting of skool, onder die toesig van die raad van beheer van die skool of inrigting bly tot sy een-en-twintigste jaar. Die raad van beheer besit die reg om so ŉ kind se vergunning tot vrylating terug te trek vir ŉ periode van nie langer as drie maande nie, waarna hy weer uitgeplaas moet word. Die terugtrekking van vergunning moet slegs geskied as die raad van beheer van oordeel is dat dit nodig is vir die kind se beskerming. Met die wetsbepaling kry die nywerheidskool- en inrigtingskind dieselfde geleentheid tot uitplasing en toesig as die kind in die verbeteringsgestig, soos uiteengesit met Artikel 74 van Wet No. 13 van 1911, en berus dit ook op dieselfde opvoedkundige grondslae. Die raad van beheer hou dus toesig oor die uitgeplaaste kind, en hierdie toesig was as't ware ŉ eenvoudige stelsel van nasorg, wat met latere kinderwetgewing meer uitgebrei is. In hierdie stadium egter, was die toesig en nasorg van min betekenis vir die kind, en het dit slegs die voordeel ingehou dat ŉ kind na die inrigting of skool terug gebring kon word as sy gedrag of werk of omstandighede waaronder hy lewe, onbevredigend en nie bevorderlik vir sy beskerming en veiligheid was nie. Hierdie reg wat die Raad besit het, het die kind darem aangespoor om van bevredigende gedrag te wees en goeie werk te lewer en die voorskrifte van die samelewing na te kom, sodat hy nie weer teruggeroep sou word nie.

van werklike nasorg het met hierdie metode egter min tereg gekom.

14. <u>Administrasie van die Wet.</u>

Die wet word uitgevoer deur die minister wat in Artikel 2 omskryf word as die Minister van Justisie of enige ander minister aan wie die Goewerneur-Generaal die administrasie van die wet mag toevertrou. Volgens die omskrywing val nywerheidskole en gesertifiseerde inrigtings nog onder die Departement van Justisie. Dat opvoedingsinrigtings soos die nywerheidskole, onder die Departement van Justisie ressorteer, is onopvoedkundig en onnodig omdat tydens die uitvaardiging van hierdie wet, daar reeds ŉ uniale Onderwysdepartement bestaan het.

15. <u>Bewaring hangende verhoor.</u>

Ingevolge Artikel 53, mag ŉ kind wat beskuldig word van ŉ oortreding, nie sonder die gesag van die minister in ŉ gevangenis, tronk of polisie-opsluitplek aangehou word terwyl hy of sy verhoor afwag nie, tensy geen ander plek beskikbaar is nie. Met hom kan soos volg gehandel word:

(a) Hy moet in ŉ plek aangehou word, goedgekeur deur die minister, wat gewoonlik die plek van veiligheid in die dorp of stad was.

(b) Hy kan ook tydelik uitgeplaas word in die bewaring van ŉ geskikte persoon, maar so ŉ uitplasing is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(i) Hy moet nie beskuldig staan van manslag of enige ander ernstige oortreding nie.

(ii) As dit nodig is om die kind aan te hou teneinde hom nie in aanraking te laat kom met persone van swak karakter nie.

(iii) As die oogmerke van die reg verydel mag word.

Met die wetsbepaling word nou voorsiening gemaak vir die bewaring van die kind wat op verhoor wag, deur metodes anders as die van aanhouding in die tronk of gevangenis. Die

bepaling het betrekking op die kind van die verbeteringsgestig, nywerheidskool of enige ander inrigting, en die kind wat as vakleerling ingeskryf is, m.a.w. enige kind wat oorhoop lê met die gereg. Die feit dat hier voorsiening gemaak word vir die misdadige sowel as die sorgbehoewende en verwaarloosde kind, beklemtoon weer die beginsel van die essensiële eenheid van sorgbehoewendheid en misdadigheid.

Bogenoemde beginsel gaan uit van die standpunt dat die omgewing en omstandighede bydra tot enige kind se sedelike verval, en belangrike faktore is in die ontkieming en ontwikkeling van misdaad. Dit is dus noodsaaklik om die kind van sulke omstandighede weg te hou, nl. die gevangenis of tronk of polisie-opsluitplek waar die moontlikheid bestaan dat hy in aanraking kan kom met persone met onsedelike en misdadige neigings.

16. <u>Bykomende bepalings by hofprosedure i.v.m. die kind.</u>

Waar Artikel 72 van Wet No. 13 van 1911 reeds neergelê het dat die hofverrigtinge i.v.m. ŉ kind „in camera" moet geskied, bepaal Artikel 57 van Wet No. 25 van 1913 dat as enige kind getuienis aflê in die hof, geen ander persone behalwe hofbeamptes en deelnemers in die saak, d.w.s. advokate of prokureurs of ander persone onmiddellik in die saak betrokke, tot die hof toegelaat moet word nie.

Die kriminele prosedure teen die kind wat deur ŉ magistraatshof afgehandel word, moet indien prakties moontlik, in ŉ ander gebou of kamer plaasvind as die waarin die gewone hofsitting gewoonlik gehou word, en behalwe die persone reeds genoem, word lede van die publiek by so ŉ hofsitting uitgesluit. Bona fide verteenwoordigers van ŉ nuusblad of nuusagentskap mag egter die hofverrigtinge bywoon.

Hierdie bykomende wetsbepalings vul aan en verbeter die bestaande hofverrigtinge wat betrekking het op die kind. Hierdeur word 'n duidelike skeidslyn getrek tussen die hofprosedure op die kind en die van die volwassene. Die artikel berus op die opvoedkundig-sielkundige beginsel dat die kind anders is en anders behandel moet word as die grootmens. (1) Deur die addisionele bepalings word die doeltreffendheid van so 'n kinderverhoor verhoog. Dit bevorder die betroubare en vrymoedige aflegging van kindergetuienis en beskerm hom teen ongewenste publisiteit en onnodige omgang met persone van swak karakter en misdadige neigings wat by die kriminele howe aangetref word.

Hierdie uitbouing van hofprosedure vir die kind het die fondament gevorm van die kinderhof wat deur latere kinderwetgewing in die lewe geroep is.

17. <u>Wysiginge by die „Wet ter Bescherming van Kinderen", 1913.</u>

Ook hierdie Kinderwet moes met verloop van tyd sekere wysiginge ondergaan, en sulke wysiginge is aangebring deur die daarstelling van die volgende wette:

(a) <u>Die „Kinderen Beschermings Wet Wyzigings Wet, 1921.</u>

(b) <u>Die Wet op die Beheer van Staatsnywerheidskole, No. 3 van 1931.</u>

(c) <u>Die Wysigingswet tot Beskerming van Kinders, No. 9 van 1931.</u>

(1) Kyk bladsye 25-37 van hierdie tesis.

(a) <u>Die „Kinderen Beschermings Wet Wyzigings Wet, 1921</u>.

Die doel van die wet is om die hoofwet, d.w.s. Wet No. 25 van 1913, in sekere opsigte te wysig, en om voorsiening te maak vir die onderhoud van sekere kinders. Dit bevat sekere belangrike opvoedkundige bepalinge soos o.a. die volgende:

(1) <u>Jurisdiksie van die hof t.o.v. die Kind</u>: Artikel 8(3) brei die hof se magte teenoor die sorgbehoewende kind aansienlik uit, want dit verklaar dat indien dit in die <u>beste belange</u> van die kind is, kan die hof, instede van die kind na ꞌn nywerheidskool of ꞌn gesertifiseerde inrigting te verwys, beveel dat:

(a) Die kind uit die bewaring van sy ouer of voog geneem word en toevertrou word aan die sorg van ꞌn bloedverwant of ander geskikte persoon.

(b) Beveel dat die kind in die leer gedoen word in een of ander nuttige beroep of werkkring totdat hy die leeftyd van 18 jaar bereik.

(c) Beveel dat die kind elders in die kos gedoen word.

(d) Die hof kan ook beveel dat indien die kind ouer as 15 jaar is, hy na ꞌn gesertifiseerde tehuis gestuur word totdat hy die leeftyd van 18 jaar bereik.

(e) Die hof kan ook beveel dat die kind onder die sorg en in die bewaring <u>bly</u> van die persoon in wie se bewaring hy was toe hy voor die hof verskyn het. Hy sal egter onder sodanige toesig van proefbeampte of vereniging wees as wat sodanige hof mag besluit.

Met die artikel word die magte van die hof t.o.v. die kind, wat in Artikel 11 van die hoofwet bepaal word, aansienlik uitgebrei. Die beginsel van die huislike opvoeding word beklemtoon, want vir die doel is die keuse tussen die ouerlike huis, of die van ꞌn bloedverwant of ander geskikte persoon gestel. Om die huislike beskerming en opvoeding te bestendig, bepaal die artikel dat die kind onder toesig van ꞌn proefbeampte of vereniging geplaas kan word.

Die bepaling maak ook voorsiening vir vakleerlingskap vir die kind.

Die artikel bepaal egter dat die beslissing van die hof in die belang van die kind moet wees. Hier word uitgegaan van die standpunt dat teen die kind anders moet opgetree word, omdat hy soos in paragraaf 5 van Hoofstuk I uiteengesit, nog ŉ onrype, onvolgroeide wese is.

(2) Uitbreiding van die term „verwaarloosde kind": Artikel 8 brei ook die omskrywing van die verwaarloosde of sorgbehoewende kind soos aangegee in Artikel 34 van die hoofwet, uit om in te sluit ŉ kind

(a) wat sonder voldoende middele van bestaan is, m.a.w. die behoeftige kind, en

(b) wie se ouer of voog of ander persoon wat vir so ŉ kind se onderhoud aanspreeklik is, in behoeftige omstandighede verkeer, en dientengevolge nie in staat is om hom te onderhou nie, of dood is of onbekend is of nie gevind kan word nie.

Dit is ŉ belangrike byvoeging tot die omskrywing van sorgbehoewende kind, omdat dit ook aan alle behoeftige kinders die geleentheid verskaf om die beskerming wat in die hoofwet opgesluit is, te bekom, nl. inrigtingsversorging, vakleerlingskap en pleegouerskap. Dit besorg vir die behoeftige kind die sekuriteit wat nodig is vir sy geestelike en algemene vordering.

(3) Publikasie van ŉ Advertensie i/s Aanneming van Kind: Artikel 6 maak dit onwettig vir die uitgewer van ŉ nuusblad wat in die Unie gedruk word, om ŉ advertensie of ŉ ander aankondiging in sy blad op te neem of te plaas, dat iemand die aanneming of bewaring van ŉ jong kind verlang, of dat hy gewillig is om ŉ jong kind aan te neem.

Die artikel is ŉ addisionele middel om die lewe en veiligheid van die beskermde jong kind te beveilig. Dit verhoed dat die kind op onwettige wyse van huis of voogdyskap verander,

wat sy lewenstoestande mag versleg. Dit verhoed verder enige sluikhandel i.v.m. die kind. Dit is ŉ addisionele beskermingsmaatreël om die sekuriteit van die kind te verseker.

(4) Onderhoud van kind deur Ouer of Voog: Artikel 9 wysig Artikel 35 van die hoofwet, sodat die hof die nodige magtiging verkry om ŉ geldelike bydrae vir die onderhoud van ŉ kind in ŉ inrigting of in die bewaring van ŉ ander persoon, van die ouer, stiefouer of voog te eis. So ŉ kontribusie-order kan onmiddellik, weekliks of maandeliks betaalbaar wees, en as die betaler van adres verander, moet die hof daarvan in kennis gestel word. Die uitvaardiging van ŉ kontribusie-order deur die hof vir die onderhoud van ŉ kind, is ŉ gesonde beginsel want sorgbehoewendheid is grotendeels die gevolg van ongunstige huislike omstandighede en swak ouerlike tug en beheer. Hoewel die hof die ouerlike mag beperk en soms ook die vader of voog ontset uit sy ouerlike mag, is dit opvoedkundig wenslik om hom of haar nie van alle verantwoordelikheid te onthef nie. Die betaling van die onderhoud bring die verpligting teenoor sy kind by hom tuis, want die hof het nou die geleentheid om die ouer of voog op sy plig en verantwoordelikheid te wys. Dit is moreel reg en gesond dat die vader of voog onderhoud betaal, omdat dit baie keer aan hom te wyte is dat die kind voor die hof verskyn en as sorgbehoewend verklaar word. Deur sy onverskilligheid, gebrek aan belangstelling, onsedelike leefwyse, en gebrek aan beheer en tug, word die staat soms genoodsaak om in te gryp, en sodoende die kind te red.

(5) Verlening van Geldelike hulp aan Ouer of Voog: Artikel 11(2) bepaal dat die minister geldelike bystand kan verleen aan die moeder, stiefmoeder of grootmoeder vir die sorg en onderhoud van ŉ kind in haar bewaring. Die bepaling berus op die opvoedkundige beginsel dat die ouerhuis die grootste invloed op die kind uitoefen

en dat, waar moontlik, die huisgesin in stand gehou moet word. Dit is veel goedkoper vir die staat om die kind deur middel van die ouerlike huis te behandel en te beskerm, as deur enige inrigtingsverpleging. Vir die kind is dit die aangewese weg, want in sy eie huis vind hy die nodige liefde en sekuriteit wat nodig is vir sy geestelike ontwikkeling.

Die bepaling besit ook die opvoedkundige voordeel dat dit ꞥ addisionele metode in die lewe roep om die kind te versorg en te behandel.

6. Bepalinge t.o.v. hoof van inrigting en tug:

Met Artikel 7 word bepaal dat die hoof van ꞥ staatsnywerheidskool nou die prinsipaal genoem word, en die kinders wat aangehou word, sal bekend staan as die leerlinge.

Dit bepaal verder dat die prinsipaal die tugreg van ꞥ ouer besit, en in alle ander opsigte tot die leerlinge in die betrekking van ouer staan. Die soort tug wat in die wetsbepaling opgesluit is, is van opvoedkundige waarde vir die kind omdat dit by hom selftug ontwikkel. (1)

Met die artikel word die benaming van die prinsipaal, asook die posisie wat hy teenoor die leerling inneem, op ꞥ wetlike basis geplaas.

(b) Die Wet op die Beheer van Staatsnywerheidskole 1931.

Hierdie wet dra min by tot die beskerming van die kind, en bring wat die kind betref, geen verandering aan die hoofwet mee nie. Al die artikels, behalwe een, het betrekking op die diensvoorwaardes van personeel betrokke by die werksaamhede van ꞥ staatsnywerheidskool. Artikel 3 egter, het indirek betrekking op die kind. Die doel van die wet is dan ook slegs om beter voorsiening te maak vir die beheer van staatsnywerheidskole.

1. Raad van Bestuur:

Artikel 3 magtig die Minister van Onderwys om ꞥ Raad van Bestuur vir enige

(1) Kyk bladsye 21-24 van hierdie tesis.

staatsnywerheidskool in die lewe te roep. Die Raad word hoofsaaklik in die lewe geroep om die belange van die kind te behartig. Dit word gewoonlik saamgestel uit invloedryke lede van die publiek, wat in baie gevalle in die posisie is om die inrigtingskind bystand te verleen in verband met werk as hy die skool verlaat. In sommige gevalle is sulke raadslede self ook werkgewers. So 'n Raad is ook in die vermoë om die goeie gesindheid van die gemeenskap te verwerf vir die inrigtingskind wat baie keer gebuk gaan onder die stigma wat sorgbehoewendheid en wangedrag met hom meebring, en wat vooroordeel by die samelewing laat ontstaan.

Dan is die Raad ook in die gunstige posisie om inrigtingstoestande waaronder die kind verkeer en leef, op 'n beter vlak te bring, hom te beskerm teen hardvogtige amptenare, en meegevoel vir hom te skep en te betuig.

(c) Die Wysigingswet tot Beskerming van Kinders 1931.

Die doel van die wet is om die „Wet ter Bescherming van Kinderen 1913" in sekere opsigte te wysig, om die verdere aanhouding van sekere kinders wat onder daardie wet val, te wettig, en om verdere voorsiening te maak vir die oorplasing van sodanige kinders.

Die wet bevat dus twee belangrike bepalinge, naamlik Artikel 2(2) wat 'n wysiging is van Artikel 40 van die hoofwet, en Artikel 5 wat 'n toevoeging tot genoemde wet is.

1. Langer aanhouding van kind:

Artikel 2(2) stipuleer dat as die Minister na verloop van die kind se periode van aanhouding in 'n staatsnywerheidskool of in 'n gesertifiseerde inrigting, oortuig is dat dit in die kind se belang is om nog langer in so 'n inrigting te bly, kan hy gelas dat die kind vir 'n verdere tydperk aangehou word op voorwaarde dat die periode van aanhouding in geen geval langer as die jeugdige se een-en-twintigste verjaarsdag duur nie.

Met die bepaling kry die Minister die reg om die leerling verdere inrigtingsbehandeling te laat ondergaan, wat vir laasgenoemde van opvoedkundige belang kan wees. Hoewel langer aanhouding nie vir alle kinders nodig is nie, is dit tog wenslik vir sekere kinders om verdere gestigsverpleging te ondergaan. Dit gee vir die kind die geleentheid om hom beter te bekwaam in die beroep waarin hy opleiding ontvang. Vir die ouerlose kind wat nog baie jonk is, bied verdere inrigtingsbehandeling addisionele beskerming en sekuriteit wat vir hom belangrik is tot hy oud genoeg is om sy plek in die samelewing vol te staan. Vir die halsstarrige en moedswillige kind beteken langer aanhouding ŉ addisionele tydperk van strenger dissipline om hom tot inkeer te bring en hom die dwaasheid van sy weë te laat besef.

Langer aanhouding beteken ŉ addisionele middel van beskerming en rehabilitasie wat by die bestaande middels van die hoofwet gevoeg word. Dit strek tot groot opvoedkundige en sielkundige voordeel vir die tipe kind vir wie dit ingestel is.

2. Oorplasing van Nywerheidskoolleerling na ŉ Staatsinrigting vir Beroepsonderwys.

Artikel 5 magtig die Minister om die kind wat in ŉ staatsnywerheidskool verkeer, na ŉ staatsinrigting vir beroepsonderwys oor te plaas. Die bepaling is van groot opvoedkundige waarde vir die sorgbehoewende kind in die nywerheidskool. Dit stel die kind wat die nodige aanleg toon of begerig is om verder te studeer, in staat om na ŉ Hoër Tegniese Skool of Hoër Handelskool gestuur te word. Waar sy opleiding in die nywerheidskool meer daarop gespits is om die sorgbehoewende kind her op te voed en te hervorm, is die tegniese en handelskole daargestel om die kind spesifiek vir ŉ beroep te bekwaam. Dit veronderstel dat die kind wat laasgenoemde twee soorte skole bywoon, geen rehabilitasiebehandeling nodig het nie, of alreeds hervorm is. Hulle is dus gespesialiseerde beroepskole, en is

geensins daargestel om die beskerming, redding of rehabilitasie van 'n kind te behartig nie. Hulle ressorteer nie onder enige van die Kinderwette nie.

Vir die kind in die nywerheidskool, wat voldoende gerehabiliteer is, van goeie gedrag is, en wat 'n sekere skolastiese standaard bereik het, word nou deur die wetsbepaling die geleentheid gegee om hom te bekwaam vir 'n beroep of ambag. Vir die kind is hierdie bepaling van opvoedkundige betekenis.

Al die bepalings wat deur die wysigende wette in die lewe geroep is, of wat bestaande bepalings wysig, maak die hoofwet tot 'n groter bate vir die kind. Die wette word dan ook beskou as 'n gedeelte van die hoofwet. Genoemde wette, saam met die hoofwet, is herroep deur die Kinderwet van 1937 wat al die bepalings opgeneem en gewysig het om aan veranderde sosiale toestande en omstandighede te voldoen.

## 18. Samevatting.

Hierdie kinderbeskermingswet met sy wysigingswette, behandel die beskerming en versorging van die kind vanaf die wieg tot volwassenheid, wat op die juridiese ouderdom van 16 jaar gestel is. Die eerste deel van die hoofwet handel oor die beskerming van die kind teen mishandeling, verwaarlosing en sekere sosiale euwels wat die kind op een of ander wyse kan skend. Hierdie staatswette sluit aan by die Wet van God (1), want ook hulle doel is die beskerming van die kind. Die mens mag nie geskend word nie, omdat hy die beeltnis van God is, omdat hy die tempel is waarin God se gees woon.

Met „kind" hier word bedoel alle kinders van die samelewing, afgesien van ras en kleur. Kragtens Artikel 1 word ook die misdadige kind

(1) Kyk bladsy 7 van hierdie tesis.

soos omskryf in Artikel 2 van Wet No. 13 van 1911, deur die wet ingesluit.

Die beskerming van die kind teen sekere misdrywe is van algemene aard. Met ander woorde, daar word geen spesifieke metode van beskerming neergelê nie. Slegs deur die toepassing van sekere strafbepalings word gepoog om die kind te vrywaar teen sulke misdrywe, mishandeling en verwaarlosing.

In die tweede plek maak die wette voorsiening vir die beskerming en beveiliging van die lewe van die jong kind. Dit word gedoen hoofsaaklik deur die pleegouerstelsel en tot ŉ baie mindere mate deur inrigtingsversorging. Dit bevat uitgebreide bepalings vir sy versorging, toesig en algemene beskerming. Dit maak ŉ belangrike toevoeging tot kinderwetgewing uit, en lê die grondslag vir die uitgebreide stelsel van aanneming in latere wetgewing.

Derdens handel die wette oor die sorgbehoewende en verwaarloosde kind. Hulle bevat ŉ uitgebreide omskrywing van die kind wat as sorgbehoewend beskou kan word, en ook as behoeftig en verwaarloos. Hierdie omskrywing sluit ook op dié wyse die jeugmisdadiger in. Dit is ŉ groot stap vooruit omdat dit die soort kind en die getal kinders wat deur die hof vir beskerming, versorging en rehabilitasie verwys kan word, aansienlik uitbrei. Op die kind, soos deur die wette omskryf, word twee metodes van versorging toegepas, naamlik inrigtingsversorging en versorging buite die inrigting, t.w. vakleerlingskap. Inrigtingsversorging bestaan uit skoolonderrig en beroepsopleiding; beide is belangrike faktore wat die herstellings- en rehabilitasiebeginsel soos in die wette opgesluit, na vore bring.

Ten slotte is daar ook sekere losstaande bepalings wat die kind opvoedkundig sowel as geestelik bevoordeel en beïnvloed. Die wetsbepaling wat aparte onderwysgeriewe in die nywerheidskool vir die blanke sowel as die nie-blanke kind

voorstaan, hou die voordeel in dat die kind volgens sy volksgewoonte en tradisies, eiesoortig kan gerehabiliteer en ontwikkel word. Daar is die bepalings wat ŉ ander hofprosedure as diè vir die volwassene daarstel, en wat tot gevolg het dat die kind doeltreffender en meer simpatiek deur die gereg verhoor word. Daar is ook die wetsbepaling wat die stelsel van kontribusie-orders in die lewe roep, waardeur van die belangelose en onsimpatieke ouer of voog geldelike opoffering ter wille van sy kind, verg. Dan word aan die kind in die nywerheidskool die belangrike toegewing gemaak om oorgeplaas te word na ŉ beroepskool waar hy hom verder kan bekwaam vir diens in die gemeenskap.

Die kinderbeskermingswet hou dus aansienlike voordele vir die kind in, deur sy uibreiding van die veld van kinderbeskerming, die addisionele metodes van kinderbeskerming en -versorging en die gedagte aan ŉ kinderhof en segregasie wat in die wet opgesluit is, en wat aanleiding gee tot verdere ontwikkeling.

Hierdie kinderbeskermingswette hou egter ook ernstige leemtes in. Eerstens word geen voorsiening gemaak vir ŉ stelsel van aanneming vir die kind nie. Waar die stelsel van kerklike adopsie by die tyd in duie gestort het, was dit nodig dat van staatsweë wetsbepalings gepromulgeer word wat aanneming op ŉ wettige basis stel en die regte van die kind, die adopsie-ouer sowel as die natuurlike ouer, beskerm. Tweedens maak die wet geen voorsiening vir die metodiese opvoedkundige stelsel van nasorg nie. Dit bevat wel die nukleus van so ŉ stelsel soos deur Artikel 44 neergelê, dat die raad van beheer van ŉ inrigting vir ŉ beperkte tyd sal toesig hou oor ŉ uitgeplaaste leerling, maar hierdie bepaling het min waarde besit, omdat met die vermeerdering van die getal sorgbehoewende leerlinge en jeugmisdadigers, dit nodig was om

ꞌn wetenskaplike stelsel van nasorg in die lewe te roep. Van ꞌn metodiese supervisiestelsel wat met sukses toegepas kon word, is daar in die wette geen sprake nie.

Hoewel die wette sekere wetsbepalings besit wat die verhoor van ꞌn kind bevorder het, word daar nie oorgegaan tot die instelling van ꞌn kinderhof nie. Dit is ꞌn ernstige leemte wat die kind sielkundig groot nadeel berokken het.

Die hoofswakheid van die wette is egter geleë in hulle gebrek aan enige voorkomende metode van herstelling en hervorming. Hulle besit wel uitgebreide maatreëls van kinderrehabilitasie deur die daarstelling van strafregterlike bepalings sowel as opvoedkundige metodes om die sosiale euwels wat die kind bedreig, te bekamp, maar hulle maak geen voorsiening om hierdie sosiale euwels uit die weg te ruim nie. Die wette se benadering tot die aspek van kinderbeskerming is te eng en beperk. Hulle reinig nie die bron van die sosiale euwels nie, nl. die swak of behoeftige huisgesin. Hulle gaan nie uit van die standpunt dat as die huis van die kind hervorm kan word, dit tot gevolg sal hê dat verwaarlosing, sorgbehoewendheid en jeugmisdaad tot ꞌn minimum beperk kan word nie. Hulle verontagsaam as geheel die essensiële eenheid van die vraagstuk van sorgbehoewendheid en misdadigheid, en in die geval sien hulle ook die beginsel van voorkoming teen verwaarlosing en sorgbehoewendheid oor die hoof.

Bogenoemde gebreke en die veranderende sosiale omstandighede van die gemeenskap, het daartoe gelei dat ꞌn nuwe kinderbeskermingswet nodig geword het, wat dan ook werklikheid geword het met die uitvaardiging van Wet No. 31 van 1937, beter bekend as die Kinderwet 1937.

---

# Hoofstuk V.

## DIE KINDERWET, 1937.

### 1. Inleiding.

Voor die Eerste Wêreldoorlog (1914-18) het die boere van Suid-Afrika ekonomies in 'n moeilike posisie verkeer. Ten spyte van groot bedrae wat van staatsweë aan hulp vir hulle bestee is, het die verarmingsproses onder die boerebevolking onafgebroke voortgeduur, en was dit die direkte aanleidende oorsaak van 'n groot deel van die stadswaartse verhuising. Hierdie verarmingsproses was te wyte aan faktore soos droogtes, plae en natuurrampe aan die een kant, en die swakhede, die ondoeltreffendheid en die onproduktiwiteit van die boere aan die ander kant. (1) Almal wat aan die stadswaartse trek deelgeneem het, het gemeen om in die stad 'n beter heenkome te vind, maar met hulle landelike agtergrond was hulle onvolledig voorberei om die stedelike beroepsarbeid binne te tree, met die gevolg dat groot getalle van hulle aanvanklik nie tot veel meer in staat was as die ongeskoolde arbeid nie. Dit het behoeftigheid in die hand gewerk. (2)

Hoe groot die trek van die platteland na die stede was, toon die volgende tabelle aan:

(1) Carnegie Verslag, Deel I: Plattelandsverarming en Plaasverlating, 48-73.
(2) Albertyn e.a.: Kerk en Stad, 317.

TABEL III. (1)

BEVOLKINGSINDELING IN STEDE EN OP DIE PLATTELAND (alle rasse).

| Jaar | Stedelike Gebiede | Platte-landse Gebiede | % - verhouding | |
|---|---|---|---|---|
| | | | Stedelike | Platte-landse |
| 1911 | 1,477,868 | 4,495,526 | 24.74 | 75.26 |
| 1921 | 1,735,795 | 5,192,785 | 25.05 | 74.95 |
| 1936 | 3,009,531 | 6,580,367 | 31.38 | 68.62 |

Bogenoemde syfers toon aan dat:

(a) Van 1911 tot 1936 die bevolking in die stedelike gebiede meer as verdubbel het.

(b) Hoewel die plattelandse bevolking vir dieselfde tydperk ook vermeerder het, het die plattelandse persentasie-verhouding tot die stedelike gekrimp.

Die bevolking van die Witwatersrand het vanaf 1911 tot 1936 soos volg vermeerder:

TABEL IV (2)

BEVOLKING VAN DIE WITWATERSRAND.

| Ras | 1911 | 1921 | 1926 | 1931 | 1936 |
|---|---|---|---|---|---|
| Blank | 179,999 | 231,111 | 255,260 | 304,258 | 402,223 |
| Nie-bl. | 285,865 | 303,115 | - | - | 614,967 |
| Totaal | 465,864 | 534,226 | - | - | 1017,190 |

Hierdie tabel toon aan dat die bevolking-syfer van die Witwatersrand (blank sowel as nie-blank) verdubbel het vanaf 1911 tot 1936.

(1) Unie van S.A.: Offisiële Jaarboek (1938, No. 19), 1051.

(2) Unie van S.A.: Jaarboek (1938, No.19), 1053.

Dit is as gevolg van die ontwikkeling van die goudmynnywerheid sowel as ander industrieë. Die oorgang van 'n groot gedeelte van die blanke sowel as die nie-blanke bevolking van 'n landelike na 'n stadslewe, het omstandighede meegebring wat bygedra het tot die verarming, verwaarlosing en vermisdadiging van die Suid-Afrikaanse kind, blank en nie-blank, en dit het die behoefte laat ontstaan aan 'n nuwe en vollediger Kinderwet.

Die wêreld van die plattelandse intrekker wat 'n heenkome in die stad kom soek het, was heeltemal onverenigbaar met die wêreldbeskouing wat hy in die stad ontdek het, en langsamerhand het die nuwe intrekker se wêreldbeskouing en waardestelsel die onderspit gedelf. Hier in die stad het die huisgesin en die plattelandse familietradisie makliker verval as op die platteland, en hierdie verval van die huisgesin en die plattelandse familietradisies het ook kinderverwaarlosing in die hand gewerk. (1)

In die stad is die huisgesin veel minder 'n gesagsgemeenskap as wat dit op die platteland is. Die gesinslede word in die stad in 'n sterk mate gedifferensieer deur die arbeid en vryetydsbesteding. Meer en meer voer elkeen sy eie lewe, en die houvas van die vaderlike en in die algemeen die ouerlike gesag word geringer. Ook die nuwerwetse stedelike opvattings bevorder die toestand van sake. As gevolg van die stadslewe verswak die dissipline in die huisgesin baie keer. Daar word minder gesag uitgeoefen en minder verantwoording gevra. Soms word die dissipline so swak dat dit tot losbandigheid, wangedrag en uiteindelik misdadigheid voer. Die ouer met sy verminderde gesag, kan hierdie stroom van ongeregtigheid nie keer nie omdat hy nie meer so 'n behoudende krag is nie. Hy kan nie meer so kragtig as bolwerk teen die vreemde en

(1) Carnegie-verslag: Deel V (Sosiologiese Deel), 8-17.

nuwerwetse idees en opvattings dien nie.
Hierdie toestand werk losbandigheid by die kind in die hand, wat ook ʼn faktor van jeugmisdaad is, en wat met verloop van tyd gestadig gestyg het, soos Tabel V (bladsy 195 van hierdie tesis) aandui.

Genoemde Tabel V wat nie die getalle insluit wat in verbeteringsgestigte gehuisves is nie, toon ʼn konstante vermeerdering van jeugmisdaad aan, wat sy toppunt in 1933 bereik het. Dit toon ook aan dat in daardie jaar die aantal blanke en Asiatiese jeugmisdadigers verminder, terwyl diè van naturelle en kleurlinge weer styg.

As die getalle jeugmisdadigers in strafinrigtings vir die jaar 1920 volgens ouderdom ingedeel word, word die uiteensetting verkry soos aangetoon in Tabel VI (bladsy 196 van hierdie tesis).

Volgens Tabel V was daar in 1920 vier honderd nege-en-sewentig blanke jeugmisdadigers in strafinrigtings (verbeteringsgestigte uitgesluit). Jeugmisdaad het met die daaropvolgende periode toegeneem, en in 1937 is nie minder nie as 2,408 blanke jeugdiges van 16 jaar en jonger oor een of ander oortreding vervolg.
Diefstal in verskeie hoedanighede, was die mees algemene vorm van misdaad. (1)

Om die toenemende toestand van jeugmisdadigheid doeltreffend te bekamp en te behandel, en die misdadige kind op ʼn opvoedkundige wyse te hervorm, het dit nodig geword om die bestaande kinderwetgewing uit te brei en aan te vul, en om diè rede is die Kinderwet 1937 in die lewe geroep.

Die toestande wat deels deur die verhuising na die stad geskep is, het nie slegs jeugmisdaad bevorder nie, maar het ook in baie gevalle daartoe aanleiding gegee dat die kind in etlike huisgesinne aan verwaarlosing en mishandeling blootgestel is.

(1) Unie van S.A.: Jaarboek No. 19 (1938),

## TABEL V. (1)

**RAS EN SEKS VIR JEUGDIGE OORTREDERS ONDER 21 JAAR IN STRAFINRIGTINGS AANGEHOU VIR DIE JARE 1913, 1916, 1920, 1933 EN 1937.**

| Jaar. | Totaal aantal gevangenes. | Aantal onder 21 jaar oud. | | Blankes. | | Naturelle en Kleurlinge. | | Asiate. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Aantal | Persentasie | M. | V. | M. | V. | M. | V. |
| 1913. | 122,115 | 13,222 | 10.8. | 327 | 19 | 10122 | 1757 | 954 | 43. |
| 1916. | 119,482 | 13,664 | 11.4. | 282 | 41 | 11215 | 1877 | 240 | 9 |
| 1920. | 115,130 | 13,672 | 11.9 | 455 | 24 | 1084 | 2140 | 222 | 20 |
| 1933 | 180279 | 21,526 | | 299 | 10 | 17994 | 3165 | 54 | 4 |
| 1937 | 162,007 | 16,175 | | 262 | 11 | 13439 | 2386 | 77 | - |

(1) JAARVERSLAE VAN DEPARTEMENT VAN JUSTISIE (NO.1) ; 93.

TABEL V1. (1)

OUDERDOMME VAN BLANKE MISDADIGE KINDERS IN STRAFINRIGTINGS VIR DIE JAAR 1920

| Ouderdom | Blankes. | | Ander rasse. | | Totaal. 1920. | Totaal. 1919. | Totaal. 1918. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | M. | V. | M. | V. | | | |
| Onder 14. | 9 | - | 313 | 36 | 358 | 380 | 438 |
| 14 tot onder 16. | 9 | 1 | 681 | 104 | 795 | 674 | 861 |
| 16 tot onder 18. | 82 | 8 | 1825 | 455 | 2370 | 2386 | 2362 |
| 18 tot onder 21. | 355 | 15 | 8214 | 1565 | 10,149 | 7966 | 7764 |
| Totaal. | 455 | 24 | 11,033 | 2160 | 13,672 | 11,406 | 11,425 |

(1) UNIE REGERING: JAARLIKSE RAPPORTE NO.1. (1920-21), 94.

Dat sulke toestande nadelig op die kind ingewerk het, word bewys deur die redes vir verwysing van kinders na inrigtings vir die 1936, soos aangetoon in Tabel VII (bladsy 198 van hierdie tesis).

Uit genoemde Tabel VII kan gesien word watter belangrike rol verwaarlosing en armoede in die lewe van die sorgbehoewende kind speel, faktore wat dikwels onbeheerbaarheid en jeugmisdaad tot gevolg het.

Gedurende 1936 was die getal agterlike kinders onder die getal verwysde kinders byna dubbel diè van die algemene skoolbevolking. Dit word gedeeltelik toegeskryf aan gebrek aan behoorlike sorg tuis, en gedeeltelik aan die feit dat die persentasie van sub-normaliteit in die groep bo die gemiddelde is. (1)

Behalwe behoeftigheid, is verwaarlosing en onbeheerbaarheid kragtens Tabel VII, ~~die~~ hoofoorsaak van kinderverwysing na inrigtings. Verwaarlosing en onbeheerbaarheid of wangedrag is nou verwant aan mekaar; dit behoort tot dieselfde proses. Wangedrag wortel in die proses van verwaarlosing, d.w.s. die proses waarin die kind in die eerste plek vir ŉ korter of langer tydperk verkeer wat hy nodig het vir ŉ menswaardige bestaan, en in die tweede plek wanneer daar gebrek bestaan aan wat nodig is vir die ontwikkeling van die persoonlikheid, of wanneer daardie ontwikkeling belemmer word of in ŉ verkeerde rigting dui. Wangedrag en oortreding is gewoonlik die eindproses van ŉ lang reeks wangedraginge wat die eerste oortreding voorafgaan. Verwaarlosing voer ook tot ŉ groot aantal soorte oortredings soos opstand teen die ouerlike gesag, onbeheerbaarheid in die huis, onwilligheid om te werk, rondswerwe, lààt uitbly saans, klein diefstalletjies, onwaarhede vertel - kortliks, alle onreëlmatighede wat by ŉ swak of gebroke huisgesin te voorskyn kom.

(1) Unie van S.A.: Jaarboek No. 19 van 1938, bl. 228.

TABEL Vll. (1)

REDES VIR VERWYSING VAN KINDERS WAT NA NYWERHEIDSKOLE EN NA GESERTIFISEERDE EN NIE-GESERTIFISEERDE INRIGTINGS VERWYS IS 1936.

| Redes vir verwysing. | Blankes. | | | Nie-blankes. | | | Groot Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Seuns. | Meisies. | Totaal. | Seuns. | Meisies. | Totaal. | |
| Verwaarlosing ...................... | 110. | 102 | 212 | 1 | 6 | 7 | 219 |
| Behoeftigheid ...................... | 289 | 254 | 543 | 34 | 24 | 58 | 601 |
| Onbeheerbaarheid (behalwe stokkies-draaiery).......................... | 68 | 33 | 101 | 20 | 15 | 35 | 136 |
| Misdadige of onsedelike gewoontes of dronkenskap van ouer of voog..... | 37 | 32 | 69 | 3 | 7 | 10 | 79 |
| Stokkiesdraaiery .................. | 11 | 1 | 12 | 10 | 4 | 14 | 26 |
| Lewe in omstandighede wat bereken is om hulle seduksie, verleiding of ontering te veroorsaak, aan te moedig of in die hand te werk....... | 14 | 21 | 35 | 6 | 12 | 18 | 53 |
| Bedelary ........................... | 5 | - | 5 | 4 | 2 | 6 | 11 |
| Minder ernstige vergrype soos dief-stal, ens ......................... | 27 | 5 | 32 | 24 | 7 | 31 | 63 |
| Ander redes ........................ | 2 | 7 | 9 | 8 | 4 | 12 | 21 |
| TOTAAL | 563 | 455 | 1,018 | 110 | 81 | 191 | 1,209 |

(1) UNIE V.S.A: JAARBOEK (NO.19-1938), 227.

Hierdie wangedraginge verraai reeds dat die verwaarlosingsproses aan die gang is en ook 'n ongedurigheid en 'n onvermoë om aan te pas aan die eise wat die normale gesins- en skoollewe stel.

Al hierdie dinge wat die lewe van die verwaarloosde kind beïnvloed en benadeel en wat ook jeugmisdaad in die hand gewerk het, het dit nodig gemaak dat die Kinderwet in die lewe geroep word, sodat die probleem van sorgbehoewendheid asook diè van jeugmisdaad op 'n opvoedkundige en sielkundige wyse benader kan word.

## 2. Stelling en Doel van die Kinderwet.

Die Kinderwet lê die stelling neer dat voorsiening gemaak word vir die aanstelling van kommissarisse van kindersorg en vir die oprigting van kinderhowe; vir die beskerming en welsyn van sekere kinders; vir hulle toesig, en vir die oprigting of erkenning van sekere inrigtings vir die toelating van jeugdige persone en vir die behandeling van jeugdige persone na hul opname in geskikte inrigtings. Dit maak ook voorsiening vir die betaling van onderhoudstoelae vir sekere kinders deur sekere persone, vir die aanneming van kinders, om die wet op kriminele prosedure te wysig in sover dit betrekking het op jeugdige persone, en om voorsiening te maak vir sake wat met bogenoemde onderwerpe in verband staan.

Bogenoemde stelling dek 'n wye veld van kinderversorging in verband met die verwaarloosde en misdadige kind, asook die jong kind. Dit bevat alles in die verband wat in voorafgaande kinderwetgewing verskyn, brei hierop uit en vul dit aan. Dit bevat ook nuwe metodes en rigtinge van kinderbehandeling.

Die wet bestaan uit 8 hoofstukke wat die volgende onderwerpe behandel:

Hoofstuk I: Die Kommissarisse van kindersorg en kinderhowe.

Hoofstuk II: Die beskerming van jong kinders.

Hoofstuk III: Die verhoeding van verwaarlosing, mishandeling en uitbuiting van kinders.

Hoofstuk IV: Die oorplasing van kinders onder ander sorg.

Hoofstuk V: Kinderinrigtings, goedgekeurde verenigings en die uitbesteding van kinders in pleeghuise.

Hoofstuk VI: Kontribusie-orders.

Hoofstuk VII: Aanneming van kinders.

Hoofstuk VIII: Gemengde bepalings.

Uit die inhoud van die hoofstukke is dit duidelik dat die Kinderwet die kulminasie is van alle vorige Kinderwette en kinderwetgewing, maar vernaamlik ,mutatis mutandis' van die bepalings, geheel of gedeeltelik van die volgende wette:

(a) Hoofstuk VII van die Wet op Gevangenisse en Verbeteringsgestigte No. 13 van 1911.

(b) Die „Wet ter Bescherming van Kinderen" No. 25 van 1913.

(c) Sekere bepalinge betreffende jeugdige persone van die Strafproseswet No. 31 van 1917.

(d) Wet No. 46 van 1920 tot wysiging van die Wet op Gevangenisse en Verbeteringsgestigte-wysigingswet No. 13 van 1911, i.v.m. die aanhouding van die jeugdige oortreder en die stigting van gesertifiseerde tehuise.

(e) Die Kinderbeskermings-wysigingswet No. 26 van 1921.

(f) Die „Aanneming van Kinderen Wet" No. 25 van 1923.

Met die Kinderwet het die staat grotendeels die maatskaplike werk i.v.m. die kind, wat oorspronklik aan die kerk toevertrou is, oorgeneem. Met die insluiting van bogenoemde wette by die Kinderwet, is die beskerming wat die staat aan die kind verleen, nie slegs beperk tot inrigtingsversorging nie, maar dek dit die

hele lewe van 'n kind vanaf die suiglingstadium (die jong kind) tot in sekere gevalle, sy mondigwording.

Die hoofdoel of -beginsel van die wet is die beskerming van die kind. Hier sluit dit aan by die doelstellings van alle vorige kinderbeskermingswette, maar sy metodes is egter vollediger en omvattender. Die bepalings van die wet is dan ook 'n weergawe van bogenoemde hoofbeginsel en 'n poging om praktiese uitvoering daaraan te gee.

Om die doel te bewerkstellig, word addisionele sowel as dieselfde metodes aangewend wat op beginsels berus waarop ook vorige kinderwetgewing gebou is, nl. dat kinderverwaarlosing en kindermisdadigheid essensieel eèn vraagstuk is, en dat die rehabilitasie van die kind nie bewerkstellig word deur straf en afskrikkingsmaatreëls nie, maar deur maatreëls van heropvoeding en maatskaplike rehabilitasie. Hierdie beginsels is alreeds breedvoerig bespreek.

Om die beginsels te verwesenlik, word gebruik gemaak van twee hoofmetodes van behandeling wat bevorderlik is. Die primêre metode van behandeling is die versorging buite die inrigting. Die wet maak voorsiening vir die versorging van die kind en ook die rehabilitasie van sy ouerhuis. Dit bevat maatreëls vir die gemeenskapskind"se beskerming teen uitbuiting, mishandeling en verwaarlosing in die alledaagse lewe.

Die tweede metode van behandeling het die beskerming van die inrigtingskind ten doel, d.w.s. die kind wat uit die gemeenskap verwyder is en vir sy hervorming en beskerming in 'n inrigting geplaas is. Vir hom word deur middel van verskillende soorte inrigtings ruim voorsiening gemaak. Deur bogenoemde twee metodes van kinderbehandeling word getrag om die kind te beskerm en op te voed tot goeie burgerskap. Die vraagstuk van sorgbehoewendheid en jeugmisdaad word deur die toepassing van gewensde

metodes van behandeling, hoofsaaklik beskou as ŉ opvoedkundige probleem.

Hoewel die Kinderwet daargestel is in belang van die kind, neem dit egter ook die belange van die gemeenskap in ag, want deur heropvoeding van die misdadige kind word die samelewing deels gevrywaar van die gevolge van misdaad, en die versorging van die verwaarloosde en sorgbehoewende kind dra by om armlastigheid in die gemeenskap te beperk.

3. Die Kind:

Die doel van die Kinderwet is, soos alle vorige kinderwetgewing, om die kind te beskerm. Die woord kind word deur Artikel 1 soos volg omskryf: „Kind" beteken ŉ persoon wat minder as negentien jaar oud is, en omvat ŉ jong kind, en sluit ook in sekere gevalle ŉ persoon in wat ouer as negentien jaar en jonger as een-en-twintig jaar is.

Die artikel stel hom dus die beskerming ten doel van:

(a) enige kind jonger as negentien jaar,
(b) die jong kind, en in sekere gevalle
(c) die kind of jeugdige, ouer as negentien maar jonger as een-en-twintig jaar.

(a) Enige kind jonger as negentien jaar:

Deur die artikel word die ouderdom van ŉ kind opgeskuif tot negentien jaar. Alle vorige kinderwetgewing het ŉ kind bestempel as ŉ persoon jonger as sestien jaar. Die vasstelling van ŉ hoër ouderdomsgrens is beïnvloed deur navorsing vanaf die begin van die 20ste eeu op die gebied van die sielkunde en opvoedkunde, asook die moderne gekompliseerde sosiale toestande wat bygedra het om die kind se vormende tydperk te verleng alvorens hy as volwassene beskou word. ŉ Verdere rede vir die uitbreiding van die ouderdomsgrens is om meer beskerming aan die kind te

verleen. Deur die ouderdom te verhoog, kan onaanpasbaarheid by hom meer effektief bekamp word. Nou is dit moontlik om iemand ouer as 16 jaar (die vorige ouderdomsgrens van ŉ kind) onder die wet te behandel deur middel van die opvoedkundige metodes wat deur die wet voorgeskryf word. Hoe noodsaaklik die opskuiwing van sy ouderdom vir die kind is, getuig uit die misdaadgegewens vir 1951, waar dit duidelik blyk dat die hoogtepunt van jeugoortredings op die ouderdom van 18-19 jaar val. (1) Die bevoegdheid wat aan Kinderwet 1937 verleen word, kan derhalwe alleenlik heilsaam wees deurdat dit onaanpasbaarheid en onhandelbaarheid kan behandel sonder dat daar juis ŉ „oortreding" teen die jeugdige se naam moet staan.

Die leeftyd van negentien jaar is deur die Interdepartementele Komitee vir behoeftige, verwaarloosde, onaanpasbare en misdadige kinders en jongmense, in 1934 aanbeveel omdat dit volgens die Komitee, algemeen ooreenstem met die sielkundige en opvoedkundige leeftye van die kind. (2) Sielkundig egter, bereik die mens eers volwassenheid tussen 23 en 25 jaar. (3) Die kind benede negentien jaar is die meeste vatbaar vir opvoedkundige invloede, want na hierdie leeftyd word hy in die reël beskou as iemand wat in staat is om vir homself te sorg, en wat minder vatbaar is vir die invloed van ouers of voogde, en trouens dikwels heeltemal onafhanklik van hulle is.

Die opskuiwing van die kind se ouderdom is van belang vir hom, en die wetsbepaling wat die verandering teweegbring, berus op juridiese sowel as ŉ opvoedkundig-sielkundige grondslag. In die eerste plek gee die verlengde periode die gereg die geleentheid om die kind langer kragtens die kinderwette te verwys en te behandel.
Met die verlenging van die kinderperiode word die geleentheid ook geskep om die misdadige en sorg-

(1) Unie v. S.A. : Jaarboek No. 27 (1952-53), 245.
(2) Verslag: Interdepartementele Komitee vir behoeftige kinders en Jongmense (1934), 36.
(3) Nunn: Psychological Development, 515.

behoewende kind vir 'n langer periode opvoedkundig inrigtingsgewyse te behandel, en geniet die normale kind 'n langer periode van beskerming teen uitbuiting, mishandeling, korrupsie en verwaarlosing. Dit gee hom 'n langer periode van opvoeding en ontwikkeling wat voorbehoedend in sy lewe reageer. Die verlengde inrigtingsopvoeding gee hom 'n beter geleentheid om voorberei te word as 'n deugdelike burger van die samelewing, en so sy kragte en vermoëns in diens van die samelewing te stel.

Sielkundig is die verlengde kinderperiode ook van belang vir die kind, omdat dit hom 'n addisionele periode gee waarin hy onder beskermde omstandighede kan geestelik ontplooi en 'n positiewe karakter kan ontwikkel. Dit bied addisionele geleentheid vir sy persoonlikheid om te groei en te ontwikkel. Vir enige kind, maar meer nog vir die sorgbehoewende kind, wat baie keer wanaangepas is, is ware persoonlikheidsvorming van die grootste opvoedkundige waarde, omdat dit streef om hom tot volmaaktheid te bring, om hom volkome toe te rus vir sy lewensroeping. Die vorming van die kind se persoonlikheid is die vrug van goeie opvoeding en leiding en van gesonde ontwikkeling. Hierdie dinge word by die kind bevorder deur die verlenging van sy ouderdom as kind. Die opskuiwing van die kind se ouderdomsgrens van sestien tot negentien jaar, is van groot opvoedkundige sowel as sielkundige waarde vir enige kind. Die opskuiwing van sy juridiese ouderdom soos hierbo aangegee, bring dit min of meer in ooreenstemming met sy pedagogiese ouderdom.(1) Dus kan 'n addisionele verhoging van sy juridiese ouderdom met 'n paar jaar, slegs die kind verdere voordeel besorg. By die juridiese en opvoedkundige voordele wat so 'n verhoging inhou, sal dit beteken dat die kind sielkundig meer bestendig sal wees as hy volwassenheid bereik. Dit sal vir hom addisionele beskerming beteken gedurende die storm- en drangperiode. (2)

(1) Kyk bladsy 29 van hierdie tesis.
(2) Kyk bladsy 28 van hierdie tesis.

(b) Die Jong kind:

Artikel 1 van die wet omskryf die term jong kind as enige persoon onder die leeftyd van tien jaar. Hier word ŉ verbetering op vorige wetgewing aangebring want Artikel 2 van Wet No. 25 van 1913 stel die maksimum ouderdom van ŉ jong kind op sewe jaar vas. ŉ Kind jonger as sewe jaar oud, word beskou as nie in staat te wees om tussen reg en verkeerd te onderskei nie. Selfs tussen die ouderdom van sewe en veertien jaar word hy ook as „dolus incapax" beskou, maar hierdie veronderstelling kan in die hof weerlê word („rebut"). (1)

Die verlenging van die jong kind se ouderdom is opvoedkundig want dit bied hom addisionele besondere beskerming insake sy bewaring, gesondheid, skoolonderrig en gesonde geestelike opvoeding.

(c) Die kind of jeugdige, ouer as negentien, maar jonger as een-en-twintig jaar:

In onderstaande gevalle word ŉ persoon ook as ŉ kind beskou selfs al is hy ouer as negentien jaar.

(i) Artikel 54(1) beskou as kind enige leerling bo die leeftyd van negentien jaar, wat wegloop uit ŉ verbeteringskool of ŉ gesertifiseerde tehuis. So ŉ drostery word as ŉ oortreding beskou, en met die toestemming van die Minister kan hy aangekla en vervolg word. Artikel 54(2) bepaal verder dat as hy sy vonnis uitgedien het, hy terug gestuur kan word na die inrigting waaruit hy weggeloop het, of hy kan oorgeplaas word na ŉ ander verbeteringskool of gesertifiseerde tehuis, of hy kan ontslaan word.

Artikel 29 beskou die volgende gevalle ook as kinders:

(ii) ŉ Persoon ouer as negentien jaar, wat na ŉ nywerheidskool verwys is.

(iii) ŉ Persoon ouer as negentien jaar, wat na ŉ gesertifiseerde inrigting verwys is.

(1) Gardiner & Lansdown: S.A. Criminal Law & Procedure, 64.

(iv) ŉ Persoon ouer as negentien jaar, wat in die bewaring geplaas word van ŉ geskikte persoon of inrigting in die bevelskrif aangewys.

(v) Iemand ouer as negentien jaar, wat onder die beheer van ŉ goedgekeurde vereniging geplaas word.

(vi) ŉ Persoon ouer as negentien, wat deur ŉ Kinderhof onder toesig van ŉ proefbeampte of van ŉ persoon of vereniging van persone in die bevelskrif aangewys, wat vir die beskerming, welsyn of redding van kinders werk, geplaas word. Die Kinderhof mag te eniger tyd na so ŉ verwysing gelas dat die kind by ŉ geskikte werkgewer in die leer geplaas moet word, hetsy by die persoon in wie se bewaring hy geplaas moet word, of by iemand anders.

Artikel 103 beskou as kind ŉ persoon ouer as negentien maar jonger as een-en-twintig jaar, wat skuldig bevind word aan ŉ misdaad, behalwe moord, hoogverraad of verkragting, as hy deur die Hof onder die toesig van ŉ proefbeampte of enige ander geskikte persoon soos in die bevelskrif gemeld, geplaas word, of na ŉ gesertifiseerde tehuis of verbeteringskool verwys word.

Artikels 29, 54 en 103 verklaar tot kind ŉ persoon ouer as negentien maar jonger as een-en-twintig, met wie gehandel kan word soos hierbo aangegee. Vir die jeugdige bo die ouderdom van 19, en onder een-en-twintig, is hierdie toegewings van groot opvoedkundige waarde omdat dit metodes voorskryf anders as die van gevangenisstraf. Die metodes sluit verdere inrigtingsorg en -opvoeding in, asook vakleerlingskap onder toesig, met hulle opvoedkundige en sielkundige voordele wat, hoewel dit ŉ beperking van die jeugdige se vryheid beteken, dit verkieslik is bo opsluiting.

Die verhoging van die ouderdom van die kind tot negentien jaar, is vir alle kinders waardevol. Vir die normale kind, d.w.s. die kind wat hom nie aan enige wangedrag skuldig maak, of

ŉ potensiële misdadiger is wat gestigsverpleging nodig het nie, gee die verhoogde ouderdomsgrens ŉ addisionele tydperk van beskerming teen uitbuiting, verwaarlosing en mishandeling. Vir die sorgbehoewende kind en jeugmisdadiger wat inrigtingversorging ondergaan, verskaf dit ŉ verlengde periode van onderwys en opvoeding in so ŉ inrigting waarby hy opvoedkundig en beroepskundig baat. Dit stel hom in die geleentheid om verder skoolonderrig sowel as beroepsopleiding te ontvang. Die periode in die inrigting beteken vir hom ŉ verlengde periode van persoonlikheidsvorming en karakterontwikkeling. Hy word langer deur die staat as kind beskou en behandel, en indien hy teen die staat oortree of met die gereg bots, word hy nie soos ŉ volwassene behandel nie, maar deur die Kinderhof getug deur middel van inrigtingsversorging of vakleerlingskap i.p.v. straf.

Vir die jeugdige, ouer as negentien maar jonger as een-en-twintig jaar, gee die verhoogde ouderdom in sekere gevalle ook die geleentheid om, indien hy met die gereg bots, inrigtingsbehandeling of vakleerlingskap te ondergaan i.p.v. gevangenisstraf uit te dien. Dit beskerm hom teen die stigma van gevangenisstraf wat vir hom geestelik uiters nadelig is.

4. Die Sorgbehoewende Kind.

Weens sekere omstandighede kan die gewone kind ontwikkel tot ŉ „sorgbehoewende" kind. In die reël vereis so ŉ sorgbehoewende kind meer aandag van die staat as die normale kind. Artikel 1 omskryf die sorgbehoewende kind soos volg:

NB

(a) ŉ Kind wat behoeftig is.

(b) ŉ Kind wat geen ouer of voog het nie, of wat ouers of ŉ ouer of voog het, wat geen behoorlike toesig oor die kind uitoefen nie, of onbevoeg is om sodanige toesig uit te oefen.

(c) ŉ Kind wat in die sorg van ŉ persoon is wat skuldig bevind word aan ŉ misdryf teenoor so ŉ kind, soos vermeld in die Eerste Bylae tot hierdie wet. Die Eerste Bylae sluit in ontvoering, kinderdiefstal, aanranding, enige seksuele misdryf waardeur ŉ kind beseer word, en enige misdryf ingevolge Hoofstuk III van die Kinderwet. Die misdrywe waarvan in genoemde hoofstuk melding gemaak word, is die mishandeling of verwaarlosing van die kind, korrupsie van die kind, bedelary, ongeoorloofde straathandel of ongeoorloofde opvoerings waaraan die kind deelneem, en om ŉ kind aanleiding te gee om ŉ misdryf te pleeg.

(d) ŉ Kind wat nie deur sy ouers of voog of die persoon in wie se bewaring hy is, beheer kan word nie. Volgens Artikel 1 is ŉ ouer die vader of moeder van ŉ kind gebore uit of gelegitimeer deur ŉ wettige huwelik, of die moeder van ŉ buite-egtelike kind; die omskrywing sluit ook ŉ pleegouer in.

ŉ Voog beteken ŉ testamentêre voog, benoemde voog of toegevoegde voog aan wie briewe van bekragtiging verleen is ingevolge die wet betreffende die bereddering van boedels.

(e) ŉ Kind wat hom dikwels aan skoolversuim skuldig maak.

(f) ŉ Kind wat omgaan met ŉ onsedelike of slegte persoon, of wat andersins onder omstandighede leef wat waarskynlik die verleiding, verslegting of prostitusie van die kind sal veroorsaak of in die hand sal werk.

(g) ŉ Kind wat bedel of synde minder as sestien jaar oud, straathandel dryf binne die regsgebied van ŉ plaaslike bestuur, sonder die nodige toestemming neergelê deur bepaalde verordeninge.

(h) Die kind wat onderhou word weg van sy ouers of voog onder huislike omstandighede wat met die belange van die kind in stryd is, en wie se ouers of voog nie opgespoor kan word nie, of versuim het om behoorlike voorsiening vir die versorging en bewaring van die kind te maak, alhoewel hulle aangesê is om dit te doen.

Hierdie omskrywing van die sorgbehoewende kind berus op dieselfde opvoedkundig-sosiologiese gronde as die definisie van sorgbehoewendheid soos omskryf in Artikel 34 van Wet No. 25 van 1913. Die leemtes wat die omskrywing van ŉ sorgbehoewende kind in laasgenoemde wet inhou, word nou egter deur Artikel 1 van die Kinderwet uit die weg geruim. Artikel 1 is aanvullend en meer uitgebreid as Artikel 34 van die Kinderbeskermingswet van 1913.

Hoewel Wet No. 26 van 1921 <u>behoeftigheid</u> as rede vir verwysing by sy hoofwet No. 25 van 1913 voeg, is dit by die Kinderwet waar die faktor ŉ belangrike plek inneem in die lys van eienskappe of faktore waarom ŉ kind as sorgbehoewend verklaar word.

Met die stadswaartse trek van ŉ gedeelte van die plattelandse bevolking, en die ongunstige omstandighede wat in baie gevalle in die stad ondervind is, het behoeftigheid ŉ belangrike faktor in die lewe van die kind uit die minder gegoede huisgesin geword, omdat dit in baie gevalle die voorstadium tot jeugmisdaad is. Dit is om die rede dat behoeftigheid opgeneem is in die omskrywing van die sorgbehoewende kind, soos in Artikel 1 aangegee.

Die omskrywing in Artikel 1, van die misdrywe waaraan die persoon in wie se bewaring die kind is, hom skuldig maak, en die nadelige omstandighede waarin die kind deur sy bewaarder se toedoen hom bevind, is ŉ verbetering op die wat in die Kinderbeskermingswet van 1913 beskryf word. Melding word gemaak van misdrywe soos pertinent aangegee in die Eerste Bylae en Hoofstuk III van die Kinderwet, terwyl daar in eersgenoemde wet slegs gepraat word van „omstandighede wat aanleiding gee tot die kind se sedelike verval".

Wat betref die persone wat ŉ nadelige invloed op die kind het, maak Wet No. 25 van 1913 slegs melding van „misdadigers en prostituees". Artikel 1 van die Kinderwet omskryf egter nadelige geselskap vir die kind, as „enige onsedelike of slegte persoon, of wat andersins onder omstandighede leef wat waarskynlik die verleiding, versleg-

ting of prostitusie van die kind sal veroorsaak, of in die hand sal werk". Die omskrywing is dus meer omvattend as die van die vorige Kinderbeskermingswet, en gevolglik doeltreffender. Waar laasgenoemde wetgewing hom slegs beperk tot prostituees en misdadigers as ongewenste geselskap vir die kind, is die huidige Kinderwet se omskrywing van die nadelige geselskap vir die kind so omvattend en algemeen dat dit enige persoon insluit wat 'n swak invloed op die kind mag hê.

Wat bedelary betref, verklaar die Kinderbeskermingswet van 1913 dat 'n kind as sorgbehoewend moet beskou word as hy rondloop en bedel terwyl hy jonger as 14 jaar is. Wet No. 31 van 1937 maak egter geen melding van enige ouderdom nie, maar sluit enige kind in wat bedel, d.w.s. enige persoon onder die ouderdom van 19 jaar.

Die omskrywing van die sorgbehoewende kind in die Kinderwet, is weens sy uitgebreidheid, veel omvattender as enige vorige omskrywing omtrent die onderwerp. Dit verhoog sy doeltreffendheid omdat dit tot gevolg het dat meer kinders onder die wet as sorgbehoewend beskou kan word, en so in die geleentheid gestel word om beskerm en deur inrigtingsbehandeling opgevoed en gerehabiliteer te word. Hierdie uitgebreide omskrywing gaan van die gesonde pedagogiese beginsel uit dat enige toestand of omstandigheid wat mag aanleiding gee tot die kind se verwaarlosing, mishandeling of verleiding, onskadelik gemaak moet word deur die verwydering van die kind uit so 'n toestand of omstandigheid, en die toepassing van opvoedkundige metodes van hervorming wat sal bydra tot sy hervorming en herstelling in die gemeenskap. Die omskrywing van die toestande van sorgbehoewendheid in Artikel 1, waaronder 'n kind verwys kan word, saam met Artikels 29, 54 en 103 wat die ouderdom van die kind vasstel, is vir hom van die grootste opvoedkundige belang omdat dit die Hof in staat

stel om hom nie alleen te vrywaar teen gevangenisstraf met sy bykomstige euwels nie, maar ook om middels aan te wend en opvoedkundige metodes op hom toe te pas wat bevorderlik is vir sy beskerming, opvoeding en algemene welsyn.

5. Die Kinderhof en die Kommissaris van Kindersorg.

(a) Die Kinderhof.

Die Kinderbeskermingswet No. 25 van 1913 het geen voorsieninmg vir ɳ Kinderhof gemaak nie, maar reeds in 1911 is kragtens Artikel 72 van Wet No. 13 van 1911 voorsiening getref dat die verhoor van ɳ kind „in camera" moes plaasvind. Hierdie wetsbepaling het die gedagte ingehou vir ɳ aparte hof vir die kind, wat tot stand gekom het met Artikel 4 van die Kinderwet No. 31 van 1937, wat soos volg lui: „Die Minister van Justisie of die Minister van Naturellesake, indien die betrokke distrikte onder die administratiewe beheer van laasgenoemde val, mag na raadpleging met die Minister, ɳ Kinderhof instel vir ɳ distrik of gebied wat bestaan uit twee of meer distrikte of gedeeltes van distrikte". Met die term Kinderhof word ɳ hof bedoel waarin slegs kindersake behandel word.

Artikel 4 verklaar verder: „Elke magistraatshof is ɳ Kinderhof vir enige deel van sy regsgebied waarvoor daar geen Kinderhof bestaan nie".
Die Minister van Justisie raadpleeg gewoonlik ook die Minister van Volkswelsyn as so ɳ Kinderhof in een of ander plek of gebied in die lewe geroep word, omdat die administrasie van die Kinderwet, met Proklamasie No. 198 van 1937, aan die Minister van Volkswelsyn opgedra is, behalwe waar die wet verwys na nywerheids- en verbeteringskole wat deur die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap beheer word. (1)

Na die eerste Kinderhof in Illinois (V.S.A.) in 1899 gestig is, het kinderhowe en kinderwetgewing uitgebrei na al die state in die Verenigde State van Amerika, en na die meeste

(1) Van Reenen: Handbook on the Children's Act, 7.

state in Kanada en Europa, en selfs na 'n paar state in Suid-Amerika en die Unie van Suid-Afrika. Hierdie Kinderhofbeweging het bygedra tot 'n omwenteling in die geregtelike proses aangaande die kind, en ook tot die benadering van die vraagstuk van kinderbeskerming en kindersorg deur die gemeenskap. Die grootste bydrae wat die Kinderhof dusver tot kinderbeskerming gelewer het, is dat dit die kind as't ware „sigbaar" gemaak het, d.w.s. dit het hom en sy probleme pertinent op die voorgrond gebring.

Die Kinderhof was ook die middel om impetus aan die gedagte te gee dat die gereg nie die kind op dieselfde wyse as die volwassene moes behandel nie. „Instead of the old concept of justice being served when all committing the same offence were treated alike, under juvenile court practice justice was served only when all children were treated differently, that is, each child was considered in the light of his own capacities, needs and problems". (1)

Die vraagstuk wat die Kinderhof op die voorgrond gebring en aangepak het, was om na te spoor wat die sorgbehoewende kind en ook die jeugmisdadiger was en is, hoe dit gebeur het dat hy in die toestand waarin hy verkeer, beland het, en wat in die betrokke geval in belang van die kind, en gevolglik ook in belang van die Staat gedoen kon word.

Die instelling van die Kinderhof is vir die kind, blank sowel as nie-blank, van groot betekenis, en dit berus op die opvoedkundige beginsel dat daar nie vasgestel moet word of die kind skuldig of onskuldig is nie, maar watter doelmatige stappe gedoen moet word om aan die behoeftes van elke indiwiduele geval te voldoen.

(1) Yearbook: National Council of Juvenile Court Judges Conference (1951); K. Lentroot: The Juvenile Court and the Child Welfare Agency in Services to Children, 25.

Die Kinderhof is ʼn noodsaaklikheid omdat dit ʼn opvoedkundige middel is tot redding van die sorgbehoewende kind en rehabilitasie van die jeugmisdadiger. Die funksie van die Kinderhof volg die opvoedkundige beleid om geregtelike stappe ten opsigte van die kind, af te skei van die brandmerk of stigma wat veronderstel word ʼn verhoor in howe vir volwassenes aan te kleef.
Die beginsel wat die Kinderhof ten grondslag lê, is dat daar ʼn fundamentele verskil bestaan tussen die anti-maatskaplike gedrag van die kind en die misdadige gedrag van die volwassene, en om die beginsel tot voordeel van die kind daar te stel, is die Kinderhof anders ingestel en word ʼn wetlike beleid gevolg wat vir die kind se toekoms bevorderlik is.

Om die beleid toe te pas, lê Artikel 6 neer dat ʼn Kinderhof in ʼn ander vertrek sitting moet hou as diè waarin ʼn gewone hof gebruiklik byeenkom, tensy geen sodanige ander vertrek beskikbaar en geskik is nie. Niemand mag oor die radio of in ʼn dokument wat deur die drukpers of op ʼn ander wyse in veelvoud vervaardig word, die naam, adres of skool van ʼn kind vermeld wat by verrigtings in ʼn Kinderhof betrokke is of was nie, of iets anders publiseer wat sy identiteit waarskynlik sal openbaar nie. Indien die Minister of die Kommissaris wat by daardie verrigtings voorsit of voorgesit het, egter van oordeel is dat ʼn sodanige bekendmaking of publikasie reg en billik en in een of ander bepaalde persoon se belang sou wees, kan hy vrystelling van die verbodsbepaling van hierdie sub-artikel verleen, tot so ʼn mate soos deur die vrystellingsbevel bepaal word.

By die sitting van ʼn Kinderhof mag niemand aanwesig wees nie, tensy sy teenwoordigheid nodig is in verband met die verrigtinge van die hof, of tensy hy ʼn ouer of die voog of ʼn persoon „in loco parentis" is van ʼn kind wie se teenwoordigheid nodig is, of tensy hy die prokureur of advokaat is van so ʼn kind, ouer of voog of persoon (in loco parentis), en hy saam met die kind in die hof moet verskyn, of tensy die Kommissaris wat by

die sitting voorsit, hom vergun het om teenwoordig te wees.

Bogenoemde wetsartikel gaan uit van die opvoedkundig-sielkundige beginsel dat die kind ŉ periode van adolessensie deurmaak wat vir hom ŉ tydperk van onsekerheid en onstabiliteit is. As die periode van adolessensie met al sy psigologiese en emosionele konflikte, probleme en moeilikhede op die voorgrond tree, dan is dit noodsaaklik dat die hof sy misgryp of probleem anders aanpak as diè van die volwassene. Aangesien die Kinderhof anders ingestel is as die hof vir volwassenes, kan beter aandag gegee word aan die karakter en omgewing van die kind wat voor die hof teregstaan, of ŉ voorlopige ondersoek ondergaan. Omdat die Kinderhof bewus is van die opvatting van die hedendaagse kind, nl. dat ŉ hof ŉ plek van straf is, is dit gevolglik so ingestel dat die besef tot die kind kan deurdring dat die hofprosedure as behandeling, en nie as straf daargestel is nie. Die opvoedkundig-sielkundige gronde waarop die hofprosedure berus, laat die kind tot die baie belangrike besef kom dat hyself verantwoordelikis vir sy verskyning in die hof, en dat hy homself die ongeluk deur sy slegte gedrag, op die hals gehaal het. As hy dit verstaan, is dit ŉ kragtige faktor wat kan verhoed dat hy homself in die toekoms weer in die moeilikheid laat beland. In die meeste gevalle reageer die kind gunstig wanneer die posisie aan hom verduidelik word.

Die voorsiening wat in Artikel 6 bevat word dat ŉ Kinderhof nie toeganklik vir die publiek is nie, is uiters gesond, hoewel die toegewing wat aan die kind se ouer of voog gedoen word om so ŉ hofsitting by te woon, van belangrike betekenis is vir die Kind. Trouens, Artikel 90 verplig die ouer om die verhoor van sy kind by te woon. Hierdie verpligte bywoning van die ouer by die kind se verhoor, strek die hof sowel as die kind tot voordeel, daar geen sorgbehoewende of

misdadige kind op doeltreffende wyse behandel kan word sonder om sy familie as agtergrond in aanmerking te neem nie. As die Kinderhof kennis maak met die kind se huisgesin, dan sal dit ook kan vasstel onder welke omstandighede die kind grootgeword en gelewe het, en of die oùer en die huis as hulpmiddel kan gebruik word by die kind se hervorming en verdere opvoeding. Voordat enige rehabilitasiemaatreël getref word, moet die gesin eers as geheel in aanmerking geneem word, omdat onverbeterlikheid en misdadigheid grotendeels die gevolg van ongunstige huislike omstandighede is.

Die teenwoordigheid van die ouer help die hof om 'n volledige indruk te kry van die kind se gedrag. Deur die ouer te bestudeer, word in baie gevalle die rede gevind waarom die kind wanaangepas of onbeheerbaar is. Die ouer se karakter, sy verlede en sy leefwyse is baie keer die aanleidende oorsaak van sy kind se sorgbehoewendheid.

Die teenwoordigheid van die ouer by sy kind se verhoor bring hom dikwels tot die besef wat sy verpligtinge teenoor sy kind is en moes gewees het. Dit stel hom in die geleentheid om te wete te kom waar hy in sy ouerlike plig gefaal het, en hoe noodsaaklik dit is om meer aandag aan die kind te gee. Dit stel ook die hof in die geleentheid om die ouer op sy verantwoordelikhede teenoor die kind te wys.

Die onderliggende opvoedkundige sowel as sielkundige beginsels van Artikel 90, beklemtoon dus die noodsaaklikheid van die ouer se teenwoordigheid tydens die verhoor van sy kind.

Die Kinderhof is ook in die tweede plek van opvoedkundige betekenis vir die kind omdat dit uitgaan van die standpunt dat die versorging, aanhouding en dissiplinering van die kind in die toekoms van beter gehalte moet wees as wat in sy ouerhuis die geval was. Die standpunt berus dus op die hoofbeginsel waarop die Kinderwet berus, naamlik die beskerming van die kind deur middel van hervorming en heropvoeding. Dit is ook die hoofdoel van die instelling van die Kinderhof.

Om die doel te bereik, is sekere werksaamhede en pligte op die Kinderhof gelê wat bestaan uit opvoedkundige metodes van versorging en behandeling waardeur gevangenisopsluiting vir die kind vermy word. Aanwending van hierdie opvoedkundige metodes van behandeling besorg vir hom ŉ beter leefwyse as wat hy in die verlede ondervind het, en deur die toepassing van sulke metodes word hy in staat gestel om te rehabiliteer, opgevoed en onderrig te word, en word hy gevrywaar van toestande en omstandighede wat weer tot sy verslegting kan lei. Omdat die Kinderhof die opvoedkundige waarde van die goeie ouer en die gesonde huis besef, gebruik dit ook hierdie faktore (indien hulle geskik is) om die kind van ŉ beter toekoms te verseker.

3 In die derde plek berus die instelling van die Kinderhof op die beginsel dat die kind wat voor die Kinderhof verskyn, sover prakties moontlik, nie as ŉ misdadiger beskou en behandel word nie, maar as iemand wat aanmoediging en leiding nodig het. (1) Die Kinderhof lê nie klem op die daad wat deur die kind gepleeg is nie, maar wel op die sosiale feite en omstandighede wat vir sy verskyning voor die hof verantwoordelik is. Die eintlike misdaad wat die onmiddellike oogmerk van die optrede van die hof is, word beskou as slegs een van die baie faktore wat in aanmerking geneem moet word. Die doel van die optrede is dus nie straf nie, maar ŉ verbetering van die toestande, die versorging en beskerming van die kind.

Die opvoedkundige en sielkundige oorwegings waarop die Kinderhof en sy prosedure gegrond is, maak die instelling ŉ faktor van groot betekenis vir die kind. Dit dra by tot sy beskerming en hervorming deur die toepassing van gesonde sielkundige sowel as opvoedkundige metodes. Dit is tot voordeel van alle kinders afgesien van ras en kleur.

(1) Geffin: Delinquency & Domestic Court Problems, 5.

Dit beskerm en behandel selfs die jeugmisdadiger, hoewel dit geen kriminele regsbevoegdheid besit, en geen jeugoortreder kan verhoor nie. Artikel 102 bepaal egter die metode hoe die misdadige kind deur die Kinderwet beskerm word. Kragtens hierdie artikel kan die kriminele hof wat ŉ misdadige kind verhoor, so ŉ kind na ŉ Kinderhof verwys indien die hof van oordeel is dat die kind as sorgbehoewend beskou moet word. Deur hierdie prosedure wat „omsetting" genoem word, stel die Kinderhof ook die misdadige kind in die geleentheid om opvoedkundig hervorm en beskerm te word.
Die metodes wat aangewend word om ŉ kind te help, word in die volgende paragraaf beskryf.

(b) Die Magte van die Kinderhof i.v.m. die Sorgbehoewende Kind.

Artikel 29(1) verklaar dat as die Kinderhof oortuig is dat ŉ kind sorgbehoewend is, en hom as sodanig verklaar, dan mag die hof

(i) gelas dat die kind na ŉ nywerheidskool verwys word, of

(ii) gelas dat die kind na ŉ gesertifiseerde inrigting verwys word, of

(iii) gelas dat die kind in die bewaring geplaas word van ŉ geskikte persoon of inrigting, of

(iv) gelas dat die kind onder die beheer van ŉ goedgekeurde vereniging geplaas word, of

(v) gelas dat die kind herstel moet word of moet bly in die bewaring van sy ouer of voog of van die persoon in wie se bewaring hy was onmiddellik voor die aanvang van die verrigtinge.

Hierdie magte of bevoegdhede van die Kinderhof is meer uitgebreid as die wat aan die magistraat deur Artikel 11 van die Kinderbeskermingswet No. 25 van 1913, toegeken is. Behalwe die bevoegdhede van laasgenoemde artikel, sluit Artikel 29(1) van die Kinderwet ook die verwysing na ŉ inrigting anders as die nywerheidskool in, en die beheer van die kind deur ouer of vereniging, as stelsels van beskerming en hervorming.

Bogenoemde metodes van kinderbeskerming kan in drie kategorieë ingedeel word, nl.:

(i) Die verwysing van die kind na een of ander inrigting, of sy bewaring in so 'n inrigting.

(ii) Die plasing van die kind in die bewaring van 'n geskikte persoon wat ook die ouer of voog kan wees.

(iii) Die plasing van die kind in die beheer of toesig van 'n goedgekeurde vereniging.

(i) Wat betref inrigtingsversorging as metode van beskerming vir die kind, is dit aanvanklik vir die jeugmisdadiger daargestel deur middel van Wet No. 13 van 1911, en vir die sorgbehoewende kind deur Wet No. 25 van 1913. Die opvoedkundige aspekte van hierdie metode van beskerming en versorging word breedvoerig bespreek in paragraaf 2 van Hoofstuk III, waar Artikel 7 van Wet No. 13 van 1911 die verbeteringsgestig daarstel tot redding en verbetering van jeugdige persone wat reeds deur een of ander oortreding veroordeel was, en ook paragraaf 11 van Hoofstuk IV waar Artikels 33 en 38 van die Kinderbeskermingswet No. 25 van 1913, die daarstelling van die nywerheidskool en die gesertifiseerde inrigting 'n werklikheid maak. In genoemde twee paragrawe word die groot opvoedkundige waarde van inrigtingsversorging vir die misdadige sowel as die sorgbehoewende kind, bespreek.

Dat hierdie beproefde metode van kinderopvoeding en -rehabilitasie opvoedkundig gesond is, blyk uit die feit dat in 1952 daar alreeds 203 geregistreerde inrigtings was, insluitende plekke van veiligheid en bewaring, sestien nywerheidskole en vier verbeteringskole. Die 203 gesertifiseerde inrigtings het omtrent 18,000 kinders gehuisves. Van hierdie getal is beraam dat 1,000 gevalle weeskinders is, terwyl 1,500 half-wese was. Die orige 15,500 het nog albei ouers besit. Die nywerheidskole het in die jaar ongeveer 2,400 kinders gehuisves, en die verbeteringskole ongeveer 1,870. (1)

(1) Tydskrif vir Maatskaplike Navorsing: Junie 1952; J.A. Grobbelaar: Neiging in die Administrasie i.v.m. Artikels 29 en 103 van die Kinderwet, 16.

Inrigtingsversorging is, vandat dit deur Uniewetgewing ingestel is, op wetenskaplike wyse wel deeglik uitgetoets, en het niks van sy gewildheid verloor nie.

(ii) Die Kinderhof kon ook ingevolge Artikel 29(1), die kind uitplaas by n geskikte persoon wat die ouer of voog kan wees. Dit is geen nuwe metode van beskikking nie, want Artikel 74(1) van Wet No. 13 van 1911 skryf die plasing van die misdadige kind by n geskikte persoon voor, terwyl Artikel 11 van Wet No. 25 van 1913, die magistraat magtig om dieselfde prosedure te volg met die sorgbehoewende kind.

Bogenoemde metode besit groot opvoedkundige waarde indien die huis, hetsy die ouerhuis of andersins, Christelik en sedelik gesond is. Die Woord van God huldig die beginsel dat die kind in die eerste plek aan die ouer behoort, wat gevolglik in besonder vir sy onderwys en opvoeding verantwoordelik is. (1) Die gesag wat die ouer oor die kind het, berus dus op die Woord van God. Die kind verkeer uit die aard van sake onder die invloed daarvan as die ouer of die bewaarder op verstandige wyse met hom omgaan. Vir die kind is die metode van beskikking van die grootste opvoedkundige en sielkundige waarde. Die oorsaak waarom die kind uit sy huis verwyder word, is tweërlei: òf die algemene gesinslewe is nie reg nie, òf die kind self is n gedragsafwykende. Om die kind te beskerm, moet in albei gevalle aanpassing binne die huis bewerkstellig word. In gevalle waar die huislike omstandighede sleg is, tree die Staat op ingevolge Artikel 56(2) wat die proefbeampte in staat stel om maatreëls te beraam en uit te voer vir die waarneming en verbetering van misdadige neigings by kinders, en vir die opsporing en verwydering van omstandighede wat jeugmisdaad (en sorgbehoewendheid) mag veroorsaak of aanleiding daartoe mag gee.

(1) Bybel: Hebr. 12:6-10; Deutr. 21:18; Rigt. 14:1-5.

Die bewaarder of ouer wat kan sorg vir die sedelike vorming van die kind, en wat in staat is om die nodige beheer oor hom uit te oefen, bly die beste middel om formele deugde soos ordelikheid, stiptheid, pligsbetragting en welvoeglikheid by hom aan te kweek. (1)

(iii) Dan kan die Kinderhof die sorgbehoewende kind in die beheer van ŉ goedgekeurde vereniging plaas. Die metode word ook kragtens Artikel 74(1) van Wet No. 13 van 1911, op die jeugmisdadiger toegepas. Die hoofdoel van ŉ vereniging wat in verband met die kind staan, is om te waak teen die gevare wat die kinderlewe bedreig, en om middels daar te stel om die normale ontwikkeling van die kind te bevorder. Die vereniging onderneem om die magistraat behulpsaam te wees met die toepassing van die Kinderwet. Dit hou toesig oor die beskermde jong kind, en behartig die plaaslike administrasie van staatsonderhoudtoelaes. (2) Die rol wat ŉ kindersorgvereniging in die kind se lewe speel, is dus meer beskermend en voorkomend as opvoedkundig. Dit is egter ŉ belangrike bydraende faktor om nie-inrigtingsmetodes van behandeling geslaag te maak, daar laasgenoemde se sukses grotendeels afhang van genoegsame toesig en intelligente voorligting wat die kindersorgvereniging verskaf.

Die vereniging se opvoedkundige en sosiologiese waarde vir die kind bestaan uit die feit dat dit saamgestel is uit lede van die gemeenskap. Hierdeur word belangstelling vir die kind en sy geleenthede aangewakker. Die kind en sy probleme word „ontdek" en op die voorgrond gebring. Omdat sy lede deel uitmaak van elke stratum van die gemeenskap, en vertroud is met elke

(1) Koers in die Krisis I: Coetzee; Die Skool en die Huis, die Kerk en die Staat, 328.

(2) Jaarverslag: Dept. van Volkswelsyn (1937-49), bls. 40.

deel van die dorp of area waar hulle bly, besit dit die groot voordeel dat dit in die vermoë is om sorgbehoewendheid en jeugmisdadigheid in sy beginstadium te ontdek. Hierdeur kan aandag aan die probleem gegee word nog voordat veel skade aangerig is.

Die drie metodes van kinderbehandeling waaroor die Kinderhof beskik, naamlik verwysing na 'n inrigting, uitplasing in bewaring, en toesig deur 'n kindersorgvereniging, met die opvoedkundige toepassing daarvan, het 'n weldadige uitwerking op die sorgbehoewende kind. In die eerste plek het dit die gedagte van die gevangenis en opsluiting uit die kind se lewe verwyder, en word sy lewe op 'n metodiese opvoedkundige en sielkundige wyse herstel, en in die tweede plek het straf vir die kind heeltemal oorgegaan in tug. (1) Selfs die feit dat hy met die gereg gebots het, word kragtens Artikel 107, vir sy toekomstige beskerming, nie as 'n misdadige rekord beskou as so 'n rekord hom miskien mag uitsluit van sekere betrekkings of soorte werk waarvoor hy andersins geskik is nie.

Vir die sorgbehoewende kind het die totstandkoming van die Kinderhof 'n nuwe bedeling ingelui, nie slegs vir die stadskind nie, maar elke kind op die platteland deel ook in die voorreg, want Artikel 4 maak voorsiening vir die omskepping (indien nodig) van elke magistraatshof tot 'n Kinderhof, met die uitsluitlike doel om die kind te help en te beskerm.

(c) Die Kommissaris van Kindersorg.

Artikel 2(2) bepaal dat die Minister van Justisie of die Minister van Naturellesake, indien die betrokke gebied onder die administratiewe beheer van laasgenoemde val, na wedersydse beraadslaging, 'n bevoegde amptenaar in die Staatsdiens van die Unie mag aanstel om as kommissaris of assistent-kommissaris van kindersorg op te tree, hetsy in die algemeen (dog vir 'n vasgestelde tydperk) of vir 'n bepaalde aangeleentheid vir een of

(1) Kyk paragraaf 4, Hoofstuk III van hierdie tesis.

ander distrik of sub-distrik of vir ŉ gebied bestaande uit twee of meer distrikte of gedeeltes van distrikte. Die term Kommissaris van Kindersorg beteken slegs ŉ magistraat wat kinderverhore waarneem en sake behandel wat te doen het met kinderaangeleenthede. Die benaming is aangeneem om die noue verband tussen die funksies en pligte van die amptenaar en die kinderwelsynsdiens, in teenstelling met die ander funksies van magistrate, aan te dui.

Die Kommissaris van Kindersorg kan dan ook die Kindermagistraat genoem word wat die verhore in die Kinderhof waarneem. Hy is daar vir die uitsluitlike doel om die belange van die kind te behartig. Hy kan vir die doel deur ŉ assessor bygestaan word, soos deur Artikel 5(2) voorgeskryf. Hierdie artikel lui soos volg: „Ten einde die Kommissaris of assistent-Kommissaris van Kindersorg van advies te dien by ŉ ondersoek of ŉ verhoor, mag hy die hulp inroep om hom as assessor of assessors by te staan, van enige persoon of enige twee persone wat na sy mening ervaring besit in verband met enige saak wat ter beslissing mag opkom by bedoelde ondersoek of verhoor". Wat betref die pligte wat die assessor opgelê is, verduidelik Artikel 5(4) soos volg: „Bedoelde assessors moet die Kommissaris van advies dien in verband met alle ander sake as regsvrae wat by die ondersoek of verhoor mag opkom, maar die bevinding, beslissing of order van die betrokke Kinderhof word deur die Kommissaris bepaal".

Uit bogenoemde aangehaalde artikels is dit duidelik dat die Kommissaris die alleenseggenskap oor die kind het. Hy is as't ware die algemene voog van laasgenoemde. Die wetsbepaling wat die aanstelling van assessors beoog, is daarop gemunt om nouer samewerking tussen Kinderhowe en private welsynsorganisasies te verkry, om maatskaplike werkers en werksters en proefbeamptes ŉ beter insig in die probleme van kinderwelsyn in die hof te gee, en ook om voordeel te trek uit die uitgebreider ervaring en intiemer kennis van

kindersielkunde en plaaslike toestande waaroor sulke persone beskik. (1) Artikel 5 is dus opvoedkundig van aard en verskaf addisionele beskerming vir die kind. Deur die voorsiening wat dit maak vir addisionele hulp om die Kommissaris by te staan, word die probleem van die kind benader, nie net deur die Kommissaris wat in die meeste gevalle slegs kennis besit van die Kinderwet en van die strafreg, prosedure en getuienis nie, maar ook deur 'n addisionele amptenaar wat kennis dra van kindersielkunde, die oorsaaklike faktore van jeugmisdaad en die psigologiese en emosionele geaardheid van die kind.

Die artikel gaan dus uit van die opvoedkundig-sielkundige grondslag (2) dat, hoewel slegs die Kommissaris van Kindersorg verantwoordelik is vir die bevinding, beslissing of order van die Kinderhof, daar met die inagneming van die advies van assessors, tot 'n gevolgtrekking geraak word, nie of die kind skuldig of onskuldig is nie, maar watter doelmatige stappe gedoen moet word om aan die besondere behoeftes van elke indiwiduele geval te voldoen. Omdat dit die opvoedkundige en beskermende waarde van die beginsel besef wat in Artikel 5 opgesluit is, naamlik dat die vraagstukke van die kind nie slegs wetlik nie, maar ook sielkundig benader moet word, het die Interdepartementele Komitee insake behoeftige, verwaarloosde, onaanpasbare en misdadige kinders en jongmense (1934-37), die volgende aanbevelings gedoen: „Die Departement behoort Kommissarisse aan te stel uit diegene onder die magistrate wat aanleg en smaak vir die werk aan die dag lê, en wat kragtens 'n spesiale kursus wat hulle deurgemaak het, beskou word as akademies daarvoor gekwalifiseer te wees". (3)

In verband met bogenoemde artikel wat bepaal dat die Kommissaris toegelaat word om van die

(1) Jaarverslag: Dept. van Volkswelsyn (1937-39), 47.

(2) Kyk bladsy 40 van hierdie tesis.

(3) Verslag: Interdepartementele Komitee i/s Misdadige Kinders en Jongmense (1934-37), 53.

hulp van assessors gebruik te maak, word dit gevoel dat die wetsbepaling so verander moet word dat dit verpligtend vir die Kommissaris is om van die hulp van assessors gebruik te maak, èèn waarvan moet wees ɱ gekwalifiseerde welsynswerker met, indien moontlik, die nodige praktiese ervaring. Dit is noodsaaklik dat die kind nie slegs uit die regsoogpunt beskou word nie, maar die Kommissaris moet ook kennis dra van sy verstandelike, geestelike en emosionele lewe, alvorens hy so ɱ kind verwys. Om diè rede word dit gevoel dat die inroep van assessors by ɱ verhoor nie opsioneel moet wees nie, maar dit moet vir die Kommissaris verpligtend wees om van hulle hulp gebruik te maak. So verklaar M. van Waters: „To appreciate the real needs of the child and to determine the treatment it should receive, it is necessary to know all about its economic and social status, and its general environment, but also its physical, biological, mental and emotional make-up". (1)

Artikel 2 wat die daarstelling van die Kommissaris van Kindersorg ɱ werklikheid maak, saam met Artikel 5 van die Kinderwet, wat aan hom die hulp gee om hom met raad by te staan, is vir die kind van die grootste opvoedkundige en sielkundige betekenis omdat ɱ Kommissaris met genoegsame belangstelling, bekwaamheid en simpatie teenoor die kind, ɱ kragtige faktor is om hom te laat besef dat hy op die verkeerde weg is, en hom verder onder die indruk te bring van die opvoedkundige waarde van die metodes wat deur die Kinderhof op hom toegepas word vir sy versorging en herstelling. Omdat elke kind die beskerming en voogdyskap van die Kommissaris van Kindersorg in sy lewe mag nodig vind, maak die Kinderwet voorsiening dat hy binne die bereik is van enige kind, afgesien van ras of kleur, deur middel van Artikel 2(1) wat soos volg lui: „Elke magistraat is ɱ Kommissaris van Kindersorg en elke addisionele magistraat en assistent-magistraat is ɱ Assistent-Kommissaris van

(1) Van Waters: Youth in Conflict, Hoofstuk 10.

Kindersorg, vir die distrik of sub-distrik waarvan hy 'n magistraat, addisionele magistraat of assistent-magistraat is." Deur bogenoemde opvoedkundige wetsbepaling word die sorgbehoewende sowel as die ander kind in die geleentheid gestel om self, of deur middel van sy ouer of voog, die advies van 'n Kindersorgkommissaris in te win insake sy probleme en behoeftes.

6. Die Beskerming van die Jong Kind.

Die afdeling van die Kinderwet bevat al die wetsbepalings van die Kinderbeskermingswet No. 25 van 1913, wat betrekking het op die jong kind. Gevolglik berus die wetsbepalings van die Kinderwet insake die jong kind, op dieselfde opvoedkundige en ander grondslae as die van die voorafgaande Kinderbeskermingswet. Die wetsbepalings in die jongste Kinderwet, oor die jong kind, is hoewel dieselfde as vorige wetsbepalings oor dieselfde onderwerp, egter meer aanvullend en uitgebreid om aan te pas by toestande wat die uitvaardiging van die Kinderwet noodsaaklik gemaak het. Vandat sekere wetsbepalings omtrent die jong kind in 1913 die lig gesien het met die maak van Wet No. 25 van 1913, het daar feitlik 'n kwarteeu verloop voordat wetgewing oor dieselfde onderwerp weer gemaak is. In die tydperk het oorsake wat aanleiding tot kinderverwaarlosing gee, toegeneem. Met die vermeerdering van die maatskaplike en gesinsfaktore wat buite-egtelike geboortes in die hand gewerk het, waarvan daar in Johannesburg gedurende 1937 alleenlik 161 blanke gevalle was,(1) was dit noodsaaklik dat die wetsbepalings insake die jong kind aangevul, uitgebrei en weer beklemtoon word, omdat in 1937 die getal beskermde jong kinders reeds 1,525 beloop het, waarvan die meerderheid nie-blankes was. (2)

(1) Freed: Problems of European Prostitution in Johannesburg, 279.

(2) Jaarverslag: Dept. van Volkswelsyn (1937-39), 47.

Die hoofbeginsel waarop die wetsbepalings berus, is diè van beskerming wat uitgebrei is om die kind tot die ouderdom van 10 jaar in te sluit. Die beginsel van beskerming word ook duidelik in die wetsbepalings beklemtoon waar neergelê word dat die Kommissaris van Kindersorg die plek van die magistraat inneem as beskermer en voog van die jong kind. Trouens, in al die wetsbepalings van die Kinderwet ten opsigte van die jong kind, word die Kommissaris aangewys as die belangrikste faktor in sy lewe, met betrekking tot sy beskerming. Die Kommissaris se rol as algemene voog en beskermer van die jong kind, word deur die wetsbepalings in elke fase van sy lewe aangetoon. So lê Artikel 13 wat feitlik woordeliks ooreenstem met Artikel 27 van Wet No. 25 van 1913, sekere verpligtinge neer wat die persoon aan die hoof van die kraaminrigting waarin die kind gebore word, moet nakom. ʼn Register van geboortes en sterfgevalle moet gehou word, en diè word deur die Kommissaris of enige ander persoon deur hom gemagtig, periodiek nagesien. Ook moet die Kommissaris in kennis gestel word indien iemand anders as ʼn ouer of ʼn bloedverwant, die jong kind uit die kraaminrigting verwyder. So tree die Kommissaris reeds baie vroeg in die jong kind se lewe beskermend teenoor hom op, deur te verhoed dat hy ontvoer of verkoop word. Die beskerming gaan egter verder want Artikel 8 bepaal dat indien ʼn beskermde jong kind vir ʼn tydperk langer as 30 dae, weg van sy ouers onderhou word, die bewaarder sowel as die ouers, die Kommissaris binne 7 dae daarvan in kennis moet stel.

Artikel 8 kom ooreen met Artikel 22 van die Kinderbeskermingswet van 1913, maar die tydperk van kennisgewing word verleng van 2 tot 7 dae, en die periode van aanhouding sonder die Kommissaris se goedkeuring, van 3 tot 30 dae. Die veranderinge is om sekere praktiese redes in die moeder sowel as die kind se lewe, aangebring. Met beskermde jong kind word bedoel ʼn kind wat onder omstandighede soos aangetoon in Artikel 8 van die Kinderwet, onderhou word.

As die beskermde jong kind in ŉ inrigting of deur iemand anders as sy ouer of voog, d.w.s. deur ŉ bewaarder aangehou word, kan die Kommissaris ingevolge Artikel 10, ŉ persoon as kinderbeskermingsbesoeker aanstel om die kind te besoek en die toestande waaronder hy lewe na te gaan, en kan hy te eniger tyd opdrag gee dat ŉ kind onder sy jurisdiksie medies ondersoek word, en kragtens Artikel 11, die aantal en leeftyd van jong kinders in ŉ bepaalde woning beperk. En ten slotte bepaal Artikel 8(6) dat as ŉ beskermde jong kind sterf, moet die persoon in wie se bewaring die kind ten tye van sy dood was, onmiddellik aan die Kommissaris van Kindersorg van die distrik waarin die kind oorlede is, van die sterfgeval kennis gee.

Bogenoemde artikels saam met die wat nie bespreek word nie omrede hulle ooreenstem met die wat in paragraaf 10 van Hoofstuk IV voorkom en bespreek word, toon die beskermende rol aan wat die Kommissaris in die lewe van die jong kind vanaf sy geboorte tot by sy afsterwe, speel. Hoewel die beginsel waarop die artikel berus, hoofsaaklik beskermend is, is die artikels ook uit die aard van die saak opvoedkundig omdat die Kommissaris nie slegs die lewe van die jong kind moet beskerm nie, maar hy moet ook ondersoek instel na sy woningstoestande, sy gesondheid en opvoeding, en die ouer kind se onderwysgeriewe. Hy hou ŉ wakende oog oor alle aangeleenthede wat die jong kind se leefwyse, gesondheid en opvoeding beïnvloed.

7. Voorkoming van verwaarlosing, mishandeling en uitbuiting van die Kind in die algemeen.

Die Kinderwet bevat die volgende artikels vir die beskerming van kinders teen verwaarlosing, mishandeling en uitbuiting:

Artikel 16 gaan oor die mishandeling of verwaarlosing van kinders.

Artikel 17 is daargestel om die verleiding van die kind teë te gaan.

Artikel 18 behandel die mediese ondersoek en behandeling van die verwaarloosde kind.

Artikel 19 gaan oor bedel, ongeoorloofde straathandel of ongeoorloofde opvoerings deur kinders.

Artikel 22 behandel die beveiliging van 'n kindergehoor by openbare vermaaklikhede.

Die bekamping van die euwels wat in die wetsartikels verskyn, is alreeds in paragraaf 4 van Hoofstuk IV bespreek. Hulle berus op dieselfde grondslae as die wetsbepalings wat oor dieselfde onderwerpe handel in laasgenoemde hoofstuk, en om herhaling te voorkom, word hulle nie weer behandel nie.

Slegs Artikel 18 wat handel oor die mediese ondersoek en behandeling van die verwaarloosde kind, is meer uitgebreid as sy voorganger, nl. Artikel 16 van Wet No. 25 van 1913. Eersgenoemde artikel bepaal dat 'n geneeskundige beampte 'n kind wat blyke gee dat hy aan 'n siekte of 'n geneeslike liggaamsgebrek ly, kan ondersoek en die persoon in wie se bewaring die kind is, kan gelas om vir die nodige geneeskundige behandeling te sorg. Artikel 18 bepaal verder dat indien die geneesheer van mening is dat dit nodig is dat die betrokke kind 'n operasie moet ondergaan, of dat hy behandeling moet ondergaan wat nie sonder die toestemming van die ouer of voog uitgevoer mag word nie, en die ouer of voog toestemming tot die operasie of behandeling weier, of nie opgespoor kan word nie, dan kan die Minister die nodige toestemming verleen wanneer hy na behoorlike ondersoek, oortuig is dat die operasie of die behandeling noodsaaklik is. Die bepaling beperk die reg van die ouer of voog op sy kind in gevalle waar dit die kind se toekoms aan gevaar blootstel weens versuim om vroegtydige behandeling van geneeslike siektes of gebreke te verskaf. Die beperking is in ooreenstemming met die beginsel dat dit in die laaste instansie die taak van die Staat is om te sorg vir die behoorlike ontwikkeling van toekomstige burgers, en dat die Staat derhalwe die bevoegdheid behoort te besit om hom met die regte van ouers te bemoei wanneer sy belange in gevaar verkeer. (1)

(1) Verslag: Dept. van Volkswelsyn (1937-39), 49.

Hoewel die wet op die gebied die mag van die ouer beperk, is uitgebreider beperking wenslik omdat die wet geen voorsiening maak vir verpligte mediese ondersoek om sorgbehoewendheid te bewys, soos in Artikel 16 en ook die Eerste Bylaag van die Kinderwet omskryf word. Soms is die kind verslaaf aan dagga of 'n ander verdowingsmiddel, maar sonder mediese bewyse is dit moeilik om die kind wat andersins nie as sorgbehoewend beskou kan word nie, na 'n inrigting te verwys. Deur aanvulling van die mediese wetsbepalings in die wet, soos aanbeveel, sal dit vir die Kinderhof moontlik wees om hom wel te verwys.

Dat die Kinderwet ook die wetsbepalinge insluit wat handel oor die verwaarlosing, mishandeling en uitbuiting van die kind soos breedvoerig uiteengesit in sekere wetsbepalings van die Kinderbeskermingswet No. 25 van 1913, is belangrik en noodsaaklik vir die beskerming van die kind, omdat in die jaar 1936 daar reeds 1,972 gevalle van mishandeling en verwaarlosing van kinders deur die hof behandel is. Die getal het in 1937 aangegroei tot 2,625 (1), en in 1952 was die getal vervolgings insake nie-onderhoud van kinders nie minder as 5,818 nie. (2)

Genoemde wetsbepalings het betrekking op enige kind, maar hoofsaaklik op die kind wat nog in die ouerhuis en in die gemeenskap verkeer. Dit is noodsaaklik dat die twee instellings, sowel as die kind se skool, die Kinderwet onderskraag in sy stryd teen kinderverwaarlosing, -mishandeling en -uitbuiting.

Die kind se beskerming en aanpassing moet in die eerste plek in en om die ouerhuis, en met die daadwerklike samewerking van die ouer geskied.

2. In die tweede plek is die dienste van die skool ook nodig om die kind doeltreffend teen bogenoemde wanpraktyke en euwels te beskerm. Minder ernstige gevalle van gedragsafwyking en selfs sommige vry ernstige gevalle, mits hulle

(1) Unie Jaarboek (No. 19, 1938), 418.
(2) Unie Jaarboek (No. 27, 1952-53), 455.

afwyking sodanig is dat dit nie ŉ gevaar vir die groep is nie, kan ook in ŉ gewone skool teregkom, of indien die verstandspeil en ander omstandighede dit vereis, in ŉ spesiale klas vir verstandelik afwykendes. (1) Indien dit nodig geag word, moet so ŉ kind na ŉ ander skool oorgeplaas word waar hy met ŉ skoon blaadjie kan begin, of hy moet verwys word na ŉ koshuis, ŉ spesiale tehuis of ŉ pleegouer. Die skool moet gedurig deur sy leerkragte in voeling bly met die ouers van die kind, simpatiek staan teenoor hom en sy ouers, elk met sy eie moeilikheid, en gebruik maak van die bestaande maatskaplike welsynsdienste.

3 In die derde plek moet die ouer of welsynsbeampte pogings aanwend om die kind in die werk te plaas indien hy nie meer skoolgaan nie. Van al die pogings om die kind te help om hom te vestig in die samelewing, en hom na verwagting aan te pas, is werkverskaffing die belangrikste faktor. Werkverskaffing oor die algemeen hang egter af van die kind en die beskikbaarheid van werk.

Die beskermende en opvoedkundige beginsels waarop die artikels berus, sluit ook die samewerking van ouerhuis, skool en samelewing in.

8. Inrigtingsversorging vir die Kind.

(a) Plekke van veiligheid en bewaring.

Die Minister mag veiligheidsplekke stig en in stand hou vir die toelating van kinders, ingevolge hierdie wet. Die Minister mag ook plekke van bewaring oprig en in stand hou vir die opname en bewaring van kinders in afwagting van hul verhoor of vonnis, of van hul oorbringing na ŉ verbeteringshuis of na ŉ gesertifiseerde tehuis.

Die stigting en instandhouding van plekke van veiligheid en bewaring berus op die gesonde opvoedkundige beginsel soos behels in Artikel 89 van die Kinderwet, dat niemand onder negentienjarige leeftyd, wat van ŉ oortreding beskuldig word, in ŉ gevangenis, tronk of polisie-arreshuis aangehou mag word, tensy sy aanhouding noodsaaklik is, en geen geskikte plek van aanhouding beskikbaar is nie.

(1) Verslag: Interdepartementele Komitee vir Afwykende Kinders (1945), 172.

Dit is geen nuwe instelling nie, want Artikel 10 van Wet No. 25 van 1913 maak ook voorsiening vir die soort inrigting. (1) Sedert hulle instelling in 1913, het plekke van veiligheid en bewaring in belangrikheid toegeneem, en waar daar in 1939 slegs 4 van die plekke in die Unie was, het die getal aangegroei tot 21 in 1948. (2)

Hoofsaaklik as gevolg van die nuwe gesigspunt waarmee die probleem van jeugdige oortreding benader word, het die verskil tussen die verwaarloosde, onaanpasbare of sorgbehoewende kind en die jeugdige oortreder, weggeval, en word hy nou in die lig van 'n blote graadverskil gesien. (3) Die verdeling van die verantwoordelikheid vir veiligheidsplekke en plekke van bewaring, het minder duidelik geword, en tans word hierdie twee groepe as twee aspekte van dieselfde probleem beskou, en word hulle ooreenstemmend behandel.

Die Departement van Volkswelsyn is vir hierdie inrigtings verantwoordelik. Op die meeste groot plekke in die Unie bestaan daar vandag veiligheidsplekke, en in die groter stede is daar selfs twee of drie, na gelang van die behoefte. Hoewel die plekke slegs deurgaanhuise is, waar sorgbehoewende en misdadige kinders vir kort tydperke aangehou word totdat ander voorsiening vir hulle gemaak word, is elke kind se geval tog iets op sy eie, en word in sy besondere behoeftes voorsien. So is daar die kind wat langdurige mediese behandeling nodig het as hy b.v. aan 'n besmetlike siekte ly, en dit is gewoonlik hierdie tipe kind vir wie dit so moeilik is om ander huisvesting te verkry, met die gevolg dat hy selfs vir jare in 'n veiligheidsplek aangehou moet word. Andere moet wag vir akkommodasie by een of ander spesifieke soort inrigting, en dan is daar ook die droster uit

(1) Kyk bladsy 145 van hierdie tesis.
(2) Verslag: Dept. van Volkswelsyn (1937-49), 49.
(3) Phelps: Contemporary Social Problems, 621.

'n inrigting, wie se geval in terme van Artikel 52(3) van die Kinderwet, behandel moet word deur die plaaslike Kommissaris van Kindersorg wat 'n aanbeveling by die Minister vir sy beslissing moet doen.

Hoewel die plekke van veiligheid en bewaring slegs die eerste skakel is in die reeks van inrigtings vir die kind se beskerming, is dit van belangrike opvoedkundige waarde vir hom omdat dit in die eerste plek berus op die beginsel van voorbehoeding. Dit neem hom weg van sy swak lewensomstandighede en maats, en versorg hom liggaamlik sowel as geestelik. In die tweede plek is dit die beginstadium van die toepassing van opvoedkundige metodes vir sy herstelling en hervorming. Baie van die plekke gaan mank aan ernstige gebreke, soos die swak onderwysfasiliteite vir die kind wat lank aangehou word, swak klassifikasie en saamhokking van die jong onervare kind met die potensiële misdadiger, nogtans weeg hulle opvoedkundige belangrikheid swaarder as bogenoemde tydelike nadele.

Dat die inrigtings onder die beheer van die Departement van Volkswelsyn ressorteer instede van diè van Justisie, dra ook by om hulle opvoedkundige waarde te verhoog, omdat die kind nou minstens die versekering het dat hy nie behandel sal word äsof hy in die gevangenis is nie.

(b) Die Nywerheidskool.

As die kind se verhoor of ondersoek afgehandel is, het die Kommissaris o.a. die mag om hom na 'n nywerheidskool of 'n gesertifiseerde of ongesertifiseerde inrigting te verwys.

Die nywerheidskool as opvoedingsinrigting, is deur Artikel 33 van Wet No. 25 van 1913 ingestel, en word bespreek op bladsy 170. Omdat dit egter op belangrike opvoedkundige grondslae berus wat van besondere betekenis vir die sorgbehoewende kind is, word dit weer opgeneem in die Kinderwet deur Artikel 38(1) wat soos volg lui: „Die Minister mag nywerheidskole oprig en in stand hou vir die opname, onderhoud en opleiding van kinders wat op

las van 'n Kinderhof daarheen oorgeplaas word".
Uit sy doelstellinge (1) blyk dit dat die nywerheidskool die kind onderwys en opvoed tot nuttige burgers, en indien moontlik, tot volmaakte mens; dit rehabiliteer waar die kind verkeerd gegaan het, en die prinsipaal neem die plek van die ouer in.

Net soos die gewone skool, is die nywerheidskool ook 'n instelling vir onderwys. Dit trag om kennis en kundigheid by die kind aan te bring, en om die kultuur oor te dra wat die inrigtingskind se ouer byna sonder uitsondering nooit by magte is om te doen nie. (2) Dit verskil egter van die gewone skool in diè sin dat waar die aanbring van kennis by die kind, d.w.s. om die kind te onderwys, die primêre taak en doel van die gewone skool is, is dit geensiens die geval by die nywerheidskool nie. By laasgenoemde is opvoeding die hoofmotief. Net soos by die gewone skool, gaan onderwys en opvoeding hand in hand saam, maar waar die skool in die eerste instansie 'n inrigting is vir onderwys, en eers daarna een vir opvoeding, is dit by die nywerheidskool net omgekeerd, naamlik die opvoeding van die kind kom eerste en eers daarna die bybring van kennis. Laasgenoemde word nie geminag of verwaarloos nie, omdat besef word dat alle onderwys ook opvoedend is.

Die rede waarom toegespits word op opvoeding instede van kennis, is omdat die kind, weens verwaarlosing en mishandeling, mank gaan aan sekere perversies, komplekse en inhibisies wat hom onbeheerbaar, wanaangepas en misdadig maak. Om hom te bevry van hierdie geestestoestande, word hy eers opgevoed en eers daarna onderwys. Die nywerheidskool is dus 'n opvoedende sowel as beskermende faktor in die lewe van die sorgbehoewende kind, en vorm nog 'n skakel in die reeks opvoedkundige metodes wat aangewend word ten opsigte van sy hervorming en heropvoeding.

(1) Kyk paragraaf 11, Hoofstuk IV van hierdie tesis.

(2) Coetzee: Vraagstukke v.d. Opvoedkundige Politiek, 55.

(c) Gesertifiseerde en Nie-gesertifiseerde Inrigtings.

In plaas van die kind na 'n nywerheidskool te verwys, kan hy ook na 'n gesertifiseerde of nie-gesertifiseerde inrigting gestuur word. Artikel 2 van Wet No. 25 van 1913 omskrywe 'n gesertifiseerde inrigting, en kragtens Artikel 38(2) bis, kan die Minister sulke inrigtings (i) vir die opname, onderhoud en opleiding van sorgbehoewende kinders, en (ii) tehuise vir die opname, onderhoud en opleiding van persone wat op las van 'n hof daarheen verwys word, oprig en in stand hou.

Artikel 39(1) maak ook voorsiening vir die oprigting van sulke inrigtings deur private organisasies, want dit lui soos volg: „As die Minister oortuig is dat 'n inrigting op 'n wyse beheer of gedryf word dat hy geskik is vir opname, onderhoud en opleiding van sorgbehoewende kinders, en dat aan die bestuurders van daardie inrigting voegsaam die bevoegdhede verleen kan word wat hierdie wet, en die uit kragte daarvan uitgevaardigde regulasies, aan die bestuurders van 'n gesertifiseerde inrigting verleen, dan mag hy op aansoek van die bestuurders van daardie inrigting, 'n sertifikaat in die sin uitreik".

Uit bogenoemde twee artikels word afgelei dat daar twee soorte gesertifiseerde inrigtings is, naamlik (i) Staatsinrigtings wat kragtens Artikel 38(2)(bis) opgerig en onderhou word deur die Minister van Volkswelsyn, vir die ontvangs, onderhoud en opleiding van sorgbehoewende kinders, en (ii) private inrigtings wat deur die Minister van Volkswelsyn gesertifiseer is as geskik vir die ontvangs, onderhoud en opleiding van dieselfde soort kinders.

Laasgenoemde inrigtings is meesal kerklike inrigtings, en neem by voorkeur kinders van hulle eie kerkgenootskap in, maar geen vaste reëls word gehandhaaf nie, en dikwels word kinders ten spyte van dergelike oorwegings, opgeneem. Dit staan private inrigtings vry om, kragtens Artikel 40(1), die toelating van sekere klasse na hulle inrigtings

te weier, en dit is juis om hierdie rede, naamlik om voorsiening te maak vir probleem- en ander gevalle wat deur kerklike en ander private inrigtings geweier is, dat die Departement van Volkswelsyn sy eie inrigtings opgerig het.

Die opvoedkundige doel van gesertifiseerde en nie-gesertifiseerde inrigtings is feitlik dieselfde as die van nywerheidskole, naamlik die ontvangs, onderhoud en opleiding van sorgbehoewende kinders, maar met die onderskeid dat hulle slegs kinders onder die ouderdom van veertien jaar opneem, en dus meer gemoeid is met die algemene skolastiese opleiding van kinders, as in beroepsopleiding soos die geval is by nywerheidskole. Gewoonlik word alle kinders in genoemde inrigtings, nadat hulle hul veertiende jaar bereik het, oorgeplaas na nywerheidskole. Daar is egter ŉ paar inrigtings wat self hulle kinders van beroepsopleiding voorsien.

Artikel 40 wat die bestuurders van so ŉ private inrigting die reg toeken om die toelating van ŉ sekere tipe kind na hulle inrigting te weier, gee die private inrigting ŉ opvoedkundige voorsprong bo die staatsinrigting, omdat hy die bona fide behoeftige en weeskind die voorkeur gee vir toelating tot die inrigting. ŉ Ander opvoedkundige voordeel wat die private inrigting besit, is dat hy hom kan toespits op gespesialiseerde godsdiensonderrig en opvoeding omdat die leerlingtal hoofsaaklik uit lede van sy kerk bestaan. Die twee faktore, naamlik die beperking van die probleemkind vir toelating tot die inrigting, en die beklemtoning van godsdiens in die kind se lewe, kan bydra tot die doeltreffender heropvoeding en rehabilitasie van die kind in die private inrigting.

(d) Die Gesertifiseerde Tehuis.

Die kind kan, instede van na die nywerheidskool of die gesertifiseerde en nie-gesertifiseerde inrigting gestuur te word, deur enige strafhof na die gesertifiseerde tehuis verwys word, wat deur die Departement van Volkswelsyn beheer word. Die soort inrigting is net

vir die jeugmisdadiger bedoel, en nie vir die sorgbehoewende kind wat kragtens Artikel 29(1), op die nywerheidskool of die gesertifiseerde inrigting of ŉ inrigting wat nie ŉ gestig is nie, aangewys is nie. Die jeugmisdadiger weer kan volgens Artikel 103, verwys word na ŉ gesertifiseerde tehuis of ŉ verbeteringskool. Die gesertifiseerde tehuis huisves dus die jeugdige oortreder, en verrig dieselfde funksie as die verbeteringskool. Die Staat se oprigting van so ŉ tehuis, word gemagtig deur Artikel 38(2)(bis), terwyl Artikel 39(2) van die Kinderwet aan private organisasies dieselfde mag verleen. Die verskil tussen die verbeteringskool en die gesertifiseerde tehuis is dat laasgenoemde kinders jonger sowel ouer as veertien jaar opneem, terwyl die verbeteringskool feitlik nooit kinders jonger as veertien jaar, opneem nie. Die funksie van die gesertifiseerde tehuis is hoofsaaklik om losies en inwoning aan sy inwoners te verskaf, en bied geen geleentheid vir enige opleiding nie. Die kind woon dus in die hostel, maar werk en gaan elders skool.

Verbeteringskole weer is onafhanklike verblyf- en opvoedkundige inrigtings, waar die leerlinge voltyds inwoon en opleiding geniet.

Die gesertifiseerde tehuis of hostel is ŉ waardevolle opvoedkundige instelling vir kinders en jeugdiges, wat merendeels op die verkeerde weg beland het, weens slegte omgewingsinvloede waaraan hulle tydens hulle verblyf in hul eie huise onderhewig was.

Omdat die maksimum getal jeugdige oortreders wat by enigeen van die tehuise opgeneem word, gewoonlik nie groter as twintig is nie, kry elke kind intensiewe indiwiduele behandeling, wat daartoe bydra dat die pogings om so ŉ kind te rehabiliteer, feitlik altyd slaag. Klein inrigtings wat gewoonweg hoogstens vyf-en-twintig kinders huisves, en waarin elke indiwidu toegewyde sorg ontvang van ŉ simpatieke en verstandige huisvader, is van die beste opvoedkundige metodes om eiesinniges tot inkeer te bring. ŉ Ander opvoedkundige voordeel in die guns van gesertifiseerde

tehuise is dat hulle die inwoners toelaat om in die gemeenskap te gaan werk. Die feit dat jongmense werk, stel 'n anker vir hulle in die lewe daar. Geen mens kan gerehabiliteer word behalwe deur homself nie. Werk sterk sy selfvertroue wat alleen kan gebeur as hy êrens kan presteer en iets kan verrig. Afgesien van hierdie opvoedkundige en sielkundige waarde wat gereelde arbeid vir die jeugdige inhou, besit werk onder toesig ook nog ander voordele. Dit is 'n metode om die gemeenskap op te voed om sy deel by te dra in die rehabilitasie van jongmense.

(e) Die Verbeteringskool.

Die kind kan in die laaste instansie ook na 'n verbeteringskool verwys word. Net soos die nywerheidskool, word die verbeteringskool beheer deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Behandeling in die soort inrigting is gewoonlik die laaste toevlug, behalwe die tronk, om die kindermisdadige in te breek, en 'n kind word alleenlik daarheen gestuur as alle ander minder drastiese metodes onsuksesvol was. Die verbeteringskool is egter 'n essensiële en ook die laaste skakel in die reeks opvoedkundige inrigtings-instellings vir die kind se heropvoeding en redding. Die verbeteringskool word daargestel deur Artikel 38(2) wat verklaar dat die Minister verbeteringskole mag oprig en in stand hou vir die opname, onderhoud en opleiding van kinders en persone wat ingevolge die Kinderwet of enige ander wet, daarheen verwys word. Die opvoedkundige metodes van algemene onderrig en vakopleiding gepaard met die versorging van die liggaamlike en die sedelike welsyn van die leerling, wat kenmerkend is van die verbeteringskool se behandeling, asook die beginsels waarop die inrigting berus, is reeds in Hoofstuk III bespreek. Om onnodige herhaling te voorkom, word hulle nie weer bespreek nie. Daar kan maar net weer gemeld word dat die hoofbeginsel waarop die verbeteringskool berus, dié van beskerming, hervorming en herstelling is, en om die rede word die behandeling van die kind in die soort inrigting

toegespits op karakterbou en op voorbereiding van 'n gematigde lewe in die samelewing, deur die dissipline geleidelik te verslap, en deur selfvertroue in te boesem deur take wat alhoemeer vertroue en verantwoordelikheid vereis, versigtigerwys aan hom op te dra.

Hierdie hoofbeginsel strek egter ook verder as die grense van al die inrigtings soos voorheen bespreek, en word uitgedra in die samelewing, deur Artikel 41(1). Genoemde artikel verklaar dat die bestuur van 'n gestig aan 'n leerling van so 'n gestig skriftelike vergunning mag gee om in die bewaring van 'n geskikte persoon te gaan woon vir 'n tydperk nie langer as tot die verstryking van die tydperk van voortgesette toesig oor die leerling nie, en op sodanige voorwaardes as wat by ooreenkoms tussen die betrokke persoon en die bestuur mag bepaal word. Hierdie toesigperiode staan in noue verband met die kind se ouderdom. So kan iemand jonger as sestien jaar, in die inrigting aangehou word tot sy agtiende jaar, en daarna onder vergunning uitgeplaas word tot sy een-en-twintigste jaar. Indien sy gedrag onbevredigend is, kan hy, kragtens Artikel 41(7), weer deur die bestuur van die inrigting teruggeroep word na die inrigting waar die leerling dan aanbly vir enige periode tot sy een-en-twintigste jaar.

Die kind van 16 tot 19 jaar oud kan in 'n inrigting aangehou word tot sy een-en-twintigste jaar, onder toesig in die gemeenskap van sy agtiende tot een-en-twintigste jaar, en vir verdere aanhouding in die inrigting vir enige tydperk tot sy drie-en-twintigste jaar.

Bogenoemde bepalings het betrekking op die sorgbehoewende kind, sowel as die jeugmisdadiger. Vir die jeugdige misdadiger ouer as negentien jaar, word daar ook voorsiening gemaak vir voortgesette gestigsbehandeling, sowel as gemeenskapstoesig. So kan die jeugdige, as hy 'n misdadiger is, en ouer as negentien jaar, by verwysing, tot sy drie-en-twintigste jaar in die inrigting aangehou word, en onder toesig in die gemeenskap, van sy

drie-en-twintigste tot sy vyf-en-twintigste jaar. Verdere aanhouding in die inrigting strek dan ook vir enige periode tot sy vyf-en-twintigste jaar. (1)

Hierdie uitgebreide bepalings vir toesig in die gemeenskap, en langer aanhouding in die inrigting, verleng die periode van beskerming en opvoedkundige herstelling van die kind. Die periode van toesig in die gemeenskap veral, is van groot opvoedkundige waarde vir die kind, omdat met doeltreffende toesig, hy gedwing word om die wette en gedragskodes van die gemeenskap te eerbiedig, en gereelde arbeid te verrig. Almal is faktore wat meewerk om die nodige innerlike stabiliteit by hom te ontwikkel, en hom op die wyse te help om 'n volwaardige persoon te word. Die hoofdoel is om die kind te beskerm, en van sodanige opvoeding en sulke geleenthede te voorsien wat hom in staat sal stel om as 'n geestelik gesonde en goed aangepaste persoon sy plek in die samelewing in te neem om so uiteindelik die ouer van 'n normale huisgesin te wees.

9. Versorging van die kind deur middel van die stelsel van pleegouers.

Instede van die kind na 'n inrigting te verwys, kan hy ook deur die Kinderhof aan die sorg van 'n geskikte persoon toegewys word. Hierdie inbewaring-plasing van die kind geskied kragtens Artikel 29(1c). Die pleegouerstelsel maak voorsiening om die sorgbehoewende kind by 'n private gesin teen vergoeding deur die staat, uit te plaas. Die pleegouers het geen wetlike verpligting teenoor die kind nie, soos die geval is wanneer 'n kind aangeneem word. Hulle neem die kind onder hulle beskerming, en onderneem om hom teen vergoeding te versorg, en aanvaar die feit dat 'n kindersorgvereniging of 'n proefbeampte voortdurend toesig sal hou oor die sedelike, liggaamlike en stoflike welvaart van die kind. Die pleegouers is ook nie verplig om hom langer in hulle huis te hou as wat hulle verkies nie.

(1) Van Reenen: Handbook on Children's Act, 113.

Die pleegouerstelsel besit die opvoedkundige waarde dat aan die kind weer ŉ huis gegee word waar hy ŉ gevoel van veiligheid en selfvertroue kan ontwikkel. Vir die kind wat sy huis deur die dood van sy ouers, uitwerping, verwaarlosing of andersins moes ontbeer, is die pleegouerstelsel naas aanneming, die beste opvoedkundige metode voorhande om aan hom weer die voordele van ŉ gesonde ouerhuis beskikbaar te stel. Indien hy die lid van ŉ gelukkige en stabiele huisgesin was, gee die pleegouerstelsel hom die geleentheid om die eienskappe wat die eise van ŉ huisgesin aan elke lid stel, soos hulpvaardigheid, mededeelsaamheid, ordelikheid, netheid en so meer, verder te ontwikkel en te bestendig. Daar is dus die kontinuïteit in die kind se lewe, van die waardevolle huislike faktore wat bydra tot sy gesonde karakterontwikkeling. Hy ontbeer dus nie die gesonde agtergrond en kultuur van sy ouerlike huis nie, en gevolglik is die moontlikheid dat onstabiele karaktereienskappe kan ontwikkel, maar gering. Dit bewaar ook tot ŉ mate die samehorigheid van die gesin, wat van waarde is in die opbou van gesonde emosionele gebalanseerde karakters. Dit is in die intimiteit van die huisgesin dat die kind se persoonlikheid ontplooi. Alhoewel skole, kerke en ander opvoedkundige instellings van onskatbare waarde is, word die kind se lewensuitkyk bepaal volgens die sosiale waardes wat sy huisgesin en sy omgewing huldig.

Die waarde van die stelsel word verder verhoog omdat daar nie slegs na die kind se verblyfsomstandighede omgesien word kragtens Artikel 45(3) nie, maar daar word ook kragtens Artikel 45(2), toesig gehou oor sy sedelike, liggaamlike en stoflike welvaart. As gevolg van hierdie amptelike toesig, is die pleegkind verseker van bevredigende huislike omstandighede. Laasgenoemde is ŉ belangrike vereiste omdat onbeheerbaarheid, onaanpasbaarheid en selfd misdadigheid dikwels tekens is van swak huislike toestande. Hierdie gedragsafwykings hoef nie noodwendig diepgewortelde

karakterneigings te wees wat radikale behandeling nodig het nie, en hulle maak ook nie afsondering vir die beskerming van die maatskappy noodsaaklik nie. In sulke gevalle is slegs ŉ verandering van huislike omgewing nodig, en kan die pleegouerstelsel met vrug toegepas word. Slegs waar die omstandighede van ŉ kind se onaanpasbaarheid tekens van diepgewortelde karakter- of gedragsafwyking openbaar, wat behandeling oor ŉ betreklik lang tydperk vereis, word die verwysing na ŉ inrigting geregverdig. As die pleegouergesin een is met ŉ gesonde maatskaplike en ekonomiese agtergrond, wat aan die pleegkind die nodige ouerliefde kan verskaf, dan is die stelsel van gesinsbesteding van groter opvoedkundige waarde as inrigtingsversorging, en moet dit as die normale substituut vir eie huis beskou word.

Artikel 29(1c) ten opsigte van die pleegouerstelsel of gesinsbesteding, gaan dus uit van beginsels van beskerming en verhoeding deur die beklemtoning van die opvoedkundige voordele wat die huislike opvoeding inhou.

10. Beperking van ouerlike mag.

Gesins- sowel as gestigsbesteding soos hierbo bespreek, bring die beperking en oordrag van ouerlike magte mee, want Artikel 57(1) verklaar dat die ouer of voog van ŉ leerling in ŉ gestig, of ŉ kind wat in die bewaring van een of ander inrigting, of aan iemand anders uitgeplaas is, onthef word van sy reg van beheer oor die kind, en van die reg om hom in sy bewaring te hê, en daardie regte gaan oor op die bestuur van die gestig waarheen die leerling verwys is, of op die bestuurders van die inrigting of op die persoon in wie se bewaring die kind geplaas is. Genoemde wetsbepaling vul Artikel 11 van Wet No. 25 van 1913 aan, en is soos laasgenoemde, gegrond op die beginsel van beskerming en heropvoeding. Deur hierdie gesonde opvoedkundige wetsbepaling, word die kind van die sedelik swak ouer, uit sy toestand van verwaarlosing en mishandeling geneem om onder beter omstandighede heropgevoed te word.

Deur die beperking van die ouerlike mag, word die inrigting of die pleegouer in die geleentheid gestel om die sorgbehoewende kind se opvoeding op n gesonder grondslag te stel as wat dit voorheen was toe dit die verantwoordelikheid van die ouer was. Die bepaling verhoed dat die ouer die kind se opvoeding en geestelike ontwikkeling dwarsboom deur moedswillige inmenging, en beperk sy invloed op die kind.

Die vaderlike mag word verder aan bande gelê deur Artikel 58(1) wat verklaar dat as n Kinderhof oortuig is dat n kind met sy moeder woon, geskei van sy vader, omdat laasgenoemde die kind of sy moeder verlaat of gereeld mishandel het, of geweier het om een van beide te onderhou, dan mag die hof op aansoek van die moeder, die vader ontset uit sy vaderlike mag, en daardie mag aan die moeder van die kind oordra.

+ vaderlike Die wetsbepaling toon die omstandighede aan waarom die ontsetting van die vader uit sy vaderlike mag kan plaasvind, nl.:

(i) As die vader die kind of sy moeder verlaat,
(ii) of as hy die moeder of die kind gereeld mishandel het,
(iii) of as die vader weier om die moeder of die kind te onderhou.

Al bogenoemde faktore kan oorsaak wees dat die gesin waarvan die kind lid is, aan verwaarlosing en gevolglik disintegrasie blootgestel word. So n gesin bied weinig beskerming aan die kind gedurende die mees kritieke fase in sy lewe, nl. die rypwordingsperiode. Die gesin is nie meer die kerneenheid waaruit die samelewing ontwikkel nie, want dit het sy bindkrag verloor. Onder die omstandighede soos in die artikel gemeld, bestaan daar weinig kanse en geleenthede vir die gesonde ontwikkeling van die godsdienstige, sedelike, etiese en estetiese trekke in die kind, en is dit n gesonde beginsel om die vader onder sulke omstandighede van sy ouerlike mag te onthef, en die kind in die sorg van die moeder te plaas.

Hierdie verskuiwing van die vaderlike mag na die moeder of die bestuurder van die inrigting waarheen die kind deur die Kinderhof verwys word, of die persoon in wie se bewaring die kind geplaas is, onthef die ouer egter nie van sy verpligtinge teenoor sy kind nie. Hy is nog verplig om tot sy onderhoud by te dra, en is onderhewig aan die wetlike bepalings soos neergelê in Artikel 60(1) wat verklaar dat ŉ kontribusie-order deur ŉ Kinderhof teen ŉ verweerder uitgereik kan word vir die onderhoud van ŉ kind wat voor die hof gebring word, of wat ŉ leerling van ŉ inrigting is.

Met ŉ kontribusie-order word bedoel ŉ bevel tot enkelvoudige of herhaalde betaling van ŉ som geld as ŉ bydrae tot die onderhoud van ŉ kind in ŉ veiligheidsplek of in enige bewaring waarin dit kragtens die Kinderwet gestel is, of tot die onderhoud van ŉ leerling.

Die artikel is gegrond op die beskermende beginsel dat dit die primêre reg en plig van elke ouer is om vir sy kind te sorg en hom te onderhou. Dit onderskraag die standpunt dat die ouer nie slegs verplig word om vir die onderhoud van sy kind te sorg nie, maar dat al word die kind uit sy sorg geneem, hy nogtans vir sy onderhoud verantwoordelik is. Deur sy pligte en verantwoordelikheid teenoor die kind op iemand anders of een of ander inrigting of organisasie af te skuiwe, word hy geensins onthef van die implikasies van die beginsel waarop die wetsbepaling gegrond is nie. In die huis van die sorgbehoewende kind is dit hoofsaaklik aan die ouer se houding en gedrag te wyte dat die kind sorgbehoewend of misdadig is. Daarom is dit reg dat die ouer wat nie die kind kan onderhou of beheer nie as gevolg van sekere leemtes in die huisgesin wat teweeggebring is deur die handel- en leefwyse van ŉ sedelik onbestendige ouer, onthef word van sy ouerlike magte, maar nogtans verplig word om finansieel tot sy kind se onderhoud by te dra. Genoemde wetsbepalinge van die Kinderwet is van opvoedkundige aard

omdat dit beskerming van die belange van die kind ten doel het, en daarom is dit nodig dat die Kinderwet hom in sekere omstandighede met die regte van die ouers bemoei. Die Kinderhof wat die Kinderwet vertolk, gaan dus tot so ŉ stap oor as dit in belang van die kind is, deur die ouerlike mag van die vader na die moeder te verskuif, of omgekeerd.

Met die bepaling sluit die wet prinsipieel aan by die wese van ouerskap en kindskap in die opvoedingsproses.

## 11. Die Proefbeampte en Opproefstelling.

Wetsbepaling 56(1) van die Kinderwet maak voorsiening vir die aanstelling van proefbeamptes vir sekere gebiede, om die volgende opvoedkundige pligte te verrig:

1. Eerstens moet die proefbeampte wat òf ŉ man òf ŉ vrou mag wees, ondersoek instel en verslag doen aangaande die karakter en omgewing van kinders of persone onder die leeftyd van een-en-twintig jaar, wat voor die Kinderhof of magistraat verskyn.

2. Tweedens moet die proefbeampte maatreëls beraam en uitvoer vir die waarneming en verbetering van misdadige neigings by die kind, en vir die opsporing en verwydering van omstandighede wat jeugmisdaad mag veroorsaak of aanleiding daartoe mag gee.

3. In die derde plek moet die proefbeampte toesig hou of beheer uitoefen oor ŉ kind of persoon wat aan ŉ misdryf skuldig bevind is, en wat onder sy toesig gestel is.

Dan kan die Minister ook die proefbeampte gelas om sodanige ander werksaamhede te verrig as wat die Kinderwet of ŉ ander wet, of die Minister aan hom mag opdra.

Kragtens Artikel 56(3), is ŉ proefbeampte ŉ beampte van elke Kinderhof en van elke magistraatshof wat gehou word binne die gebied waarvoor hy aangestel is.

Dat die proefbeampte ŉ belangrike rol in die kind se lewe speel, blyk duidelik uit die pligte soos hierbo aangetoon. Nie alleen is hy lid van die Kinderhof nie, maar kragtens Artikel 55(3), moet hy ook die inrigtings en die kinders wat deur die Kinderwet ingesluit word, inspekteer; dit sluit ook ingevolge Artikel 10(3), die beskermde jong kind in. Hy is daargestel om die belange te beskerm van die kind in al die stadia van sy lewe - vanaf die jong kind tot die verstryking van die jeugdige se toesigperiode. Hy hou toesig nie slegs oor die sorgbehoewende en misdadige kind nie, maar in sekere gevalle ook oor die normale kind. Die proefbeampte is ŉ beampte wat belas is met veelvuldige pligte soos in Artikel 56 aangetoon word. Welsynswerk wat die werk van die proefbeampte beteken, was oorspronklik van vrywillige aard, maar Artikel 74 van Wet No. 13 van 1911 het voorsiening gemaak vir die amptelike daarstelling van ŉ kindersorgvereniging of die aanstelling van ŉ proefbeampte.

Die aanstelling is gemaak deur die Minister van Justisie wat verantwoordelik is vir die Departement van Gevangeniswese. Proefbeamptes was op die wyse verbonde aan gevangenisse tot in 1935, toe hulle na die Departement van Unie-Onderwys (nou die Dept. van Onderwys, Kuns en Wetenskap) verskuif is. In 1937 is die Departement van Volkswelsyn in die lewe geroep, en as gevolg van die noue verwantskap tussen proefbeamptedienste en sosiale welsynsdienste, is die verantwoordelikheid van die proefbeampte en sy werk weer verskuif van die Departement van Unie-Onderwys na die pasgestigte Departement van Volkswelsyn. In 1941 is die benaming proefbeampte deur laasgenoemde Departement verander na diè van welsynsbeampte, omdat eersgenoemde benaming vir so ŉ geruime tyd aan misdaad verbonde was dat hierdie benaming as onvanpas beskou is vir ŉ amptenaar wat ook te doen kry met ŉ groot aantal nie-misdadige persone. (1) Die Kinderwet maak egter nog steeds gebruik van die benaming

(1) Community & Crime, No. 2 (1948), 112.

proefbeampte, en daarom word die term welsynsbeampte nie in die skrywe gebesig nie.

Die verskuiwing van die amp en dienste van die proefbeampte van die Departement van Justisie, na diè van Unie-Onderwys, was 'n belangrike stap vir die kind, omdat dit die opvoedkundige benadering en behandeling van die kind in die hand gewerk en beklemtoon het. Waar die proefbeampte hoofsaaklik met die volwasse misdadiger te doen gehad het toe sy amp onder die Departement van Justisie geressorteer het, het sy werk onder die Departement van Unie-Onderwys meer gegaan oor die jeugmisdadiger en die sorgbehoewende kind, omdat in dieselfde tyd wat die proefbeamptes na laasgenoemde Departement verskuif is, genoemde Departement die beheer oor verbeteringskole gekry het, kragtens Artikel 2 van Wet No. 27 van 1934.

In hierdie tyd is die funksies van die proefbeampte ook uitgebrei om die voorkoming van misdaad en die toesig van potensiële jeugmisdadigers in te sluit. Die werk onder die Departement van Unie-Onderwys was hoofsaaklik opvoedkundig en toesighoudend van aard. Daar is toegespits op opvoedkundige inrigtingsversorging van die sorgbehoewende sowel as die misdadige kind. Met die verskuiwing van die soort werk na die Departement van Volkswelsyn, is die werk uitgebrei om ook die huisgesin van die kind in te sluit. Die werk was nou beskermend sowel as voorkomend. Dit het nie slegs die kind ingesluit nie, maar ook die ouers van die kind, d.w.s. die hele gesin. Dit het nog klem gelê op die opvoeding van die kind deur middel van die inrigting, en sy beskerming deur middel van toesig nadat hy die inrigting verlaat het, maar dit was ook van algemene opvoedkundige aard omdat dit die beskerming en herstelling van die hele huisgesin beoog het. Die werk van die proefbeampte is dus van groot opvoedkundige betekenis, wat nie slegs die opvoeding van die kind ten doel het nie, maar ook sy beskerming teen misdaad en sorgbehoewendheid, sy rehabilitasie asook diè van sy ouers.

Hierdie opvoedkundige faktore is grondliggend aan Artikel 56 wat die pligte van die proefbeampte weergee, waarvan die eerste is „om ondersoek te doen en verslag uit te bring insake die karakter en omgewing van die kind wat voor die hof verskyn". Die metode van ondersoek insake die kind se persoonlikheid, karakter en agtergrond, wat deur die proefbeampte aangewend word, is die van gesins- en indiwiduele studie. Elke kind word afsonderlik benader as ꞌn unieke menslike wese met swakhede en potensialiteite eie aan homself. Die proefbeampte se taak is om deur middel van wetenskaplike sosiologiese ontleding in elke geval die vertragende en gunstige faktore in die geaardheid van die kind te bepaal, en om invloede te laat geld wat hom sal help om anti-sosiale neigings te beheers en hom maatskaplik aan te pas by die gemeenskap. So ꞌn ondersoek en verslag sluit in, samewerking met mediese en psigologiese klinieke by die behandeling van liggaamlike en geestelike gebreke; samewerking met die skool om sy opvoedkundige aanpassing na te gaan, en samewerking met die familie en gemeenskap om die leemtes by laasgenoemde twee op te spoor, en te ondersoek wat die moontlikhede is vir die verskaffing van ꞌn gesonde maatskaplike agtergrond vir die kind. Om ꞌn deeglike ondersoek in te stel en ꞌn omvattende verslag in te dien, is dit nodig om die hulp van al die magte van die gemeenskap wat betrekking op die kind het, in te roep.

Hierdie eerste plig wat die proefbeampte ten laste gelê word, naamlik om ondersoek in te stel en verslag uit te bring ten opsigte van die karakter en omgewing van die kind, is belangrik omdat dit die aanvangspunt is van die hele proses wat meehelp om die hoogste doel van welsynswerk te verwesenlik. Hierdie doel is naamlik om die maatskaplik gewenste eienskappe vir die gemeenskap te red en te behou, van diegene wie se normale ontwikkeling gevaar loop om deur liggaamlike of verstandelike gebreke, maatskaplike onaanpasbaarheid of ongesonde prikkelinge uit hulle omgewing, vertraag of gestrem te word.

Die beginsels waarop hierdie taak van die proefbeampte berus, is die van beskerming en voorkoming. Deur so ŉ ondersoek en verslag word die Kindersorgkommissaris in die vermoë gestel om tot ŉ juiste beslissing te kom insake die kind se toekoms. Deur die proefbeampte toe te laat om met sy raad en bystand, kragtens Artikel 56(3), as sy „ore en oë" te dien, word hy in staat gestel om te beslis watter opvoedkundig gesonde stappe nodig is vir die kind se rehabilitasie of beskerming teen misdaad en ander sosiale euwels. Dit is eers nadat hy kennis gemaak het met al die faktore wat ŉ nadelige rol in die kind se lewe gespeel het, dat hy met sekerheid kan weet of inrigtingsbesteding die aangewese stap vir die kind is, en of laasgenoemde weer aan die ouer of voog toevertrou moet word. Die kind se toekoms, sy opvoeding, beskerming en herstelling, indien nodig, met ander woorde, die metodiese opvoedkundige behandeling en beskerming van die kind, hang af van die beslissing van die Kindersorgkommissaris wat weer gelei word deur die verslag en ondersoek van die proefbeampte. Hierdie primêre taak van die proefbeampte is dus van die grootste opvoedkundige belang vir die kind sowel as sy toekoms.

In die tweede plek moet die proefbeampte (i) maatreëls beraam en uitvoer vir die waarneming en verbetering van misdadige neigings by die kind, en (ii) die omstandighede wat aanleiding gee tot misdaad opspoor en verwyder.

Die kind of jong persoon wat uit die samelewing geneem en na ŉ inrigting verwys is, moet vroeër of later weer na die samelewing terugkeer. Faal alle metodes van behandeling dus, en die proefbeampte word genoodsaak om die kind weer uit die samelewing te laat verwyder, is sy taak geensins afgehandel nie. Trouens, nou neem die moeilikste en tewens ook die belangrikste deel van sy taak eers ŉ aanvang. Nou moet hy omsien na die huisgesin van die kind wat verwyder is, en dit op so ŉ peil bring dat die kind met vrymoedigheid daarheen teruggestuur kan word. Die tweede taak wat die proefbeampte opgelê is, berus op die

beginsel dat daar geen wesenlike psigologiese verskil is nie tussen die kind wat anti-sosiale neigings ontwikkel het as gevolg van verwaarlosing en behoeftigheid, en die kind wat aktueel met die gereg in botsing gekom het, en dat daar dus essensiële eenheid is in die vraagstukke van behoeftigheid, verwaarlosing en onaanpasbaarheid enersyds, en misdadigheid andersyds. As eersgenoemde toestande toegelaat word om ongehinderd te ontwikkel, kan hulle tot jeugmisdaad lei, en kan hulle tereg as vòòrmisdadige toestande beskou word. Dit is ook n erkende feit dat onbeheerbaarheid, wanaanpassing en misdaad by kinders dikwels maar net simptomaties is van ongewenste omgewings- en huislike omstandighede, en waar die kind van sulke omstandighede verwyder word, moet die proefbeampte stappe doen om die omstandighede op te klaar, want dit is juis hierdie omstandighede in die huislike lewe wat aanleiding gegee het tot die kind se verwydering. Om die toestande te verwyder wat mag aanleiding gee tot sorgbehoewendheid en misdadigheid, betaal die Staat kragtens Artikel 84, sekere toelaes aan n vereniging, persoon, ouer of voog in wie se bewaring die kind hom bevind. Die ekonomiese status van die verwaarloosde gesin is baie gebrekkig. Ekonomiese nood laat die verwaarloosde gesin in sy ekonomiese produktiwiteit gewoonlik ten gronde gaan, met die gevolg dat gebrek aan verantwoordelikheid en onverskillige afhanklikheid op die voorgrond tree. Daar is geen sorg vir die dag van môre nie, en menige verwaarloosde gesin verlaat hulle op die sorg van liefdadigheidsinrigtinge, pensioene en kerklike organisasies.

Hoewel die kerke hulle deel bydra om gesinne ekonomies te rehabiliteer (1), is dit die plig van die Staat om die ekonomiese bestaan van sy burgers te beveilig. Die hulp wat die Staat kragtens bogenoemde artikel verskaf, word gegee met die bedoeling dat die behoeftige kind in sy eie huis versorg kan word, en om te verseker dat

(1) Albertyn e.a.: Kerk en Staat, 352.

hy behoorlik opgevoed, en geleidelik met behulp van die proefbeampte se volgehoue voorligting en toesig, gerehabiliteer word.

Die grondslag waarop die betaling van ouer- en gesinstoelae berus, is die van voorkoming en beskerming, eerder as rehabilitasie. Dit gaan van die standpunt uit dat deur verbetering van die status van die gesin, die oorsake van sorgbehoewendheid en misdadigheid verminder of uit die weg geruim word. Hierdie verwydering van toestande wat tot jeugmisdaad en sorgbehoewendheid aanleiding mag gee, is dan ook die taak van die proefbeampte wat dit doen deur middel van die magte aan hom toegeken deur Artikel 84 en ander wetsbepalings van die Kinderwet. Hierdie taak van die proefbeampte gaan uit van die opvoedkundige standpunt dat die huislike lewe die belangrikste faktor in die kind se lewe is, en dat hy nie daarvan ontroof behoort te word nie, behalwe om dringende en noodsaaklike redes. Oorsake wat dus aanleiding tot die kind se verwydering mag gee, moet uit die weg geruim word, en die kind van deugdelike ouers wat tydelik in verleentheid is, en die kind van die redelik bekwame en verdienstelike moeder wat nie deur die gewone broodwinner onderhou word nie, behoort in die reël by sy ouer(s) gehou te word en sodanige ondersteuning moet gegee word soos wat nodig is om ŉ geskikte tuiste vir die opvoeding van die kind in stand te hou.

Die derde taak wat Artikel 56 die proefbeampte oplê, is die toesig of beheer oor ŉ kind wat onder sy toesig gestel is. Dit moet so dikwels as wat omstandighede dit vereis, nagekom word, en elke ses maande moet die proefbeampte aan die bestuur van die betrokke gestig ŉ verslag verstrek oor die gedrag, vordering en welstand van die leerling. (1)

Terwyl die kind in ŉ inrigting was, het hy miskien geleer om hom by die betreklik kunsmatige omgewing aan te pas, en tog kan dit wees dat hy nie in staat is om hom op bevredigende wyse

(1) Regulasies, Kinderwet 1937, Deel VI, Par. 7.

aan te pas by die samelewing waaruit hy vir 'n lang tydperk afwesig was nie. Die proefbeampte moet so 'n kind bystaan met die nodige hulp en advies. Toesighouding is 'n belangrike opvoedkundige faktor in die kind se lewe omdat hy maklik tot ou gewoontes en maats kan terugkeer wanneer hy uit die omskrewe beheer van die inrigting vrygelaat word. Teneinde sodanige terugval te verhoed, en die aanpassing van die ingeplaaste kind by sy werkgewer en die gemeenskap in die algemeen, te verseker, is dit nodig dat die proefbeampte gedurig in voeling met hom bly, en hom die welwillende leiding gee waaraan hy behoefte het. Toesig en beheer nà die kind se vrylating is 'n belangrike faktor, omdat die sukses van nie-inrigtingsmetodes van versorging en rehabilitasie, grotendeels afhang van genoegsame en doeltreffende toesig. Dit is trouens die spil waarom die organisasie van nasorg draai.

Opproefstelling of nasorgwerk deur die proefbeampte, sluit hom egter ook aan by die doel van inrigtingsversorging. Waar die doel van inrigtingsorg in die eerste plek die rehabilitasie van die sorgbehoewende kind is, sou dit sy eie doel verongeluk om 'n kind op 'n leeftyd van agtien jaar of jonger, die wêreld in te stuur sonder om verder na hom om te sien. Die kind moet nie net in 'n verdienste geplaas word word nie, maar hy moet gehelp word om hom by sy nuwe huislike omstandighede, sy werk en sosiale toestande aan te pas. As so 'n kind vir 'n geruime tyd deur die proefbeampte of welsynwerker bygestaan kan word, kan met reg verwag word dat hy dan in staat behoort te wees om self verder oor die weg te kom. (1) Nasorg as gevolg van opproefstelling, is die belangrikste opvoedkundige stadium in die kind se rehabilitasieproses, want as die fondament wat die inrigting gelê het, nie gekonsolideer word nie, kan alle voorafgaande moeite en opoffering waardeloos en vrugteloos wees.

(1) Oosthuizen: Historiese Studie van Kindersorg van die N.G. Kerk, 127.

In die vierde plek kan die Minister enige ander plig of taak aan die proefbeampte opdra. Dit sluit in, voorligting aan ouers, die administrasie van fondse ten opsigte van hulpbehoewendheid en ander sake wat betrekking het op die welsyn van die gemeenskap. Van die bykomende pligte is een van die belangrikste die wat neergelê word in Artikel 56(3), nl. dat elke proefbeampte ook ʼn amptenaar van die Kinderhof in sy gebied is. Dit beteken addisionele beskerming vir die kind, omdat met sy kennis van kindersielkunde en opvoedkunde, hy die aangewese persoon is om die Kindersorgkommissaris as assessor by te staan, ten einde hom in staat te stel om tot die regte beslissing te geraak insake die kind se toekoms.

Die beginsels waarop al hierdie pligte van die proefbeampte berus, is opvoedkundig-beskermend omdat almal bydra tot die kind se sedelike, fisiologiese en sosiologiese ontwikkeling en heropvoeding. Die pligte van die proefbeampte is opvoedkundig omdat hulle ook bydra tot die ouer se rehabilitasie, tot voorkoming van enige verdere sorgbehoewendheid en misdadigheid by die kind, sowel as die beskerming van laasgenoemde. Dit trag om die inrigtingskind sowel as die nie-inrigtingskind se belange en opvoeding te behartig, en om toestande in die samelewing wat bydra tot die aftakeling van die kind se sedes, karakter en opvoeding, te verhoed en uit die weg te ruim. Opproefstelling met die bykomende nasorg is opvoedkundig, want dit dra by tot en konsolideer alle opvoeding en onderwys wat die sorgbehoewende en misdadige kind se beskerming en rehabilitasie ten doel het.

Die opvoedkundige waarde van opproefstelling is ook geleë in die feit dat dit nie ʼn sekere gedrag of leefwyse op die kind afdwing nie, maar dit help hom om self te besef wat die gewenste gedrag in die samelewing is. Die kind is gewoonlik, en die volwassene is byna altyd bewus van ʼn oortreding, maar baie keer is die betrokke persoon nie in staat om sy handelinge te stuur in die kanale wat as reg beskou word nie, en dit is

die taak van die proefbeampte om uit te vind wat die versperrings in die kind se lewe is, en laasgenoemde te help om sulke hindernisse te bowe te kom. Dit is sy taak om die kind se deugdelikheid wat begrawe was deur die moeilikhede en ontberinge in sy lewe, weer na die oppervlak te bring. Om hierdie doel te verwesenlik, moet hy van al die beskikbare opvoedkundige middels gebruik maak, en die samewerking van die kind se huisgesin, d.w.s. sy ouers en familielede, word hierby ingesluit.

12. Aanneming (Adopsie) van die Kind.

Die aanneming van die kind is ook 'n belangrike metode om sorgbehoewendheid die hoof te bied. Dit was 'n metode van beskerming sedert die dae van die Volksplanting aan die Kaap. In daardie tyd was dit 'n kerklike aangeleentheid, maar deur middel van wetgewing word dit nou deur die Staat behartig.

Met aanneming word bedoel die prosedure wanneer 'n bevoegde volwassene vrywilliglik en wetregtelik 'n kind waarvan hy of sy nie die natuurlike vader of moeder is nie, permanent in sy of haar huis inneem, en algehele verantwoordelikheid vir die kind se welsyn aanvaar.

Met die term aangenome kind word bedoel 'n kind wat ooreenkomstig Wetsbepalinge 68 tot 79 van die Kinderwet, aangeneem is. Hierdie wetsbepalinge maak voorsiening vir die aanneming van kinders. Hulle handel oor die bevoegdhede van die pleegouer, die prosedure wat gevolg moet word met adopsie, die regte van die aangenome kind, en die verantwoordelikheid van die nuwe ouer. Kortliks kan verklaar word dat hierdie wetsbepalinge die beskerming en die belange van so 'n kind beoog.

Die Departement van Volkswelsyn is verantwoordelik vir die registrasie van aannemings.(1) Die aanneming van die kind in Suid-Afrika is eers met Wet No. 25 van 1923 op 'n wetlike basis geplaas, en hierdie wet se bepalinge insake adopsie, is deur die Kinderwet opgeneem en uitgebrei.

(1) Unie Regering: Offisiële Jaarboek No. 27 (1952-53), bladsy 200.

Voor die totstandkoming van eersgenoemde wet, is die aanneming van die kind in Suid-Afrika nie as die daarstelling van 'n wettige verwantskap van ouer en kind erken nie.

(a) Die doel van aanneming.

Die huisgesin is in die lewe van die kind 'n faktor van fundamentele betekenis. Dit is die eerste lewenskring van die kind, en sy toekomswaardes word in hierdie lewenseenheid gesmee. Die invloed wat op hom uitgeoefen word vanuit die gesin, is van beslissende betekenis in sy lewe.

Van adopsie verklaar C.J. Barrett soos volg: „Children whose good fortune it is to be reared by their natural parents in their own homes are so situated through the goodness of an all-wise Providence. For those children who have been deprived of this good fortune, adoption may be the only practical way of providing them with a comparable blessing. Children have a natural and fundamental right to family life, and in certain circumstances adoption secures this right, for adoption is the admission of a stranger to the rights and privileges of a family". (1)

Die rede waarom die huisgesin so belangrik is, is die feit dat dit die kind in staat stel om sekere primêre drange te kan uitlewe en normaal te ontwikkel. Hierdie drange van die kind moet bevredig word. Die vernaamste hiervan is die veiligheidsdrang. Sonder 'n gevoel van veiligheid sal die kind skugter, onseker, onbestendig en minderwaardig voel, en nie in staat wees om te presteer nie. Dit kan teweeggebring word deur beskerming en versorging deur sy ouers.

Dan besit die kind ook die drang na erkenning. Hy wil voel dat die mense met wie hy saamleef, in hom belang stel ter wille van homself, sy prestasies en sy aktiwiteite. Hierdie drang word veral deur ouerliefde en gesag gevoed. Dit gee ook tegelykertyd rigting aan 'n gesonde, gebalanseerde aktiwiteit.

(1) Barrett: Adoption, 9.

Behalwe die drange na veiligheid en erkenning, is daar ook die geldingsdrang by die kind aanwesig. Die kind openbaar hierdie drang reeds vroeg in sy lewe. In die huisgesin waar hy met vertroue bejeën word, en waar hy met verantwoordelikheid belas word, is die geleenthede die geskikste vir die kind om homself te handhaaf en ʼn vroeë selfstandigheid te ontwikkel. Dit is dan ook hier waar hy in staat gestel word om sy drang na aktiwiteit te bevredig. (1)

Om bogenoemde redes is dit nodig dat die afhanklike, onvolwasse, onrype kind op sy ouers aangewys is, en daarom maak die aanneming van kinders so ʼn belangrike aspek van die Unie se kinderwetgewing uit. Dit lê as primêre beginsel neer dat ouersorg van die grootste belang vir die kind is. Slegs as daar geen geskikte huis vir die kind gekry kan word nie, moet van inrigtingsversorging gebruik gemaak word.

Aanneming is die doeltreffendste metode om die afhanklike kind te versorg, en die prosedure van aanneming word deur Artikels 68 tot 79 van die Kinderwet vasgelê. Die metode is dus wetregtelik, en gesinne kan hiervolgens kinders permanent in hulle huise opneem en volle verantwoordelikheid vir hulle versorging aanvaar; met ander woorde, die kind word deur die adopsie-ouers as hulle eie aangeneem.

(b) Die Beginsels van Aanneming.

Aanneming berus op twee primêre beginsels. Eerstens moet aanneming tot voordeel van die kind strek, en in die tweede plek moet aanneming op ʼn wetregtelike grondslag geskied.

(i) Aanneming in belang van die Kind.

Die wetsbepalings wat gaan oor adopsie, is daargestel om die hoogste belange van die kind te bevorder, en om sy regte te beskerm. Hierdie beginsel is van opvoedkundige betekenis vir die kind omdat dit vir hom beskerming inhou deur middel van ʼn nuwe doeltreffende ouerhuis.

(1) Theron: Inrigtingsversorging, 86.

In die eerste plek word hy beskerm deur te sorg dat sy pleegouer aan sy roeping as vader vir die kind, sal beantwoord. So vereis Artikel 69 dan ook dat die pleegouers van die kind bevoeg moet wees om hom aan te neem, dat hulle goed-aangeskrewe staan en geskik is om die bewaring van die kind te aanvaar, en genoegsame middele besit om hom te onderhou en op te voed, en as hy bo die leeftyd van tien jaar is, moet hy tot die aanneming toestem.

Soos hierdie wetsbepaling dit ook baie duidelik stel, moet die bevoegdhede van die pleegouers sodanig wees dat die voorgenome aanneming in belang van die kind is, en bevorderlik tot sy welsyn sal wees. Afgesien van die beskerming en sekuriteit wat die kind in die doeltreffende huis geniet, is die Christelike ouer wat bogenoemde bevoegdhede besit, vir hom van groot betekenis. So ʼn pleegouer is in staat om hom ʼn gesonde huislike opvoeding te verskaf, wat bestaan uit die beginsels van godsdiens, sindelikheid, goeie maniere, beleefdheid en so meer. Die wetsbepaling beoog die geluk van die kind, en daarom vereis dit ook die kind se toestemming tot aanneming indien hy ouer as tien jaar is.

Vir sy addisionele beskerming stel Artikel 68(2) ook sekere ouderdomsbeperkings ten opsigte van ʼn pleegouer in. Die ouer moet aansienlik ouer as die kind wees, met die oog op moontlike ondeugdelike praktyke teenoor so ʼn kind. Verder lê Artikel 70(4) neer dat indien die aangenome kind ʼn voog besit, hy die kind vir ʼn tydperk van twee jaar na adopsie, kan besoek om na te gaan of die aanneming in belang van die kind is.

(ii) Die Bekragtiging van Adopsie deur die Reg.

Die bekragtiging van aanneming deur wetlike bepalings, is ʼn beginsel wat verdere beskerming vir die kind inhou, en vul eersgenoemde opvoedkundige beginsel aan wat gaan oor die ouerlike sorg en die gesonde huis vir die aangenome

kind.

Voor 1923 is die aanneming van die kind in Suid-Afrika nie as ŉ middel vir die daarstelling van die wettige verwantskap van ouer en kind erken nie. Met die koms van die „Aanneming van Kinderen Wet" No. 25 van 1923, is aanneming egter op ŉ wetlike basis geplaas en wetlik erken. Genoemde wet is deur die Kinderwet No. 31 van 1937 vervang, maar sy bepalings wat gaan oor die aanneming van die kind, is deur laasgenoemde wet oorgeneem en uitgebrei. Die staat het dit dus nodig geag om die hele aangeleentheid van aanneming deur wetgewing te beheer en op hegte grondslag te plaas. Die staat sien sy grootste bate in die kind, en mag dus nie toelaat dat kinderlewens op enige wyse vir enige vorm van gewin geëksploiteer word nie.

Die doel van ŉ aanneming is om ŉ wetregtelike metode te vind waardeur volwassenes ander kinders behalwe hulle eie, permanent in hulle huise kan inneem en volle verantwoordelikheid vir hulle welsyn aanvaar. Van die Aannemingswet verklaar die president van die Kinderburo van die Verenigde State van Amerika: „The adoption law should promote the best interest of the child and should safeguard the rights of his natural and his adoptive parents. Effective adoption procedure will reduce to a minimum the hazards that now surround in many places, and should also bring about a wider use of the legal safeguards to which children without families of their own are entitled". (1)

Die kind word wetregtelik beskerm deur Artikel 71 wat verklaar dat ŉ aangenome kind vir alle doeleindes geag word die wettige kind van die pleegouer te wees, en die familienaam van die pleegouer mag aanneem tensy die orders anders bepaal. ŉ Order van aanneming deur die Kommissaris van Kindersorg hef alle regte en wetlike verantwoordelikhede op wat bestaan tussen die kind en sy natuurlike ouers en hul bloedverwante, behalwe

(1) United States Children Bureau: Essentials of Adoption Law and Procedure, 5.

die reg van die kind om „ab intestato" van hulle te erf.

Die doel van bogenoemde bepalings is om die kind te beskerm. Hy word as kind van die pleegvader gereken, met die bykomstige voordele. Laasgenoemde kan die kind ook 'n erfgenaam maak, hoewel hy kragtens Artikel 71, nie daarop aanspraak kan maak nie. Dit beskerm hom teen onnodige skeiding van sy nuwe ouers wat in staat is om hom 'n gelukkige en veilige tuiste te gee, en ook teen sy natuurlike ouers wanneer hy alreeds deur ander aangeneem is, en by hulle gelukkig is. Hierdie wetsbepalings beskerm die aangenome kind tot so 'n mate dat hy geensins van sy regte wat ook sy erfenisreg insluit, afstaan as hy deur 'n ander persoon aangeneem word nie, en hy kry ook nog dieselfde voorregte (behalwe as erfgenaam) by sy nuwe ouer asof hy gebore is uit die huwelik van sy aangenome vader. Met ander woorde, sy pleegouer is kragtens bogenoemde bepalings, verplig om hom van al die voorregte te voorsien as wat sy natuurlike kinders geniet. Hy is dus op dieselfde onderwys, opvoeding en versorging geregtig as sy nuwe ouers se natuurlike kinders.

Die wetsbepalings het egter ook die beskerming van die ouer, natuurlik sowel as adopterend, ten doel. Artikel 69 verklaar dat 'n kind slegs aangeneem kan word as toestemming verleen is (i) deur albei natuurlike ouers van die kind, of as die kind oneg is, deur die moeder van die kind;

(ii) deur die voog van die kind as albei ouers dood is, of in die geval van 'n onegte kind, as die moeder dood is;

(iii) as een ouer dood is, deur die nog lewende ouer, en deur 'n voog van die kind wat deur die gestorwe ouer benoem mag wees;

(iv) as een van die ouers die kind verlaat het, dan deur die ander ouer;

(v) deur 'n spesiaal benoemde voog.

Die toestemming tot adopsie moet kragtens Artikel 69(3), skriftelik geskied.

Hierdie beperkings wat die artikel inhou, is daargestel vir die beskerming van sy ouer en sy ouerlike reg oor die kind. Dit is om te verhoed dat die kind wederregtelik uit sy beskerming verwyder word en in iemand anders se bewaring geplaas word.

Ook die adopterende ouer word beskerm deur Artikel 73( ) wat die adopsie van die kind nietig verklaar as die pleegouer deur bedrog, wanvoorstelling of „justus error" daartoe beweeg was om die kind aan te neem, of as die kind ŉ geestelik gekrenkte of gebreklike persoon is, en dat die geestesgekrenktheid of gebrek bestaan het ten tye van die verlening van die order van aanneming.

Die artikels toon aan dat hoewel die pleegouer verpligtinge teenoor die aangenome kind het, sy regte ook deur die wetsbepalings vir aanneming beskerm word. Die Kinderwet tree dus beskermend op teenoor die ouer sowel as die kind, en toon ook aan dat aanneming van opvoedkundige waarde vir die kind is.

(c) Die Voordele van Aanneming van die Kind.

Aanneming maak die kind weer lid van ŉ goeie huisgesin waarin die ouers behoorlik aangepas is by die samelewing. Een van die primêre behoeftes van die kind is om seker te voel, en dit kan slegs plaasvind in ŉ gesin waar ekonomiese en maatskaplike volwaardigheid bestaan, en waar daar ŉ innige verhoudenheid tussen die gesinslede bestaan, d.w.s. in ŉ gesinslewe wat nog ŉ lewensgemeenskap uitmaak.

Aanneming gee ook weer aan die kind al die regte en voorregte van die natuurlike kind van die goeie huisgesin, waarvan onderwys en opvoeding die belangrikste is. Hierdeur word hy in staat gestel om tot toekomstige volksmens gevorm te word. Dit is slegs deur middel van die goeie huislike lewe dat ŉ vaste grondslag vir die toekoms gelê word.

Vir die kind wat aangeneem word, hou adopsie opvoedkundige, sielkundige en beskermende voordele in want die goeie huisgesin is die groot vormende krag van gees en karakter, en geen kind moet, behalwe om dringende en noodgedwonge redes, daarvan beroof word nie. In die huisgesin word hy ontwikkel tot ŉ emosioneel-gebalanseerde persoonlikheid want hier kry hy die kans om bestaande tradisies, menslike waardes en norms van gedrag te leer ken.

Verder is daar nog die groot besparing wat aanneming vir die staat meebring. Sedert Januarie 1924 toe die „Aanneming vir Kinderen" Wet No. 25 van 1923 (sedertdien herroep) van krag geword het, is daar 22,914 kinders in die Unie aangeneem, en ŉ verdere bewys dat die aannemingstelsel ŉ sukses is, is dat in 1950 slegs een aannemingsbevel herroep is. (1)

As die staat genoemde getal kinders moes grootmaak, sou dit die belastingbetaler ŉ fortuin gekos het.

Alle aannemings is nie ŉ sukses nie, en kan dit ook nooit wees nie. Baie kinders het by aanneming onontdekte fisiese en veral geestelike gebreke en afwykings. Die aannemende ouers se gesindheid of oortuigings kan ook verander. Hul motiewe was in die eerste plek miskien eiebelang. Daarom is dit nodig dat die welsynsbeampte die grootste versigtigheid aan die dag lê en deeglik te werk gaan by ondersoeke wat aanneming voorafgaan.

(d) <u>Aanbeveling insake die aanneming van kinders.</u>

Artikel 70 verklaar dat as ŉ aansoek gedoen is om ŉ order van aanneming van ŉ kind (a) wie se ouers hom verlaat het of (b) wie se ouers, een of albei onbevoeg is om toestemming tot die aanneming te gee, dan mag die minister ŉ geskikte persoon benoem om as voog van die kind op te tree met dien verstande dat die benoeming nie die regte van die ander ouer raak of verminder nie, wie se toestemming tot die aanneming vereis word.

(1) Unie van S.A.: Offisiële Jaarboek (No. 26) 1950, bladsy 212.

Dit is wenslik dat by bogenoemde bepalings ook nog die volgende gevoeg word, nl.:

(c) Die kind wat ouers of ŉ ouer of voog het wat geen behoorlike toesig oor hom uitoefen nie, of onbevoeg is om sodanige toesig uit te oefen, mag ook deur die Minister vir aanneming beskikbaar gestel word.

(d) ŉ Kind wat in die sorg van ŉ persoon is wat skuldig bevind is aan ŉ misdryf teenoor die kind, soos vermeld in die Eerste Bylae tot die Kinderwet.

(e) ŉ Kind wat weg van sy ouers of voog onderhou word onder huislike omstandighede wat met die belange van die kind in stryd is, en wie se ouers of voog nie opgespoor kan word nie, of versuim het om behoorlike voorsiening vir sy versorging en bewaring te maak.

Hierdie voorgestelde byvoegings tot Artikel 70 omskryf tot ŉ groot mate die „sorgbehoewende kind" wie se ouers of voog onbevoeg is om die kind op die regte wyse op te voed. Dit word gevoel dat die wet die onbevoegde en belangelose ouer van al sy ouerlike regte binne ŉ bepaalde tyd, behoort te onthef, en die kind vir aanneming beskikbaar stel, indien gewillige en geskikte pleegouers gevind kan word wat aan die natuurlike ouers onbekend is.

13. Administrasie van die Kinderwet.

Artikel 87(1) verklaar dat die Goewerneur-Generaal by proklamasie in die Staatskoerant, die uitvoering van die bepalinge van die Kinderwet mag opdra aan enige Minister of gedeeltelik aan een Minister en gedeeltelik aan ŉ ander Minister of ander Ministers, en hy mag in so ŉ proklamasie die bevoegdhede en werksaamhede voorskryf wat uitgeoefen en verrig moet word deur die onderskeie Ministers, en hy mag verder voorskryf dat ŉ bevoegdheid of plig deur hierdie wet aan die Minister verleen of opgelê, uitgeoefen of verrig moet word deur een Minister handelende in oorleg met ŉ ander Minister.

Volgens die wetsbepaling kan die werksaamhede wat die wet meebring, onder een of meer Ministers verdeel word. Die administrasie van die bepalings is oorspronklik aan die Minister van Unie-Onderwys opgedra met Proklamasie 93 van 1937, maar toe die Departement van Volkswelsyn in 1937 in die lewe geroep is, is dit vervolgens deur Proklamasie No. 198 van 1937, aan die Minister van Volkswelsyn opgedra, behalwe waar in die wet verwys word na nywerheids- en verbeteringskole en na leerlinge in sulke inrigtings, wat nog steeds deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap beheer word.

Die Departement van Justisie speel ook ŉ belangrike rol in verband met kindersorg, want deur sy Kindersorgkommissarisse en Kinderhowe is hy verantwoordelik vir die geregtelike funksies ingevolge die Kinderwet.

Hierdie drie departemente dus, nl. die Departemente van Volkswelsyn, Onderwys, Kuns en Wetenskap, en Justisie, is vir die grootste gedeelte van kindersorg verantwoordelik.

Dan het die Departement van Naturellesake ook ŉ onregstreekse seggenskap, hoewel hy nie gemoeid is met enige welsynswerk nie. Artikel 2(2) bepaal dat die Minister van Naturellesake moet sorg vir Kommissarisse van Kindersorg in die gebiede onder sy jurisdiksie, en is kragtens Artikel 4(1), in oorlegpleging met die Minister van Volkswelsyn, verantwoordelik vir die Kinderhowe in sulke naturellegebiede.

Genoemde wetsbepalings bring mee dat die toekoms van die sorgbehoewende sowel as die misdadige kind, deur meer as een regeringsdepartement beslis word. Die gevolg hiervan is dat daar geen uniforme beleid in verband met sy verwysing en hervorming is nie, en dit veroorsaak dat by sommige gevalle behandeling toegepas word wat sielkundig en andersins nadelig op die kind inwerk.

14. Wysiginge van die Kinderwet, 1937.

Hoewel die Kinderwet wat alle vorige Kinderwette herroep, ten doel het om die kind in al sy lewensfases te beskerm en ten goede te beïnvloed, het dit van tyd tot tyd nodig geword om ook sy bepalinge te wysig en andere by te voeg. Hierdie wysiginge en byvoegings geskied deur middel van die volgende wette:

(a) Kinderwet-wysigingswet No. 18 van 1939.
(b) Wet tot Bekragtiging van Aannemings, No. 30 van 1943.
(c) Wysigingswet op Kinders, No. 25 van 1944.
(d) Wysigingswet op Kinders, No. 11 van 1947.
(e) Wysigingswet op Kinders, No. 13 van 1951.

(a) Die Kinderwet-wysigingswet, 1939.

Die Kinderwet was nog te jong om veel gewysig te word en gevolglik bestaan die wet slegs uit een artikel van direkte belang vir die kind, naamlik Artikel 1.

(i) Uitbreiding van Omskrywing.

Artikel 1 wat ŉ wysiging van Artikel 1 van die hoofwet is, bepaal dat die omskrywing „Sekretaris en Onder-sekretaris" vervang word deur „Sekretaris en Onder-sekretaris en ander senior Amptenaar". Die wysiging is aangebring om die behandeling van die kind te bespoedig en te vergemaklik. Soms is die Sekretaris sowel as die Onder-sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap afwesig of nie beskikbaar nie, en nogtans moet daar ŉ dringende beslissing omtrent ŉ kind gegee word. Om die kind nie onnodige pyn of lyding te laat verduur nie, besit die senior amptenaar nou die mag om ŉ besluit omtrent die kind en sy toekoms te neem. Die bepaling is slegs ŉ addisionele middel om die kind te beskerm en sy belange te behartig. Dit verhoog die opvoedkundige en beskermende waarde van die hoofwet.

(b) Wet tot Bekragtiging van Aannemings.

Ook hierdie wet het slegs wysiginge van minder belang teweeggebring. Dit het ten doel om

voorsiening te maak dat ŉ moeder wat onmondig of ongetroud is, ŉ geldige toestemming tot die aanneming van haar buite-egtelike kind kan verleen; ook word bepaal dat ŉ onmondige moeder se toestemming tot sodanige aanneming, met terugwerkende krag, gewettig kan word. Die hele wet het slegs met die aanneming van die kind te doen.

(i) <u>Toestemming van moeder i/s aanneming van kind.</u>

Kragtens Artikel 2 van die wet, word toestemming deur ŉ moeder verleen tot die aanneming van haar onegte kind, vir die doel van die uitreiking van ŉ order van aanneming kragtens die bepalings van Artikels 2 of 3 van die „Aanneminngen van Kinderen Wet" No. 25 van 1923, geag ŉ geldige toestemming te wees vir die doeleindes van Artikel 4 van genoemde wet, nieteenstaande die feit dat sodanige moeder onmondig was toe sy aldus sodanige toestemming verleen het, en dat sy nie daartoe deur haar ouer of voog bygestaan is nie.

Die wet gaan slegs oor die beskerming van die onegte kind onder sekere omstandighede. Dit wil die regsposisie van die pleegouers insake so ŉ aangenome kind beveilig. Behalwe bogenoemde omstandighede, het die wet geen invloed op die hoofwet gehad nie.

(c) <u>Die Wysigingswet op Kinders, 1944.</u>

Ook hierdie wet het geen groot veranderinge aan die hoofwet meegebring nie, en die wysiginge wat wel gedoen word, is minder belangrik. Die doel van die wet is dan ook slegs die verdere wysiging van die Kinderwet 1937.

(i) <u>Addisionele mediese voorsorgmaatreëls t.o.v. die kind.</u>

Artikel 7 wysig Artikel 18 van die hoofwet, en brei dit uit sodat die mediese beampte addisionele magte kry insake die mediese behandeling van die sorgbehoewende kind. Waar hy alreeds die reg besit om die ouer te verplig om sy kind medies te laat ondersoek en indien nodig,

te laat opereer, bepaal Artikel 7 nou dat so 'n beampte die voog van die kind of die persoon in wie se bewaring die kind is, kan verplig om hom na 'n hospitaal of ander plek vir mediese behandeling te bring, dat die kind vir sodanige behandeling in daardie hospitaal of plek moet bly om die nodige mediese behandeling te ontvang.

Die toevoeging van hierdie addisionele magte insake die behandeling van die kind, by die wat alreeds inbegrepe is by Artikel 18 van die hoofwet, is daarop gemunt om addisionele veiligheid vir die kind se gesondheid en lewe te verseker.

Sekere ouers heg geen geloof aan die gebruik van geneesmiddels of 'n operasie nie, en weier om sy kind geneeskundige behandeling te laat ondergaan. Dikwels is dit slegs aan onverskilligheid van die ouer te wyte dat die kind nie aandag ontvang nie. Om die kind teen sulke onverskilligheid en onwilligheid te beskerm, het dit nodig geword om die bepaling in die hoofwet wat handel oor mediese sorg vir die kind, aan te vul en uit te brei. Netsoos die bestaande bepalings, is die nuwe toevoeging van opvoedkundige voordeel vir die kind omdat dit die beskerming van sy gesondheid en lewe ten doel het.

(ii) <u>Uitbreiding van die magte van die Kinderhof.</u>

Met Artikel 10 word die magte van die Kinderhof wat op bladsy 211 bespreek word, uitgebrei want dit bepaal dat 'n kind wat deur die Kinderhof as sorgbehoewend verklaar is, in 'n veiligheidsplek gehou kan word of terugbesorg kan word in die bewaring van sy ouers of voog of die persoon in wie se bewaring die kind onmiddellik voor die aanvang van die betrokke hofverrigtings was, totdat die hof 'n order ten opsigte van die kind uitgereik het, of tot tyd en wyl so 'n hoforder ten uitvoer gebring kan word.

Met die bepaling word die <u>veiligheidsplek</u> ook daargestel as middel om die kind opvoedkundig te behandel. Dikwels is tyd nodig om te kan

besluit wat die regte beslissing sal wees in verband met die kind se toekoms. Deur die kind tydelik in 'n plek van veiligheid te huisves, waar hy voorlopig versorg kan word, kan die Kindersorgkommissaris meer aandag aan hom wy en verdere gegewens inwin om sodoende tot 'n beslissing te geraak wat in belang van die kind is.

(d) Die Wysigingswet op Kinders, 1947.

Die wet wysig die hoofwet deur die toevoeging van een bepaling wat handel oor die toelaag wat die staat ten behoewe van 'n kind kan gee.

(i) Geldelike bydrae deur Minister.

Artikel 1 vervang Artikel 84 van die hoofwet, en lê neer dat die Minister kan bydra tot die onderhoud in 'n inrigting van 'n kind wat daarheen verwys of daarin geplaas is. Dit het betrekking op kerklike en ander private inrigtings wat gewillig is om die gekommiteerde op te neem. Hierdeur word inrigtingsbehandeling vir die sorgbehoewende kind uitgebrei. Die bepaling is in die lewe geroep omdat die staatsinrigtings nie by magte is om alle sorgbehoewende kinders op te neem nie, weens onvoldoende ruimte. Die betaling van geldelike toelaes aan private inrigtings is opvoedkundig gesond omdat dit toestande vir die kind in so 'n inrigting bevoordeel. Weens gebrek aan fondse kan so 'n organisasie in beheer van die inrigting soms nie die nodige fasiliteite aanbring wat vir die kind se gerief en gesondheid nodig is nie. Ook moet besuinig word op die kind se voedsel, met die gevolg dat die kind liggaamlik daaronder ly. Hierdie hindernisse strem die kind se geestelike en liggaamlike ontwikkeling. Die toelaag wat die staat betaal, vul die finansies van die organisasie of kerk aan en help om die kind deeglik te onderhou.

(e) Die Wysigingswet op Kinders, 1951.

Die wet wysig die hoofwet met betrekking tot die aanvangsouderdom van die kind as vakleerling.

(i) Aanvangsouderdom van kind as vakleerling.

Artikel 1 bepaal dat die Kinderhof die kind as vakleerling kan uitplaas indien hy die ouderdom van sestien jaar bereik het. Artikel 2 magtig die bestuur van 'n inrigting waarin die kind verkeer, om desgelyks te handel mits die kind nie jonger as sestien jaar is nie.

Bogenoemde bepalings wysig Artikels 29 en 51 van die hoofwet onderskeidelik. Die gewysigde bepalinge is van belangrike opvoedkundige betekenis vir die kind omdat dit in die eerste plek die kind beskerm teen 'n te vroeë aanvang van sy vakleerlingskap. Die kind jonger as 16 jaar, is nog te onryp en onvolgroeid om langdurige en aanhoudende werkstoestande te verduur. Hy is nog nie in staat om onverdeelde aandag aan 'n taak te gee nie. Die grensouderdom van 16 jaar verhoed verder dat gewetenlose werkgewers misbruik van kinderarbeid maak en weer die ongunstige werkstoestande skep wat gedurende die 18de en 19de eeue in sekere Europese lande geheers het. Die kind jonger as 16 jaar, is liggaamlik en geestelik nie op veeleisende arbeid aangewys nie.

In die tweede plek besorg die ouderdom van 16 jaar as aanvangsouderdom vir vakleerlingskap, langer inrigtingsbehandeling vir die sorgbehoewende kind, wat beter voorbereiding en grondiger dissiplinering vir sy toekoms tot gevolg het.

Vir die dagleerling beteken dit ook 'n langer periode op skool alvorens hy in die arbeidsmark gestoot word. 'n Langer skoollewe beteken vir die kind meer kennis en tug wat uiteindelik ontwikkel tot beter afgerondheid en selftug.

Hierdie wysigende wette, hoewel betreklik onbelangrik omdat die behoefte aan rewolusionêre wysiginge nie bestaan het nie, het tog bygedra om die doeltreffendheid van die Kinder-

wet te verhoog tot voordeel van die kind.

15. Samevatting.

Met die koms van die Unie van Suid-Afrika het ŉ nuwe tydperk vir die jeugmisdadiger sowel as die sorgbehoewende kind aangebreek. Deur die ontwikkeling van die sielkunde, sosiologie en opvoedkunde in die 20ste eeu, is daar tot die slotsom geraak dat daar geen essensiële verskil is tussen die kind wat met die reg in botsing gekom het en diè wat anti-sosiale neigings as gevolg van verwaarlosing en behoeftigheid ontwikkel het nie. Ook is besef dat straf en vergeldingsmaatreëls wat in swang was, nou uitgedien was en dat die kind slegs deur die opvoeding, deur sielkundige en maatskaplike metodes gerehabiliteer kan word. Om die rede beklemtoon die kinderwetgewing van die Unie die kousaalprewentiewe aspek betreffende jeugmisdaadbehandeling en kinderversorging.

Met Wet No. 13 van 1911 word voorsiening gemaak vir inrigtingsversorging vir die misdadige kind, deur die oprigting van die verbeteringskool. Met hierdie wet word bogenoemde beginsels in die praktyk toegepas. Dit bied beter beskerming en ook hervorming vir die kind. Dit veroorsaak dat die misdadige kind nie langer as ŉ volwassene beskou word nie, maar dat hy onder die beheer van die kinderwetgewing ressorteer wat op opvoedkundige grondslae berus.

Na bogenoemde wet is die „Wet ter Bescherming van Kinderen" No. 25 van 1913 op die wetboek geplaas, wat as die eerste algemene wetgewende maatreël ten opsigte van die verskillende aspekte van kindersorg in die Unie beskou moet word. Die wet se administrasie wat hoofsaaklik te doen het met die beskerming van jong kinders, die bestryding van sekere maatskaplike toestande wat vir die normale ontwikkeling van die kind nadelig kan wees, en met die sorg en onderhoud van behoeftige en verwaarloosde kinders,

het oorspronklik by die Departement van Justisie berus, maar is in 1917 aan die Departement van Unie-Onderwys oorgedra. Die wet het ook voorsiening gemaak vir die oprigting van nywerheidskole, maar het geen bepalings bevat insake die behandeling van die jeugmisdadiger nie, omdat Wet No. 13 van 1911 reeds vir die doel op die wetboek geplaas is.

Reeds voor 1937 is egter gevoel en besef dat baie van die bepalinge van bogenoemde kinderwetgewing nie meer tred hou met die vooruitgang wat op die gebied van kinderwelsynsbeginsel en -praktyke gemaak is nie, en die administrasie daarvan het 'n algemene hersiening en uitbreiding noodsaaklik gemaak. Dit is teweeggebring deur Kinderwet No. 31 van 1937. Hierdie wet maak voorsiening vir die instelling van Kinderhowe, en die aanstelling van Kommissarisse van Kindersorg as voorsittende amptenare by die behandeling van sorgbehoewende kinders. Elke magistraatshof is 'n Kinderhof, en elke magistraat 'n Kommissaris van kindersorg, hoewel in sekere sentrums 'n lid van die magistraatspersoneel spesiaal aangewys word om as Kommissaris op te tree; in sulke gevalle is die bedoeling dat die keuse gedoen word op grond van geskiktheid vir kindersorgwerk en kennis van kindersielkunde. Die wet voorsien die Kinderhof van die nodige bevoegdheid om te beskik oor die sorgbehoewende kind. Hoewel daar verskillende faktore is wat in mindere of meerdere mate bydra tot sorgbehoewendheid, is behoeftigheid egter die vernaamste rede waarom die kind in die Kinderhof verskyn. Wanneer die hof sulke gevalle behandel, kan hy na behoorlike ondersoek, die sorgbehoewende kind na 'n inrigting verwys of hom in die bewaring van 'n geskikte persoon of 'n goedgekeurde vereniging plaas, of gelas dat hy na sy ouers of voogde teruggestuur word.

Die wet maak addisionele voorsiening vir die behandeling van jeugmisdadigers, en wysig die gewone strafreg in verband met die kind,

waar dit vroeër vir jeugdiges in dieselfde mate as vir volwassenes gegeld het. Dit bepaal dat die voorlopige ondersoek van 'n persoon onder die ouderdom van negentien jaar, in 'n ander vertrek moet plaasvind as diè waarin strafsake teen persone bo daardie leeftyd, gewoonlik verhoor word; dat die algemene publiek, met uitsondering van persone wie se aanwesigheid vir die ondersoek nodig is, geen toegang tot die hof verleen word nie, en dat behalwe onder besondere omstandighede, geen identifiserende inligting betreffende die jeugdige persoon wat voor die hof verskyn, gepubliseer mag word nie. Hierdie bepalings beoog die vermyding van die maatskaplike brandmerk wat dikwels die volwasse misdadiger aankleef, en wat nadelig vir die heropbou van die kind se lewe mag wees.

Die magistraat mag, in plaas van strawwe op te lê, jeugdige oortreders wat skuldig bevind is, na 'n inrigting verwys. As hy jonger as negentien jaar is, kan hy onder toesig van 'n proefbeampte of ander geskikte persoon, of onder die beheer van 'n goedgekeurde vereniging geplaas word. Hy kan ook na 'n gesertifiseerde tehuis of verbeteringskool gestuur word. Verder bepaal die wet dat die verhoor van 'n kind wat weens 'n oortreding teregstaan, opgeskort kan word, en dat die magistraat kan gelas dat die kind voor 'n Kinderhof gebring word as dit blyk dat die beskuldigde sorgbehoewend is.

Die wet beskerm ook die „jong kind", wat enige persoon onder die ouderdom van tien jaar insluit. Dit word geag dat 'n kind onder daardie ouderdom nie in staat is om onafhanklik in sy eie belang te handel nie, en dat hy derhalwe gevaar loop om mishandel en verwaarloos te word wanneer persone onder wie se sorg hy verkeer, sy belange nie op die hart dra nie.

Ten slotte maak die wet ook voorsiening vir die aanneming van kinders.

Die Kinderwet en sy wysigingswette dek die hele veld van kinderbeskerming en sluit alle bepalinge van voorafgaande kinderwetgewing in. Dit is die kulminasie van alle vorige Suid-Afrikaanse kinderwetgewing. Van die Kinderwet verklaar die Kommissie oor straf en gevangenishervorming (1947) onder voorsitterskap van oud-Regterpresident C. Lansdown, soos volg:
„Die Kinderwet is ꞌn modelmaatreël en vergelyk gunstig met die internasionale standaard. In sommige opsigte is Suid-Afrika ander lande in hierdie verband voor. Die leerstelling dat die jeugmisdadiger in die eerste instansie kind is, en waarskynlik slegs per ongeluk of weens omstandighede, ꞌn oortreder is, word erken en toegepas. Die metodes wat aangewend word, het almal ꞌn opvoedkundige en opbouende strekking, en die toevlug word alleen tot straf as sodanig geneem as dit die uitwerking het om die kind af te skrik. Baie van die gebreke in ander stelsels is omseil." (1)

Die toepassing van die wet is geen strafmaatreël nie, maar ꞌn opsetlike opvoedkundige aanpassingsmaatreël. Die verdienstelikheid van die Kinderwet is nie alleen dìt dat dit die moontlikheid skep om jong oortreders sosiale aanpassing te leer nie, maar dat dit nadruk lê op die behandeling van die toestande wat tot jeugmisdaad mag lei. Die ervaring leer dat toestande van verwaarlosing en gebrekkige aanpassing onder kinders, later tot misdaad kan lei. Gevolglik gee die wet aandag aan die behandeling en versorging van kinders wat verwaarloos, misdadig en onaangepas is. Hierdie kinders is, soos reeds verduidelik, „sorgbehoewende kinders". Die swaartepunt van jeugmisdaad val dan ook op die behandeling van hierdie tipes van kinders, die potensiële oortreders wat deur omstandighede later met die gereg in botsing mag kom.

As die vraagstuk van jeugmisdaad op hierdie wyse beskou en benader word, verval die gebruiklike skeidslyn grootliks tussen die delinkwente en nie-delinkwente jeug.

(1) Verslag: Kommissie op Straf- en Gevangenishervorming (1947), 24.

## Hoofstuk VI.

## GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS INSAKE DIE UNIE-KINDERWETTE.

### 1. Waardering.

Voordat kinderwetgewing in Suid-Afrika ingevoer is, moes jeugdige oortreders nog ooreenkomstig die gewone strafwet behandel word. Soos aangetoon, is die sorgbehoewende kind nie deur die staat nie, maar wel deur die kerk versorg. Die eerste wetgewing het slegs die kind teen uitbuiting en verwaarlosing beskerm want daar is nie gedink aan enige inrigtingsversorging van staatsweë nie, en die misdadige kind is op die gevangenis aangewys. Daar is net gedink aan die beskerming van die gemeenskap, en nie aan die rehabilitasie van die kind nie. Dit was eers teen die einde van die negentiende eeu dat daar gedink is aan staatsinrigtingsversorging vir die jeugmisdadiger en verwaarloosde kind, deur middel van die verbeteringsgestig en die nywerheidskool. Die aanhouding van die kind was hoofsaaklik as ŉ straf- en vergeldingsmaatreël bedoel, en nie soseer vir beskerming en rehabilitasie nie. Die Unie-kinderwette het egter ŉ ommekeer in die behandeling van die sorgbehoewende en misdadige kind teweeggebring.

Volgens die skrywer, berus die wette op sekere opvoedkundige beginsels wat die verwantskap tussen sorgbehoewendheid en misdadigheid aantoon. Dit het tot gevolg dat die jeugmisdadiger op dieselfde opvoedkundige grondslag behandel word as die verwaarloosde kind. Die Unie-kinderwette handel dienooreenkomstig want hulle bevat metodes van behandeling wat, afgesien van die omstandighede waarin die kind verkeer, met groot voordeel op hom toegepas word. Dit gee aanleiding tot die behandeling van die jeugmisdadiger volgens opvoedkundige metodes soos bespreek in hierdie werk. Hierdie metodes gaan van die standpunt uit dat daar geen wesensverskil tussen die sorgbehoewende

en die delinkwente kind is nie. Dit is om hierdie rede dat Wet No. 25 van 1913, sowel as die Kinderwet van 1937 voorsiening maak dat onder sekere omstandighede ŉ sorgbehoewende na ŉ inrigting vir jeugdige oortreders oorgeplaas kan word, en omgekeerd.

Die kenmerk van die behandeling van kinders in die verlede, hetsy jeugdige misdadigers of slegs verwaarloosde en onaangepaste kinders, was om hulle in die reël na inrigtings te stuur. Die Unie-kinderwette bring nou ŉ verandering hierin deur die nie-inrigtingsversorging van kinders op ŉ gesonde basis te plaas.

ŉ Inrigting is ŉ kunsmatige omgewing wat nie dieselfde is as die omgewing waarin die kind sy onaanpasbaarheid ontwikkel het nie. As die kind behoorlike aanpassing in die samelewing geleer moet word, dan moet hy dit liefs geleer word in en deur middel van die samelewing. Waar die kind egter intensiewe bearbeiding onder deskundige leiding nodig het, of waar dit prakties onmoontlik is om hom die gewenste omgewing in die gemeenskap te verskaf, byvoorbeeld waar die ouerlike huis ongunstig is, daar is inrigtingsversorging nodig. Die groot aantal sorgbehoewende kinders en jong oortreders wat jaarliks nog na die inrigtings gestuur moet word, is ŉ bewys van die gebrekkige gesinslewe wat die gemeenskap kenmerk. Daar word dus tot die gevolgtrekking geraak dat die groot verdienste van die Unie-kinderwette geleë is in die feit dat dit nie alleen voorsiening maak vir inrigtingsversorging en -behandeling nie, maar ook om sorgbehoewende kinders en jong oortreders te behandel terwyl hulle in die gemeenskap bly. Die kind kan tuisgelaat word onder toesig van ŉ proefbeampte, of in die sorg of onder toesig van ŉ geskikte persoon, of onder beheer van ŉ goedgekeurde vereniging geplaas word, of hy kan as vakleerling uitbestee word.

Deur gebruik te maak van hierdie verskillende buite-inrigtingsmetodes, word getrag om die kind of jongmens se gedrag te verbeter en om hom behoorlike aanpassing te leer. Hierdie maatreëls vereis egter eerstens dat doeltreffende toesig en leiding deur proefbeamptes en ander welsynsbeamptes verstrek moet word, en tweedens dat die huislike omstandighede waar gewoonlik die oorsaak van die verkeerde gedraginge en onaanpasbaarheid gesoek moet word, verbeter word. Alles kom dus neer op die gesin wat bearbei moet word. Uiterlike omstandighede soos byvoorbeeld die omgewing, is die oorwegende oorsaak van gebrekkige aanpassing van die jeug, of dit nou na misdaad lei of nie. Daar is natuurlik 'n sekere aantal gevalle waar die innerlike geestes- en soms ook fisiese konstitusie, nieteenstaande gunstige lewensomstandighede en omgewing, die vernaamste aanleidende oorsaak tot wanaanpassing en misdaad kan wees, maar diè getal is gering. Onder hierdie groep sou val die swaksinniges, die egte psigopate en die groep wat as maatskaplike gebrekkiges („social defectives") bestempel word in die Wysigingswet op Geestesgebreke No. 7 van 1944. Dis waarskynlik dat nieteenstaande die beste aanpassingsmaatreëls, baie van die lede van hierdie groep later voortdurend onaangepas en onaanpasbaar sal wees en met die gereg in botsing sal kom totdat hulle vir goed uit die gemeenskap verwyder word.

Die metodes van gestigs- sowel as buite-inrigtingsverpleging wat deur die Kinderwette daargestel word, is beskermend en hervormend omdat hulle op opvoedkundige grondslae berus. Hulle doel is om die kind weer by die samelewing te laat aanpas en om van hom 'n nuttige lid van die gemeenskap te maak. Dit sluit nie net die hervorming van die kind in nie maar ook sy huislike omstandighede, d.w.s. dit mik op die verbetering van die sosiale toestande waaronder die kind moet lewe, of waarheen hy nà inrigtingsbehandeling moet terugkeer.

Deur die Kinderwette kom daar ʼn uitbreiding van die omskrywing van die sorgbehoewende kind, en ʼn verlenging van sy juridiese ouderdom. Die definisies van die sorgbehoewende kind wat in die vòòr-Unie-kinderwetgewing verskyn, word geleidelik deur al die Unie se Kinderwette onder bespreking, uitgebrei, en kry sy finale vorm en uitbouing met die jongste Kinderwet. Deur die jongste omskrywing word alle omstandighede en toestande in aanmerking geneem en in die omskrywing ingesluit om sodoende die veld van beskerming vir die kind so wyd moontlik te stel.

Die ouderdom van die kind word deur wetgewing opgeskuif tot negentien jaar, en deur Kinderwet No. 31 van 1937, in sekere gevalle selfs tot een-en-twintig jaar. In alle kinderwetgewing tot 1910 word die maksimum ouderdom van die kind op sestien jaar vasgestel. Deur die opskuiwing van die ouderdomsgrens word die grense van beskerming en rehabilitasie vir hom ook verder uitgestoot. Dit het tot gevolg dat die fasiliteite vir sy opvoeding en onderrig uitgebrei word, sowel as die opvoedkundige toepassing van die reg. Trouens, die uitgebreider omskrywing van die sorgbehoewende kind en die uitbreiding van die kinderperiode het tot gevolg dat die interpretasie van genoemde twee terme, naamlik sorgbehoewende kind en kind, op ʼn meer wetenskaplik sielkundige en opvoedkundige basis daargestel word. Dit hou vir die gewone kind ʼn verlengde periode van onderwys en opvoeding in, en vir die sorgbehoewende en misdadige kind ʼn langer periode van beskerming en rehabilitasie.

Daar word dus tot die gevolgtrekking geraak dat die Kinderwette van die Unie bevorderlik is vir die kind. Hulle het as grondslag die beginsels van beskerming, herstelling en voorkoming wat toegepas word deur opvoedkundige metodes van kinderbehandeling tot voordeel van die afwykende sowel as die normale kind.

/

2. Gevolgtrekkinge insake die beginsels waarop die Kinderwette berus.

Met bogenoemde waardering word tot die gevolgtrekking geraak dat die hoofbeginsel waarop die Unie se Kinderwette gegrond is, die beskerming van die kind is, wat verhoeding sowel as rehabilitasie insluit. Hierdie hoofbeginsel behels weer sekere ander beginsels wat daargestel is deur teenwerkende invloede teen sorgbehoewendheid en misdadigheid wat in die verlede van die samelewing uitgegaan het, en waarop volgens die skrywer, die Kinderwette vandag berus. Die beginsels waarop, volgens die skrywer, die beskerming van die kind berus, kom in die algemeen ooreen met die grondslae van die kind se opvoedkundige ontwikkeling (1), en hulle lewer bewys dat daar min verskil is tussen sorgbehoewendheid en misdadigheid, en dat die misdadige kind geensins as ᵑ misdadiger beskou en behandel moet word nie, maar dat hy slegs ᵑ probleemkind is. Daar word dan tot die gevolgtrekking gekom dat die grondbeginsels waarop die Unie-kinderwette berus, die volgende uitmaak:

(a) Die Opvoedkundig-biologiese Beginsel.

Die Kinderwette beskou die kind as vatbaar vir opvoeding, beskerming, ontwikkeling en rehabilitasie, omdat die kind ᵑ lewende wese is. Die lewelose skepping kan in geen enkele sin vatbaar vir opvoeding en hervorming wees nie. Daar moet dus lewe wees vir die toepassing van die Kinderwette. Met die lewe is aan die kind ᵑ eie natuur gegee, sy aangebore aanleg en gawe en sy omgewing waarin hy moet lewe. Die omgewing is noodsaaklik want daarsonder kan die kind nie lewe nie. Vir sy bestaan en voortbestaan in die omgewing moet die kind geleer word om rekening te hou met die eise van die omgewing. Hy moet hom dus aanpas en inpas by sy omgewing, en dit is by

(1) Kyk Bladsye 37-44 van hierdie tesis.

hierdie aanpassing van die kind by sy omgewing, waar die Kinderwette so n belangrike rol in sy lewe speel. Die hoofbeginsel van die Kinderwette, nl. die beskerming van die kind, word in die geval van die verwaarloosde en misdadige kind, grootliks teweeggebring deur die aandeel wat die Kinderwette het by die „hervorming" van die kind, m.a.w. by die doeltreffende aanpassing aan sy omgewing. Dit word teweeggebring eerstens, deur die algemene beskerming wat die Kinderwette die kind bied. Hy word beskerm teen maatskaplike euwels en indien moontlik, word die omstandighede waar sulke euwels voorkom, uit die weg geruim sodat dit vir die kind moontlik is om hom by die nuwe en beter omstandighede aan te pas.

In die tweede plek stel die Kinderwette sekere metodes daar, waarvan die vernaamste inrigtingsversorging en opproefstelling is, om sekere kinders te beskerm, op te voed en te hervorm sodat hulle aanpassing by hulle omgewing op doeltreffende wyse kan geskied.

En ten slotte hou die Kinderwette rekening met die aard en natuur van elke soort kind wanneer dit nodig is om hom te beskerm. So word voorsiening gemaak vir die beskerming van die jong kind deur middel van adopsie en pleegouerskap, van die normale kind deur middel van algemene beskermende en voorkomende maatreëls wat betrekking het op sy huis en sy omgewing, en van die sorgbehoewende en misdadige kind deur metodes van versorging en aanpassing by die samelewing.

Met genoemde opvoedkundige metodes en maatreëls dra die Kinderwette hulle deel by om die kind te leer om by sy omgewing aan te pas, en lewer die metodes bewys dat die Kinderwette wel op n biologiese grondslag berus. Trouens, deur die toepassing van hierdie metodes word die biologiese grondslag aangevul deur twee addisionele beginsels, nl. die van voorkoming en rehabilitasie wat in die onderstaande twee paragrawe bespreek word.

(b) Die beklemtoning van Prewentiewe Maatreëls.

Die kousaalprewentiewe aspek betreffende die behandeling van jeugmisdaad, vereis die konsentrasie op die oorsake liewer as op die gevolge van jeugmisdaad. Dit vereis dat die swaartepunt by die behandeling van die vraagstuk, uit die geregshowe na die huis, die skool en die samelewing verplaas word. 'n Groot aantal jeugdiges, of hulle nou misdadige neigings openbaar al dan nie, kan met sukses behandel word sonder om na inrigtings gestuur te word. Inrigtingsbehandeling behoort slegs toegedien te word waar wanaanpassing so diepgewortel is dat spesiale behandeling wat nie in die gemeenskap toegedien kan word nie, noodsaaklik is.

Die meerderheid van jeugdige oortreders kom uit 'n ongunstige huislike omgewing. As onaanpasbaarheid dus sy ontstaan te wyte het aan verkeerde omgewing wat huis en samelewing betref, dan is die doeltreffendste middel waarmee dit bestry kan word, die verwydering van die oorsake. Dit is ook noodsaaklik om simptome van wanaanpassing op die vroegste stadium te behandel, voordat hulle geleentheid kry om te ontwikkel. Hierdie oorweging wys op die belangrikheid van noue samewerking met die skool, omdat die kind dikwels gedurende sy skoolloopbaan neigings toon wat in anti-sosiale gedrag kan ontwikkel.

Indien die kind verwyder word, moet gedurende sy afwesigheid, aandag gegee word aan sy ouerhuis waarin hy sy misdadige neigings ontwikkel het.

Hierdie beginsel gaan uit van die standpunt dat die kind onder omstandighede opgegroei het wat aanleiding gegee het tot misdadigheid, en indien die omstandighede verbeter word, die kind ook 'n metamorfose kan ondergaan.

Die beginsel is ook, volgens die mening van die skrywer, opgesluit in die Kinderwette wat voorsiening maak vir die opheffing van die ouerlike huis, die verbetering van toestande waaronder

die kind uitgeplaas word, asook van sy woon- en werkstoestande.

(c) Die Herstellings- en Rehabilitasie-beginsel.

Bo en behalwe die prewentiewe beginsel is daar die beginsel van opheffing en rehabilitasie wat in die Unie-kinderwette opgesluit is. Die beginsel sorg dat toegespits word op indiwiduele behandeling van die sorgbehoewende en misdadige kind, wat by die behoeftes van so ŉ kind aanpas. Om so ŉ behandeling effektief toe te pas, is ŉ intensiewe studie van die kind se hele maatskaplike en persoonlike lewe nodig. Koöperasie van alle kragte in verband met die rehabilitasie van die kind is essensieel. Herstelling kan deur die onderdrukking van die neiging wat tot misdaad en sorgbehoewendheid voer, die sublimering van kragte en die vorming van nuwe gewoontes, plaasvind. Die hele situasie moet deurgrond word en daar moet deeglik met die fundamentele behoeftes van die kind rekening gehou word.

(d) Die Opvoedkundig-fisiologiese Beginsel.

Die kind is ŉ ~~liggaam~~-siel-wese. By sy beskerming en ontwikkeling hou die Kinderwette ook rekening met sy liggaam en liggaamlike bestaan. Dit is noodsaaklik ~~want waar~~ behoorlike liggaamlike versorging ~~ontbreek, daar~~ ontbreek ook die nodige fisiologiese groei. ŉ Kind wat nie groei nie, moet vergaan en sterwe. So bevat die Kinderwette bepalings wat voorsiening maak vir die nodige mediese toesig en die beskerming van die kind teen liggaamlike mishandeling. Met die instelling van beheerrade vir inrigtings, verkry die kind addisionele liggaamlike beskerming want van die Rade se vernaamste pligte is om toe te sien dat die inrigtingskind doeltreffend beskerm, en geestelik sowel as liggaamlik versorg word. Laasgenoemde sluit gesonde huisvesting in, goeie voedsel en water, goeie lug en voldoende beweegruimte — almal dinge wat onmisbaar is vir die groei (en opvoeding) van die kind.

(e) Die Opvoedkundig-sielkundige Beginsel.

Die belangrike beginsel is onderliggend aan die standpunt wat die Kinderwette aanvaar, nl. dat daar 'n verskil is tussen die kind en die volwassene. Dit gaan van die stelling uit dat die kind geen volwassene in sy aard en gedrag is nie (1), maar dat hy 'n groeiende, ontwikkelende, steeds rypwordende mens is wat nog deur verskillende stadia van geestelike en liggaamlike groei moet gaan alvorens hy volwassenheid bereik. Dit sluit aan by dieselfde grondslag waarop die opvoedkundige ontwikkeling van die kind berus.

Daar kan met veiligheid verklaar word dat die Kinderwette die opvoedkundig-sielkundige beginsel tot grondslag het, want hierdie wette is spesiaal daargestel om die kind juridies anders te behandel as die volwassene. Om die rede is die Kinderhof ingestel, en word gevangenisstraf nie op die kind toegepas nie. Die strafbepalings wat bedoel is vir die volwassene, word nie op die kind toegepas indien hy nie by magte is om die patroon wat vir die volwassene daargestel is, na te volg nie. Die beginsel word gehandhaaf deur voorsiening deur die Kinderwette ten opsigte van inrigtingsversorging. Daar word spesiale voorsiening gemaak vir inrigtingsbehandeling vir elke tipe kind, d.w.s. die sorgbehoewende kind word nie saam met die jeugmisdadiger geklassifiseer nie, omdat hulle indiwidueel van mekaar verskil.

Bogenoemde en ander metodes word breedvoerig in hierdie studie bespreek, en toon aan dat die Kinderwette wel die opvoedkundig-sielkundige beginsel wat die opvoedkundige ontwikkeling van die kind so sterk beïnvloed, besit en toepas.

(1) Kyk bladsye 26-37 van hierdie tesis.

(f) Die beklemtoning van Heropvoeding.

Hierdie beginsel is aanvullend by die hoofbeginsel van die Kinderwette, nl. die beskerming van die kind. Heropvoeding of rehabilitasie maak 'n belangrike deel uit van die beskerming van die kind. Trouens, saam met beskerming, maak dit die fondament uit van die hele Unie-kinderwetgewing. Dit bepaal dat in die behandeling van jeugmisdaad, blote straf- en afskrikmaatreëls nie die algehele oplossing is nie, maar dat die kind se heil lê in die opbouende beginsels van heropvoeding, geesteshigiëne en maatskaplike rehabilitasie. (1) Dit bepaal verder dat enige jeugmisdadiger, hoewel hy hom skuldig maak aan 'n oortreding, nogtans as 'n kind beskou moet word. (2) en dat hy nouere verwantskap met die normale kind besit as met die misdadiger. Omdat hy nog maar 'n kind is, moet hy gehelp en beskerm word en nie veroordeel en gestraf word nie. Die erkenning is lank vertraag, deels as gevolg van die propagering van die oorerwingsteorieë wat die kind as onopvoedbaar beskou het, en deels as gevolg van die ultramoralistiese gedagte insake vrye keuse en vrye wil.

Met die opkoms van wetenskappe soos die sielkunde en die sosiologie egter, is ook tot die besef gekom van die belangrike rol wat die omgewing in die kind se lewe speel, en die moontlikheid om hom her op te voed. Met betrekking tot hierdie opvoedkundige beginsel verklaar Regter J.A. Kotze: „The state should not punish a child of tender years as a criminal and stamp him as such throughout his after life, but it should endeavour by taking him out of his surroundings to educate him and uplift him and to make him gradually understand the difference between good conduct and bad conduct". (3) Die belangrike beginsel van heropvoeding

(1) Neumeyer: Juvenile Delinquency in Modern Society, 88.

(2) Kyk bladsye 38-44 van hierdie tesis.

(3) Van Reenen: Handbook on the Children's Act, 4.

wat onderliggend is aan die grootste gedeelte van die Unie-kinderwetgewing, het tot gevolg dat die kind nie meer as 'n misdadiger behandel word nie, maar wel op 'n opvoedkundige grondslag.

Die feit dat die vraagstuk van jeugmisdaad uit 'n opvoedkundig-sielkundige oogpunt beskou word, neem egter nie die afskrikkende en strafaspekte weg van die maatreëls wat geneem word nie. Deur middel van die Kinderwette word gepoog om die kind wat misdadig of sorgbehoewend is, te restoureer en te rehabiliteer. Daar is dus 'n essensiële eenheid in die probleme van behoeftigheid, verwaarlosing en misdadigheid, en derhalwe word dieselfde maatreëls in werking gestel by die behandeling van aldrie vraagstukke.

(g) Die Opvoedkundig-sosiologiese Beginsel.

Gegrond op hierdie beginsel, erken die Kinderwette dat die aard van die kind se sosialiseringsproses in die eerste plek afhang van sy aangebore neiginge, maar dat die ontplooiing van hierdie aangebore neiginge weer afhang van die prikkelende faktore in sy lewensmilieu. Die rigting waarin die sosialiseringsproses ontwikkel, hang af van die omgewing of samelewing waarin die kind hom bevind. Die moontlikhede van sy toekomstige persoonlikheid skuil in sy aanleg, maar in hoeverre die moontlikhede tot uiting kom, word bepaal deur die omgewing. Die Kinderwette gaan van hierdie opvoedkundig-sosiologiese beginsel uit om die kind opvoedkundige beskerming te verleen. Dit word gedoen deur metodes aan te wend om sy ongunstige huislike en omgewingstoestande wat insluit sy gebrekkige gesinsverhoudinge, nadelige buitenhuise invloede, ouerlike onsedelikheid en dronkenskap, egskeiding, swak ouerlike tug en so meer, te verbeter of uit die weg te ruim. Die opvoedkundige bekamping van bogenoemde euwels en toestande wat alreeds breedvoerig bespreek is, is bewys dat die Kinderwette op die opvoedkundig-sosiologiese beginsel gegrond is, en dat hulle tred hou met die kind se sosiale ontwikkeling. Die beginsel word

aangevul deur onderstaande grondslag wat die eenheid van die vraagstuk van sorgbehoewendheid en misdadigheid beklemtoon.

(h) <u>Die essensiële eenheid van die vraagstuk van sorgbehoewendheid en misdadigheid.</u>

Voorheen is die kind gestraf met die gedagte veral dat hy hom moedswillig teen die gemeenskap verset, en dat hy net soos die volwassene, so gebore is en nie hervormbaar is nie. Die Kinderwette gaan egter van die standpunt uit dat daar geen verskil is tussen die kind wat aktueel met die gereg in botsing kom, en hy wat anti-sosiale neigings ontwikkel as gevolg van sorgbehoewendheid nie, want die wette pas dieselfde behandeling op die sorgbehoewende as op die misdadige kind toe.

Hierdie stelling wat as opvoedkundige beginsel van die Kinderwette beskou moet word, is deur verskillende ondersoekers gestaaf. Hulle wys op die verband tussen sorgbehoewendheid en jeugmisdaad. Volgens C. Burt kom meer as 50% van die jeugmisdadigers wat hy ondersoek het, uit huise waar armoede heers. (1) C.F. Albertyn het gevind dat daar in die rol wat onsedelike gedrag van die ouers en alkoholisme by die vader, in die oorsaak van jeugmisdaad speel, baie min verskil by blankes en kleurlinge is. (2)

Ook die verhouding of betrekking tussen kind en die ouer speel die grootste rol in die vormingsproses sowel as die sosialiseringsproses. Swak ouerlike tug is ꞌn groot faktor wat tot jeugmisdaad aanleiding gee. In baie van die armer huisgesinne is die tug gebrekkig. Swak tug moet egter nie in dieselfde lig as onverskilligheid van die ouers teenoor die kind, beskou word nie. Onverskilligheid gaan veel verder, en getuig gewoonlik van uiters swak huislike omstandighede. So ꞌn toestand word meesal aangetref in gevalle waar

(1) C. Burt: The Young Delinquent, 76.
(2) Albertyn: Jeugmisdaad, 55.

die vader of moeder self op ŉ lae peil staan. W. Healy het by 46% van sy gevalle gebrekkige huislike opvoeding teëgekom, waarvan 16% van die jeugdige misdadigers die uiterste vorm van verwaarlosing ondervind het. Slegs in die geval van 5% van die jeugdige misdadigers was die huislike opvoeding goed. (1)

Daar kan dus met sekerheid verklaar word dat in byna al die huise waaruit jeugdige oortreders kom, daar verwaarlosingstoestande heers wat hoofsaaklik gewortel is in die onenigheid tussen die ouers, ongesonde verhouding tussen ouers en kinders, lae sedelike peil, drankmisbruik en misdadigheid van een of albei ouers.

Die invloed van wangedrag en die onenigheid van ouers is meer indirek as direk. Gevalle waar die kinders beslis tot wangedrag aangespoor word, kom selde voor. Die indirekte invloed van die verwaarlosingstoestande is baie groter, hoewel moeiliker om aan te toon. C. Burt verklaar in die verband: „Vicious precepts are less common than vicious examples, and as a rule, the example is not so much directly copied, as directly absorbed as a disturbing element or demoralizing atmosphere. To know that his own father is in prison or his own mother a profligate, is quite sufficient, without any open-excitement, to turn a child's thoughts towards lawlessness and vice. To lose respect for one's parents is to lose respect for oneself, for one's fellows and the whole basis of morality". (2)

Al bogenoemde navorsing bewys duidelik hoe nou die sosiologiese verband is tussen sorgbehoewendheid en misdadigheid, omdat die geheeloorsaak meestal in ŉ hele toestand skuil, wat ŉ patologiese samestelling van gesins- en omgewingsfaktore daarstel.

Dit bewys ook die geldigheid van die sosiologiese grondslag as beginsel van die Kinderwette. Laasgenoemde pas die beginsel toe deur

(1) Healy & Bronner: Delinquents and Criminals, 129.
(2) Burt: The Young Delinquent, 99.

die sorgbehoewende sowel as die misdadige kind aan dieselfde juridiese bepalings te onderwerp, en die metodes van inrigtingsversorging en vakleerlingskap op albei toe te pas.

(i) Die Opvoedkundig-staatkundige Beginsel.

Die Kinderwette berus ook op 'n opvoedkundig-staatkundige beginsel want hulle help om die gesag van die staat ten opsigte van die kind te handhaaf. Net soos teenoor die volwassene, staan die staat ook soewerein teenoor die kind. Dit eis van die kind gehoorsaamheid en onderwerping aan sy wette en regsreëls, maar bied tegelykertyd die kind die nodige beskerming. Deur middel van die Kinderwette verskaf die staat die beskerming wat die kind nodig het, en deur die korrektiewe en rehabilitasiemiddels wat in die Kinderwette opgesluit is, word die kind „opvoedkundig" onderwerp en aangepas by die gesag van die staat.

Hoewel die staat die onderwerping en gehoorsaamheid van die kind eis, het dit egter ook sekere verpligtinge teenoor hom. So moet hy die gesin waarvan die kind 'n lid is, versorg wanneer die natuurlike versorgers dit nalaat; hy moet die kind se opvoeding behartig en die peil daarvan vasstel, en hy moet die kind se sedes beskerm. Hy doen al hierdie dinge deur middel van sy Kinderwette. Die staat is dus die kind se wetgewer sowel as sy wethandhawer. Deur middel van die Kinderwette word die kind deur die staat beskerm, opgevoed en hervorm tot 'n harmonies ontwikkelde wese en nuttige burger van die staat.

(j) Die Opvoedkundig-logiese Beginsel.

Die Kinderwette word ook op die kind toegepas om sy menslike gees te vorm. Dit word teweeggebring deur aan hom die nodige kennis te verskaf en sy verstand te vorm. Hierdie verwerwing van aktiewe kennis stel die kind in staat om te onderskei tussen goed en kwaad, en laat by hom die begeerte ontstaan om die waarheid te soek, te ken

en lief te hê. Die opvoedkundige metodes wat die Kinderwette daarstel, help die kind om sy verstand te vorm en kennis te bekom.

(k) Die Opvoedkundig-estetiese Beginsel.

Ook hierdie beginsel moet beskou word as een van die grondslae van die Kinderwette, hoewel tot 'n beperkte mate. Op indirekte wyse help die Kinderwette die kind om die „drieheid", waarheid, goedheid en skoonheid, te verwesenlik. Op direkte wyse word dit by hom tuisgebring deur sekere wetsbepalings t.o.v. die kind se godsdiens.

(l) Die Eties-religieuse Beginsel.

Die Kinderwette erken dat die sedelike vorming van die kind 'n belangrike faktor is by sy rehabilitasie. Die Wet van God en die samelewing eis dat die kind hom sedelik moet gedra. Om die rede bevat die Kinderwette opvoedkundige wetsbepalinge wat handel oor die kind se godsdiens. Hierdie artikels dra by tot die kind se godsdienstige ontwikkeling en die bevordering van sy sedelike gedrag. Dit help om gehoorsaamheid by die kind tuis te bring, nie alleen aan die Wet van God nie, maar ook aan die wette van die staat.

Deur bogenoemde beginsels, onderliggend aan die Kinderwette, is laasgenoemde in staat om die kind onder alle omstandighede te versorg en te beskerm. Hulle hou rekening met al die toestande en omstandighede waaronder hy verkeer, en besit derhalwe wetsbepalinge ter bestryding van euwels wat in daardie omstandighede die kind nadelig mag beïnvloed. Die wette maak ook voorsiening vir die kind se fisiologiese, geestelike en verstandelike ontwikkeling. Deur middel van die Kinderwette dra die grondslae ook by tot die bevordering van die kind se huislike omstandighede. En eindelik bevorder hierdie grondslae die groot opvoedingsdoel met die kind, nl. om 'n mens van God te vorm, vir elke goeie werk volkome toegerus.

3. <u>Leemtes in die Kinderwette, en Aanbevelings.</u>

Die Kinderwette besit egter ook sekere gebreke; indien hulle uit die weg geruim word, sal die wette in doeltreffendheid toeneem. Die leemtes in die Kinderwette is die volgende:

(a) <u>Verdeling van Beheer.</u>

Wet No. 13 van 1911 maak voorsiening vir 'n Departement van Gevangenis onder die bestuur van 'n Direkteur wat, kragtens Artikel 3(3), verantwoordelik is vir die beheer van alle verbeteringsgestigte en die opvoeding van die verpleegdes in sulke inrigtings. Die misdadige kind se versorging en opvoeding was die verantwoordelikheid van die Departement van Justisie. Die beleid van hierdie departement was en is nog steeds hoofsaaklik een van straf en vergelding, en geensins een van heropvoeding en rehabilitasie nie, hoewel daar tot 'n beperkte mate aandag aan laasgenoemde gegee word. Hierdie beleid moet noodwendig die kind groot sielkundige en geestelike skade berokken omdat dit nie op opvoedkundige gronde berus nie.

Met die Kinderbeskermingswet No.25 van 1913 word, kragtens Artikel 2, voorsiening gemaak dat ook die nywerheidskole onder die Minister van Justisie ressorteer. Dit het tot gevolg dat nie slegs die misdadige kind nie, maar ook die sorgbehoewende kind die verantwoordelikheid word van 'n departement wat hoofsaaklik te doen het met tronke en tronkvoëls, en sy beleid dienooreenkomstig vasstel. Hierdie departement se beleid is slegs tot 'n beperkte mate opvoedkundig, sy amptenare hoofsaaklik alleenlik wetlik onderleg, en sy taak in die eerste instansie die toediening van straf. Dit is om die rede nie die gewenste departement om die afwykende kind aan toe te vertrou nie, omdat laasgenoemde nie volgens opvoedkundige metodes deur so 'n departement se amptenare versorg en behandel word nie. Sy amptenare is nie pedagogies onderleg nie, maar spits hulle toe op dissipline en straf.

Artikel 2 van laasgenoemde wet maak egter die toegewing dat die wet ook uitgevoer kan word deur enige ander minister aan wie die Goewerneur-Generaal die administrasie van die wet mag toevertrou. Hiermee word bedoel dat die wetsbepaling die moontlikheid inhou dat die verbeteringsgestig en die nywerheidskool deur ŉ doeltreffender beheer wat groter kennis dra van die kind se behoeftes as die Departement van Justisie, oorgeneem kan word. Dit stel die weg oop tot verbetering.

By die Kinderwet maak Artikel 87 voorsiening vir die verdeling van beheer. Dit word ook in die praktyk deurgevoer deurdat die kind verwys word deur die Kommissaris van Kindersorg, ŉ amptenaar van die Departement van Justisie, na die nywerheidskool of verbeteringskool. Hierdie opvoedkundige inrigtings staan weer onder beheer van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Nadat die kind vir ŉ bepaalde tyd inrigtingsversorging ontvang het, word hy op vergunning uitgeplaas en kom dan onder toesig van die proefbeampte wat ŉ amptenaar van die Departement van Volkswelsyn is. By die Bantoe-kind kry ook die Departement van Naturellesake onregstreekse beheer.

By elke sorgbehoewende en misdadige kind is daar dus minstens drie departemente wat beheer oor hom uitoefen, en sy toekoms vir hom beslis. Dit is tot ŉ mate ŉ verbetering op vorige Uniale wetgewing waar slegs een departement, nl. die Departement van Justisie, volle seggenskap gehad het. Hierdie departement was nie die aangewese een om die kind opvoedkundig te behandel nie, en gelukkig vir die kind, kom die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap wat op ŉ positiewe opvoedkundige grondslag ingestel is, by om eersgenoemde by te staan in die rehabilitasie en beskerming van die kind.

Dit is egter nognie die gewenste toestand van sake nie, want daar beheert geen verdeling van beheer te wees nie. Verdeling van beheer dwarsboom die eenvormigheid van ŉ opvoedkundige beleid wat op die kind behoort toegepas te word. Die kind

moet slegs deur een departement beskerm en hervorm word, wat daartoe in staat is om die verantwoordelikheid van die ander departemente teenoor die kind te behartig. Hierdie departement moet die kind slegs uit 'n opvoedkundige oogpunt benader en behandel, en alle sosiologiese en wetlike verpligtinge teenoor die kind moet onderhewig wees aan die departement se opvoedkundige beleid.

(b) Onvolledige voorsiening vir die Jeugdige.

Die persoon ouer as negentien en jonger as een-en-twintig jaar, word slegs in sekere gevalle soos bepaal in Artikels 2, 29 en 54 van die Kinderwet, as 'n kind beskou. Omdat die Kinderhowe geen strafjurisdiksie besit nie, kan dit gevolglik geen sake van misdaad verhoor nie. Dit het slegs te doen met sorgbehoewende kinders en die verhoor is altyd in die vorm van 'n ondersoek wat probeer naspoor, nie soseer of die kind wettig skuldig is nie, maar meer om uit te vind wat die oorsaak is van die kind se wanaanpassing.

As die kind egter 'n misdaad begaan het, kom hy voor die Jeughof wat strawwe kan oplê. Die Jeughof is 'n gewone strafhof hoewel dit ook beskou moet word as 'n Kinderhof. Die Kinderwette maak egter geen melding van 'n Jeughof nie, en hierdie hof kry sy jurisdiksie nie van enige Kinderwet nie, maar kragtens Artikel 338 van die „Kriminele Procedure en Bewyslewering Wet" No. 31 van 1917. By die Jeughof is daar gewoonlik 'n magistraat wat voorsit, en nie die Kommissaris van Kindersorg nie, hoewel laasgenoemde ook sake in die Jeughof mag verhoor.

Die maksimum perk vir die Kinderhof se jurisdiksie is negentien jaar, asook die van die Jeughof. Vir die jeugdige tussen negentien en een-en-twintig jaar, word daar behalwe in spesiale omstandighede soos neergelê in Artikel 34 van die Kinderwet, geen voorsorg in enige kinderwetgewing getref om hom in die algemeen as 'n kind te behandel deur op hom dieselfde beskermende maatreëls toe te pas wat voorgeskryf word vir die persoon jonger as negentien jaar nie. Tot die ouderdom van

een-en-twintig jaar bevind die jeugdige hom nog in ꞌn latere adolessensieperiode, en is daar goeie sielkundige redes om tussen hom en die volwasse persoon ouer as een-en-twintig jaar, te onderskei vir sover dit reaksie op behandeling van opvoedkundige aard betref.

Uit die standpunt van die wet, is die jeugdige net so ꞌn misdadiger as die volwassene, nieteenstaande die feit dat eersgenoemde hom nog in die periode van laat adolessensie met al sy psigologiese en emosionele konflikte, probleme en moeilikhede, bevind. Om hierdie rede word dus aanbeveel dat die Kinderwette aangevul word sodat strafreg wat betref straf en prosedure by verhore, onderskei tussen die jeugmisdadiger onder die ouderdom van een-en-twintig jaar, en die volwassene. Sulke verhore moet waargeneem word deur die Kinderhof aan wie die nodige strafjurisdiksie verleen moet word. Die Kinderhof moet dus enige persoon jonger as 21 jaar, kan verhoor en die Kinderwette moet volledige voorsiening maak wat betref die behandeling van so ꞌn jeugdige persoon.

(c) <u>Onvolledigheid van die Kinderwette ten opsigte van die huisgesin.</u>

Die Kinderwette bevat wetsbepalinge om die kind teen uitbuiting en korrupsie te beskerm, om die vader te straf indien hy moeder en kind verwaarloos, en om die moeder en kind geldelik by te staan indien eersgenoemde ꞌn weduwee is of as die vader hulle verlaat het. Ook besit die kinderwetgewing bepalinge wat metodes aantoon om die kind wat tot sorgbehoewendheid en misdaad verval het, te beskerm en te rehabiliteer. Maar daar is geen wetsbepalinge met die doel om die dronk en lui vader te verplig om aan te hou met werk, om die sorgelose en ontugtige moeder te verplig om haar by haar huis te bepaal en van die straat weg te bly, en om die seun en dogter te verplig om ꞌn sekere uur saans tuis te wees (aandklok?) en nie die leefwyse van die „eendstert" aan te neem nie.

Die Kinderwette besit nie doeltreffende maatreëls om die <u>huisgesin</u> intak te hou of om te verhoed dat dit aan disintegrasie blootgestel word nie. Die geestelike, sielkundige en opvoedkundige bearbeiding van die huisgesin moet op 'n wetlike basis geskied. Die bearbeiding deur die onderwyser, welsynsbeampte of predikant moet gerugsteun word deur die gereg.

(d) <u>Aanvulling van die Kinderhof met 'n waarnemingsentrum en kliniek</u>.

Die daarstelling van die Kinderhof deur die kinderwetgewing is 'n opvoedkundige stap wat die lewe en toekoms van die sorgbehoewende en misdadige kind grootliks beïnvloed en bevoordeel. Indien dit egter aangevul kan word deur 'n kliniek en waarnemingsentrum, kan sy werk op 'n meer opvoedkundige wyse plaasvind, wat tot groter sukses sal lei.

(i) <u>Die Kliniek</u>. Hoewel die kind wat na 'n inrigting verwys word deur 'n Kinderhof, 'n mediese ondersoek moet ondergaan, is so 'n ondersoek nie bedoel om vertroud te raak met die persoonlikheidstruktuur van die kind nie, maar hoofsaaklik om vas te stel of hy enige fisiese gebreke besit, of 'n siekte onder lede het. Dit is bekend dat 'n liggaamsgebrek of 'n organiese siekte die persoonlikheid en gedrag van 'n kind direk en indirek beïnvloed, maar dit is hoofsaaklik die geestelike en emosionele lewe van die kind wat ondersoek moet word voordat daar enige sprake van rehabilitasie kan wees. Hy moet nie slegs medies nie, maar ook sielkundig en sosiologies benader word, en om die rede is dit nodig dat die Kinderhof aangevul word deur 'n kliniek waar 'n psigiater die kind geestelik en verstandelik kan bestudeer nadat hy deur die mediese beampte ondersoek is. Die kliniek met sy mediese, sielkundige en maatskaplike benadering van die kind, kan die Kinderhof tot groot hulp wees om sy behoeftes te besef.

Dit is die taak van die proefbeampte om die hof te voorsien van al die feite wat betrekking

op die saak het, soos die kind se huislike omstandighede en sy rekord van gedrag op skool, by die huis en in die gemeenskap, maar dit sal die funksie van die kliniek wees om die hof te adviseer ten opsigte van die kind se liggaamlike, psigiese, geestelike en emosionele toestand.

Van die werk van die kliniek en die Kinderhof skryf Graham Bain soos volg: „No investigation of any clinic is really complete, and no court is in the position to assess accurately and adequately the essential needs of the child until reports are furnished by the probation officer or social investigator, and by the clinic, which, if properly constituted should consist of a psychiatrist, psychologist and case work supervisor". (1)
Die dienste van die sielkundige en die psigiater is belangrik omdat hulle deur hulle ondersoek in staat is om die Kinderhof mee te deel waarom die kind wanaangepas is, en op welke wyse die kind aanpasbaar kan word.

Die redes vir sy wanaanpassing mag wees as gevolg van (i) maatskaplike en menslike wanaangepaste verwantskappe;

(ii) geestelike gebreke en siektes;

(iii) organiese siektes, of liggaamlike gebreke, en

(iv) emosionele versteurings.

Om tot die wortel van die afwykende gedragsprobleme van die kind deur te dring, is vier stappe nodig, nl.:

(i) ŉ Deurtastende ondersoek deur die proefbeampte of welsynswerker van die kind se familiegeskiedenis, sy huislike omstandighede, sy algemene omgewing en sy gesins- en maatskaplike verwantskappe.

(1) Bain: The Philosophy, Constitution and Functions of Juvenile Courts in South Africa, 352.

(ii) ŉ Sielkundige ondersoek deur ŉ opgeleide sielkundige om die peil van die kind se intelligensie en algemene sielkundige ontwikkeling te bekom.

(iii) ŉ Psigiatriese ondersoek deur ŉ psigiater wat nie slegs die kind liggaamlik moet ondersoek nie, maar ook sy emosionele lewe moet peil en dan sy diagnose in verwantskap bring met die bevindings van die maatskaplike beampte en die sielkundige, sodat ŉ volledige beeld van die kind se persoonlikheid gekry kan word.

(iv) ŉ Samespreking deur bogenoemde amptenare en die Kommissaris van Kindersorg om die geval te bespreek en die beleid van behandeling vas te stel.

Die werk van die Kinderhof moet as't ware ŉ verdeling van arbeid wees tussen die Kommissaris, die psigiater, sielkundige en die welsynsbeampte; daarom is dit nodig dat klinieke by die Kinderhowe in stede gevoeg word. Solank die huidige toestand voortduur waar Kindersorgkommissarisse maar aanploeter sonder die hulp van die psigiater en die sielkundige, sal dit moeilik bly om die ware behoeftes van die jeugmisdadiger en die probleemkind agter te kom, en sal pogings tot hervorming ernstig gestrem word.

(2) <u>Die Waarnemingsentrum</u>.

Om die jeugmisdadiger die regte behandeling te gee, is dit wenslik dat ŉ waarnemingsentrum by die Kinderhof gevoeg word. Omdat daar nog geen waarnemingsentrums bestaan nie, word die plekke van aanhouding soms vir die doel gebruik. ŉ Waarnemingsentrum is wenslik omdat, selfs al beskik die Kommissaris oor die verslag van die proefbeampte, is dit soms vir hom nog moeilik om te weet wat die geskikste metode van behandeling is. Daarom is ŉ tydperk van waarneming nodig om die nodige kennis te bekom wat as basis vir verdere behandeling kan dien.

Soms word die kind na ŉ inrigting verwys sonder om in ag te neem of so ŉ inrigting nou werklik die geskikste plek vir hom is, en of ander behandeling nie miskien beter vir hom sou wees nie. Dit gebeur omdat baie magistrate niks

of min van die opleiding, behandeling en toestande in so ŉ inrigting weet. Hulle is nie in staat om te besluit watter inrigting die geskikste sou wees vir die besondere kind nie, omdat hulle onbekend is met sy aanleg, karakter en moontlikhede. Daar behoort nagegaan te word of die kind ŉ akademiese kursus moet volg of beroepsopleiding moet ontvang, en dan moet sy ouderdom ook in ag geneem word. Die hoofdoel moet wees om die kind in ŉ inrigting te plaas waar hy hom maklik kan aanpas, en waar hy die meeste baat sal vind by die opleiding en behandeling.

Om die rede word ŉ waarnemingsentrum aanbeveel om probleemgevalle tydelik te huisves waar hulle onderhewig kan wees aan intensiewe waarneming wat die magistraat sal help om te besluit of hy die kind inrigtingsbehandeling moet laat ondergaan en of hy nie-inrigtingsbehandeling op hom moet toepas. In verband met inrigtingsbehandeling sal die waarnemingsentrum verskuiwings van die een inrigting na ŉ ander uitskakel en drostery verminder, wat meesal plaasvind by die inrigting waar die leerling hom nie kan aanpas nie.

(e) Alleengeldigheid van Sentrale Regering i.v.m. sorgbehoewendheid en jeugmisdaad.

Die reg wat die Unie se kinderwetgewing, vernaamlik Kinderwet No. 31 van 1937, aan die Minister toewys om die kind deur middel van die Kommissaris van Kindersorg na ŉ inrigting te verwys, word deur Artikel 2 van die Wet op Spesiale Skole No. 9 van 1948, uitgebrei om ŉ departementele hoof van ŉ provinsie ook in te sluit. Laasgenoemde wet gee so ŉ provinsiale hoof die reg om ŉ afwykende kind na ŉ spesiale skool deur so ŉ provinsie opgerig, te verwys. Met die term afwykende kind word kragtens Artikel 1 van laasgenoemde wet, ŉ kind bedoel wat na die oordeel van ŉ provinsiale departementele hoof, in staat is om aanmerklike voordeel uit ŉ geskikte kursus van onderrig te trek, maar wat in so ŉ mate in liggaam, verstand of gedrag, van die meerderheid van kinders afwyk, dat hy

(i) nie voldoende voordeel kan trek uit die gewone onderrig wat in die normale gang van onderwys verskaf word nie, of

(ii) buitengewone onderwys nodig het om sy aanpassing by die gemeenskap te vergemaklik, of

(iii) nie ŉ gewone klas in ŉ gewone skool behoort by te woon nie, omdat sulke bywoning vir homself en vir die ander leerlinge in daardie klas nadelig mag wees.

Met ŉ <u>spesiale skool</u> word kragtens Artikel 1, bedoel ŉ skool waarin afwykende kinders buitengewone onderwys ontvang, hetsy op ŉ voltydse of op ŉ deeltydse grondslag.

Die omskrywing van die afwykende kind, soos hierbo aangegee, plaas hom ook in die kategorie van sorgbehoewendheid, en hy kan ook as ŉ sorgbehoewende kind beskou word. Met die wet kry die provinsiale owerhede nou ook die reg om soos die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, inrigtings vir die sorgbehoewende kind daar te stel. Dit het tot gevolg dat daar nou twee liggame is om die afwykende kind te versorg en te behandel, naamlik sekere departemente van die Sentrale Regering en ook enige van die vier provinsiale administrasies.

Hierdie reëling het ŉ nadelige uitwerking want nou is dit moontlik dat enige gedragsafwykende kind in enige provinsiale skool vir enige onbenullige gedragsafwyking, na ŉ spesiale skool verwys kan word. Hoofde van skole wat ongeneë is om te sukkel met die afwykende kind, gebruik die mag wat deur die wet indirek aan hulle toegeken is, om so gou moontlik ontslae te raak van die probleemkind in hulle skole. Hierdeur kan ŉ onreg aan menige kind begaan word.

Om reg te laat geskied aan diè soort kind, en om hom te beskerm en te verhoed dat teenoor hom kwaadwilliglik opgetree word, word aanbeveel

dat Wet No. 9 van 1948 òf opgehef word, òf ingelyf word by Kinderwet No. 31 van 1937, om sodoende die beskerming en rehabilitasie van die kind slegs deur middel van een kanaal te laat plaasvind, naamlik deur die Kommissaris van Kindersorg en die Kinderhof soos neergelê in Wetsbepalings 2(2) en 4 van genoemde Kinderwet.

As hierdie leemtes uit die weg geruim word, sal die Kinderwette tot groter voordeel vir die kind en die jeugdige wees.

---

# Hoofstuk VII.

## BRONNE GERAADPLEEG

### 1. Boeke


| | | |
|---|---|---|
| Asterley-Jones, P. & Fisher, J.C. | : | Mozley & Whiteley's Law Dictionary, Butterworth & Co. London, 1950. |
| Albertyn, C.F. | : | Jeugmisdaad. Nas. Pers, Kaapstad, 1938. |
| Allan, H.B. & Williams. | : | The Psychology of Punishment. Allman & Sons, London, 1936. |
| Albertyn, J.R. ea. | : | Kerk en Stad. Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1948. |
| Bavinck, H. | : | Gereformeerde Dogmatiek. Bos. Kampen, 1906. |
| Bavinck, H. | : | Bybelsche en Religieuse Psychologie. J.H. Kok. Kampen, 1920. |
| Barrett, C.J. | : | Adoption. Clanore & Reynolds. Dublin, 1952. |
| Burt, C. | : | The Young Delinquent. Univ. of London Press. Malham House, Kent, 1945. |
| Brillenburg Wurth, C. | : | De Straf, haar etiese en psychologies aspect. J.H. Kok. N.V. Kampen, 1956. |
| Brunner, Emil. | : | Justice and the Social Order. Lutterworth Press. London, 1943. |
| Bolkestein, M.H. | : | De Tien Geboden. Uitgewers-mpy. Amsterdam, 1944. |
| Bagley, W.C. | : | School Discipline, McMillan & Co., New York, 1930. |
| Brooks, F.D. | : | Child Psychology. Houghton Miffin. Boston, 1937. |
| Bybel | | |
| Chambers Encyclopaedia. | : | New. Edition. George Newnes. London, 1950. |
| Coertze, L.I. & Hiemstra, V.G. | : | Legal Dictionary. Juta & Co. Cape Town, 1948. |
| Chesire, G.C. & Miles, J. | : | Stephens' Commentaries on the laws of England. Butterworth & Co. London, 1928. |

Coetzee, J.C. : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde. Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1943.

Coetzee, J.C. : Vraagstukke in die Opvoedkundige Politiek. Weste Drukkery, Potchefstroom, 1930.

Coetzee, J.C. & Bingle, H.J.J. : Die Beginsels en Metodes van Laer Onderwys. Van Schaik. Pretoria, 1947.

Cole & Morgan : Adolescence. Farrar & Rinehart Inc., New York, 1936.

Du Toit, P.S. : Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie (1652-1795). Juta & Kie. Kaapstad, 1937.

Du Plessis, G.J. : Inleiding tot die Algemene Regsleer. Pro Ecclesia. Stellenbosch, 1943.

Donaldson, M. : Minors in Roman-Dutch Law. Butterworth & Co. Durban, 1955.

Ferm, V. : Encyclopaedia of Religion. Philosophical Library. New York, 1943.

Fairchild, H.P : Dictionary of Sociology. Philosophical Library. New York, 1944.

Freed, L.F. : The Problem of European Prostitution in Johannesburg. Juta & Co. Johannesburg, 1949.

Gates, A.I. & Jersild, A.T. : Educational Psychology. McMillan. New York, 1942.

Grotius, Hugo. : Introduction to Dutch Jurisprudence (A.F.S. Maasdorp). 2nd Edition. Juta & Co. Cape Town, 1888.

Grosheide ea. : Christelyk Encyclopaedia voor het Nederlandsch Volk. J.H. Kok. Kampen (geen datum).

Gluck, S.& E. : Five Hundred Delinquent Women. A. Knopf. New York, 1934.

Gluck, S. & E. : One Thousand Juvenile Delinquents. Harvard Univ. Press. Combridge, 1934.

Gerdener, G.B.A. : Boustowwe vir die Geskiedenis. Nas. Pers. Kaapstad, 1930.

Gardiner, F.G. & Lansdown, C.W. : South African Criminal Law and Procedure. Vol. I. Juta & Co. Cape Town, 1939.

Geffin, J. : Delinquency and Domestic Court Problems in the U.S.A. and South Africa. Carnegie Corp. Visitors Grants. Pretoria, 1935.

Gunning, J.H. : Verzamelde Paedagogische Opstellen. Amsterdam. S.L. van Loay. 1908.

Hallingworth, L.S. : The Psychology of the Adolescent. Staples Press. New York, 1947.

Holland, T.E. : Elements of Jurisprudence. Clarendon Press. London, 1924.

Herbermann, C. ea. : Catholic Encyclopaedia. Caxton Publishing Co. London, 1910.

Hastings, J. : Encyclopaedia of Religion and Ethics. T & T. Clerk. Edinburgh, 1914.

Healy, W. & Bronner, W.F. : Delinquents and Criminals. McMillan Co. New York, 1926.

Kohnstamm, Ph. & De Vos, H. : Eerste Nederlandsche Systematisch Ingerichte Encyclopaedia. E.N.S.I.E. Amsterdam, 1946.

Koers in die Krisis Dele I & III : Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1935.

Moorrees, A. : Die N.G. Kerk in S.A. Bybel-vereniging. Kaapstad, 1937.

Munn, C.T. : Psychological Development. London, 1917.

Neumeyer, M.H. : Juvenile Delinquency in Modern Society. Van Nostrand Co. New York, 1943.

Ricciardi, N. & Kibey, I.W. : Readings in Vocational Education. The Century Co. New York, 1932.

Spiro, E. : The Law of Parent and Child. Juta & Co. Cape Town, 1950.

Scoble, J. : The Law of Master & Servant in South Africa. Juta & Co. Cape Town, 1954.

Spier, J.M. : Inleiding in de Wysbegeerte der Wetsidee. J. Kok. Kampen, 1946.

Sullenger, T.E. : Social Determinants in Juvenile Delinquency. Wiley & Sons. New York, 1936.

Spoelstra, C. : Bouwstoffen voor de Geschiedenis der N.G. Kerk in Z.A. Deel I & II. Amsterdam, 1906, 1907.

Theal, McCall. : Abstracts of the Debates and Resolutions of the Council of Policy at the Cape. (1651-1862).

Theron, E. : Inrigtingsversorging. Universiteitsuitgewers. Stellenbosch, 1948.

Unie van S.A. : Offisiële Jaarboek Nos. 18, 19, 20, 26, 27. Regeringsdrukker, Pretoria.

Van der Linden. : Institutes of the Laws of Holland. (G.T. Morice), Maskew Miller, Cape Town, 1914.

Van Waters, Miriam. : Youth in Conflict. Republic Press Co. New York, 1926.

Van Reenen, T.H. : Handbook on the Children's Act. Butterworth & Co. Pmburg, 1952.

Wille, G. : Principles of S.A. Law. 4th Edition. Juta & Co. Cape Town, 1956.

Winkler-Prins. : Encyclopaedia. Elsievier. Amsterdam, 1951. (De Bruyne E. ea.)

Waterink, J. : Puberteit. N.V. Gebr. Zomer & Keunings Uitgewersmpy, Wageningen, 1948.

Willemse, W.A. : The Road to the Reformatory. Van Schaik. Pretoria, 1938.

Young, P.V. : Social Treatment in Probation and Delinquency. McGraw-Hill Book Co. New York, 1952.

Zevenbergen. : Leerboek van het Nederlandsche Strafrecht. Kok. Kampen, 1903.

## 2. WETTE, ORDONNANSIES, ens.

Alle Suid-Afrikaanse wette, ordonnansies, e.d.m. wat op die kind betrekking het, is nagegaan, en van hulle is die volgende vir die studie gebruik:

(a) Kaap die Goeie Hoop.

1. Politieke Raadsbesluite, ged. 13/12/1674.
2. „Instructie van het Collegie van Diakenen" van 5 Maart 1753.
3. „The Masters and Servants Act" No. 15 van 1856.
4. „The Introduction of Children of Natives Act" No. 22 van 1857.
5. „The Reformatories Institution Act" No. 7 van 1879.
6. „The Juvenile Offenders Apprenticeship Act" No. 8 van 1889.
7. „The Deserted Wives and Children Protection Act" No. 7 van 1895.
8. „The Destitute Children's Relief Act" No. 24 van 1895.
9. „The Juvenile Offenders Apprenticeship Act" No. 38 van 1895.
10. „The Juvenile and Woman's Imprisonment Act" No. 4 van 1905.

(b) Natal.

1. Ordonnansie No. 2 van 1850.
2. „The Deserted Wives and Children Protection Act" No. 10 van 1896.
3. „The Children's Protection Act" No. 38 van 1901.

(c) Transvaal.

1. „De Heeren en Dienstboden Wet" No. 13 van 1880.
2. „The Deserted Wives and Children Protection Ordinance" No. 44 van 1903.
3. „The Juvenile Offenders Removal and Apprenticeship Ordinance" No. 45 van 1903.

4. „The Prisons and Reformatories Ordinance" No. 6 van 1906.
5. „The Criminal Law Amendment Act" No. 16 van 1908.
6. „The Criminal Law Amendment Act" No. 38 van 1909.

(d) <u>Oranje-Vrystaat.</u>

1. Die Vakleerlingwet in die O.V.S. Wetboek (1854-91).
2. „The Deserted Wives and Children Protection Ordinance" No. 51 van 1903.
3. „The Juvenile Offenders Removal and Apprenticeship Ordinance" No. 5 van 1904.
4. „The Masters and Servants Ordinance" No. 7 van 1904.

(e) <u>Unie-wette.</u>

1. „Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten" No. 13 van 1911.
2. „Wet tot wyziging van de Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten" No. 46 van 1920.
3. Die Wysigingswet op Verbetergestigte No. 27 van 1934.
4. „Wet ter Bescherming van Kinderen" No. 25 van 1913.
5. „Kinderen Beschermings Wet Wyzigings Wet" No. 26 van 1921.
6. Wet op die Beheer van Staatsnywerheidskole No.3 van 1931.
7. Wysigingswet tot Beskerming van Kinders No. 9 van 1931.
8. Die Kinderwet No. 31 van 1937.
9. Die Kinderwet-wysigingswet No. 18 van 1939.
10. Wet tot Bekragtiging van Aannemings No. 30 van 1943.
11. Die Wysigingswet op Kinders No. 25 van 1944.
12. Wysigingswet op Kinders No. 11 van 1947.
13. Wysigingswet op Kinders No. 13 van 1951.

## 3. PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGE


Bain, G.C. : The Philosophy, Constitution and Functions of Juvenile Courts in South Africa. (Thesis Ph.D. Univ. Cape Town. 1947).

Engelbrecht, I.Z. : Die Interne Organisasie van die S.A. Verbeteringskool. (M.Ed. P.U. vir C.H.O. 1952).

Grobler, J.H. : Juvenile Delinquency in S.A. (Thesis. Ph.D. Univ. Cape Town. 1941).

Hanekom, J.H. : Die Verwydering van Kinders uit die gesinsverband onder Wet No. 31 van 1937. (M.A. Sos. Univ. Pretoria. '50).

Kieser, W.W.J. : Bantoe-jeugmisdaad aan die Rand, en die behandeling daarvan deur die Diepkloof-verbeteringskool, Johannesburg. (M.Ed. P.U. vir C.H.O. 1952).

Oosthuizen, J.H. : 'n Historiese, Sosiologiese en Opvoedkundige Studie van die Kindersorg van die N.G. Kerk, met spesiale behandeling van die Abraham Kriel-Kinderhuis. (D.Ed. P.U. vir C.H.O. 1952).

Theron, P.J. : Die wording van Staatsorg onder die Kinderbeskermingswet. (M.Ed. Univ. Pretoria. 1934).

Van Rensburg, I.J. : 'n Histories-kritiese Studie van die Algemene Leerplanne van die Ambagskole in Tvl., veral van die huidige Hoër Tegniese Skole onder die Unie-Onderwysdepartement. (M.Ed. Univ. S.A. 1946).

## 4. VERSLAE EN JAARVERSLAE


1. Carnegie Verslag Deel V (1932).
2. Verslag van het Hoofd der Gevangeniswezen voor het jaar 1897. (No. 8/1898 - Z.A.R.)
3. Verslag van het Hoofd der Gevangeniswezen voor het jaar 1898. (No. 4/1898 - Z.A.R.)
4. Dept. van Unie-Onderwys. Jaarverslae vir 1917, 1918, 1919 en 1924.
5. Dept. Volkswelsyn. Jaarverslae 1937-38, 1937-49.
6. Union Govt. Annual Reports No. 1 (1920-21).
7. Verslag: Interdepartementele Komitee vir Behoeftige, verwaarloosde, onaanpasbare en misdadige kinders (1934-37).
8. Verslag van Interdepartementele Komitee oor afwykende kinders (1945).
9. Report International Penal & Penitentiary Commission (1910).
10. Curtis Report (England) 1921.
11. Verslag: Nasionale Konferensie oor Kinderinrigtings (1951).
12. Verslag: Komitee op Straf en Gevangenishervorming (1947).
13. Verslag van Voortsettingskomitee van die Nasionale Konferensie van Kinderinrigtings (1951).
14. T.O.D. Jaarverslag (1921).

## 5. DIVERSE

| | | |
|---|---|---|
| Cape of Good Hope. | : | Debates & Resolutions of Council of Policy (13/12/24). |
| Natal. | : | Blouboeke, 1871, 1890-91, 1894-95. |
| Kaap die Goeie Hoop. | : | Bylaag Slaweverslag. B.O. 147. (31/12/1793). |
| Kaap die Goeie Hoop. | : | Kerkraadsbesluite: 3/8/1750, 7/9/1750, 11/4/1763, 6/1/1783, 14/5/1752. |
| U.S.A. | : | The Children's Charter. White House Conference on Child Health & Protection. The Century Co. New York. 1932. |
| U.S.A. | : | Yearbook. National Council of Juvenile Court Judges. Wilmington. 1951. |
| Dept. Volkswelsyn. | : | Handleiding i.v.m. die funksies en pligte van Proefbeamptes. |
| | | Tydskrif vir Maatskaplike Navorsing (Junie 1952). |